

**DIE EKO-TEOLOGIESE
UITDAGING AAN DIE
APOSTOLIESE GELOOF SENDING
VAN SUID-AFRIKA**

deur

ETIENNE VAN HEERDEN

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die graad

MAGISTER ARTIUM

in

UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

BYBEL- EN GODSDIENSKUNDE

in die

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

aan die

RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT

STUDIELEIER: PROF. H. VIVIERS

November 2003

Ek verklaar hiermee dat hierdie verhandeling my eie werk is. Die geheel of dele daarvan is nie voorheen ingedien of ingedien te word by enige ander universiteit vir 'n graad, behalwe dit waarvoor ek tans 'n kandidaat by die Randse Afrikaanse Universiteit is.

Die standpunte in hierdie verhandeling is die van die kandidaat. Dit reflekteer nie noodwendig die standpunte en oortuigings van die departement Bybel- en Godsdienskunde van die Randse Afrikaanse Universiteit nie.



Etienne van Heerden

Dankbetuiging

Graag wil ek my opregte dank en waardering uitspreek teenoor die volgende persone, sonder wie se hulp, raad, aanmoediging en vriendskap die voltooiing van hierdie verhandeling nie moontlik sou gewees het nie:

My studieleier, professor Hennie Viviers, wie se leiding, insig en entoesiasme altyd 'n inspirasie was. Ek wil in besonder my opregte dank uitspreek vir sy bemoediging, beskikbaarheid en die vinnige terugvoer ná elke hoofstuk.

My vrou Martha vir haar geduld, ondersteuning, bemoediging en gebede. My ouers vir hulle bemoediging en gebede.

Ek wil ook graag my opregte dank uitspreek teenoor AGS Zeerust en AGS Bredasdorp vir hulle eindelose geduld en ondersteuning.

Bowe alles en almal



Al die eer aan God

Opsomming

Wetenskaplikes beklemtoon die globale omgewingskrisis as 'n bedreiging vir alle lewe op aarde. Deels word die Bybel en die kerk, by name ook die AGS van SA, beskuldig vir die toenemende nood. Heerskappy oor en uitbuiting van die skepping is 'n direkte uitvloeisel van 'n eensydige beklemtoning van Bybelse antroposentrisme. Hierdie antroposentriese leefwyse, waarin die natuur bloot beskou word as die verhoog waarop die menslike drama afspeel, met min intrinsieke waarde, het vyandskap gebring tussen die geloofswêreld en die natuurlike wêreld. Die mens het begin glo hy/sy het absolute besitreg en kan na goeddunke met die aarde handel. Teologiese interpretasies het tot die probleem bygedra deur te fokus op verlossingsteologie waar dit uitsluitlik handel oor die redding van die mens "uit" die aarde.

Deur te bewys dat verlossingsteologie alléén tot 'n verarmde, eensydige teologie en etos lei, en dat die verontagsaming van eko-billikheid in die Bybel verreikende gevolge in terme van volhoubare ontwikkeling het, beoog hierdie studie om 'n bybelsgefundeerde, prakties uitvoerbare eko-bewustheid by die AGS van SA tuis te bring.

Die Bybel kan help om die harmonie met die aarde te herstel, want die Bybel het 'n onteenseglike "groen" dimensie. Deur die teks kon nuwe "groen" geënkodeerde waardes ontdek word. Op die voetspoor van die nuwe *Earth Bible Series* (NC Habel *et al*) is 'n hermeneutiek van suspisie en herstel gebruik om eko-billike waardes in die Bybel op te spoor. Die soektog na "groen" geënkodeerde waardes het verrassende eko-billike beginsels opgelewer wat weer kon help om 'n aantal tekste in die Bybel eko-vriendelik te waardeer. Die rekonstruering van Israel se natuur- en wêreldbeskouing het getoon dat Israel wel natuurbewus was. Israel het sy onderlinge verbondenheid aan en afhanklikheid van die natuur erken as deel van sy verantwoordelikheid om die verbond na te kom. Die natuur het dikwels as boodskapper van God opgetree en Israel kon nie na goeddunke met die natuur handel nie. Israel is gevorm deur sy omgewing.

Die gebruik van metafore en mites in Bybeltekste toon 'n noue verbondenheid met die skepping. God se verskyning in die vorm van teofanie? het die natuur toebedeel met intrinsieke waarde. Israel se breë waarde-oriëntasie ten opsigte van die natuur kan as een van harmonie beskou word.

In die lig van 'n bybelsgefundeerde eko-billikheid is die AGS van SA beoordeel en bevind dat sy tot op hede ekologies onsensitief is. 'n Nadere ondersoek van die kerk se konstitusie het 'n armoede aan eko-billikheid getoon. Verder het 'n ondersoek na die kerklike agenda tydens belangrike kerklike byeenkomste ook geen ekologiese belange opgelewer nie. Redes wat moontlik aanleiding kon gee tot hierdie onsensitiewe kan gevind word in die kerk se verlossingsteologie, in haar leer aangaande die hiernamaals asook in die dualisme wat bestaan tussen die geestelike en die natuurlike.

In 'n poging om oplossings te vind vir die ekologiese armoede in die AGS van SA kan daar begin word deur met wetenskaplikes saam te werk om meer te leer oor die wonders van die aarde se biodiversiteit en sy ingewikkelde kosmiese ontwerp. Die kosmiese werk van die Heilige Gees en die uitvoer van God se wil op aarde moet sterker beklemtoon word. Verder kan die kerklike praktyk ruimskoots benut word vir 'n eko-etiek: die erediens behoort ruimte te maak vir ekologiese verantwoordelikheid. Eko-billikheid behoort as deel van die vorming van die mens in sy totaliteit beskou te word. Sosiale aktiwiteite soos wegbreeknaweke en amptelike byeenkomste is uitstekende geleenthede vir die bevordering van eko-billikheid in die AGS van SA.

Bybelgefundeerde eko-billike kennis sal wel 'n nuwe eko-bewustheid by die AGS van SA kan tuisbring. Dit sal ongetwyfeld 'n verskil in die land, kerk en lewe van haar lidmate maak. Die kerk sal haar invloed vergroot, haar openbare beeld bevorder en haar bydrae tot volhoubare ontwikkeling bevorder.

Summary

Scientists emphasise the fact that the global environmental crisis is a threat to all life on earth. The Bible and the church, and therefore also the Apostolic Faith Mission of South Africa, are blamed for the increasing predicament. The unilateral emphasis on biblical anthropocentrism is the direct cause of man's dominance over creation and the exploitation of nature. This anthropocentric way of life, in which nature is regarded to be no more than the stage upon which the human drama is enacted, and to have very little intrinsic worth, has caused animosity between the world of faith and the natural world. Man has come to believe that he has absolute tenure and that he can treat the earth as he likes. Theological interpretations have contributed to the problem by focusing on salvation theology which deals exclusively with saving humankind "from" the earth.

This study aims at inculcating a biblically founded, practicable eco-awareness in the members of the AFM of SA by proving that salvation theology on its own leads to an impoverished, one-sided ethos, and that the negation of eco-equity in the Bible has far-reaching consequences in terms of sustainable development.

The Bible can contribute towards restoring harmony with the earth, because the Bible has an indisputable "green" dimension. An analysis of the biblical text made the discovery of new "green" encoded values possible. In following the tracks of the new *Earth Bible Series* (NC Habel *et al*) the hermeneutics of suspicion and recovery were used to find eco-just values in the Bible. The quest for "green" encoded values yielded surprising eco-just principles that contributed towards the successful eco-friendly assessment of a number of biblical texts. The reconstruction of Israel's nature and world view showed that Israel had indeed been aware of nature. Israel acknowledged her mutual bond with nature and her dependency on it as part of her responsibility to keep the covenant. Nature frequently acted as God's messenger and Israel was compelled to act within certain parameters as far as nature was concerned. Israel was

shaped by her environment. The use of metaphors and myths in biblical texts shows that a close bond existed with nature. God's appearance in the form of theophanies imbued nature with intrinsic value. Israel's broad value orientation with regard to nature can be regarded as a harmonious one.

The AFM of SA was evaluated in the light of a biblically founded eco-justness and it was concluded that she has been ecologically insensitive up to the present. A closer investigation of the constitution of the church has indicated a lack of eco-justness. Furthermore an investigation into the agenda of the church during important church meetings has shown no important ecological interest. Reasons for this insensitivity could be found in the redemption theology of the church, in her doctrine concerning the hereafter and in the dualism that exists between the spiritual and the natural world.

In an attempt to find solutions to the ecological paucity in the AFM of SA a first step would be to cooperate with scientists in order to achieve a greater understanding of the wonders of the biodiversity of the earth, and of its intricate cosmic design. Greater emphasis must be placed on the cosmic work of the Holy Spirit and the execution of God's will on earth. Furthermore ecclesiastical practice could be more widely utilised in order to establish an eco-ethic. Public worship should allow for ecological responsibility. Eco-justness should be taken into account in shaping man in his totality. Social activities such as breakaway weekends and official gatherings are excellent opportunities for eco-justness to be promoted in the AFM of SA.

Biblically founded eco-just knowledge will undoubtedly contribute towards a new eco-awareness in the AFM of SA. It will certainly make a difference in the country, as well as in the church and in the lives of her members. In advancing eco-justness the church will increase her influence, boost her public image and promote her contribution towards sustainable development.

Inhoudsopgawe

1	HOOFSTUK 1 - METODOLOGIESE BENADERING.....	1
1.1	INLEIDING	1
1.2	DIE OMVANG VAN DIE EKOLOGIESE PROBLEEM.....	2
1.2.1	<i>Wêreldberaad vir volhoubare ontwikkeling (WVO).....</i>	3
1.2.2	<i>Globale verhitting</i>	5
1.2.3	<i>Die sterwende natuurlewe.....</i>	9
1.2.4	<i>Toenemende nood.....</i>	11
1.2.5	<i>Ekosisteme en biodiversiteit.....</i>	12
1.2.6	<i>Konklusie: Ysterkansels in ‘n brons land</i>	13
1.3	METODOLOGIESE VERANTWOORDING.....	16
1.3.1	<i>Wat is eko-teologie?</i>	16
1.3.2	<i>‘n Eie “groen” ideologiese lees van die teks.....</i>	17
1.3.3	<i>Ideologiese tekstuur.....</i>	20
1.3.4	<i>Die staanplek en ervaring van die interpreteerder</i>	22
1.3.4.1	Individuele staanplek	23
1.3.4.2	Kulturele staanplek	24
1.3.4.3	Verhouding tot groepe	25
1.3.5	<i>Eko-billikheid – die teorie.....</i>	25
1.3.5.1	Nuwe belangstelling in die skepping.....	25
1.3.5.2	Soektog na die oorsprong van die ekologiese krisis.....	26
1.3.5.3	Ekologie.....	27
1.3.5.4	Feminisme	28
1.3.5.5	Hermeneutiek van suspisie en herstel.....	28
1.4	EKO-BILLIKHEID EN DIE AGS VAN SA: PROBLEEMSTELLING, HIPOTESE EN DOEL.....	30
1.5	VERDERE VERLOOP VAN DIE STUDIE	32
2	HOOFSTUK 2 - BYBEL EN NATUUR.....	34
2.1	ISRAEL SE NATUURBEWUSTHEID	34
2.1.1	<i>Israel erken die onderlinge verbondenheid</i>	34
2.1.2	<i>Die verbond eis verantwoordelikheid</i>	36
2.1.3	<i>Die natuur as boodskapper van God</i>	36
2.1.4	<i>Aardrykskunde in oud Israel.....</i>	37
2.1.5	<i>Beperkings in oud Israel.....</i>	38
2.1.6	<i>Swak landbou begrawe die beloofde land.....</i>	38
2.1.7	<i>Medelye en sorg</i>	39
2.1.8	<i>Die verantwoordelikheid teenoor huishoudelike diere.....</i>	40

2.1.9	<i>Konklusie</i>	42
2.2	ISRAEL SE NATUUR- EN WÊRELD BESKOUING.....	43
2.2.1	<i>Metafore, mites en scenario's</i>	45
2.2.1.1	Metafore	47
2.2.1.2	Mites en scenario's	48
2.2.2	<i>Die skepping en antieke Israel se wêreldbeskouing</i>	49
2.2.3	<i>Die geskiedenis en die natuur</i>	53
2.2.4	<i>Die betekenis van teofanie</i>	56
2.2.5	<i>Teofanie en heilige plekke</i>	58
2.2.5.1	Die horisontale model.....	58
2.2.5.2	Die vertikale model	61
2.2.5.2.1	Die berg as 'n oorlogsveld van natuurkragte.....	64
2.2.5.2.2	Die berg as die bron van lewende water.....	65
2.2.6	<i>God se vorm in teofanie</i>	66
2.2.7	<i>God se verbond met die skepping</i>	67
2.2.8	<i>God se verbond met Israel</i>	69
2.2.9	<i>Israel se waarde-oriëntasie</i>	71
2.3	DIE BYBEL EKO-TEOLOGIES VAN NADER BESKOU.....	74
2.3.1	<i>Die Ou Testament</i>	75
2.3.1.1	Die openbaring van die verborge realiteit (Genesis 1)	75
2.3.1.2	Geen spesiale plek vir die mens (Genesis 2:1-3).....	77
2.3.1.3	Van versorging na vermorsing (Genesis 2-3).....	78
2.3.1.4	Die een hand was die ander, maar moederaarde dra die straf (Genesis 3)	81
2.3.1.5	Vervreemd van die grond: die dodelike afstand (Genesis 4)	83
2.3.1.6	Die reënboog: meer as net 'n teken (Genesis 9)	86
2.3.1.7	Lewenswater uit die buik van die aarde (Genesis)	87
2.3.1.8	Vra vir wysheid, sy was daar! (Spreuke 1-9)	90
2.3.1.9	Die mens weet nie alles nie (Job 28)	93
2.3.1.10	Besin oor die skepping van God (Job 38-39)	94
2.3.1.11	Die aarde weerspieël die mens in konteks (Hooglied)	95
2.3.1.12	Hoséa: die gevolg van sonde op die land	97
2.3.1.13	Amos: sosiale wanorde lei tot ekologiese ongeregtigheid	98
2.3.1.14	Jeremia: die skepping treur voor God en bied weerstand	101
2.3.1.15	Psalms 8: is die aarde 'n lewelose verhoog?	104
2.3.2	<i>Die Nuwe Testament</i>	110
2.3.2.1	Skepping: die kompas na God (Matteus 2)	110
2.3.2.2	Die eko-billike implikasies van die Onse Vader-gebed (Matteus 6:9-13)	111
2.3.2.3	Jesus is die bron van kosmiese harmonie (Lukas 2:14)	114
2.3.2.4	Sonde is nie geïsoleer nie! (Romeine 8:18-22)	116
2.4	KONKLUSIE.....	118

3	HOOFSTUK 3 - DIE APOSTOLIESE GELOOF SENDING VAN SUID AFRIKA EKO-BILLIK GEWEEG	120
3.1	INLEIDING	120
3.2	DIE PROBLEEM: EKOLOGIESE ONSSENSITIWITEIT	123
3.2.1	<i>Amptelike verslae: Die konstitusie van die AGS van SA.....</i>	<i>123</i>
3.2.1.1	Die kerk bestaan uit mense	124
3.2.1.2	God as Skepper	125
3.2.1.3	'n Gebroke wêreld	127
3.2.1.4	Die kerk se openbare beeld	128
3.2.2	<i>Informele verslae.....</i>	<i>130</i>
3.2.2.1	Die ekologies-onsensitiewe openbare beeld van die kerk	130
3.3	DIE OORSAKE VAN EKOLOGIESE ONSSENSITIWITEIT	133
3.3.1	<i>Moontlike oorsake vir 'n ekologiese onbewustheid in die AGS van SA</i>	<i>133</i>
3.3.1.1	Moderne blindekolle: Dualisme	134
3.3.1.2	Die hiernamaals: Die "hemel" probleem.....	138
3.3.1.2.1	Vernietiging versus Herskepping	138
3.3.1.2.2	Hemel kom af en maak die aarde goed	140
3.3.1.2.3	Hemel: weg van die "slegte" aarde af!	149
3.3.1.3	Openbaring 21:1-22:5 se eko-billike uitdaging aan die AGS van SA.....	151
3.4	NUWE MOONTLIKHEDE	151
3.4.1	<i>Kerk en wetenskap: vennote.....</i>	<i>152</i>
3.4.2	<i>Die AGS van SA en die kosmiese werk van die Heilige Gees: 'n vars vertrekpunt.....</i>	<i>153</i>
3.5	KONKLUSIE.....	157
4	HOOFSTUK 4 - 'N PRAKTIES UITVOERBARE OPLOSSING VIR EKO-BILLIKHEID IN DIE APOSTOLIESE GELOOF SENDING VAN SUID-AFRIKA	159
4.1	INLEIDING	159
4.2	TERUG NA DIE BEGIN	159
4.3	DIE EREDIENS EN SY OMGEWING	161
4.3.1	<i>Gebed.....</i>	<i>161</i>
4.3.2	<i>Sang</i>	<i>162</i>
4.3.3	<i>Prediking.....</i>	<i>163</i>
4.3.4	<i>Die kindertoewyding.....</i>	<i>164</i>
4.3.5	<i>Die sakramente</i>	<i>165</i>
4.3.5.1	Die doop	165
4.3.5.2	Die nagmaal.....	166
4.3.6	<i>Die huweliksbevestiging</i>	<i>168</i>
4.3.7	<i>Die begrafnisdiens</i>	<i>169</i>

4.4	DIDASKOS: DIE MENS IS ONLOSMAAKLIK DEEL VAN GOD SE SKEPPING.....	170
4.4.1	<i>Teologiese seminarium.....</i>	170
4.4.2	<i>Opvoedkundige byeenkomste in die kerk.....</i>	171
4.4.3	<i>Die Sondagskool.....</i>	172
4.5	DIE PASTORAAT	173
4.5.1	<i>Huisbesoeke.....</i>	173
4.5.2	<i>Hospitaalbesoeke.....</i>	174
4.5.3	<i>Terapie: natuurterapie as opsie.....</i>	174
4.6	ONTSPANNING: WEGBREEKNAWEKE.....	176
4.6.1	<i>Natuurbediening.....</i>	176
4.6.2	<i>Uitstappies.....</i>	176
4.6.3	<i>Kampe.....</i>	177
4.6.4	<i>Seminare: die natuur as opsie.....</i>	178
4.7	AMPTELIKE BYEENKOMSTE	178
4.7.1	<i>Die Nasionale Leierskapforum.....</i>	179
4.7.2	<i>Die Algemene Besigheidsvergadering.....</i>	179
4.7.3	<i>Die Jaarlikse Leierskapskonferensie.....</i>	180
4.7.4	<i>Streek-leierskapforums.....</i>	180
4.7.5	<i>Ander statutêre liggame.....</i>	181
4.8	‘N INHEEMSE KERKTUIN.....	181
4.9	DIE ARGITEKTUUR VAN MODERNE KERKGEBOUE	182
4.10	LIDMATE: EKO-GEBOOIE VIR PERSOONLIKE VERANTWOORDELIKHEID	182
4.11	SAMEVATTING	183
5	BYLAE A – EKOLOGIE-KALENDER.....	186
6	BIBLIOGRAFIE.....	188

1 HOOFSTUK 1 - METODOLOGIESE BENADERING

1.1 INLEIDING

Hoe kan 'n Bybelinterpretasie wat die natuur devalueer en dit ondergeskik stel aan die mens, bydra tot die bewaring van die planeet? Die natuurlike wêreld is verwaarloos in Bybelinterpretasie omdat skrifgeleerdes hoofsaaklik die Bybel vanuit 'n antroposentriese oogpunt verstaan het (Simkins 1994:1). Alhoewel die natuur beskou is as die verhoog van die historiese drama van redding of as instrument in God se hand, is dit nie as intrinsiek waardevol beskou nie. Volgens Lynn White, 'n historikus, staan die Christelike geloof by die wortel van die ekologiese probleem, deur die uitbuiting van die skepping te regverdig (Simkins 1994:5). Maarschalk (2001:1) is van mening dat die meeste ekoloë die Christendom as 'n gevaar eerder as 'n bondgenoot in die ekologiestryd beskou en dat min Christene die noodkrete van omgewingsbewustes hoor.

Daarteenoor skryf Aartsbiskop Desmond Tutu in die inleiding tot die Earth Bible - projek onder redaksie van Norman Habel dat die oplossing van die huidige ekologiese krisis nie meer alleen in die hande van wetenskaplikes gelaat kan word nie. Net soos ons almal deel is van die probleem is ons ook deel van die oplossing (Habel 2000:7). Teoloë moet dus ekoloë se hande vat. Die ekologiese krisis roep ons tot 'n nuwe lees van die Bybel in die lig van hierdie probleem. Veronica Brady (2000:13) skryf dat die arrogante voorveronderstelling dat die aarde en sy biodiversiteit uitsluitlik vir die mens se gebruik en uitbuiting is, teruggespoor kan word tot by die Bybel – veral tot by God se opdrag om te vermeerder, die aarde te vul, alles te onderwerp en daaroor te heers (Gen. 1:28). Só daarna gekyk bring die Bybel nie net 'n woord van lewe nie, maar ook van dood. Die Bybel bly 'n besondere boek met krag, wat steeds baie vir ons te sê het oor die krisis van ons tyd. Alhoewel die Bybel nie as 'n wetenskaplike handboek beskou kan word nie, is die uitsprake daarin oor die aarde se intrinsieke waarde, die

onderlinge verbondenheid van sy biodiversiteit, sy stem, doel en weerstand baie duidelik.

Hoe kan die Bybel dus lig werp en 'n korreksie bring op 'n antroposentriese lewensfilosofie soos te vinde in die oorgrote meerderheid kerktradisies, by name ook dié van die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika (hierna AGS van SA) ?

1.2 DIE OMVANG VAN DIE EKOLOGIESE PROBLEEM

Ekologie is 'n wetenskaplike studie wat fokus op die verhouding tussen lewende organismes en hulle omgewing (Burnie 1994:168). Die term "ekologie" kom van twee Griekse woorde, *oikos* wat "huis" beteken en *logos* wat "woord of studie van" beteken (Burnie 1994:168; Maarschalk 2001:1). Ekologie is dus die studie van lewende organismes se huis of omgewing.

'n Ekologiese probleem ontstaan wanneer die verhouding tussen die organisme en sy huis skeefloop. Die gevolge van hierdie verbroekeling is katastrofies. In hulle boek *Africa's Vanishing Wildlife* skryf Chris en Tilde Stuart: "Whatever human beings have in common with other living things, there is one characteristic that is our exclusive genius: we are seemingly the only species working deliberately towards our own destruction" (1996:1). Dit is duidelik dat die verhouding tussen die moderne mens en die planeet aarde nie een van simbiotiese patrone is nie, maar eerder 'n parasitiese een. Binne die konteks van die ekologiese krisis blyk dit dat die mens meer dodelik is as enige natuurramp. Die mens vernietig nie net sy "huis" nie maar ook homself. Wetenskaplikes waarsku dat die moderne mens tans besig is om een van die grootste massa-uitwissings van alle tye te skep (Stuart & Stuart 1996:3). Die huidige ekologiese krisis daag alle bekende reëls van evolusie uit omdat dit vinniger toeneem as wat nuwe organismes kan ontwikkel. Wat erger is, is die feit dat die sterkstes nie noodwendig oorleef nie, wat ernstige gevolge inhou vir toekomstige ontwikkeling. Onverantwoordelike jag is 'n goeie voorbeeld. Of die bul met die grootste horings nou

saam met koeie loop of nie, hy word geskiet en saam met die tevrede jagter verdwyn die sterkste genepoel. Volgens Chris en Tilde Stuart word die 20^{ste} eeu gekenmerk as die eeu van ongekende uitwissing (1996:3). Een van die grootste uitwissings van ons tyd is die massa-uitsterf van die *cichlid*-vis in die Victoriameer wat direk verband hou met die invloed van die mens (Stuart & Stuart 1996:3).

Die ineenstorting van die Noord-Atlantiese kabeljouvisbedryf het nie alleen 30 000 Kanadese werkloos gelaat nie, maar die ekonomieë van 700 gemeenskappe in duie laat stort. Onlangs het ontbossing oorstromings in Sjina vererger. Daardeur is 3 600 lewens geëis en 14 miljoen mense dakloos gelaat (Maarschalk 2001:3).

Die omvang van die ekologiese probleem het daartoe gelei dat 'n span Japanse ingenieurs hulle in 1997 daartoe verbind het om die grootste superrekenaar te bou wat spoor kan hou van alles wat op die aarde gebeur, soos stomende woude, lugbesoedeling, atmosferiese temperatuur. Op 11 Maart 2002 is hierdie rekenaar aangeskakel. Die *Earth Simulator* soos dit bekend staan het sowat \$350 miljoen gekos om te bou. Hierdie kragtige rekenaar wat 35 triljoen verwerkings per sekonde kan doen (12 keer vinniger as al die laaste superrekenaars saam) is vir een doel gebou en dit is om 'n wesenlike ewebeeld van ons planeet te skep. Deur data van klimaatsveranderinge, oseaniese temperatuur, , afkomstig van satelliete in die "Earth Simulator" in te voer, kan wetenskaplikes 'n rekenaarmodel van die ganse planeet skep. Hierdie inligting kan dan vooruit verwerk word om te sien wat met die omgewing in die toekoms sal gebeur. Daar word gesê dat deur die aarde digitaal te kloon, ons dalk in staat sal wees om dit te red (Grossman 2002:53).

1.2.1 Wêreldberaad vir volhoubare ontwikkeling (WVO)

Op Sondag 14 Julie 2002 is die *2002 Living Report* wat skokkende statistieke bevat het deur SABC 2 gebeeldsend. Volgens die Wêreldnatuurlewefonds (WWF) se verslag gaan die mens se lewenstandaard en ontwikkeling teen 2030 geweldig afneem, as ons

nie ophou om meer natuurlike hulpbronne op te gebruik as wat die aarde kan genereer nie. Daar is ook gesê dat ons ons hulpbronne 20% vinniger opgebruik as wat dit hernu kan word. Die WWF voorspel ook dat ons teen 2050 tussen 180% en 220% van alle beskikbare natuurlike hulpbronne sou opgebruik het. Daarteenoor het die getalle van baie spesies voëls, soogdiere, reptiele en amfibieë met 35% oor die afgelope 30 jaar afgeneem. Die wêreld se woude is klaar 15% armer aan spesies terwyl die verskeidenheid spesies in oseane ook met 35% en in varswatersisteme met soveel as 55% gedaal het.

Ons is besig om die aarde se kapasiteit te oorskry en ons ondersteun nie volhoubare ontwikkeling nie. Dit raak nou kritiek om meer natuurlike ekosisteme te beskerm en dié wat reeds aan die verval is, te herstel. Hierdie krisis roep om verantwoordelike kuratorskap.

Die WVO was 'n uitdaging vir die regerings van die wêreld om betekenis te gee aan die revolusionêre filosofie wat 10 jaar terug in Rio de Janeiro in die Agenda 21-dokument vervat is. As gevolg van 'n tekort aan oplossings by die *Bali Prepcom IV* was die druk op die Johannesburg-beraad om 'n implementeringsplan vir volhoubare ontwikkeling voor te lê (World Summit on Sustainable Development 2002). Die WVO het gehandel oor die groot vraagstukke waarmee die wêreld worstel: watervoorsiening, energieverbruik, opvoeding, gesondheidsorg, voedselvoorsiening en tegnologiese ontwikkeling. Daar word onder meer beweer dat 1 000 miljoen mense ter wêreld nie toegang tot skoon drinkwater het nie, dat 2 000 miljoen die gebruik van moderne kragbronne ontbeer en dat 113 miljoen laerskoolkinders in die ontwikkelende lande nie basiese skoolonderrig ontvang nie (Van Wyk 2002:12).

Natuurlik is daar ook diegene wat negatief staan teenoor die WVO. Tempelhoff en Rossouw (2002:4) berig dat die nie-regeringsorganisasies (NRO's) die beraad as verraad beskou. Die organisasie *Friends of the Earth* en die WWF beskou die beraad as 'n volslae mislukking.

In *Beeld* (30 Sep. 2002:12) berig Van Wyk dat Christene beseft dat hulle deur die Here geroep word om in dié verband 'n bydrae te lewer en 'n verskil te maak. As die huidige bevolkingsaanwas onveranderd voortduur, stuur die wêreldsamelewing op 'n ramp af. Die aarde beskik eenvoudig nie oor genoeg hulpbronne om 'n onbeperkte aantal mense te onderhou nie. Die wêreldbevolking staan op 6,2 miljard en teen die huidige groeikoers behoort dit teen 2025 sowat 8 miljard te wees. Hy sê dat ons 'n pragtige skepping van die Here ontvang het om "te bewerk en te bewaak". Volgens Van Wyk is die wyse waarop Christene daarmee omgaan onverdedigbaar. Ek sluit graag die volgende gedig van Erasmus (2002:10) in:

Wêreldberaad
Die Hemel blits
splits aan skerwe op geel gras.
Die chemiese verskroeiende aarde ween
en die wêreld krimp ineen,
belas met belangrike berade.
Koppe knik akkoord
veraf vloei die lewende Woord.

1.2.2 Globale verhitting

Globale verhitting beskryf die stelselmatige verhitting van die lugtemperatuur in die aarde se laer atmosfeer. Dit staan ook bekend as die kweekhuiseffek. 'n Kweekhuis word bykans heeltemal van glas gemaak. Verhitting vind plaas wanneer die sonlig (wat uit kort golflengtes bestaan) die glas tref. Die meeste van hierdie kort golwe (bestraling) beweeg deur die glas en verwarm dan die plante, grond en lug aan die binnekant. Soos hierdie objekte warmer word begin hulle self ook hitte vrystel, maar hierdie hitte is 'n baie langer golflengte as die sonlig wat inkom. Hierdie langgolflengtebestraling kan nie so maklik deur die glas beweeg nie en veroorsaak dus dat alles binne in die kweekhuis verhit.

Globale verhitting word veroorsaak deur die uitwerking van sekere gasse en hulle invloed. Sonlig (kortgolfbestraling) dring maklik deur die aarde se atmosfeer en verwarm dan die oppervlakte van die aarde. Op sy beurt stel die aard-oppervlakte weer hitte vry. Die hitte wat deur die langgolfbestraling gegenereer word, ontsnap in die ruimte, maar die meeste daarvan word geabsorbeer of gehou deur koolsuurgas en ander gasse wat in klein hoeveelhede in die atmosfeer voorkom. Hierdie gasse hou die aarde se atmosfeer ongeveer 33°C warmer as wat dit sou gewees het sonder die kweekhuiseffek. Sonder hierdie gasse sou die hele planeet 'n yskoue wildernis gewees het met 'n gemiddelde temperatuur van 16°C onder vriespunt.

Die geweldige bevolkingsgroei en industriële ontwikkeling het tot groter lugbesoedeling en verandering in die samestelling van die aanvanklike atmosfeer gelei. Dit lei tot 'n kommerwekkende toename in die verhitting van die atmosferiese temperatuur.


Koolsuurgas wat vrygestel word deur die verbranding van fossielstowwe soos steenkool, petrol en diesel is die grootste oorsaak van globale verhitting.

Die uitkap van natuurlike plantasies en woude het ook bygedra tot globale verhitting omdat plante koolsuurgas opneem uit die atmosfeer deur die proses van fotosintese en dit dan omsit in suurstof. Die uitkap van natuurlike plantasies lei dus tot 'n toename in koolsuurgas in die atmosfeer wat 'n primêre element in globale verhitting is.

Tekens van die effek van hierdie verwarming word meer en meer sigbaar.

- Die gemiddelde globale temperatuur is 0.5°C warmer as wat dit 'n eeu gelede was.
- Sneeu en yslae het verminder, die temperatuur van die diep oseane het gestyg, bewolkte toestande het toegeneem. Dit is 'n aanduiding van toenemende waterverdamping.
- Oor die laaste 100 jaar het die seevlak tussen 100 en 200 mm gestyg.

Sommige wetenskaplikes beweer dat as die huidige bevolkingsaanwas so voortgaan die aarde 1°C warmer sal wees teen 2025 en 3°C warmer teen 2100. Hierdie vinnige toename kan verskeie gevolge hê:

- Dit kan groot weersveranderinge teweegbring. Die laaste ystydperk wat ongeveer 15 000 jaar gelede opgehou het was net 5°C kouer as die huidige atmosferiese temperatuur, maar die klimaatsveranderinge was massief: Die grootste deel van Noord Amerika was met ongeveer 1.5 km dik ys bedek, en die seevlak by die Kaap was 120 m laer as nou. Paxton skryf dat as jy in daardie dae in die see wou swem jy sowat 150 m vanaf Kaap Agulhas moes loop voor jy by die water sou kom (1999:3). Leuvennink berig dat die verlies wat die wêreld ekonomie weens natuurrampe ly ongeveer elke 10 jaar verdubbel. In die afgelope 15 jaar is die \$1 000 miljard kerf verbygesteek (2002:10).
- 
- 'n Massa-uitwissing van spesies.
 - Stygende seevlak – water sit uit en ys smelt soos dit warmer word. Toenemende en wydverspreide oorstromings aan kusgebiede kan verwag word soos die seevlak styg.
 - Weersomstandighede van groter uiterstes kan verwag word soos bv. droogtes en vloede. Bewyse hiervan is reeds oorvloedig: die tifofoon Rusa los 'n spoor van verwoesting oos van Seoel, Suid-Korea: 200 Mense is dood en vele word vermis (*Beeld* 4 Sep. 2002); El Niño gaan dalk nog tot volgende jaar (2003/4) 'n spoor laat (Bonthuys 2002:1); 'n Vloed eis 35 lewens in Afganistan (*Beeld* 28 Aug. 2002a); die swaarste sneeuneerslae val sedert 1969 in en rondom Molteno (*Beeld* 15 Jun. 2002); 31 dood, 45 vermis ná verwoestende tornado's Alabama, Tennessee en Ohio getref het (*Beeld* 12 Nov. 2002); bykans 'n halfmiljoen mense in Louisiana en Texas is gemaan om pad te gee voor die aanstormende orkaan Lili (*Beeld* 4 Okt. 2002); ses sterf en 5 000 is dakloos

gelaat ná baie reën in Kenia (*Beeld* 31 Okt. 2002b); tydens die droogte, help boere honger wild (Fourie 2002:4). Berigte soos hierdie is daaglik aan die toeneem.

- Veranderinge kom voor in die verspreiding van siekte-draende organismes sodat mens, dier en plant blootgestel sal wees aan siektes wat vroeër nie voorgekom het in hulle omgewing nie (Paxton 1999:1-6). Opskrifte soos “Griepepidemie eis 671 in Madagaskar” (*Beeld* 28 Aug. 2002b); “Malariamuskiet se geheim sal eers oor 10 jaar tot entstof kan lei” (Pienaar 2002:5), is ook aan die toeneem.

Metaangas is 20% meer aktief as ‘n kweekhuisgas as wat koolsuurgas is. Met die toenemende nywerhede het metaangas verdubbel in volume. Enorme hoeveelhede word in die atmosfeer deur biologiese ontbinding vrygestel wat bydra tot die kweekhuiseffek. Termiet-aktiwiteite (met hulle eie komposhoop ondergronds) is verantwoordelik vir honderde miljoene tonne metaangas. Soos die wêreld se landerye degenerer vermeerder termiete en hulle metaanbydrae. So dra swak boerdery by tot die kweekhuiseffek (Clarke 1991:52). Daar is ook algemene konsensus dat Suid-Afrika minder reën en meer verdamping sal ondervind as gevolg van die warmer atmosfeer (Clarke 1991:52).

Die tempo waarteen lug-, water- en omgewingsbesoedeling toeneem is onrusbarend en die aardbol is in ‘n groot, plofbare kweekhuis omgesit. Die VSA produseer nie genoeg suurstof vir eie gebruik nie en steel van sy buurstate se suurstof. Die VSA weier ook steeds om die Kioto-protokol te onderteken ingevolge waarvan lande onderneem om die vrystelling van kweekhuisgasse teen 2008 met 5,2% te verminder (Van Wyk 2002:12).

Ook hier in Afrika gaan die vernietigingsproses voort. ‘n Koerantberig lui dat die berg Kilimandjaro in Kenia sedert 1912 82% van sy gletsers verloor het en dat die sneeupiek besig is om vinnig te smelt (Van Wyk 2002:12).

1.2.3 Die sterwende natuurlewe

Rachel Carson, 'n Amerikaanse bioloog, se boek, *Silent Spring*, wat in 1962 gepubliseer is, het een van die belangrikste boeke in die geskiedenis van die ekologie geword. In hierdie boek word verduidelik hoe sintetiese gifstowwe die hele omgewing kan vergiffig. Die boek se titel was daarop gemik om as 'n waarskuwing te dien dat gifstowwe uiteindelik soveel voëls sal doodmaak dat niks oor sal wees om die lente aan te kondig nie. *Silent Spring* het mense se aandag gevestig op die verwoesting van die omgewing maar dit het ook die geboorte van die moderne omgewingsbeweging (*environmental movement*) aangekondig (Burnie1994:177). Carson se titel is nie vergesog nie. Op Vrydag 9 Augustus 2002 het 'n boer buite Rustenburg *parathion* ('n gifstof vir luse) met mielies gemeng en dit moedswillig vir tarentale gevoer. Sy onverantwoordelike daad het tot die dood van meer as 1 500 tarentale op een dag gelei. Volgens dr. Gerhard Verdoorn, voorsitter van die Trust vir Bedreigde Natuurlewe se gifstofwerkgroep, is tonne dooie voëls opgetel (Du Preez 2002:2). Luidens 'n navorsingverslag wat wetenskaplikes aan die Universiteit van Kalifornië bekend gemaak het, het paddavissies wat aan *atrasien* ('n onkruidodder) blootgestel is, van geslag verander en eiers begin produseer. Volgens die verslag is daar bevind dat tot 92% van alle paddas wat in gebiede voorkom waar die water met *atrasien* besoedel is, hierdie afwykings toon. Die wetenskaplikes het bevind dat slegs 0,1 deeltjies per miljard van die stof die afwyking in paddas veroorsaak. Volgens Verdoorn word *atrasien* veral in die mielieproduserende streke van die land gebruik. In Suid-Afrika is daar meer as 20 onkruidodders wat *atrasien* bevat (Zwecker 2002a:13).

Om te praat van 'n sterwende natuurlewe is om verder te kyk as net die spesies wat aangeteken is in die IUCN *Red Data Books*, en die CITES-verslae. Baie spesies gaan verlore nog voor ons weet hulle bestaan. Stuart en Stuart (1996:4) moet ondersteun word in hulle oproep dat ons nie eers sal wag totdat spesies bedreig word voor ons optree nie, maar dat ons nou sal begin optree as verantwoordelike kurators wat sal teruggee wat ons neem. Zwecker berig in *Beeld* (10 Okt. 2002b) dat skaars 'n maand nadat wêreldleiers in Johannesburg byeengekom het vir die Wêreldberaad vir

Volhoubare Ontwikkeling daar 124 plante en diere tot die jongste rooilys van bedreigde spesies gevoeg is. Luidens 'n verslag van die International Union for the Conservation of Nature (IUCN) is daar nou wêreldwyd 11 167 spesies waarvan die voortbestaan as bedreig, ernstig bedreig of op die punt van uitwissing beskryf kan word. Dit is 124 meer as in die vorige verslag wat in 2000 uitgereik is. Luidens die verslag is daar 72 plant- en 417 dierspesies in Suid-Afrika wat bedreig is. Steenkamp berig in *Beeld* (2 Sep. 2002) dat tot 60% van Zimbabwe se wild sedert Maart vanjaar op wildplase en reservate in die land uitgeroei is. Johnny Rodriques, voorsitter van die Zimbabwe Conservation Task Force (ZCTF) was in Suid-Afrika om 'n skokdossier oor die uitwissing van wild in Zimbabwe aan afgevaardigdes by die WVO te oorhandig. Die ZCTF skat dat \$45 miljoen se wild reeds uitgewis is. Volgens Rodriques word die Zimbabwiese weermag na wildplase gestuur om voor die voet dood te maak: "Hulle skiet al wat 'n bok is en stuur die vleis na hul troepe in Zaïre. Tot die polisie is betrokke. Hulle moor die diere met masjiengewere en vat die vleis na slaghuise. Van die reuse troppe buffels wat ons voorheen gehad het, is daar nou byna niks oor nie" (Steenkamp 2002). Sedert president Robert Mugabe in Maart herverkies is, is 30 000 bokke soos duikers, koedoes en elande tydens slagtings uitgeroei, beweer Rodriques. 'n Ondersoekspan van die ZCTF het vasgestel dat tonne ivoor na Asië uitgevoer word. "Honderde olifante is sedert die verkiesing doodgeskiet en hul tande uitgevoer" (vlgs. Steenkamp 2002).

Die disintegreer en verwoesting van ons ekosisteme kan met min, indien enige, uitsondering toegeskryf word aan die antroposentrisme van ons tyd.

Niemand weet presies hoeveel spesies daar op die aarde is nie. Voorspellings wissel tussen vyf en 30 miljoen. Tot op hede is net 1.4 miljoen spesies aan die mens bekend (Clarke 1991:236; Stuart & Stuart 1996:184). Hoeveel van hierdie spesies sal nie verlore gaan nog voor ons weet hulle bestaan nie?

Afrika het die rykste biodiversiteit in die wêreld. Suid-Afrika alleen het sowat 20 300 geïdentifiseerde plantspesies met sy naaste opvolgers Madagaskar, Tanzanië en Zaïre met ongeveer 11 000 spesies elk. Zaïre het verreweg die rykste fauna, met 409

soogdier- en 1 086 voëlspecies op sy boeke (Stuart & Stuart 1996:185). In Malawi en Tanzanië word 90% van die huishoudelike energie verkry deur die verbranding van hout en uitgedroogde mis. Omtrent 75% van die bevolking van Ghana is vir proteïen afhanklik van natuurlike produkte wat wissel van slakke tot duikers (Stuart & Stuart 1996:185). Die toenemende bevolkingsgroei is stelselmatig besig om hierdie bronne uit te put. *Beeld* (3 Okt. 2002:15) berig dat Suid-Afrika se perlemoen ál meer uitgedun raak om die Ooste se groot honger te stil. Wanneer en hoe sal die aarde hierdie ongeregtheid verminder en wraak neem?

1.2.4 Toenemende nood

Op 11 Julie 1987 is die baba gebore wat die wêreldbevolking oor die 5 biljoen-merk gestoot het. Vandag is daar meer as 5,4 biljoen mense op aarde, en daar word beraam dat daar teen 2050 meer as 10 biljoen mense sal wees. Drie babas word elke sekonde van die dag gebore – 250 000 elke dag. Afrika het die vinnigste groeisyfer op aarde (2,9%). In 1989 was daar gemiddeld 600 miljoen mense in Afrika en hierdie syfer behoort volgens beraming te styg na 1 200 miljoen teen 2014 (Stuart & Stuart 1996:185). As hierdie groeitempo nie drasties afneem nie, lyk die vooruitsig vir die wêreld se ekosisteme en biodiversiteit somber, omdat die natuurlike hulpbronne eenvoudig nie sal kan volhou nie. Behalwe vir die bevolkingsaanwasprobleem berig Moos verder in *Beeld* (18 Okt. 2002) dat kenners in die landboubedryf kommer uitspreek oor die min reën wat veroorsaak dat boere nie kan aanplant nie. Volgens sy berig veroorsaak droogtetoestande dat bestuiwing van die gewasse nie plaasvind nie. Hierdie toestand lyk glad nie belowend vir die beskikbaarheid van kos vir die toenemende massas nie. Verder veroorsaak lugbesoedeling oor Asië dat daar na beraming 'n 10%-verlies aan Indië se rysoes sal wees (*Beeld* 13 Aug. 2002). In Suid-Afrika word daar sedert 1990 lugmonsters van Durban-Suid se lugbesoedeling geneem. Byna vier keer meer kinders in die gebied het asma as in die res van Suid-Afrika en die voorkoms van leukemie is 24 keer hoër (*Beeld* 28 Aug. 2002c). 'n

Radioberig lui dat die olifantgetalle in Kenia die afgelope 25 jaar van 167 000 tot 25 000 afgeneem het (Van Wyk 2002:12).

Daar is dus duidelik toenemende probleme wat 'n groot bedreiging inhou vir toekomstige geslagte.

1.2.5 Ekosisteme en biodiversiteit

Burnie beskryf 'n ekosisteem as 'n gemeenskap en sy omgewing. Ekoloë verdeel die biosfeer in dele wat hulle ekosisteme noem, om dit makliker te maak vir studie. 'n Ekosisteem kan enige iets van 'n klein verrotte stukkie boombas tot 'n groot meer wees. Elke ekosisteem bestaan uit 'n aantal lewende organismes en hulle omgewing (1994:168). Verder word biodiversiteit beskryf as die verskeidenheid van spesies in 'n spesifieke omgewing. Hierdie biodiversiteit wissel tussen habitats (Burnie 1994:176).

Die toenemende bevolking het 'n ernstige effek op biodiversiteit. Die effek daarvan op die ekosisteme veroorsaak toenemende verbrokkeling van die simbiotiese verhoudings wat daar tussen organismes en hulle omgewing moet bestaan om oorlewing te verseker. Daar is een van drie simbiotiese verhoudings waarin die mens homself kan vind: kommensalisme waar een spesie voordeel trek, maar die ander nie noodwendig bevoordeel word of skade lei nie, mutualisme, 'n verhouding waarin albei organismes baat (wederkerige kuratorskap), en 'n parasitiese verhouding waar een wen en die ander verloor. Omdat ons die lug sowel as die grond misbruik, kan ons vergelyk word met 'n endoparasiet wat sy gasheer van binne doodmaak.

Vloede, droogtes en ander rampe is maar net enkele elemente waaraan die mens se roekeloosheid gemeet kan word. Die natuurlike plantegroei wat noodsaaklik is vir die doeltreffende werking van 'n vleiland word uitgehaal om plek te maak vir landerye of bome. Die aarde se longe word uitgekap. *Beeld* berig (31 Okt. 2002a) dat twee koppies platgestoot is om 'n vallei te vul. Sowat 4,5 miljoen m³ rots en grond is verwyder om

plek te maak vir die Kruger Mpumalanga Internasionale Lughawe. Kosbare ekosisteme met hulle biodiversiteit is daarmee heen. Ontbossing veroorsaak dat vrugbare grond wegspoel.

Oseane beslaan tot 70% van ons planeet se oppervlakte en sowat 60% van die aarde se menslike bevolking leef langs die kussones. Divers en dinamies bestaan die kus uit 'n magdom van ekostelsels en berg dit 'n rykdom van hulpbronne. Navorsing toon dat die waarde van direkte voordele wat verkry word uit kushulpbronne in Suid-Afrika jaarliks sowat R168 miljard beloop (*Beeld* 14 Okt. 2002). As hierdie bedryf nie goed bestuur word nie kan dit katastrofiese afmetings teweegbring.

1.2.6 Konklusie: Ysterkansels in 'n brons land

In Levitikus 26:19 (vergelyk ook Deut. 28:23) het die sonde en ongehoorsaamheid van die volk 'n swaar straf tot gevolg gehad, naamlik:

Ek sal alles waarop julle staatmaak, laat verdwyn. Daar sal geen druppel reën val nie: dit sal wees asof die hemel van yster en die grond van brons is.

Verder sê God dat Hy die bron van lewende water is (Deut. 28:23), en Jesus sê dat hierdie lewende water uit die binneste sal vloei van die een wat in Hom glo (Joh. 7:37). Bring die kansel dus lewende water vir sy mense en hulle omgewing, of is dit sy mense wat weier om te drink? Het die kansel yster geword, of is die land brons?

I have often wondered why the New Testament ignores nature conservation even if there was lots of environmental wisdom in the Old Testament (Clarke 1991:11).

Ek stap in twee wêrelde en vind dat daar nie skeiding kan plaasvind tussen die geloofswêreld en die natuurwêreld nie. Die Woord van God kan tog nie losgemaak word van die werk van God nie! Tog vind ek 'n bepaalde vyandskap tussen hierdie twee wêrelde in die tradisie waarin ek staan. Lidmate is meer gefokus om in die hemel te kom en seën te geniet as wat hulle bereid is om die aarde en sy ingewikkelde kosmiese ontwerp (en hulleself) te beskerm.

In *The Historical Roots of Our Ecological Crisis*, noem White (vlgs. Clark 1991) hoe die Christelike tradisie, deur die Bybel so letterlik op te neem, enorme skade berokken het. Volgens hom het die Christengeloof die boek Genesis gesien as 'n oop jaglisensie: "Sê dit dan nie dat ons die aarde moet 'onderwerp' oor al die visse van die see, die voëls en diere moet "heers" nie?" (Clark 1991:12). Te laat het die kerk "onderwerp en heers" ge lees as "wees rentmeesters". Te laat, want die sendelinge het reeds hulle werk gedoen, en hulle werk, soos hulle dit gesien het, was om die heidense geloof in die natuur te vervang met die Christelike siening dat die natuur daar is vir ons gebruik (Clark 1991:12).

In antiquity every tree, every spring, every stream, every hill had its own genius loci, its guardian spirit. These spirits were accessible to men, but were very unlike men; centaurs, fauns and mermaids showed their ambivalence. Before one cut a tree, mined a mountain, or damaged a brook it was important to placate the spirit in charge of that particular institution, and to keep it placated. By destroying pagan animism, Christianity made it possible to exploit nature in a mood of indifference. (White in Clark 1991:12).

Ek promoveer nie panteïsme nie. Dit is van uiterste belang dat Christus aan die heidene verkondig word, maar as Eersteling van die skepping (Kol. 1:15) promoveer Hy ook nie oorheersing nie. Sy gesindheid is een van dien, nie om gedien te word nie (Mat. 20:28). Dit is duidelik dat die verlossingsteologie in 'n sekere opsig 'n selfsugtige teologie is wat in die eerste plek om die mens se eie redding gaan en wat die mens so

besig hou met boontoe kyk, dat hy vergeet om ook om hom te kyk. Solank 'n mens gered en op pad hemel toe is, kan die aarde, wat in elk geval besig is om te vergaan, maar opsy geskuif word (Maarschalk 2001:19-20). Wat ons egter nie altyd in gedagte hou nie is die feit dat die aarde net so deel van God se skepping soos die hemel is. Reid (2000:240) skryf: "Heaven is not some spiritualized part of reality. It is the 'invisible side of creation.'"

In 1855 skryf Chief Seathl 'n brief aan die VSA parlement namens miljoene inboorlinge wat geglo het dat om die natuur te aanbid is om God te aanbid. In sy brief skryf hy die volgende:

I have seen a thousand rotting buffaloes on the prairies, left by the white man who shot them from a passing train. I am a savage and I do not understand how the smoking iron horse can become more important than the buffalo that we kill only to stay alive. What is man without the beasts? If all the beasts were gone, men would die from great loneliness of spirit, for whatever happens to the beasts also happens to man. All things are connected. Whatever befalls the earth befalls the sons of the earth (Clark 1991:12).

Ek dink ons moet onself eerlik die vraag afvra of dit nie dalk ons antroposentriese, androsentriese en etnosentriese interpretasies van die Bybel is waar die probleem lê nie. Het ons kansels yster geword soos die hemel bo die sondige volk, of is dit die grond waarin die saad val wat brons geword het? Die aftakeling van die natuur stel aan alle mense en veral aan die Christen 'n groot uitdaging: Bewerk die aarde só dat dit julle ook bewaar.

Sommige teoloë (o.m. G. von Rad; C. Westermann; B. Anderson; J. Goldingay; H.D. Preusz; J. Schreiner) verstaan die Ou Testament uitsluitlik vanuit 'n geskiedenis-georiënteerde, dit wil sê 'n mens-georiënteerde, perspektief (Simkins 1994:1;

Maarschalk 2001:19). Jahwe, die God van die Bybel, word as die God van die mens se geskiedenis beskou. Hy het ingegryp in die menslike aangeleenthede om Israel te red en om die geskiedenis van die mensdom volgens Sy verlossingsplan te rig (Simkins 1994:1; Maarschalk 2001:19). Hierdie eensydige benadering kyk verby die sigbare, natuurlike wêreld ten spyte van al die Ou Testamentiese verwysings daarna. Die natuur is ondergeskik gestel aan die besorgdheid oor die mens se verlossing. So 'n siening is eensydig omdat dit 'n bepaalde ideologiese benadering van die teks oorbeklemtoon (Maarschalk 2001:19). Met hierdie studie wil ek 'n alternatiewe, dog ook 'n ideologiese lees, vanuit die aarde se perspektief onder die loep neem om daardeur 'n bydrae te lewer met betrekking tot die versorging van hierdie pragtige biodiversiteit.

As die kerk regtig vandag iets aan armoede wil doen moet sy begin by 'n ekosensitiwiteit, by kennis van die biodiversiteit en 'n belydenis van haar onsensitiwiteit. Bring die kansel reën vir sy dor land? Indien wel, waar is dan die vrug? Of staan daar ysterkansels in 'n brons land?



1.3 METODOLOGIESE VERANTWOORDING

Hierdie studie se doel is 'n waardering van studies wat deur 'n "groen" bril na die teks kyk, om te bepaal hoe hierdie tipe lees kan bydra tot 'n meer eko-vriendelike bewustheid en betrokkenheid in die AGS van SA. Daar word gesteun op die eksegetiese en teologiese insigte van eko-billike studies op bepaalde Ou- en Nuwe-Testamentiese tekste (vgl. hfst. 2). Hierdie is dus nie 'n eksegetiese studie nie, maar 'n benutting van ander se goeie eko-billike eksegese wat reeds gedoen is, met die doel om dit prakties in die AGS van SA te laat realiseer.

1.3.1 Wat is eko-teologie?

Die term "teologie" is 'n samestelling van twee Griekse woorde *theos* en *logos* wat letterlik "woorde oor God" beteken. Ekologie soos hierbo beskryf is 'n wetenskaplike

term, ook saamgestel uit twee Griekse woorde *oikos* en *logos*, wat letterlik “woorde oor ons huis”, of “studie oor ons huis” beteken. Wanneer ekologie en teologie saamgesnoer word, handel dit oor God as skepper van die huis en wat ons van hierdie verhouding kan sê of leer. Eko-teologie handel dus oor Skepper en Skepping. Anders gestel kan gesê word dat ekologiese teologie daarna streef om ‘n teologiese respons vir die ekologiese krisis te vind (Edwards 2001:47). Volgens Edwards (2001:47) is dit die taak van die eko-teologie om te wys hoe die skepping God openbaar, en om maniere te vind waarop hierdie misbruikte skepping genees kan word en lê “eenheid in diversiteit” aan die hart van eko-teologie.

Wanneer ekologie, as ‘n wetenskap, op die geesteswetenskap toegepas word, word van menslike of kulturele ekologie gepraat en dui ekologie op die manier waarop die gemeenskap deur die fisiese omgewing – die aarde met sy grond, water en plantegroei, die lug en weer asook ander lewende wesens – beïnvloed word of dit self beïnvloed (Simkins 1994:3). In hierdie konteks is ekologie die studie van hoe en waarom mense die natuur gebruik, hoe hulle die natuur in hulle samelewing inkorporeer, en wat hulle aan hulself, die natuur en die samelewing doen in die proses (Bennett 1976:3).

Soos die Westerse Christendom ontwikkel het, het sy basiese veronderstellings die mens verder verwyder van ‘n betekenisvolle verbintenis met die natuurlike wêreld en van die kennis dat ons ook deel daarvan is. Eko-teologie wil hierdie veronderstellings toets deur met ‘n “groen” bril die Bybel te ondersoek.

1.3.2 ‘n Eie “groen” ideologiese lees van die teks

Robbins (1996) benader die ingewikkeldheid van tekskommunikasie op ‘n opwindende en omvattende manier. In sy sosio-retoriese benadering verwys *sosio* na die rykdom van kennis oor die wêreld van die teks, wat deur die afgelope dekades veral deur die antropologie en sosiologie ontsluit is en *retories* na die manier waarop taal gebruik

word om betekenis te “onderhandel”. Sosio-retoriese kritiek integreer dus die maniere waarop mense taal gebruik en die wyse waarop hulle in hulle wêreld leef (Robbins 1996a:1). Dié benadering is ‘n poging om insigte vanuit ander benaderings soos literêr, post-modern en teologies, in ‘n werkbare geheel te integreer, om daardeur ‘n verskeidenheid van “grepe” op die teks moontlik te maak. ‘n Teks is vir Robbins (1996b:18) soos ‘n digte tapisserie waarna ‘n mens uit verskillende hoeke kyk en veelvoudige vorms, patrone en beelde, dit wil sê teksture, sigbaar word. Van die teksture wat Robbins onderskei is intra-tekstuele tekstuur, inter-tekstuele tekstuur, sosiale en kulturele tekstuur, ideologiese tekstuur en religieuse tekstuur. Minstens drie van hierdie teksture behoort ondersoek te word om ‘n teks tot sy reg te laat kom. Enige van die teksture kan as invalshoek gebruik word.

In hierdie studie is ek geïnteresseerd in die ideologiese tekstuur. Dit sal as ‘n vertrekpunt gebruik word in ‘n poging om die “groen” geënkodeerde waardes van ‘n teks na vore te bring.

Hierdie “groen” geënkodeerde waardes is gesetel in die werklike skrywer van ‘n bepaalde teks. Maar omdat ons onself met die geïmpliseerde skrywer identifiseer, is dit nodig om die teks te gebruik as ‘n voertuig na die werklike skrywer se “groen” geënkodeerde waardes.

Werklike skrywers is historiese mense, en die tekste wat hulle skryf is op die een of ander manier verlengstukke van hulleself. Op grond van die woorde wat hulle in ‘n teks gebruik, impliseer die teks dus ‘n soort skrywer wat ‘n leser vir homself kan voorstel. Net so is die taal van die Ou Testament ‘n verskynsel van die Ou-Testamentiese wêreld. Tekste bevat tekens wat taal impliseer. Werklike skrywers gebruik verbale tekens om hulleself in die konteks van hulle wêreld uit te druk. Deur die taal noukeurig te ondersoek kan ‘n voorgestelde wêreld van die skrywer gerekonstrueer word. ‘n Integrale verhouding tussen die skrywer en sy wêreld word dus voorgestel. Betekenisse het dus tussen die Ou-Testamentiese wêreld en die teks deurbeweeg toe die skrywer die teks geskryf het, en hulle beweeg deur die grense van die

interpreteerder se wêreld wanneer die teks vandag gelees word. Robbins meen: "Texts are in the world and of it" (1996b:22).

Die teks kommunikeer dus deur 'n wedersydse aksie tussen die skrywer, die wêreld van die skrywer en die leser. Die geskrewe tekens in die teks boots dus inligting en materiële data in die skrywer se wêreld na. Om hierdie data te ontgin stel Robbins verskillende teksture (soos hierbo vermeld) voor om 'n goeie greep op die betekenisvolle verhouding tussen die skrywer en sy wêreld te rekonstrueer.

Die verskillende teksture word kortliks soos volg verduidelik:

1. Intratekstuele tekstuur (*Inner texture*): Volgens Robbins (1996a:44-91; 1996b:7-39) bedoel hy hiermee "getting inside a text".
2. Intertekstuele tekstuur (*Intertexture*): Met intertekstuele tekstuur bedoel Robbins die interaksie van die teks met die verskynsels (intertekste) in die wêreld buite die teks (Robbins 1996a:96-143; 1996b:40-68).
3. Sosiale en kulturele tekstuur: Die sosiale en kulturele tekstuur het te make met sosiale antropologiese teorie (Robbins 1996a:144-189; 1996b:71-94). 'n Teks se sosiale/kulturele "aard", met ander woorde wat dit is (*location*) en, wat dit beoog (*orientation*), kom ter sake. Indien 'n teks "revolutionêr" is, koester dit ook 'n soortgelyke ingesteldheid by die leser(s).

'n Vierde tekstuur, naamlik ideologiese tekstuur, word in hierdie studie gebruik en word in meer besonderhede bespreek.

1.3.3 Ideologiese tekstuur

Op grond van die bogenoemde is die veronderstelling dat tekste, lesers, en die interpretasie-strategieë wat lesers na die teks bring 'n "posisie" reflekteer, met ander woorde, alle tekste, lesers en interpretasie-strategieë is gesetel in 'n sosiale, geslagtelike, politieke en ekonomiese posisie, asook ander posisies. Volgens Elliott (1990) word ons voorberei deur ons ondervindinge, geslag, sosiale posisie, en ander sosiale/kulturele aspekte om sekere (enigste?) aspekte van wat ons waarneem as "in" 'n teks te sien. Herzog (1994:54) herinner ons dat 'n interpreteerder altyd begin met 'n teorie, en nie met feite nie; met 'n paradigma, en nie met 'n tabula rasa nie; met subjektiewe betrokkenheid, miskien 'n verskuilde agenda, en nie met 'n neutrale posisie nie; met 'n subteks sowel as 'n teks; met suspisies, voorgevoelens, en raaisels, en nie met onskuld nie.

Alle interpreteerders interpreteer dus met 'n sekere ideologiese basis; dié wat interpreteer sonder om hulle basis te belig interpreteer slegs vanuit 'n verskuilde basis.

Robbins (1996a:95) is van mening dat die analise en interpretasie van ideologiese tekstuur hoofsaaklik te make het met mense (skrywers en lesers) van wie tekste die produk is. Dit gaan dus oor die sosiale, kulturele en individuele staanplek en perspektief van die skrywers en lesers. Dit beteken dat die analise van die ideologiese tekstuur van 'n teks aan die teenoorgestelde pool van die spektrum lê as die analise van 'n intratekstuele tekstuur, wat met woorde, frases en sinne van die teks self werk (Robbins 1996a:95). Ideologiese tekstuur gaan oor die vertrekpunte, vooroordele, menings, waardes en stereotipes van 'n spesifieke skrywer en 'n spesifieke leser (Robbins 1996a:95). Deist (1982:4-7) het al daarop gewys dat geen teksinterpretasie objektief of waardeneutraal kan wees nie. Ideologiese tekstuur gaan oor die interpreteerders van tekste, die ideologiese bril waarmee hulle na die teks kyk, maar sekerlik ook met die ideologiese staanplek van die geïnskrybeerde, geïmpliseerde outeur (Maarschalk 2001:25). Davis (1990:268) definieer ideologie as 'n geïntegreerde stelsel van oortuigings, aannames en waardes, wat die behoeftes en belangstellings

van 'n groep mense op 'n bepaalde tyd in die geskiedenis weerspieël. Elliot (1990:268) verduidelik dat hierdie geïntegreerde stelsel voortspruit uit die behoefte om te verstaan, om vir jouself en ander te interpreteer, om te regverdig en om jou staanplek in die wêreld te kontroleer. Ideologie word ook beskryf as 'n omvattende en geordende sisteem van idees wat vir die individu of die groep as basis vir die verklaring van 'n wye reeks verskynsels en as basis vir besluite gebruik word. Dit is daarom meestal sterk emosioneel gekleur (Plug et al 1997:152). Maarschalk (2001:25) verduidelik dat ideologieë bepaal word deur spesifieke werklikheidsbeskouings wat deur groepe gehuldig word – spesifieke perspektiewe van die wêreld, samelewing en mensdom, asook van die beperkings en moontlikhede van die menslike bestaan.

Die twee fasette van ideologie is eerstens die *interpreteerder* en tweedens die *teks*. Ek, die interpreteerder wil op 'n bepaalde manier na die teks kyk, naamlik subjektief, en dit met 'n "groen" bril lees.

Interpreteerders van tekste openbaar gewoonlik bewustelik of onbewustelik hulle individuele staanplek en ervarings. Robbins (1996a:96) noem dit *individual locations*. Met ander woorde: Die wegspringplek vir ideologiese analise en interpretasie begin by 'n analise en interpretasie van my, die leser. Die tweede stap sal dan 'n belangstelling en 'n debat wees tussen ander mense se interpretasies van die teks waarin ek belangstel. Laastens is daar ook die teks wat optree as eregas (*guest*) in ons interpretasie-debatte met mekaar.

Vir my is die kompleksiteit van bome, diere, ons liggaam, klippe, goggas, wolke en sterre 'n wonder. Die ingewikkelde biodiversiteit, ekostelsels en veral die verhoudings wat tussen hierdie natuurwonders bestaan, is vir my 'n inspirasie. My oortuiging is dat God iets in die skepping openbaar wat die diepste natuur van my wese in verhouding met hierdie diversiteit verduidelik, die begin van die wêreld, my verantwoordelikheid teenoor die natuur en die betekenis van lewe en dood.

Ek weet dat daar baie mense is wat 'n soortgelyke siening met my deel, maar dat daar ook dié is wat verskil. My doelwit in hierdie studie is om met mede “groen” ideologiese interpreteerders te debatteer om sodoende 'n nuwe eko-bewustheid te rekonstrueer met die teks as eregas in die debat.

Die tweede faset van ideologie is die teks. Die teks wil ekologies iets sê. Daar is duidelik nie net teologie in die teks te vinde nie, maar ook ekologie. Hier word die waardes van die skrywer uitgelig, naamlik waardes van natuurbewaring, eko-billike waardes wat eko-sensitiwiteit kan herstel. Dit bring ons midde-in die ideologie van die teks.

Hierdie geïmpliseerde outeur, soos Robbins (1996a:96) hom/haar noem, weerspieël waardes, oortuigings en belangstellings teenoor sy/haar omgewing wat ekologies gerig is. Ek wil my daarop toespits om die eko-billikheid in die Bybel te soek.

Nie al die tekste in die Bybel is eko-billik nie. In hierdie verhandeling sal ek soek na eko-billike tekste en in gesprek tree met die “groen” ideologiese interpreteerders van daardie tekste. Daarna sal ek poog om 'n nuwe eko-bewustheid onder die aandag van my huidige AGS-tradisie te bring. Ek is van mening dat hierdie ideologiese benadering tot produktiewe dialoë tussen interpreteerders, inisieerders, sprekers en vele ander kan lei. Volgens Rhoads en Syreeni (1999:285) het alle lesers, van verskillende kulture, sosiale staanplekke, en perspektiewe 'n plekkie om die tafel. Geen posisie is bevoordeel bo die ander nie, niemand is begrens nie, en al die deelnemers bring op gelyke voet leesstof, insigte, en verduidelikings vanuit hulle eie unieke perspektiewe.

1.3.4 Die staanplek en ervaring van die interpreteerder

Vir 'n behoorlike greep op die tekste wat ek graag wil ondersoek moet ek eerstens erkenning gee aan die wêreld waarbinne ek myself vandag bevind. Hierdie “wêreld” word saamgestel uit aspekte van my persoonlike lewe en uit die historiese, sosiale,

kulturele, ideologiese en religieuse wêrelde binne hierdie wêreld (vgl. Robbins 1996b:24). Na aanleiding van die verskillende kategorieë, soos deur Robbins (1996a:96) aangedui, die volgende:

1.3.4.1 Individuele staanplek

Ek is op 2 Februarie 1973 in die pragtige bergagtige Worcester met sy asemrowende natuurskoon en mineraalbronne gebore as die eerste kind. Kort ná my geboorte het my ouers na Pretoria verhuis. Drie jaar later (1976) verhuis ons na 'n plasië net buite Hekpoort. Hier was oorlewing swaar. Storms, sterk winde en honger kinders het my ouers genoodsaak om 'n jaar later in 1977 'n ander heenkome te soek. So beland ek toe in Nietverdiend in die Groot-Marico distrik in 1978. Dit is hier waar Herman Charles Bosman gedurende die 1930 en 1940 met die withaak, hardekool en luiperd kennis gemaak het. David Livingstone het 'n sendingstasie in hierdie area gehad. Net Noord van Nietverdiend lê die asemrowende Dwarsberg met sy blou kranse en wilde bokke. Hier was goggas, voëls, slange, bokke en ander diere deel van my daaglikse lewe net soos my familie was. Selfs die weer was nie 'n vreemde tema om die etenstafel nie. Ek onthou die lang skaduwees wat die kerslig teen die mure gegooi het, die geroep van die jakkalse, en die nonnetjiesuile se geruislose teenwoordigheid by die geroeste watertenk.


My ouers was vir my 'n groot inspirasie. Sondae, soos die gewoonte was, het ons na die naaste dorpie, Zeerust, gery om die oggendediens by die AGS van SA by te woon. Hier is my wortels in die Pinkstertradisie gesetel. Byna 25 jaar later was ek die pastoor van die einste kerkie op die dorp.

In 1980 stap ek vir die eerste keer deur die hek van die Laerskool in Zeerust en in 1991 slaag ek my matriek. Ná skool gaan werk ek vir 'n kort tydjie langs die pragtige weskus met sy ongelooflike natuurprag, as vragmotorbestuurder. 'n Paar jaar het verby gegaan en diep in my was 'n groot behoefte en 'n wete dat ek tot meer in staat was. 1995, die

jaar van metamorfose, begin werk ek in die skone Waterberg tussen Thabazimbi en Ellisras waar die Mambarivier deur die boomryke hoogland vloei, as die bestuurder van 'n wildplaas. In 1996 kry ek 'n pos as veldgids in die Madikwe Nasionale Park in die einste Nietverdiend Groot-Marico distrik waar ek grootgeword het. Die nabyheid van God in die natuur het 'n begeerte by my gekweek om die Skepper van hierdie biodiversiteit nader te leer ken.

In Januarie 1998 begin ek as eerstejaarstudent by die AGS van SA Teologiese Seminarium in Aucklandpark en in 2001 voltooi ek my BA Honneurs-graad in Teologie aan die Randse Afrikaanse Universiteit. Sensitief oor die “groen eko-bewuste” dimensies van die Bybel, identifiseer ek 'n armoede oor hierdie saak in my teologiese opleiding en nou ook in die AGS-tradisie. My kennis van die skepping en die Skepper was nou op 'n uitdagende vlak. Ek voel ek kan die afstand tussen die Bybel en die buffel oorbrug en hopelik hier 'n bydrae lewer.

1.3.4.2 Kulturele staanplek



Gemeet aan Robbins se spektrum van werklike kulturele kategorieë, het ek grootgeword in 'n huis waar konserwatiewe oortuigings as standvastige beginsels gehuldig is. As Afrikaanssprekende was die veranderinge wat gepaard gegaan het met 'n multikulturele samelewing spanningsvol en het dit vele aanpassings geverg wat moeilik aanvaarbaar was vir konserwatiewe begunstigdes. Ek is van mening dat dit grotendeels die “benadeelde” bevolkingsgroepe is waar bewusmaking en opvoeding met betrekking tot ekologiese aangeleenthede soos bevolkingsaanwas, rommelstrooiing, uitroei van bome en die besoedeling van water dringende aandag moet geniet. *Beeld* (28 Aug. 2002d) berig dat inwoners van Alexandra die afgelope nege maande probeer om die Jukskeirivier skoon te maak nadat plakkers voorheen aan die rivieroewer gewoon het. Aan die anderkant voel ek ook dat meer gegoede mense in stedelike en landelike gebiede die aarde se hulpbronne gulsig opgebruik.

Hierdie naïewe piëtisme en idealisme waarlangs my paadjie kultureel geloop het, moet nou ook voorsiening maak vir kritiese beredenering. Myns insiens het die huidige ekologiese krisis grotendeels te make met die morele verval van die samelewing en lê die grootste oorsaak daarvan in ons kop.

1.3.4.3 Verhouding tot groepe

Ek skaar my by groepe wat eko-geregtigheid nastreef en wat na die morele opbou van die samelewing soek waarlangs genesing van ons planeet kan plaasvind. Hierdie groepe (wat “groen” dink) is byvoorbeeld: Nasionale Natuurbewaring, die Bedreigde Natuurlewe-Fonds, die Aasvoël-studiegroep, die Gifstowwe-werkgroep, en die reeds vermelde grootste internasionale poging van ‘n aantal teoloë onder leiding van Habel (2000), wat met die gemeenskaplike doel, naamlik om die Bybel eko-billik te interpreteer, van stapel gestuur het. Hierdie groepe besef hulle verantwoordelikheid teenoor die planeet en beveg ‘n endoparasitiese lewensfilosofie wat baie algemeen voorkom.



1.3.5 Eko-billikheid – die teorie

Voor ons verder kan gaan met hierdie studie is dit belangrik om kennis te neem van vroeëre benaderings en ontwikkelings wat aanleiding gegee het tot kontemporêre ekologiese teksinterpretasie.

1.3.5.1 Nuwe belangstelling in die skepping

Hierdie belangstelling het gedeeltelik ontstaan as ‘n reaksie op die dominante “Verlossingsgeskiedenis” gepropageer deur vernaam teoloë soos Von Rad en Cullmann (Simkins 1994:1). Hulle het die verlossingsgeskiedenis gesien as die vernaamste tema in die vorming van Ou- en Nuwe-Testamentiese geskrifte. Volgens

Von Rad staan die skepping sekondêr tot verlossing. Hy het geglo dat die skepping nooit 'n relevante onafhanklike leer regverdig nie (Simkins 1994:2). Die effek van hierdie siening was, miskien onbewustelik, om die natuur as God se skepping te devalueer in die guns van die geskiedenis as die arena van God se verlossingswerk (Habel 2000:28). Die gevolg van hierdie ontwikkeling, sê Westermann (in Simkins 1994:2), is katastrofies. Wanneer die teologie ongemerk losgemaak word van God-Skepping is die gevolg dat die teologie geleidelik antropologies word.

Die belangstelling in die natuur het hoofsaaklik onafhanklik van die ekologiese beweging ontstaan maar het die grondslag geword waarop baie eko-teoloë hulle navorsing gefundeer het. In hierdie studie sal ek ook na die aarde as 'n subjek eerder as 'n objek of "agtergrond" in die Skrif luister.

1.3.5.2 Soektog na die oorsprong van die ekologiese krisis

'n Tweede belangrike bydrae tot ons ekologiese benadering is die uitdaging wat aan ons gestel word deur diegene wat die oorsprong van die ekologiese krisis probeer peil. Die Bybel is geen uitsondering wanneer dit by die omgewingskrisis kom nie. Christene het hulle antroposentrisme gegrond in die boek Genesis waar God sê die mens moet oor die skepping heers en dit onderwerp. Hierdie gedeelte is volgens Lynn White geïnterpreteer as 'n bewys dat die skepping uitsluitlik vir die mens se gebruik en heerskappy bestaan en dat geen item in die fisiese skepping enige doel het om te dien behalwe om die mens te dien nie (vgl. Habel 2000:29). White se stelling is 'n uitdaging vir die antroposentristiese oriëntasie van die Westerse Christelike geloof.

'n Ander uitvloeisel van hierdie ekologiese probleem was dat baie van die vernietigende houdings teenoor die aarde gegrond is in 'n stelsel van hiërargiese dualismes, tipies van die Westerse denke. Hierdie dualismes is beskou as deel van die realiteit. Die wêreld is onder meer verdeel tussen man en vrou, gedagtes en materie, rede en emosie, die geestelik en materiële, hemel en aarde, kultuur en natuur. Hierdie

denkwyse veronderstel 'n hiërargie waar die eerste komponent van die dualiteit meerderwaardig is teenoor die tweede (Habel 2000:30). Postkoloniale studies het getoon dat die Bybel gebruik is om hierdie dualismes te regverdig (Habel 2000:20).

Die toenemende bewuswording van koloniale en kontemporêre misdade teenoor die aarde en die aardlinge vereis dat ons eerlik is met ons selektiewe lees van die Bybelse teks en ernstig sal vra of hierdie teks, ten minste op die oppervlakte, deel is van die probleem.

In hierdie studie is ek gewillig om die uitdaging te aanvaar dat die Bybel ook kon bydra tot die kontemporêre krisis. Is die alle Bybelse tekste basies antroposentrië? Veronderstel hulle dalk 'n onderliggende dualisme – implisiet of eksplisiet – wat die aarde devalueer? Of is daar vergete tradisies in die Bybelse teks wat ons verwantskap met die aarde reflekteer?



1.3.5.3 Ekologie

Die derde belangrike bydrae tot die ontwikkeling van die eko-teologie is die groot volumes werk oor die ekologie wat die laaste 20 jaar die mark oorspoel het. Baie van hierdie werke haal tekste uit die Bybel aan en toon 'n vertroue in die Bybelse teks (Habel 2000:31). Die vraag is natuurlik of baie hedendaagse ekologiese waardes ondersteun word deur Bybelse tekste wat aangehaal word.

Hierdie studie is daarop gemik om die ekologiese dimensies van die Bybel te waardeer. Ek ondersteun Moltmann (vgl. Habel 2000:31) se siening dat God nie net die skepper van die heelal is nie, maar dat die teenwoordigheid van God ook deur die Gees in die skepping is. Deur die Gees is God inwonend in die ganse skepping. Die aarde is waardevol, nie net as God se skepping nie maar ook uit hoofde van God se teenwoordigheid in die skepping.

1.3.5.4 Feminisme

Nog 'n faktor wat bygedra het tot die ontwikkeling van die eko-teologie is feminisme. Feminisme het gewys hoe deurdringend en kragtig die Westerse dualistiese sienings regtig was met betrekking tot hulle invloed op die interpretasie van die Skrif. Fundamenteel tot die feministiese lees van die teks is die veronderstelling dat teksinterpretasie hoofsaaklik gedomineer is deur 'n patriargale oriëntasie van die wêreld. Hulle het die weg gebaan na 'n nuwe interpretasie van die teks deur hulle staanplek vóór hulle na die teks kom te beklemtoon. Hierdie fundamentele staanplek lê nie in argumente nie, maar in lewenservarings van vroue. Die realiteit van vroue wat onderdruk is onder die heerskappy van die man en hulle maniere om onder hierdie heerskappy te oorleef deur hulle daarteen te verset dien as 'n bril waarmee feministe na die teks kom.

Feministe identifiseer met die onderdrukte “moeder aarde” en die heerskappy wat oor haar uitgeoefen word. Hulle uitdaging is nie net om ons antroposentriese Westerse posisie te erken nie, maar ook om ons oriëntasie te verander en saam met die onderdrukte aardegemeenskap as intiem aan ons verwant te gaan staan.

In hierdie studie wil ek daarin poog om meer sensitief teenoor die niemenslike lede van die aardegemeenskap en die aarde self te staan in my dialoog met die teks.

1.3.5.5 Hermeneutiek van suspisie en herstel

Gebaseer op bogenoemde het feministe soos Schüssler-Fiorenza 'n hermeneutiek van suspisie en herstel ontwikkel. Gegewe die feit dat die Bybelse teks oor die algemeen deur mans geskryf en tot onlangs deur mans geïnterpreteer is, mag feministiese lesers 'n suspisie hê dat die rol, status en stem van vroue in die gegewe tekste nagelaat of onderdruk is. Of soos Schüssler-Fiorenza dit stel:

[while] a liberation-theological interpretation affirms the liberating dynamics of the biblical text, a feminist critical hermeneutics of suspicion places a warning label on all biblical texts: Caution! Could be dangerous to your health and survival (in Habel 2000:33).

In hierdie hermeneutiek word daar na leidrade in die teks gesoek wat verwys na tradisies waar die onderdrukte stemme van vroue wat 'n patriargale gemeenskap teëstaan, opgespoor en herstel kan word (Habel 2000:33).

Die toepassing van hierdie hermeneutiek is 'n hulpvaardige instrument waardeur nuwe vrae aan die teks gevra kan word. Met betrekking tot eko-teologie (Habel 2000:39) beteken die suspisie-aspek van hierdie hermeneutiek dat ons met goeie rede kan vermoed dat 'n Bybelteks, wat deur mense geskryf is, die primêre belang van mense reflekteer – hulle welstand, hulle menslike verhouding tot God en hulle persoonlike verlossing. Kortliks kan ons vermoed dat Bybelse tekste antroposentrië is. Aangesien hierdie tekste hoofsaaklik deur mans geskryf is kan ons vermoed dat hulle ook androsentrië en patriargaal is.

Selfs waar skrywers daarop aandring dat die teks teosentrië eerder as antroposentrië in karakter is, is die skrywer eventueel meer geïnteresseerd in God se verhouding tot die mens – of 'n groep in die mensdom as tot die aarde en die aardegemeenskap as 'n geheel. Die Bybel word dus tradisioneel gesien as die boek van God vir die mens.

Die tweede aspek van hierdie hermeneutiek is om eienskappe in die teks op te spoor wat 'n herwinning (*retrieval*) van tradisies omtrent die aarde of die aardegemeenskap wat ongemerk, onderdruk of versteek is te kan fasiliteer.

Die alternatiewe leesmetodes wat deur Pardes en Bal (in Habel 2000:33) voorgestel word kan ook 'n groot bydrae lewer in 'n eko-sensitiewe lees van die skrif.

- *Kontratradisies* verwys na die lees teen die grein van die dominante retoriek van die hoofteks. Die doelwit is om die oorblywende antitetiese onderstrominge, wat die monoteïstiese onderdrukking van feminisme bevraagteken, te rekonstrueer.
- *Kontrasamehangend* is 'n term wat Bal gebruik om alternatiewe leesmetodes van tekste te beskryf wat beide sin maak – samehangend is – en die dominante en/of die tradisie van die interpretasie uitdaag wat met die lees geassosieer word (The Earth Bible Team 2000:40).

Beide hierdie metodes lewer 'n bydrae tot die suspisieuse lees van die teks.

Daar is 'n sterk moontlikheid dat die Bybelse teks meer simpatiek teenoor die verknorsing en potensiaal van die aarde staan as wat vroeëre interpretasies te kenne wou gee.

Waar feministe staanplek inneem vir die onderdrukte vroue soos hulle lees, neem ek graag staanplek in vir die onderdrukte aarde in my dialoog met die teks. Ek is begaan oor eko-geregtigheid: geregtigheid vir die aarde.

1.4 EKO-BILLIKHEID EN DIE AGS VAN SA: PROBLEEMSTELLING, HIPOTESE EN DOEL

Hoe eko-sensitief is die AGS van SA? Hierdie studie wil vasstel of daar wel 'n eko-bewustheid in die AGS-tradisie is en tot watter mate daaraan uiting gegee word in sy omgewing.

Die slagspreuk van die kerk is: “Waar daar mense is sal jy die AGS van SA vind.” Ongelukkig is dit ook so dat waar daar mense is jy ongeregtigheid teenoor die skepping vind. In 'n nuusbrieff (Des. 2002) maak die Nasionale leierskap van die AGS van SA sy

meesterplan vir die kerk bekend. Deel van dié droom is om lidmate toe te rus vir die versorging en transformering van gemeenskappe tot die eer van God (Burger et al 2002:1). Per implikasie is deel van die versorging van 'n gemeenskap ook om hom toe te rus met kundigheid oor sy omgewing, hoewel dit nie noodwendig so eksplisiet deur die kerk uitgespel word nie. Die uitbuiting van die natuur is nie tot eer van God nie en het al tot 'n menigte siektes, hongersnood en bloedbadens gelei. Is die AGS van SA eko-sensitief genoeg om 'n verskil te maak?

Die hipoteses wat hierdie studie beoog om te ondersoek is:

1. dat indien daar van die oortuiging uitgegaan word dat die Bybel slegs verlossingsteologie verkondig, dit tot 'n verarmde, eensydige teologie en etos lei;
2. dat die verontagsaming van eko-billikheid in die Bybel verreikende gevolge in terme van armoede en volhoubare ontwikkeling sal hê;
3. dat 'n bybelsgefundeerde eko-billike studie 'n nuwe bewustheid by die AGS van SA kan tuisbring, wat 'n verskil in ons land, kerk en lewe kan maak, wat die AGS van SA se invloed sal verbreed en haar 'n plek sal gee aan die tafel van volhoubare ontwikkeling.

Om 'n bydrae te lewer, wil hierdie studie uiteindelik ook by die praktyk uitkom. Daar sal vasgestel moet word wat die AGS van SA se konstitusie oor ekologie of ons verantwoordelikheid teenoor die omgewing te sê het (indien enige). Ek sal graag voorstelle vir nuwe beleid wil formuleer en moontlikhede soek om dit in te skerp en deel te maak van die ideologie van opkomende en bestaande leraars in die AGS van SA. Die "wet" van God in die hart van die mens (Rom. 2:15), naamlik God se wet oor ons verantwoordelikheid teenoor die natuur, moet ook ingeskakel word by die morele onderbou van die teologie, want as 'n mens in iets glo, soos om die natuur te bewaar, sal dit jou ook aanspoor tot optrede. Die rol wat die AGS van SA speel of behoort te speel in die ekologiese krisis sal ook onderskei moet word.

1.5 VERDERE VERLOOP VAN DIE STUDIE

Nadat daar in hoofstuk 1 'n inleidende en 'n gemotiveerde rede gegee is vir die aktualiteit en omvang van die ekologiese probleem is die hipoteses wat hierdie studie hoop om te ondersteun geformuleer.

Hoofstuk 2 sal uit drie hoofdele bestaan. Die eerste deel sal handel oor Israel se natuurbewustheid en die sensitiwiteit wat teenoor hierdie omgewing geopenbaar word. Die tweede deel sal handel oor Israel se natuur- en wêreldbeskouing om vas te stel of Israel wel natuur-, oftewel eko-bewus was en tot watter mate hulle daaraan uiting gegee het. Ek sal ook probeer vasstel wat hulle impak op hulle omgewing was en tot watter mate die natuur 'n invloed op die mense, hulle besluite, morele waardes en godsdienstige oortuigings gehad het. In die derde deel van die hoofstuk sal ek die Bybel eko-teologies van nader beskou om te sien wat die Bybel in hierdie verband sê. Hier sal ek fokus op die eko-billikheid van verwaarloosde Ou- Testamentiese en Nuwe- Testamentiese dele van die Bybel en hoe dit tot ons spreek. Ek sal krities na sommige tekste kyk. Ek sal ook deurgaans 'n natuurwetenskaplike weergawe van my bevindings gee om daardeur die simbiotiese verhouding tussen die mens en die natuur te beklemtoon. Hier sal ek wys dat daar nie vyandskap tussen die Bybel en die natuurwetenskap behoort te wees nie. Die teoloog en die ekoloog is vennote. Dit is sinvol om hierdie twee wêreldes bymekaar te hou.

In hoofstuk 3 sal ek die insigte wat hoofstuk 2 oplewer gebruik om die AGS-tradisie ekobillik te weeg en uit te daag. Die konstitusie van die kerk, oorsake vir ekonsensitiwiteit en moontlikhede vir 'n nuwe eko-billikheid sal belig word.

Hoofstuk 4 sal handel oor nuwe eko-sensitiewe moontlikhede in die AGS van SA. Hier sal ek die ekologiese implikasies van my bevindings kerklik-prakties toespits. Ek sal veral kyk na nuwe kreatiewe moontlikhede vir die gebruik van hierdie insigte in

teologiese opleiding, berading, kerkkampe, en son-dagskool. Ek sal ook opnuut kyk na die rol wat die AGS van SA kan en behoort te speel in omgewingsetiek.




2 HOOFSTUK 2 - BYBEL EN NATUUR

2.1 ISRAEL SE NATUURBEWUSTHEID

2.1.1 Israel erken die onderlinge verbondenheid

Volgens Israel se wêreldbeskouing het beide die mens en die natuurlike wêreld dieselfde status as dele van die skepping van God. Beide die mens en die natuurlike wêreld is afhanklik van God vir hulle bestaan, en as uitvloeisel van God se skeppingsaktiwiteite is albei intrinsiek waardevol. Net soos al God se ander skepsele is die mens eindelik gebonde aan die natuur; en word hy aangetas deur die bedorwenheid van die skepping, en sterf hy net soos enige ander wese in die natuur. Schochet (1984:51) skryf:



It is only natural that man should feel a certain affinity for the members of the animal kingdom and incorporate them into his own human community. After all, animals are part of the topocosm...that is, of the aggregate of all living beings and inanimate objects which together form the corporate entity and atmosphere of a place. Hence...they participate in its fate and future.

Vanuit Israel se natuurbewustheid word die eenheid tussen mens en natuur beklemtoon, wat die mens dan noodsaak om sy natuurlike omgewing te versorg en te beskerm. Al beweer sommige omgewingsbewustes dat die aarde nie die mens nodig het nie (Simkins 1994:263), benadruk die Bybelse wêreldbeskouing dat die mens net so waardevol vir die omgewing is soos enige van die menige bedreigde spesies wat uitwissing in die gesig staar. Volgens Israel se wêreldbeskouing is die mens deel van die natuurlike wêreld, en sal die uitwissing van die mens ook 'n verlies vir die prag van die natuurlike wêreld wees.

Al is daar vele voorbeelde van vyandskap teenoor die natuurlike wêreld in die Bybel, is daar ook 'n dieper dimensie van verwantskap tussen mens en dier. Beide is bestem om te sterf, want beide deel die algemene lot van mortaliteit.

Een en dieselfde lot tref mens en dier, hulle gaan almal dood, die een soos die ander. Almal het net een asem. Die mense is nie beter daaraan toe as die dier nie. Alles kom tot niks. Almal is op pad na dieselfde plek toe, almal is van stof en almal word weer stof. Wie weet of die asem van die mens opstyg boontoe en of die asem van die dier afgaan onder toe? (Pred. 3:19-21; Schochet 1984:52).

Israel het hulle verwantskap en eenheid met die natuurlike wêreld besef. Bybelterminologie reflekteer hierdie eenheid. Die woord *ruach* (lewensasem) verwys na beide mens en dier (Gen. 6:17; 7:15), so verwys “alle vlees” na alle lewende wesens, mens en dier ingesluit. Verder roem die Bybel ook in God se voorsiening vir beide mens en dier:

- Hy gee aan die diere hulle weiding en versorg die jong kraaie wat om kos skreeu (Ps. 147:9).
- U maak u hand oop en skenk u guns in oorvloed aan al wat leef (Ps. 145:16).
- U geregtigheid tot op die hoogste berge, die reg wat U spreek, tot in die dieptes van die see. U sorg vir mens en dier, o Here (Ps. 36:7).
- U laat gras uitspruit vir die diere, en groen plante vir die mens sodat hy sy kos uit die aarde kan kry (Ps. 104:14).
- In wie se hand die siel is van alles wat leef, en die gees van alle menslike vlees (Job 12:10).

Ander voorbeelde waar die organiese eenheid duidelik uitgebeeld word, is byvoorbeeld Jona 3:8 waar die koning opdrag gee dat beide mens en dier met rouklere bedek moet word. In God se verbond met Noag sien ons dat dit die diere insluit: “Verder het God vir Noag en sy seuns gesê: ‘Kyk, Ek sluit ’n verbond met julle....en met al die lewende

wesens by julle: die voëls, die mak diere en die wilde diere by julle, naamlik met al die wilde diere wat uit die ark uitgekome het (Gen. 9:9-10).

2.1.2 Die verbond eis verantwoordelikheid

Schochet (1984:54) wys daarop dat die verbond verantwoordelikheid insluit. Hier beklemtoon hy dat beloning en straf 'n algemene leerstelling van die Bybel is en dat beide mens en dier hieraan onderworpe is. Voorbeelde hiervan is Adam en Eva wat vir hulle ongehoorsaamheid gestraf word, en saam met hulle word die slang ook gestraf om op sy buik te seil en stof te eet (Gen. 3:14). By die berg Sinai word beide mens en dier met die dood gedreig indien hulle aan die berg sou raak (Ex. 19:12-13). "Wanneer 'n bees 'n man of 'n vrou doodmaak, moet die bees met klippe doodgegooi word" (Ex. 21:28-29). Die opdrag reflekteer die waarskuwing in Genesis 9:5: "Wanneer julle eie bloed vergiet word, sal Ek daarvoor rekenskap eis, want dit is julle lewe: van 'n dier sal Ek rekenskap eis oor die lewe van 'n mens, en van 'n mens sal Ek rekenskap eis oor die lewe van sy medemens." Van beide word rekenskap vereis. In die geval van seksuele kontak tussen mens en dier sal beide gedood word (Lev. 18:23, 29; 20:15). Die rol wat die verbond speel in die vorming van Israel se waarde-oriëntasie en wêreldbeskouing sal later meer breedvoerig bespreek word.

2.1.3 Die natuur as boodskapper van God

Schochet (1984:55) gee voorbeelde van diere wat dieselfde voorregte en verantwoordelikhede as die mens het, deur as boodskappers van God op te tree. In 1 Konings 17:2 gee God opdrag aan die kraaie om vir Elia brood te bring, en leeu's word uitgestuur om rebelse mense te dood (1 Kon. 13:24-28; 2 Kon. 17:24). In Esegïël se visioen word daar aan die diere van die veld opdrag gegee om die vlees van die tiranne op te vreet, om sodoende die spore van onheil van die aarde af te help verwyder (Eseg. 32:4; 33:27). In sommige gevalle word die deugde van diere bo dié van die mens gestel. Jesaja kontrasteer byvoorbeeld Israel se mislukking om God te erken met

die instink van 'n os en 'n esel wat hulle eienaars herken (Jes. 1:3). Jeremia verwys jammerlik na die feit dat selfs voëls die instink het om huiswaarts te vlieg, maar Israel kom hierdie elementêre eienskap kort, en is daarom nie in staat om die weg van God behoorlik na te volg nie: “Selfs 'n groot sprinkaanvoël aan die hemel ken sy bepaalde tyd, en 'n tortelduif en 'n swaweltjie en 'n kraanvoël neem die tyd van hulle koms in ag; maar my volk ken die reg van die Here nie” (Jer. 8:7).

2.1.4 Aardrykskunde in oud Israel

Die wyse Salomo word opgehemel vir sy vaardigheid om te praat oor bome, vee, voëls, kruipende diere, en visse (1 Kon. 4:33). Tog is daar 'n besondere wysheid en sensitiwiteit nodig om die geheimenisse van God se ander skeppings te peil – skepsele wie se gewoontes net so onpeilbaar is soos die misterie van die menslike hart en verstand (Schochet 1984:56).

Drie is dit wat vir my te wonderbaar is, ja, vier wat ek nie begryp nie: die weg van die arend in die lug, die weg van 'n slang oor 'n rots, die weg van 'n skip in die hart van die see, en die weg van 'n man by 'n maagd (Spr. 30:18-19).

Maar vra tog vir die diere, dat hulle jou leer; en die voëls van die hemel, dat hulle jou te kenne gee; of spreek die aarde aan, dat dit jou leer, en laat die visse van die see jou vertel (Job 12:7-8).

Schochet (1984:56) skryf: “Scripture admits that fauna can, at times, possess a sensitivity superior to that of their human counterparts. After all, animals can perceive spirits with an ability lacking in humans.” 'n Voorbeeld hiervan is Bileam en sy donkie (Num. 22:22-35). Die donkie het die teenwoordigheid van God se Engel ervaar lank voor Bileam Hom ervaar het.

In hierdie paar voorbeelde kan die verwantskap tussen mens en die natuurlike wêreld duidelik gesien word. Dell bevestig: “The Israelite worldview is a united one in that there is no separate ‘nature’ apart from God. There is an essential difference between the ‘creator’ and the ‘creation’ and yet creation is regarded as a process, always dependent upon its creator who gives and sustains life” (2001:117).

2.1.5 Beperkings in oud Israel

Schochet is veral gefokus op die houding wat Israel teenoor die diereryk geopenbaar het. Volgens hom is daar vele bewyse in die Bybel van ‘n meester-slaaf-verhouding of dat dit selfs soos dié van ‘n ambagsman teenoor sy gereedskap was, eerder as dié van een lewende wese teenoor ‘n ander wat deur die hand van God geformeer is (Schochet 1984:4). Elke lewende skepsel van die diereryk is geregtig op sekere natuurlike regte, en daarom word die mens verbied om die ekologiese balans te versteur. Schochet is van mening dat Israel beperk was met dit wat hy kon offer en gebruik. “Since man did not ‘make’ nature, he has no right to ‘break’ nature, or violate its integrity” (1984:4). Wilde diere, aan die anderkant, staan buite die mens se sorg, en is soms die agent waardeur God ongehoorsame mense straf (Schochet 1984:5; vgl. ook Simkins 1994:159-160). Vir die rabbynse en postrabbynse Jodedom het dit volgens Schochet net gegaan oor die welstand van hulle siel en intellek. Hy merk op dat hierdie Middeleeuse filosowe geen plek vir die diereryk gehad het nie (Schochet 1984:5). Selfs hier in die tradisionele Joodse oortuigings blyk dit of die mens as ‘n sentrale figuur beskou is.

2.1.6 Swak landbou begrawe die beloofde land

Teen die tyd van die Nuwe Testament het die Heilige Land van die Bybel geleidelik begin vergaan deur swak boerdery en die inhaligheid van menslike tiranne. Hierdie tyd het die begin van die einde vir landbou in die beloofde land beteken. Vandag lê baie

van die stede van die Ou Testament begrawe onder woestynsand. Waar Babilon eens twee ooste graan 'n jaar geoes het, is nou woestyn (Clarke 1991:11).

Ten spyte van die demitologisering van die natuurlike wêreld in die Bybel (Schochet 1984:46), sodat dit slegs as 'n agtergrond sou dien waarop die Bybeldrama afspeel, kan ons ook argumenteer dat die Bybel nie net 'n gevoel van diepe verwantskap met die natuurlike wêreld vertoon nie, maar daarby ook 'n verwantskap en medelye met die natuurlike wêreld voorstaan. Miskien wil die proses van demitologisering die ooreenkomste wat tussen mens en die natuurlike wêreld bestaan beklemtoon.

2.1.7 Medelye en sorg

Ons vind 'n baie mooi uitdrukking van empatie in Numeri 22:28-35. Die Here gee aan die donkie die vermoë om te praat, en die donkie vra vir Bileam waarom hy hom al drie keer geslaan het: "Is ek nie die donkie waarop jy nog altyd gery het nie? Maak ek altyd so met jou?" Vir hierdie genadeloosheid teenoor die donkie word Bileam bestraf deur die Engel van die Here (Num. 22:32-33). Dus, 'n regverdige sorg goed vir sy diere, maar die goddeloses is wreed (Spr. 12:10).

If I know a man is cruel to his beast, I ask no more questions about him. He may be a noble man, or a rich man, or a polite man, or a sensible man, or a learned man, or an orthodox man, or a church man, or anything else, it matters not; this I know, on the sacred word of a wise king, that being cruel to his beast, he is a wicked man (Schochet 1984:59).

God self sê in die laaste vers van die boek Jona: "...Maar Ek mag nie besorg wees oor die groot stad Nineve nie, 'n stad waarin daar meer as honderd en twintig duisend mense is wat nie weet wat reg of verkeerd is nie, en ook nog baie diere?" (Jona 4:11).

Volgens Schochet (1984:60) word geen ander dier in die Bybel met meer deernis en empatie uitgebeeld as die skaap en haar lammers nie. Verder skryf Schochet dat die

primêre beroep van die Israëliete skaapboerdery was. So beklemtoon die Bybel ook dat baie van Israel se helde en leiers herders van skape was (vgl. Ps. 78:70).

Die verhouding tussen 'n herder en sy skape, en die besondere band tussen hulle, word pragtig in die Bybel uitgebeeld. Schochet (1984:60) wys dat die verantwoordelikheid van die herder duidelik in die Bybel uiteengesit word: hy lei hulle na groen weivelde, na waters waar daar vrede is (Ps. 23:2), hy beskerm die skape teen wilde diere (Joh. 10:11), en teen rowers (Jon. 10:8), hy sorg vir die siekes (Eseg. 34:16) en soek dié wat verlore geraak het (Eseg. 34:16; Mat. 18:12), hy dra selfs lammetjies teen sy bors en in sy arms (Jes. 40:11), en hy lei versigtig die ooie wat soog (Gen. 33:13-14). In 2 Samuel 12:3 gebruik die profeet Natan die beeld van die ryk en arm herders om vir Dawid op sy oortreding te wys, maar in sy vergelyking beeld hy die verhouding tussen 'n herder en sy lammetjie op 'n treffende wyse uit. Die beeld is dus duidelik bekend aan die profeet: “Behalwe een ou ooilammetjie het die arm man niks besit nie. Hy het haar aan die lewe gehou, en sy het saam met sy kinders grootgeword. Sy het van sy krummeltjies geëet, uit sy beker gedrink en op sy skoot geslaap. Ja, sy was vir hom soos 'n eie dogter”. So was daar 'n liefdesband tussen die herder en sy skape, tussen mens en dier in die Bybel (Schochet 1984:60).

2.1.8 Die verantwoordelikheid teenoor huishoudelike diere

Hierdie voorbeelde toon dat dit 'n Bybelse opdrag is om empatie te hê met die diere. Dit is dus duidelik dat die mense van die Bybel in 'n noue verwantskap met die natuurlike wêreld gelewe het. Die Bybel maak ook melding van diere wat gebruik is as gereedskap. Volgens Schochet (1984:63) het die wet bepaal dat net huishoudelike diere vir hierdie werk gebruik mag word. Die mens se verantwoordelikheid was beperk tot die huishoudelike spesies (Schochet 1994:63): nêrens in die Bybel word die mens beveel om die wilde voëls te voed en die diere van die veld se behoeftes te vervul nie. Dit is altemit God wat dit laat reën in 'n land waar daar nie mense woon nie (Job 38:26). Dit gee ons nie die reg om onverantwoordelik teenoor die skepping op te tree

nie, want die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daarop woon, alles behoort aan die Here (Ps. 24:1; 50:12). “Man must therefore not interfere with the creation of God’s world. He must not cause any alteration or confusion in God’s natural order; on the contrary, he is bidden to preserve the authenticity and purity of all species of life” (Schochet 1984:65). Alles behoort aan God, Hy alleen is die eienaar:

...want al die diere in die bos is Myne, die wild op duisende berge. Ek ken al die voëls van die berge; al wat roer op die veld, is Myne. Ek sou jou nie vra as Ek honger sou kry nie, want die aarde en alles wat daarop is, behoort aan My (Ps. 50:10-12).

God voorsien aan die mens, sodat hy mag eet van die plante (Gen. 1:29), en selfs van die diere (Gen. 9:3), maar hy mag nie die skepping “van God” misbruik nie. “Geen grond mag permanent verkoop word nie, want die land behoort aan My. Julle is slegs vreemdelinge en bywoners by My” (Lev. 25:25). Die mens is dus net ‘n bywoner op die aarde, nie ‘n eienaar nie, en die mens as ‘n bywoner het beperkte regte tot God se eiendom (Schochet 1984:67). Nie-inmenging met God se orde, sê Schochet (1984:68), is ‘n belangrike tema in die Bybel wanneer daar gepraat word van “heiligheid”. As die mens ‘n heilige lewe handhaaf, is daar beloning vir beide mens en dier, maar ‘n onheilige lewe veroorsaak verwarring en onvrugbaarheid; dit lei na armoede en hongersnood.

Iemand wat doelbewus leed aan diere doen is geneig om onsensitief teenoor die gevoelens van sy medemens op te tree (Schochet 1984:76). Zulma Steele skryf: “The child that serves its apprenticeship to humanity by tearing off the wings of a fly, or robbing a bird of its eggs, when arrived at maturity insults the poor, beats his inferiors and shows the same cruelty intensified by age which characterized his earlier training” (in Schochet 1984:76). William E.H. Lecky bevestig Zulma se stelling: “...it is a very unquestionable and a very important truth that cruelty to animals naturally indicates and promotes a habit of mind which leads to cruelty to men, and that, on the other hand, an

affectionate and merciful disposition to animals commonly implies a gentle and amiable nature” (in Schochet 1984:76).

2.1.9 Konklusie

Op grond van die bogenoemde is dit dus veilig om te sê dat die natuur net so 'n belangrike rol in Israel se wêreldbeskouing gespeel het as hulle wandel en handel met God. Om dus die Bybel te interpreteer vanuit slegs 'n geskiedenis-oogpunt waar die natuur as die verhoog gediën het, is eensydig en lei tot 'n antroposentriese interpretasie van die Bybel. Die mens en die natuurlike wêreld deel dieselfde status voor God. Soos hierbo getoon, het Israel hulle verwantskap en eenheid met die natuurlike wêreld besef. Verwantskap tussen die mens en die natuurlike wêreld is dus onvermydelik in kontemporêre Bybelinterpretasie. Al is daar bewyse in die Bybel dat die verhouding soos dié van 'n meester teenoor 'n slaaf was, of selfs soos dié van 'n ambagsman teenoor sy gereedskap, is alles nietemin deur die hand van God geformeer. Israel was beperk ten opsigte van dit wat hy kon offer en gebruik. Hedendaagse Bybelinterpretasie demitologiseer die natuurlike wêreld sodat die natuur verkeerdelik slegs dien as 'n agtergrond waarteen die Bybeldrama afspeel. Vanuit die bogenoemde is dit duidelik dat die Bybel nie net 'n gevoel van diep verwantskap toon nie, maar dat dit ook 'n verwantskap en medelye met die natuurlike wêreld wil bevorder.

Die mense van die Bybel het duidelik in 'n noue verwantskap met die natuurlike wêreld gelewe. Die mens is net 'n bywoner op die aarde, nie 'n eienaar nie, en die mens as 'n bywoner het beperkte regte tot God se eiendom. 'n Rekonstruksie van Israel se natuur- en wêreldbeskouing bevestig hierdie sterk verwantskap tussen die mense van die Bybel en hulle natuurlike omgewing.

2.2 ISRAEL SE NATUUR- EN WÊRELDBESKOUIING

Die Bybel spreek duidelik oor die natuurlike wêreld. Dit begin met twee skeppingsverhale waarin die skepping van die natuurlike wêreld net soveel aandag geniet soos die skepping van die mens. Deurgaans sien ons ook dat God se openbaring in die Bybel verskeie kere met natuurlike verskynsels gepaard gaan. Volgens Schochet (1984:9) handel die Bybel nie objektief met óf die mensdom óf die natuurlike wêreld nie. Hy is van mening dat die Israelitiese volk die sentrale rol in die Bybel vervul. Met inagneming van sy standpunt dat die Bybel geen omvattende portret van die fauna verskaf nie, bly dit nietemin 'n feit dat die natuurlike wêreld 'n lewensnoodsaaklike rol gespeel het in die vorming van Israel se wêreldbeskouing.

Deur die wêreldbeskouing van die Bybelskrywers te analiseer, sê Simkins (1994:4), behoort ons te kan vasstel wat die waardes of houding was wat Israel teenoor sy natuurlike omgewing gehad het. Alhoewel Schochet erkenning gee aan hierdie natuurlike wêreld, beperk hy die rol wat dit vervul het:

It would appear that on the majority of occasions it is purely by chance that they are even mentioned at all! The animal generally serves merely as a backdrop or natural background behind the stage upon which man, the principal player, performs his role (Schochet 1984:9).

Voor ons dus kan kyk na die waardes wat Israel teenoor sy omgewing uitgedruk het en die wêreldbeskouing waarin dit gegrond is, moet die term “natuur” vanuit die konteks van die Hebreeuse taal ondersoek word. Volgens Simkins (1994:11) het die Hebreeuse taal nie 'n term vir die abstrakte kategorie “natuur” nie. Die afwesigheid van hierdie term in die antieke geskrifte het daartoe gelei dat sommige interpreteerders die standpunt huldig dat Israel geen konsep van die natuur gehad het wat met vandag se idee daarvan korrespondeer nie (Simkins 1994:11). Alhoewel Israel nie die woord “natuur” gebruik het nie, het hulle ander konsepte soos “hemel en aarde” (Gen. 1:1) of “...die aarde en alles wat daarin is” gebruik om na die fisiese wêreld te verwys. Von

Rad (in Simkins 1994:11) waarsku dat ons nie onkrities ons eie hedendaagse idees op Israel moet afdruk nie. Simkins (1994:12) stem saam dat ons nie ons eie abstrakte konsepte kan gebruik om Israel se konkrete waardes te interpreteer nie, maar hy stem nie saam dat Israel moontlik 'n ander konsep van die natuur gehad het as wat ons vandag het nie. Volgens hom ken ons vandag nog die natuur as die geskapene of skepping of dan die plant-en-dierewêreld soos Israel daarvan gepraat het.

Die feit dat Israel konkrete uitdrukkings eerder as abstrakte terme gebruik het om uitdrukking aan die natuurlike wêreld te gee, beteken nie dat ons konsep daarvan vandag met hulle s'n verskil nie. Nietemin sal dit betekenisvol wees om te ondersoek hoe die Israeliete hulle natuurlike wêreld ondervind het, en hoe hulle hulle ondervindinge verduidelik of verstaan het.

Alhoewel Israel se ondervinding van die natuur bepaal was deur hulle eie unieke omgewing het hulle die rampspoed van Palestina se ongelyke terrein, die onvrugbaarheid van Judea se woestyn, die uitgestrektheid van die Middellandse See, en die vrugbaarheid van die lae dele en valleie geken. Hulle het in 'n klimaat gelewe wat gewissel het tussen 'n warm, droë somer en 'n koel, nat winter. Hulle het aardbewings, donderstorms, en droë winde deurstaan. Hulle was omring met 'n wye verskeidenheid plante en diere wat tuis was in die oostelike Mediterreense omgewing. As Israel 'n ander konsep van die natuur gehad het as wat ons vandag het, was dit ongetwyfeld eerder in die manier waarop hulle hulle ervaring van die natuurlike wêreld verstaan het as in die ervaring daarvan self (vgl. Simkins 1994:13).

Omdat die Bybelskrywers nie uitdruklik melding maak van hulle wêreldbeskouing of hulle waardes teenoor die natuur nie (Schochet 1984:9), is dit nodig om 'n model van hulle wêreldbeskouing te rekonstrueer wat rekening kan hou met die Bybelse teks asof dit op hierdie wêreldbeskouing berus. Volgens Simkins (1994:13-14) is mites en metafore oor die skepping van groot waarde omdat dit die fundamentele veronderstellings van 'n kultuur enkodeer. Hierdie mites en metafore fokus op die verhouding tussen God, mens, en die natuurlike wêreld wat noodsaaklik is vir 'n

wêreldbeskouing en dit illustreer die basis van hulle waardes teenoor die natuur (Simkins 1994:14).

2.2.1 Metafore, mites en scenario's

Nêrens in die Bybel word die wêreldbeskouing van Israel of hulle waardes teenoor die natuur duidelik uitgespel nie. Hall (1976) noem Israel 'n hoëkonteksgemeenskap, bedoelende 'n gemeenskap waar die identiteit van individue in terme van die kultuur beskryf word. Omdat hierdie gemeenskap op kultuur gebaseer word, word daar van elke individu verwag om 'n deeglike begrip van die kultuur te hê om sodoende effektief binne daardie gemeenskap te funksioneer. Laekonteksgemeenskappe (soos bv. Amerika) in teenstelling, vereis minder kennis oor kultuur vir sy individue om te oorleef, en hier speel kultuur ook nie so 'n belangrike rol in die vorming van individue se identiteit nie. Die afleiding kan gemaak word dat 'n laekonteksgemeenskap nie gebaseer word op mense, dit wil sê, kultuur nie, maar op wette. 'n Lid van enige gemeenskap kan maklik aanpas by 'n laekonteksgemeenskap deur net die wette te onderhou, maar dit is moeiliker vir 'n individu van 'n laekonteksgemeenskap om by 'n hoëkonteksgemeenskap aan te pas omdat dit 'n kultuuraanpassing sal vereis (Hall 1976:91-101).

Volgens Simkins (1994:41) verskaf die onderskeid tussen hoë- en laekonteksgemeenskappe waardevolle inligting aangaande die tipe tekste wat elke gemeenskap sal produseer. Aan die eenkant, sê hy, verskaf laekonteksgemeenskappe baie gedetailleerde tekste omdat byna geen kultuur onder sy individue gedeel word nie. Tekste is baie gedetailleerd omdat dit fyn besonderhede van 'n betrokke kultuur bevat om sodoende die teks betekenisvol te maak. Verder sê hy dat tekste wat deur hoëkonteksgemeenskappe geproduseer word nie hierdie fyn besonderhede bevat nie omdat hulle deur inwoners vir inwoners geskryf word en baie aspekte van die kultuur veronderstel kan word. 'n Hoëkonteksgehoor hoef dus nie deur middel van sy kultuur bevele te ontvang nie omdat hulle bekend is met hulle kultuur. Sulke bevele kan as 'n

belediging beskou word omdat dit die gehoor se identifikasie met sy eie kultuur uitdaag – so asof hulle buitelanders is (Simkins 1994:42).

Volgens Simkins is die Bybel geskryf deur 'n hoëkonteksgemeenskap vir 'n hoëkonteksgemeenskap (1994:42). Die Bybel stel dus 'n ryk kulturele wêreld voor wat die Bybelskrywers nie altyd gevoel het nodig was om te verduidelik nie. Om hierdie rede, volgens Simkins (1994:42), is dit nie verrassend dat die Bybel geen duidelike uiteensetting van Israel se wêreldbeskouing en hulle waardes tot die natuur uitspel nie (vgl. ook Schochet 1984:9). Hulle wêreldbeskouing en waardes was eenvoudig veronderstel deur al die individue van die gemeenskap. Schochet erken hierdie ryk kulturele wêreld met sy gebruik van metafore, beeldspraak en figure, maar hy stop daar:

...Israel represented God by words, by figures of speech rather than figures of wood, stone, or brass. Consequently the animal became a descriptive entity rather than a visual one, and, needless to say, a powerless entity. The most prominent role played by the world of fauna in Scripture, indeed the only prominent role given to the animal, is a descriptive one. The animal is a valuable and vivid figure of speech, employed literally and symbolically by lawgiver, poet, prophet, and visionary in describing God, man, and the world (Schochet 1984:34).

Om erkenning te gee aan hierdie metafore is een ding, maar om die wêreldbeskouing te rekonstrueer waaruit hierdie beelde voortvloei is van kardinale belang in die rekonstruering van antieke Israel se waardes teenoor die natuur. Daarom kan ons nie verwag om 'n wêreldbeskouing te rekonstrueer deur oppervlakkig na die teks te kyk nie. As ons Israel se wêreldbeskouing en waardes vanuit die Bybel wil rekonstrueer, moet ons bekend raak met Israel se kultuur wat deur die teks veronderstel word. Met ander woorde ons moet die Bybel vanuit die hoëkonteksperspektief lees waarin dit geskryf is. Gelukkig bevat die Bybel wenke in die vorm van metafore en mites wat kan help om die relevante aspekte van Israel se kultuur te openbaar.

2.2.1.1 Metafore

While it is true that animals play a relatively minor role as living characters in the biblical drama, their role is a major one in biblical literary imagery (Schochet 1984:35).

Om bloot te kyk na die enorme rol wat die natuurlike wêreld gespeel het in die vorming van metafore is ietwat eensydig. Maar om van die metafoor af terug te werk na die konteks van die Bybelskrywer toe, verhelder die belangrike rol wat die natuurlike wêreld as *lewende karakters* gespeel het in die lewe van die alledaagse Israeliet. Schochet (1984:36) skryf: "The animal is an appropriate symbol or metaphor because its traits are well known to man from his practical observations of his natural surroundings". Reeds omdat die karaktereienskappe van die dierelewe wel bekend was onder die Israelse bevolking kon God dit gebruik as 'n medium vir kommunikasie. Schochet (1984:36) maak melding daarvan: "God is not being compared to the animals themselves. It is rather the deeds of God that are compared to the deeds of specific animals in particular circumstances". Die gebruik van metafore was dus 'n effektiewe manier van kommunikasie tussen twee verwysingsraamwerke. Daarom kan 'n metafoor gedefinieer word as 'n naasmekaarstelling van twee verwysingsraamwerke – naamlik 'n bron- en 'n teikendomein – sodat 'n onbeperkte vergelyking geproduseer kan word (Simkins 1994:42). Die brondomein is bekend en gewoonlik konkreet, en as kommunikasie suksesvol is sal beide die sender en die ontvanger daartoe in staat wees om hierdie domein te konseptualiseer. Schochet (1984:45) stem ooreen met Simkins as hy skryf: "The effectiveness of Scripture's use of the animal as a literary device is dependent upon the animal's being recognizable to the audience as an animal. The demythologized animal was totally recognizable to all". Aan die ander kant is die teikendomein óf 'n abstrakte konsep vanuit die gedagtes of sosiale wêreld, óf 'n onbekende element vanuit die fisiese wêreld. Die teikendomein word toeganklik deur die doeldomein daarop te karteer (Simkins 1994:43). Met ander woorde, die bekende eienskappe of verhoudings van die brondomein (in hierdie geval die natuurlike wêreld) word oorgedra na die ontasbare teiken domein (God).

‘n Voorbeeld hiervan is byvoorbeeld “God is Vader.” In hierdie konteks is “God” die teikendomein. Dit is ‘n abstrakte konsep wat moeilik is om te verstaan sonder ‘n konkrete uitbeelding. Daarom plaas ons ‘n brondomein wat maklik verstaanbaar is by: ons weet ‘n vader gee om, hy beskerm, hy sorg. So gee die konkrete voorstelling betekenis aan die abstrakte konsep. Daarom het verskeie boeke in die Bybel hulle eie unieke natuursimbole en metafore, ‘n algemene gebondenheid in die gebruik van die natuurlike wêreld om konsepte en waardes te illustreer. Voorbeelde hiervan is onder meer die mosterdsaad, saad in die grond, of mossies.

Die belangrikste eienskap van ‘n metafoor is dat dit kultureel gefundeerd is. Met ander woorde, die kies van ‘n metafoor is ‘n eienskap van die kultuur. Die metafoor word gekies om iets te beskryf wat die sender reeds in sy kop het (Simkins 1994:44).

So funksioneer ‘n metafoor dan om ‘n saak te verhelder, te beskryf, of om sekere teikendomeine te elimineer. Een metafoor word dan bo die ander verkies omdat dit beter in die kulturele begrip karteer. Omdat metafore dus kulturele begrip uitdruk, kan dit dien as wenke om Israel se kultuur beter te help verstaan en sodoende Israel se wêreldbeskouing te rekonstrueer (Simkins 1994:45).

Volgens Simkins kan metafore verskil in hulle omvang en dimensie. Die brondomein kan byvoorbeeld ook uit ‘n narratief bestaan. Metafore word soms in metafore gebruik. Daar word na hierdie tapisserie van metafore verwys as mites (1994:45).

2.2.1.2 Mites en scenario’s

Volgens Simkins (1994:46) is mites narratiewe verwerkings van kulturele gemeenskaplike persepsies van die realiteit. Dus kan Bybelse mites bydrae tot die ontsyfering van antieke Israel se kultuur. ‘n Goeie kykie na hierdie mites behoort ons in staat te stel om die hoëkonteksgemeenskap van antieke Israel te penetreer en

sodoende die Bybelskrywers se wêreldbeskouing en waardes teenoor die skepping te rekonstrueer.

Onlangse navorsing in leesbegrip veronderstel dat mense oor die algemeen lees en dink deur sekere scenario's te herroep (Simkins 1994:46). Verder verduidelik Simkins dat effektiewe kommunikasie net kan plaasvind wanneer die outeur en die leser dieselfde scenario's deel. Hierdie scenario's, wat in die kultuur gesetel is, word dan in 'n teks gekarteer wat 'n kulturele raamwerk vir die verstaan van die teks skep (1994:46).

Mites en metafore oor die skepping verskaf 'n sleutel tot die rekonstruksie van Israel se wêreldbeskouing en die waardes wat hulle teenoor hulle omgewing getoon het. Hulle is die middel waardeur die diverse dele van die realiteit – die status van die mense, die strukture van die gemeenskap, die natuur, en die verhouding wat die mense teenoor die natuur geopenbaar het – geïntegreer word. In besonder proklameer mites 'n sentrale absolute (Simkins 1994:47).


Ten einde bogenoemde rol van hierdie mites en die metafore waaruit hulle bestaan, te verstaan moet ons eventueel die gemeenskaplike kulturele persepsies van die realiteit waarop hierdie mites gebaseer is, rekonstrueer. Soos vooraf getoon, is dit belangrik om die regte scenario's te bekom voor ons die teks lees. Volgens Simkins (1994:47) is dit nie moontlik vanuit die Bybelse teks alleen nie. Deur hierdie scenario's te rekonstrueer kyk Simkins na die mitologie van ou Nabye Oosterse bure, Mesopotamië, Egipte en Kanaän.

2.2.2 Die skepping en antieke Israel se wêreldbeskouing

Soos reeds vermeld verskaf mites oor die skepping nuttige wenke wat kan help met die rekonstruksie van die wêreldbeskouing en waardes van die Bybelskrywers. Omdat hierdie mites en metafore op die basiese domeine van realiteit fokus – God, mens, en

die natuurlike wêreld – en hulle verhouding met mekaar, maak hulle duidelik wat andersins net veronderstel word deur Bybelskrywers. Hulle openbaar die fundamentele voorveronderstellings van antieke Israel. Deur die onderlinge verhoudinge van hierdie basiese domeine van realiteit te detailleer, verskaf 'n duideliker prentjie van Israel se wêreldbeskouing.

In Figuur 1 word die klassifikasiehulpskema, (volgens Simkins 1994:118) verduidelik.



Figuur 1. Domeine van Israel se Wêreldbeskouing

UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

Die primêre onderskeid in die wêreld is tussen Skepper en skepping. God skape die bewoonbare aarde maar bly afsonderlik daarvan. Sekondêr word die skepping ook verdeel tussen mens en natuur. Maar hierdie onderskeid moenie die noodsaaklike eenheid van die skepping verduister nie. Die mens en die natuur is uit dieselfde stof gemaak (Simkins 1994:118).


Simkins maak twee belangrike veronderstellings vanuit hierdie model:

1. Daar is 'n korrelasie tussen die mens en die natuurlike wêreld. Die mens is beide deel van die skepping, geskape saam met die res van die natuurlike wêreld, maar hy is ook uniek in die skepping, uitgesonder en anders in soort. Hierdie uitsondering as kultuur kan beskryf word as die vermoë van die mens om sy eie unieke kunsmatige omgewing te skep wat bestaan uit parallelle vanuit

sy natuurlike wêreld. Bybelskrywers het hierdie onderskeid aan die menslike karakter toegeskryf – dat die mens geskape is om anders te wees as die res van die natuurlike wêreld (Simkins 1994:118). Schochet (1984:20) beskryf hierdie verskil as 'n dominansie. "On the biblical stage of life it is man who plays the dominant role. Animals are the supporting players; more often than not, merely man's baggage." Israel se wêreldbeskouing is nietemin nie afgebaken in terme van 'n fundamentele digotomie tussen natuur en kultuur nie. Simkins se model stel 'n neutrale tipe verhouding tussen mens en natuur voor. Omdat die mens se liggaam 'n mikrokosmos/makrokosmos-verhouding tot die aarde het, moet die verhouding tussen die mens en die natuurlike wêreld een van harmonie wees. Ten spyte van die kulturele pogings om die natuur te transendeer, bly die mens integraal daartoe verbind.

2. In die hiërargiese onderlinge verhouding tussen God en die skepping, het God as Skepper 'n uitwerking op die skepping en transformeer Hy die natuur. Die skepping is afhanklik van God, wat weer op Sy beurt verantwoordelik is vir die natuur. Volgens Simkins (1994:119) vind hierdie verhouding veral uitdrukking in die Bybel se gebruik van skeppingsmetafore. Deur hierdie metafore in vreemde kontekste te gebruik, sê Simkins, beklemtoon Bybelskrywers die mens se afhanklikheid van God, en by uitsondering ook die natuur s'n. Beide die mens en die natuur is deur God geskape en is daarom afhanklik van Hom. Wanneer die skepping deur die mens of deur natuurlike elemente verdorwe word, is beide die mens en die natuur van God afhanklik vir sy verlossing deur 'n nuwe skeppingsdaad (vgl. Rom. 8:19-22). Vanuit die mens se perspektief kan hierdie verhouding as 'n negatiewe tipe verhouding beskou word, maar vanuit God se perspektief is dit 'n positiewe tipe verhouding. Die mens en die skepping is ondergeskik aan God.

Hierdie twee veronderstellings verdeel die wêreld primêr tussen Skepper en skepping. Simkins (1994:119) rig hierdie domeine in 'n skets vertikaal om die hiërargiese (positiewe - negatiewe) verhouding tussen God en skepping te illustreer (Figuur 2).



Figuur 2. Die basiese Israelse wêreldbeskouing

Simkins verduidelik dat die dubbel gepylde lyne in die diagram 'n veronderstelling van kousaliteit (verband tussen oorsaak en gevolg) illustreer. Volgens hom is die enigste oorsaaklike veronderstelling wat in die skeppingsmodel self gesetel is, die veronderstelling dat God die oorsaaklike agent van die skepping is (1994:120). Maar net soos God die oorsaaklike agent in verhouding tot die skepping is, deur invloed daarop uit te oefen, so is die mens ook 'n oorsaaklike agent in verhouding tot die res van die geskape wêreld. Die natuur self is dus nie 'n oorsaaklike agent nie. Weens die harmoniese verhouding tussen mens en die natuur veroorsaak die mens as 'n oorsaaklike agent versteurings in die natuur wat weer op sy beurt die mens deurgaans beïnvloed. Die mens se oorsaaklikheid in die natuur is dus wederkerig.


Dit is belangrik om te verstaan dat die ganse skepping ook as 'n oorsaaklike agent in verhouding tot God staan. Al is die skepping onderdanig aan God, kan die skepping, deur die oorsaak van die mens, ook 'n verandering in God teweegbring. Met ander woorde, God sal antwoord op die skepping se noodkrete. Hy sal nie passief toekyk hoe die natuur misbruik word deur die roekeloosheid van die mens nie, Hy sal optree.

2.2.3 Die geskiedenis en die natuur

Die geskiedenis speel 'n prominente rol in die Bybel se voorstelling van Israel se geloofswêreld. Maar die klem wat Bybelinterpreteerders op die belangrikheid van die geskiedenis geplaas het, om sodoende die geloofswêreld van Israel te verstaan, sluit die rol van die natuurlike wêreld uit aangesien die natuurlike wêreld eenvoudig as die verhoog vir die historiese drama beskou is. Dit het geen heilige betekenis gehad nie. Dit was ook nie 'n manifestasie van God of 'n aktiewe agent in die vervulling van God se doel nie. In teenstelling hiermee was die politeïstiese Nabye Oosterse gelowe van Israel se bure in die natuur gesetel. Hulle gode was gepersonifieerde natuurkragte, en die mense was diensknegte aan die oneindige natuursiklusse (Simkins 1994:123).

Die geleerdes wat die geskiedenis-versus-natuur-model implementeer om Israel se geloofswêreld te interpreteer erken dat Israel afkomstig was vanuit hierdie antieke Nabye Oostelike natuurgelowe. Abraham was byvoorbeeld afkomstig vanuit Mesopotamië en sy afstammeling was slawe in Egipte (Simkins 1994:123). Ongeag hierdie diep gesetelde verbintenis met die natuur ontken hulle die invloed van die natuur op die vorming van Israel se waardes en wêreldbeskouing (Simkins 1994:124-125).

Simkins beklemtoon dat die geskiedenis-versus-natuur-model onvoldoende is vir die interpretering van die gelowe van Israel en ander Nabye Oosterse volke. Israel se geloof was nie bloot 'n geskiedenis-georiënteerde geloof nie, en net so was die Nabye Oosterse gelowe nie slegs natuur-georiënteerde gelowe nie (1994:125). Die digotomie tussen geskiedenis en natuur korrespondeer nie met die verskille tussen die geloof van Israel en die gelowe van sy bure nie. Skematies stel Simkins (1994:125) die geskiedenis-georiënteerde wêreldbeskouing soos volg voor (Figuur 3).



Figuur 3. 'n Geskiedenis-georiënteerde wêreldbeskouing.

In hierdie model word daar geen aktiewe rol van die natuur op Israel se wêreldbeskouing voorgestel nie. Die natuur is as grondstof beskou. Soos die mens was dit die produk van God se skepping, maar dit het afgesonderd van die mens gebly. Bowendien kon die mense as onafhanklike oorsaaklike agente op die natuur handel. Al kon die natuur, as God se agent, die mense beïnvloed, het dit geen intrinsieke kapasiteit gehad om verandering teweeg te bring nie. Die mens, wat kan handel as God se verteenwoordigers in die wêreld, kon outonomies die natuur se hulpbronne vir hulle eie gewin gebruik. Die materiële wêreld was ondergeskik aan beide goddelike en menslike beheer (Simkins 1994:126). Schochet stem saam met Simkins. Volgens hom beteken die benaming van 'n entiteit, besitreg. Hy skryf: "To bestow a name upon an entity, a name that would endure as its permanent designation, denotes a mastery of that entity, possibly even one's lordship and dominance over that entity" (1984:11).

Vir die ou Nabye Oosterse bure het dinge egter anders gewerk. Volgens hulle wêreldbeskouing het die gode 'n invloed op die mense uitgeoefen deur die veelsoortige

vorms van die natuurlike wêreld en was die mense totaal ondergeskik aan die natuur. Hulle kon nie aan die oneindige siklus van die natuur ontsnap of permanente verandering daarin teweegbring nie. Die menslike gemeenskap is gekarakteriseer op grond van sy statiese kwaliteit (Simkins 1994:127). Schochet beskou weer die diere as nuttige eiendom wat ondergeskik is aan die mens wat dit kan gebruik vir verskeie doelwitte, in hulle lewende sowel as in hulle dooie vorm (1984:12). Alhoewel die Bybel jag toelaat, maak dit nie melding van een koning van Israel wat daaraan deelgeneem het nie (Schochet 1984:15).

Die vooropgestelde wêreldbeskouing van Israel soos dit deur geskiedenis-versus-natuur-geleerdes geïnterpreteer is, is die einste wêreldbeskouing wat vir die huidige omgewingskrisis verantwoordelik gehou word. Hierdie model word verwerp deur omgewingsbewustes waarby ek myself skaar. Hierdie wêreldbeskouing is nie antieke Israel se wêreldbeskouing nie. Dit is afkomstig vanuit 'n tweeledige model wat nie verantwoording kan doen vir die diversiteit binne Israel se geloofswêreld nie. Israel se geskiedenis is besorg oor beide die geskiedenis en die natuur. 'n Begrip van Israel se geloofswêreld kan nie uitsluitlik vanuit historiese gebeurtenisse, sonder inagneming van die natuurlike wêreld, ontwikkel word nie.

In kontras met die geskiedenis-georiënteerde en natuur-georiënteerde wêreldbeskouings soos hierbo uiteengesit toon die basiese Israelse wêreldbeskouing 'n fundamentele onderskeid tussen die Skepper en skepping (Simkins 1994). Die belangrike eenheid van die skepping word slegs sekondêr verdeel tussen mens en natuur (Figuur 3). Gevolglik kan God se aktiwiteit nie slegs in historiese of natuurlike terme bereken word nie. God se aktiwiteite is in verhouding tot die hele skepping waar die natuur net so 'n belangrike rol as die geskiedenis speel. Die een kan nie prioriteit bo die ander geniet nie. Schochet (1984:20) verskil hiermee: "On the biblical stage of life it is man who plays the dominant role. Animals are the supporting players; more often than not, merely man's baggage". Maar wat encodeer die metafoer "God die Skepper"? Is die skepping afhanklik van die mens of is die mens afhanklik van die skepping? Volgens Schochet: "God provides for his righteous human subjects, while animals,

incapable of appreciating his Word, are forced to suffer deprivation" (1984:21). Maar God die Skepper is die primêre en mees omvangryke Bybelse metafoor wat God se aktiwiteit in en namens die natuur beskryf. God die Skepper het die natuur tot stand gebring. Hy handel ook in die skepping om dit in stand te hou en dit te vorm volgens Sy doel, nie volgens die mens se doel nie (Simkins 1994:3). So daarna gekyk is die skepping in die Bybeltradisie nie net 'n eenmalige gebeurtenis wat aan die begin van die tyd plaasgevind het om die inleiding tot die Heilige Skrif te merk nie, maar 'n aaneenlopende gebeurtenis waarin God en mens handel. Die deïstiese beeld van God as 'n kosmiese horlosiemaker is vreemd aan die Skrif. Volgens die Bybel sluit God se aktiwiteite in die skepping voortvloeiende gebeure in, soos die verskeie kere waar God vir Israel verlos het, en enkel gebeure soos lewensiklusse van mens en dier.

Om God se aktiwiteit in die skepping te illustreer gebruik Simkins twee kategorieë of modelle: teofanie en verbond. In elke kategorie beskryf hy 'n spesifieke eienskap van God se rol as skepper.



2.2.4 Die betekenis van teofanie

Teofanie verwys letterlik na God se verskyning. Beide Christelike en Joodse tradisies bevestig dat God altyd en oral in die wêreld teenwoordig is. Teofanie is eenvoudig 'n intensivering van God se teenwoordigheid by 'n spesifieke plek en gedurende 'n spesifieke tyd. Die teenwoordigheid van God word op so 'n manier geopenbaar dat die mens dit instinktief kan erken. Maar hierdie intensivering van God se teenwoordigheid werk ook in op die natuurlike wêreld. God se teenwoordigheid word dikwels deur 'n skouspelagtige vertoning of meteorologiese verskynsels geopenbaar, en hierdie teenwoordigheid van God weerklank ook deur die natuurlike wêreld (Simkins 1994:128). Volgens Hiebert (1992:505) is een van die fundamentele eienskappe van teofanie, in Israel, sy voorkoms in die natuurlike wêreld. God verskyn by strome, riviere, bome, en veral berge, en sodoende bedeel Hy die natuurlike wêreld met heiligheid. Die natuurlike wêreld dien dus as 'n simbool van God se teenwoordigheid.

It is possible to theorize that the relatively minor role delegated to the animal kingdom by Scripture is due, in part, to Scripture's radical demythologization of the animal kingdom, a demythologizing that results in the Bible being virtually bereft of any totemistic elements (Schochet 1984:22).

Alhoewel Schochet melding maak van die demitologisering van die natuurlike wêreld en die feit dat die natuurlike wêreld ontnem is van enige heilige eienskappe, maak Hiebert duidelik melding van die heiligheid en intrinsieke waarde wat teofanieë aan die skepping toebedeel.

Fretheim plaas weer die klem op die metaforiese karakter van die teofanieë. Hy het opgemerk dat natuurlike metafore dikwels gebruik word om God te beskryf. Fretheim is daarvan oortuig dat daar 'n definitiewe verband is tussen God en die natuurlike wêreld. Hy verduidelik dat die Bybelse teofanieë primêr funksioneer om God te openbaar en dat die natuur dien as 'n medium tot hierdie doel. Fretheim is ook daarvan oortuig dat die natuurlike wêreld nie alleenlik funksioneer as 'n voertuig vir teofanieë nie. Volgens hom, as die natuurlike metafore op een of ander manier beskrywend is oor God, dan reflekteer hulle in hulle bestaan, in hulle wese, die realiteit van God (vgl. Simkins 1994:130). Daar is 'n interne verhouding tussen God en die natuur en daarom is die natuur in staat om God te openbaar. Die feit dat teofanieë as 'n openbaringsmedium funksioneer beteken dat die funksie van die natuur in die teofanieë net 'n intensivering is van wat werklik waar is oor die natuur (Simkins 1994:130).

Die natuurlike vorms van teofanie gee dus intrinsieke waarde aan die natuurlike wêreld. Die ganse skepping, die natuurlike wêreld en die mens staan in 'n verhouding tot God en is daarom in staat om te dien as 'n medium vir God se teenwoordigheid.

2.2.5 Teofanie en heilige plekke


Om presies te sien hoe die teofanieë die wêreldbeskouing en waardes van Israel teenoor die natuurlike wêreld gevorm het, is dit belangrik om te kyk na die plekke waar hierdie teofanieë plaasgevind het en die impak wat dit op die mense gehad het. Ons sien deur die Skrif dat Israel die plekke waar God aan hulle verskyn het as heilig beskou het byvoorbeeld die berg Horeb waar God aan Moses in die brandende doringbos verskyn het (Eks. 3:1-5). Die plek van hierdie teofanie is nou meer as net nog 'n plek in die natuurlike wêreld, dit is anders en buitengewoon; dit is heilige grond.

Volgens Simkins (1994:132) het hierdie heilige gebied 'n vaste verwysingspunt geword vanwaar die volk hulleself georiënteer het. Vandag nog het die mens 'n fundamentele behoefte aan oriëntasie in die wêreld. Orde en strukture is nodig vir 'n betekenisvolle lewe, want sonder 'n oriëntasiepunt sal onreëlmatigheid domineer. Voorbeelde van hierdie oriëntasiepunte in ons hedendaagse lewe is Kaapstad, Gauteng, Kimberley, Kuruman en nog vele ander. In Kaapstad is Tafelberg die natuurlike oriëntasiepunt. In Gauteng was dit die goud, in Kimberley die diamante en in Kuruman die minerale waterbron. Vandag is daar dorpe gevestig rondom hierdie natuurlike oriëntasiepunte. By hierdie oriëntasiepunte word waarde en betekenis relevant. Soortgelyk is die waardes en betekenis wat bygedra het tot die vorming van Israel se wêreldbeskouing. Volgens Simkins (1994:133) sal die effek en impak van hierdie heilige plekke afhang van die persepsie wat mense daar rondom het. Hy stel hierdie persepsies en hulle inpak deur middel van twee uiteenlopende modelle voor: 'n horisontale en 'n vertikale model.

2.2.5.1 Die horisontale model

In die horisontale model (Figuur 4) wat die meer primitiewe persepsie voorstel word die lewensonderhoudende skepping by die sentrum van die plato aangetref en verminder dit in betekenis en invloed soos dit na die periferie uitbeweeg. Die heiligheid van die

skepping word as goddelik ervaar en die sentrum wat dit teweegbring verskaf die absolute verbinding waarom die wêreld georden word. In 'n kosmologiese sin maak die Skepper die wêreld in die middel heilig. Die heiligheid van die sentrum staan in kontras met die boosheid van die periferie. Volgens Smith word die periferie as demonies en diabolies ervaar (1993:97-98, 109). Dit impliseer dat die periferie chaoties en vyandig teenoor lewe staan. Dit word deur die see en die woestyn gesimboliseer wat die grens vorm tussen die land van die lewendes en die onderwêreld. Die grens by die periferie is 'n steriele gebied wat bewoon word deur demone, wilde diere, en seemonsters (Pedersen 1926:454-59; Talmon 1966:43). Die mens kan nie sonder goddelike bystand hier leef nie.



Figuur 4. 'n Horisontale model van heilige ruimte

Hierdie model het volgens Simkins (1994:135) sy oorsprong in die ou Nabye Oosterse omgewing. In hierdie perspektief was beide die see en die woestyn ongasvry teenoor die mens se lewe. Die woestyn was die domein van giftige plante en gevaarlike diere en die see was nog meer vreesaanjaend. Beide hierdie domeine het gewemel van lewe maar dit was onstuimig, onvoorspelbaar en ontembaar. Hierdie model stel egter 'n

simboliese eerder as 'n reële geografie voor (Simkins 1994:135). Dit gee ons 'n idee van hoe die mense in die Nabye Ooste die natuur beskou het en daaroor gedink het.

Vir die Israeliete was Egipte die land van die dood; dit word simbolies geïdentifiseer met die onderwêreld (Eks. 14:11). Deur die Egiptenare by die see te verdelg, verlos God die volk van die land van die dood, en begin Hy hulle lei na die land van die lewe (Eks. 15:13, 17; Simkins 1994:136). Maar die Israeliete moet eers deur die woestyn gaan, wat aan die see grens, en wat tussen die land van chaos en die regte wêreld, die land van lewe lê.

Die Heilige Land is die land wat oorloop van melk en heuning, die enigste plek waar *regte* lewe moontlik is. Vir hierdie rede was die profete se waarskuwing na regte 'n waarskuwing wat parallel gestel kon word aan Egipte, die land van die dood. Ook die ballingskap was gelykstaande aan die feit dat Israel van die bron van die lewe self afgesny sou word. Kyk na die volgende profesie:

Toe Israel nog 'n kind was, het Ek hom al liefgehad, en Ek het hom, my seun, uit Egipte geroep. Maar toe die Baäls hulle roep, het Israel My verlaat en vir die Baäls gaan offer, vir afgodsbeelde offers gebring. Want Ek wou nie hê dat hy weer na Egipte toe moet teruggaan nie of dat Assirië oor hom moet heers nie. Maar Efraim het geweier om hom te bekeer (Hos. 11:1 -2, 5; Simkins 1994:137).

Al sou die Israeliete weggevoer word na die land van Assirië kon die profeet dit vergelyk met Egipte – simbolies was dit 'n land van die dood. Israel sou na die onderwêreld terugkeer vanwaar hy gekom het.

In Esegïël 5:5 word die Heilige Land van Israel in die sentrum geplaas. Die ballingskap is op die periferie, ver van die land van lewe. Maar God bevestig dat hy die volk na die sentrum sal terugbring net soos Hy met die eksodus uit Egipte gedoen het (Isa. 43:5-7).


In die boek Joël bekla die profeet die vernietiging van die landbou deur 'n hewige sprinkaanplaag. Volgens Simkins (1994:138) identifiseer Joël hierdie sprinkaanplaag met die dag van Jahwe. Joël skryf kosmologiese betekenis aan die verwoestende aktiwiteit toe; hulle verwoesting van alle plantegroei basuin die ineenstorting van die geskape orde. Die verwoestende spoor wat hulle agterlaat is 'n bewys hiervan:

Die leër se voorhoede is 'n vuur wat verteer, sy agterhoede 'n vlam wat brand. Voor die koms van die sprinkaanswerm is die veld soos die tuin van Eden; as hy verby is, is dit 'n onbewoonbare woestyn. Hy laat niks oorbly nie (Joël 2:3).

Hierdie gedeelte stel baie meer voor as net die verwoestende effek van die sprinkane. Volgens Simkins (1994:138) word die sprinkane uitgebeeld as die agente van chaos. Hulle trek op vanaf die periferie na die sentrum en so bedreig hulle die lewensbelangrike krag van die sentrum. Die lewende sentrum word getransformeer in 'n onbewoonbare woestyn soos die periferie. Schochet se "Land which is cut off" (1984:30) hou grootliks verband met Simkins se onbewoonbare periferie. Schochet verduidelik dat dit die land is waarheen die sondebok gejaag is sodat die volk versoening kon geniet (1984:30).

2.2.5.2 Die vertikale model

In die vertikale model verduidelik Simkins (1994:138) dat die wêreld hier rondom 'n kosmiese berg georden word. Die berg is kosmies in die sin dat dit 'n mikrokosmos van die hele wêreld voorstel en deelneem in die bestuur en stabiliteit van die wêreld.



Figuur 5. 'n Vertikale model van heilige ruimte

Figuur 5 illustreer die vertikale dimensie van hoe antieke Israel heilige ruimte verstaan het. Die basis van die berg is die algemene wêreld. Dit is 'n goddelose ruimte. Soos jy op beweeg na die kruin van die berg benader jy die hemel, die woonplek van die gode. Vir hierdie rede is tempels en altare gereeld op die kruin van berge gebou (Simkins 1994:138). Onder die berg is die onderwêreld, die gebied van die dood. 'n Stroom wat spruit van die voet van die berg, wat sy oorsprong vanuit 'n waterbron in die onderwêreld het, verbind dikwels hemel, aarde en die onderwêreld met mekaar. Dit is die aardas *mundi*, die sentrale punt waarvan die wêreld sy oorsprong het en wat kommunikasie tussen hierdie drie dele moontlik maak.

Die korrelasie tussen hemel, aarde, en die onderwêreld rondom 'n sentrale as word duidelik uitgebeeld in 'n Jesajaanse godspraak wat aan die koning van Babilonië gerig was:

Jy wat die helder môrester was, het uit jou hemel geval. Jy wat 'n oorwinnaar van nasies was, is in die grond in verpletter. En dit jy, jy wat gedink het: ek klim op hemel toe, ek gaan my troon neersit bokant die

hoogste sterre, ek gaan my plek inneem op die berg waar die gode mekaar ontmoet, ver in die noorde; ek klim op tot bokant die wolke, ek word soos die Allerhoogste self. Maar jy stort af in die doderyk, af tot in sy diepste deel (Jes. 14:12-15; Simkins 1994:139).

Die onderliggende simboliese geografie van hierdie godspraak is duidelik vertikaal georiënteer. Die kruin van die berg simboliseer die hemel, en die diepste deel simboliseer die onderwêreld. Die koning wil God se plek in die hemel inneem maar word in die onderwêreld gestort.

Simkins (1994:140) onderskryf vyf karaktereienskappe van die kosmiese berg in verhouding tot die geloofslewe van Israel:

1. Dit is die ontmoetingsplek van die gode of heilige wesens.
2. Dit is die ontmoetingsplek van hemel en aarde.
3. Dit is die plek waar goddelike dekrete uitgereik is.
4. Dit was die oorlogsveld van natuurkragte.
5. Dit was die bron van lewende waters.

Al was daar verskeie kosmiese berge deur Israel se geskiedenis – Sinai, Horeb, Karmel, Gerizim, Ebal, Paran, Seir – was die belangrikste en invloedrykste berg in die geloofslewe van Israel die berg Sion. Dit is die berg in Jerusalem waarop Salomo sy tempel gebou het. Vandag staan die Koepel van Klip, die plek waar Mohammed volgens die Islamse tradisie opgevaar het hemel toe, op dieselfde plek. Gedurende die Bybelse tyd toe Israel nog in besit was van Palestina, was Sion die heilige plek waar God gewoon het (Ps. 76:1-2; 87:1-3). Nou staan die Islamse moskee daar.


Sion, en veral die tempel wat op Sion gebou was, was die uitnemende plek waar die Israeliete God se teenwoordigheid ervaar het. Sion was heilig. Dit het die fokuspunt vir die Israeliete se oriëntasie geword.

Van die vyf karaktereienskappe wat Simkins beskryf is veral twee van belang in hierdie studie: die berg as 'n oorlogsveld van natuurkragte en die berg as die bron van lewende waters.

2.2.5.2.1 *Die berg as 'n oorlogsveld van natuurkragte*

Hierdie karaktereienskap word uitgedruk in terme van die onaantasbaarheid van Sion. Omdat God hier woon is dit onoorwinbaar. Israel se vyande was ook God se vyande en selfs die voorkoms van Sion het respek afgedwing (Ps. 2; 46; 48; 76). Die vreemde nasies word as agente van chaos beskou wat die koningskap van Jahwe oor die skepping aanval. Jahwe veg teen hierdie vyande in 'n kosmogoniese oorlog, en so beveilig Hy die orde van die skepping. So word Sion 'n skuilplek in 'n chaotiese wêreld (Simkins 1994:142).

In die eerste stansa van Psalm 46 beklemtoon die psalmis God as 'n skuilplek selfs wanneer die skepping begin verbrokkel:



 God is vir ons 'n toevlug en 'n beskerming; Hy was nog altyd bereid om te help in nood. Daarom is ons nie bang nie, al gee die aarde pad, al skuif die berge tot in die dieptes van die see, al druis en skuim die waters van die see, al skud die berge deur sy onstuimigheid (Ps. 46:2-4).

Omdat God die skepper is kan Hy sy mense beskerm teen die verval van die skepping. In die tweede stansa is die skepping se omkeer verbind met die nasies se stormloop na Sion:

Oor die strome van die rivier is daar blydschap in die Godstad, in die heilige woning van die Allerhoogste. God is daar; die stad sal nie wankel nie. God sal hom help nog voor die môre kom. Nasies kan raas en koninkryke wankel, maar as God sy stem laat hoor, smelt die aarde weg.

Die Here, die Almagtige, is by ons, die God van Jakob is vir ons 'n beskutting (Ps. 46:5-8).

Aan die einde van hierdie stansa is God oorwinnaar oor die nasies en die skepping sowel as die beskutting vir Sy mense.

2.2.5.2.2 *Die berg as die bron van lewende water*

In Psalm 46:4-7 word 'n rivier met die berg Sion geassosieer. In 'n Jesajaanse godspraak word die onaantasbaarheid van Sion met 'n rivier verbind (Jes. 33:20-22). In beide hierdie gedeeltes word die rivier wat vanaf Sion vloei 'n metafoor vir die vrede en sekuriteit wat Sion bied. Volgens Simkins (1994:143) vloei daar in werklikheid 'n standhoudende stroom vanuit die berg met die naam van *Gihon*. Dit dien as 'n waterbron vir die stad en simboliseer so ook die stad se vermoë om lang droogtes te weerstaan. Hierdie stroom het ook 'n simbool van God se krag om die aarde te bemes, geword. Volgens die boek Joël sal die oorwinning van Jahwe teen die nasies in die kosmogoniese oorlog lei tot 'n vrugbare land:

Daardie dag sal daar volop wyn wees op die berge, oorvloed melk op die heuwels. In al die slote van Juda sal daar water loop, 'n fontein sal uit die huis van die Here borrel en die Sittimdal natlei (Joël 3:18).

Bykans dieselfde visie kom voor in 'n onbekende godspraak in die profesieë van Sagaria:

Daardie dag sal daar 'n vars stroom water uit Jerusalem vloei, een helfte na die see in die ooste toe en een helfte na die see in die weste toe, somer en winter (Sag. 14:8; vgl. Eseg. 47).

In hierdie profetiese godsprake word die vertikale model van heilige plekke met die horisontale model geïntegreer. Vanuit die sentrum van die berg van God sal daar 'n rivier vloei wat vrugbaarheid bring aan die onvrugbare periferie (Simkins 1994:144).

Deur die horisontale en vertikale modelle van heilige plekke te integreer het ons antieke Israel se simboliese begrip van die strukture van God se teenwoordigheid in die skepping beskryf. Volgens die Bybelse tradisie is God transendent. God is transendent alleenlik in die sin dat Hy in die skepping is, verwant aan die skepping is, maar tog uniek in substansie van die skepping is. Dit is God se teenwoordigheid in die skepping wat intrinsieke waarde aan die skepping toeskryf. Die skepping self het vir antieke Israel 'n simbool van God se teenwoordigheid geword, 'n plek waar hulle God kan ervaar.

2.2.6 God se vorm in teofanie

Die antropomorfe teofanieë is die algemeenste maar vir ons doel word daar kortliks na teofanieë gekyk wat dui op God se verskyning in natuurlike terme. Hier word veral gefokus op God se verskyning wat voorgestel word as 'n donderstorm. Antieke Israel kon ongetwyfeld die intensivering van God se teenwoordigheid in die skepping herken (Simkins 1994:145), en hier word die prominente natuurlike verskynsel tot God se teofanie veral met 'n donderstorm geassosieer. Selfs ander natuurverskynsels wat verband hou met hierdie teofanie – soos die vuur en wolkkolom, die sogenaamde vulkaniese uitbarsting op Sinai, en die herhaalde verwysings na wind – hou verband met donderstorms (Simkins 1994:145). Psalm 18:7-15 is 'n goeie voorbeeld hiervan (vgl. 2 Sam. 22).

Antieke Israel se erkenning van God se teenwoordigheid in die donderstorm getuig van beide die spesifieke omgewing van Palestina en die Israeliete se persepsie rondom die verhouding tussen God en die natuur (Simkins 1994:146). Volgens Simkins was die donderstorm met sy destruktiewe krag vir die oostelike Mediterreense mense die

kragtigste natuurverskynsel (1994:146). Sy stortreëns, sterk winde, hael, en weerlig kon landerye, huise en ander strukture vernietig. Maar die donderstorm het ook sy voordeel gehad. Dit het die reën gebring wat lewensnoodsaaklik was vir lewe in die streek. Sonder hierdie reën sou die oostelike Middellandse See-gebiede vinnig droog en onvrugbaar geword het (Hiebert 1992:509).

Die donderstorm, met sy destruktiewe én lewensnoodsaaklike kragte, was 'n gepaste simbool van God se teenwoordigheid in die skepping. Maar dit was net moontlik omrede die Israeliete God se teenwoordigheid in die natuur erken het. God was transendent maar het nie buite die natuurlike wêreld gebly nie. In plaas daarvan was die skepping die medium waardeur die Skepper bekendgemaak is. 'n Belangrike aksioom van Bybelinterpreteerders was dat God bekendgemaak is deur die mens se doen en late. Maar hierdie aksioom vertel nie die hele storie nie. Die res van die skepping, die natuurlike wêreld, maak God ook bekend. Die teenwoordigheid van God word net so sterk in die donderweer met sy stortreën en sterk winde gemanifesteer as in die bou en breek van die volk.

2.2.7 God se verbond met die skepping


Die Bybel beskryf die verhouding tussen God en die skepping as 'n verbond, en die verbond is welbekend, indien nie sentraal nie, tot die geloof van Israel (Simkins 1994:152). Daar is verskillende verbonde in die Bybel, maar vir die doel van hierdie studie wil ek kortliks fokus op God se verbond met die skepping. Volgens Simkins (1994:152) verskaf God se verbond met die skepping die grondslag vir al die ander verbonde wat in die Bybel gemeld word. Die verbond wat God met die skepping sluit kom as 'n reaksie ná die vernietiging van die aarde deur die vloed (Gen. 8:20-22; 9:8-17).

Toe het Noag 'n altaar vir die Here gebou en van al die rein vee en die rein voëls gevat en brandoffers op die altaar gebring. Die Here het die offer

aanvaar en Hy het by Homself gesê: “Ek sal nie weer so ’n ramp oor die aarde laat kom vanweë die mens nie. Van sy jeug af bedink die mens net slegte dinge, maar Ek sal nie weer al wat lewe laat omkom soos Ek gedoen het nie. So lank as die aarde bly bestaan, sal saaiyd en oestyd nie ophou nie, ook nie koue en hitte, somer en winter, dag en nag nie” (Gen. 8:20-22).

In hierdie gedeelte kom God se verhouding tot die skepping sterk na vore. Dit bevat God se verbond met die skepping wat uit twee komponente bestaan: Eerstens sal God nie weer die skepping vernietig nie en tweedens sal God sorg dat die seisoenale siklusse sal voortgaan sodat die grond nie weer weens die sondige mens vervloek word nie. Dit is ook duidelik dat God opkom vir die saak van die aarde te midde van die sondige mensdom.

In die tweede gedeelte (Gen. 9:8-16) druk God sy verbond met die skepping baie eksplisiet uit:



Verder het God met Noag en sy seuns by hom gespreek en gesê: Maar Ek, kyk, Ek rig my verbond met julle op en met julle nageslag ná julle, en met al die lewende wesens wat by julle is: die voëls, die vee en al die wilde diere van die aarde by julle – al wat uit die ark uitgegaan het, naamlik al die diere van die aarde. En Ek rig my verbond met julle op, dat alle vlees nie meer deur die waters van die vloed uitgeroei sal word nie, en dat daar geen vloed meer sal wees om die aarde te verwoes nie. En God het gesê: Dit is die teken van die verbond wat Ek sluit tussen My en julle en al die lewende wesens wat by julle is, vir ewige geslagte: my boog gee Ek in die wolke; dit sal ’n teken wees van die verbond tussen My en die aarde. As Ek dan wolke oor die aarde bring en hierdie boog verskyn in die wolke, dan sal Ek dink aan my verbond wat daar bestaan tussen My en julle en al die lewende wesens, in alle vlees. En die waters sal nie meer ’n vloed word om alle vlees te verdelg nie. As die boog dan in die wolke staan, sal Ek dit aansien om gedagtig te wees aan die ewige

verbond tussen God en al die lewende wesens in alle vlees wat op die aarde is.

Hierdie gedeelte demonstreer ook God se versorging van die skepping. Verder beskerm God nie net die skepping nie, maar God se seën verskaf ook aan die aarde vrugbaarheid en water sodat dit lewensonderhoudend kan wees. Psalm 65:10-14 stel dit so:

U het die land besoek en oorvloed gegee; U verryk dit grootliks; die stroom van God is vol water. U berei hulle koring; ja, so berei U die land. U maak sy vore nat, sy kluite gelyk; deur reënbuie maak U dit week; U seën sy uitspruitsel. U kroon die jaar van u goedheid, en u voetspore drup van vettigheid. Die weivelde van die woestyn drup, en die heuwels gord hulleself met gejuig. Die weivelde is bekleed met troppe kleinvee, en die dale is bedek met koring; hulle juig, ook sing hulle.

2.2.8 God se verbond met Israel



Toe God se verbond vir die mense van Israel aangebied word kon hulle dit nie weier sonder gevolge nie. Volgens Simkins (1994:156) kon hulle die verbond aanvaar en lewe, of verwerp en sterf, maar hulle kon nie neutraal bly nie. In die Bybeltradisie was daar geen ander gode wat kon dien as getuie van God se verbond met Israel nie (Simkins 1994:159). So staan die skepping dan as getuie van God se verbintenis aan die mense sowel as van die mense se belofte om getrou aan God te bly. In Deuteronomium 30:19 gee God uitdruklik opdrag aan die skepping om as getuie te dien vir hierdie ooreenkoms:

Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou..

Selfs wanneer Israel sy verbond teenoor God verbreek sal die skepping as getuies teen hulle dien:

Hoor wat die Here sê: Maak klaar, roep die berge as getuie, laat die heuwels hoor wat jy te sê het. Berge, vaste fundamente van die aarde, julle moet luister na die saak wat die Here het. Die Here het 'n saak teen sy volk, Hy het Israel aangekla (Miga 6:1-2).

Simkins (1994:159) dui daarop dat as Israel getrou aan die verbond bly, sal die skepping floreer, maar as Israel teen die verbond rebelleer sal die konsekwensie daarvan in die skepping sigbaar wees: "The creation can witness to the terms of the covenant because the covenant is grounded in the order of creation." Dus, as Israel sy deel van die ooreenkoms nakom, sal hulle die seën van die verbond geniet, maar as hulle daarteen rebelleer en dit nie nakom nie, sal die vloek van die verbond hulle tref. Volgens die verbond bestaan daar 'n direkte verband tussen Israel se daede en die natuurlike omgewing:

As julle al die gebooie wat ek julle vandag gee, stiptelik gehoorsaam en die Here julle God liefhet en dien met hart en siel, sal Hy vir julle land sy reën gee op die regte tyd, lente-en somerreëns, en julle sal koring, wyn en olie oes. Die Here sal sorg vir groen gras op julle veld vir julle vee, en julle sal oorgenoeg hê om te eet. "Pas op dat julle nie verlei word om ander gode te gaan dien en vereer nie, want dan sal die toorn van die Here teen julle ontvlam, en Hy sal dit nie laat reën nie, die aarde sal nie meer sy opbrengs lewer nie, en julle sal baie gou verdwyn uit die goeie land wat die Here aan julle gee (Deut. 11:13-17; Simkins 1994:160).

Knight (in *Simkins 1994:160*) stel die mens se doen en late in verhouding tot die natuur op 'n aangrypende wyse:

The act/consequence of cosmogony envisions such pervasive order in the closed circuit of creation that whatever humans do, whether for good or for ill, will necessarily have repercussions in nature as easily as among people.

Wanneer die mense van Israel dus teen God rebelleer, versteur hulle sodoende ook die orde van die skepping. Daarteenoor, wanneer die mense die verbond gehoorsaam, leef hulle in harmonie met die skepping soos God dit aanvanklik bedoel het om te wees. Die toepassing van hierdie beginsel in ons hedendaagse lewe, kan dus 'n gesonder omgewing en moontlik die oplossing vir die huidige ekologiese krisis teweegbring. Droogtes, plae, pessiectes, onvrugbaarheid en hongersnood is onlosmaaklik verbind aan die mensdom se sondes teen God en die natuur. Die boek Job ontken nie dat die mens se sonde 'n impak op die skepping het nie, maar hy ontken die mens se beheer oor die natuurlike wêreld:


Humans have no role in the creation of these animals and natural phenomena. Moreover, the wild animals were not created for any human benefit but for God's delight. The world was not created with humans at the centre. Therefore, the creation and its creator cannot be judged from the human perspective (Simkins 1994:163).

2.2.9 Israel se waarde-oriëntasie

Die verbondsteologie stel dus 'n harmonie-met-natuur-oplossing vir die mens-natuur-probleem voor, die verbond met die konings stel 'n heers-oor-natuur-oplossing, terwyl Job 'n onderwerping-aan-natuur-oplossing voorstel (Simkins 1994:168). Hierdie wêreldbeskouing, met sy drie unieke oriëntasies, was eie aan al die antieke Israeliete, maar elke Israeliet sou minstens een waarde-oriëntasie-oplossing vir die mens-verhouding-tot-natuur-oplossing, bo die ander verkies afhangende van eksterne omstandighede en sy verhouding tot groepe (Simkins 1994:172). Die keuse van Israel

se waarde-oriëntasie korreleer dus sterk met die binnegroep/buitemegroep-klassifikasie soos hierbo verduidelik. Wanneer dit gekom het by hulle eie land en dié van mense in die binnegroep het Israel primêr die harmonie-met-natuur-oriëntasie verkies, en wanneer dit gekom het by die natuurlike wêreld van die buitemegroep het die Israeliete óf die heers-oor-natuur- óf die onderwerping-aan-natuur-oriëntasie verkies. Volgens Simkins (1994:253) is eersgenoemde verkies wanneer Israel in staat was om 'n buitemegroep te domineer, en die laasgenoemde wanneer hulle deur 'n buitemegroep gedomineer was.

Simkins (1994:253-254) illustreer met behulp van die volgende skets (Figuur 6) hoe verskillende Bybeldele Israel se waarde-oriëntasie reflekteer.



Figuur 6. Die Bybelskrywers se wêreldbeskouing en waardes teenoor die natuur

Die teks wat Jerusalem se koninklike ideologie of teologie verteenwoordig reflekteer 'n heers-oor-natuur- sowel as 'n harmonie-met-natuur-oriëntasie. Volgens hierdie ideologie staan die koning in verhouding met die aarde soos God in verhouding staan met die ganse skepping. Deur al sy vyande te oorwin (buitegroep), verseker die koning die orde van die skepping, indien sy optrede met die Godbepaalde skeppingsorde korrespondeer. Deur reg en geregtigheid te laat geskied, verseker die koning dus die seën van die skepping vir sy mense (binnegroep).

Wanneer dit by die Jahwis en priesterlike skrywers kom, word die harmonie-met-natuur-oplossing vir die mens-natuur-probleem verkies. Mens en dier is albei van dieselfde stof gemaak as die res van die skepping, maar hierdie skrywers bevestig dat die mens uitsonderlik is in die skepping. Die mens kan nie sy natuurlike status ontvlug nie. Die mens moet lewe volgens die orde van die skepping want sy lot is onlosmaaklik verbind aan die lot van die skepping.

Die profete en die tekste wat die verbondsteologie voorhou reflekteer ook die harmonie-met-natuur-oriëntasie. Die mens is verbonde aan die natuurlike wêreld met die gevolg dat sy handeling vertakings in die natuurlike wêreld tot gevolg het. Menslike handeling in ooreenstemming met die natuurlike orde van die skepping, dit wil sê handeling volgens die voorskrifte van die verbond, veroorsaak dat die natuur gedy, maar handeling wat die natuurlike orde ignoreer en God se verbond oortree, het wanorde en chaos tot gevolg. Hulle besoedel die land en veroorsaak dat die skepping ineenstort. Gevolglik sal God se verlossing van die gelowiges ook 'n nuwe skepping meebring (Simkins 1994:254).

Die boek Job verteenwoordig 'n situasie waarin die verbondsteologie se voorkeure vir die harmonie-met-natuur-oriëntasie nie ooreenstem met die betrokke omstandighede van Job nie. Job is onskuldig, sy lyding kan nie toegeskryf word aan 'n oortreding van die verbond nie. Hy ervaar die skepping as vyandig en oorweldigend, as buitegroep,

volgens Simkins (1994:255). Vir hierdie rede sê Simkins dat Job terugval op sy tweede keuse, die onderwerping-aan-natuur-oriëntasie (1994:255).

Die mense van Juda het onder die onderdrukking van die nasies (buitegroep) gely, wat 'n onderwerping aan die skepping tot gevolg gehad het. Maar anders as Job visualiseer die profete God se nuwe skepping wanneer die land herstel sal word en die nasies (buitegroep) vernietig sal word. Vir die profete sal Eden herstel word.

Hierdie ekologies-georiënteerde modelle, insluitende die model van die Bybelskrywers se wêreldbeskouing en waardes teenoor die natuur, met 'n essensiële harmonie-met-die-natuur oriëntasie, verskaf 'n lewensvatbare alternatief vir die geskiedenis-versus-natuur-model wat Bybelinterpretasies vir die afgelope dekades gedomineer het. Die Bybel se verwysings na die natuurlike wêreld moet ernstig opgeneem word, dit vorm die grond vir alle ander verhoudings. Hierdie verwysings moet geïnterpreteer word vanuit Israel se wêreldbeskouing en waardes, eerder as vanuit die hedendaagse wêreldbeskouing. Hierdie gekonstrueerde waarde-oriëntasies is dus 'n uitdaging vir die hedendaagse teoloog om die Bybel eko-teologies van nader te beskou.

UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

2.3 DIE BYBEL EKO-TEOLOGIES VAN NADER BESKOU

Israel se wêreldbeskouing en sy natuurbewustheid is wesenlik een van harmonie-met-die-natuur, 'n perspektief wat veral deur 'n eensydige verlossingsteologie in die verlede verwaarloos is. Ook die AGS van SA is hieraan skuldig. In hierdie gedeelte sal ek my daarop beywer om die Ou sowel as die Nuwe Testament tot hulle reg te laat kom met betrekking tot 'n omgewingsvriendelike interpretasie van die Bybel. In hierdie deel sal ek selektief na sekere tekste kyk omdat nie alles in die Bybel "groen" is nie. Die hoofsaaklike doelwit van hierdie kort opsomming is dus om die "groen" dimensies van die Bybel bloot te lê.

2.3.1 Die Ou Testament

2.3.1.1 Die openbaring van die verborge realiteit (Genesis 1)

Volgens Habel (2000b:34-35) is die boek Genesis 'n oorsprong-verhaal waarin beide die aarde en God karakters is wat belangrike rolle vervul. Verder is hy van mening dat die primêre subjek in die skeppingsdae nie die hele kosmos was nie, ook nie die mens nie, maar *erets*, die Aarde. Hy beklemtoon ook dat indien die skepping van die mens in Gen. 1:26-30 uit die skeppingsverhaal uitgehaal sou word, die oorblywende narratiewe 'n koherente storie oor die aarde sou wees wat die intrinsieke waarde van die aarde beklemtoon. Wanneer Genesis dan gelees word as 'n storie oor die aarde, word die skepping van die mens nie gesien as die klimaks van die skeppingsverhaal nie, maar eerder in skerp kontras met die voorafgaande narratief (Habel 2000b:35): "...onderwerp en heers daaroor" (Genesis 1:28). Habel meen voorts dat "geofanie", 'n manifestasie of openbaring van *erets*, aan die hart van die skeppingsverhaal lê. In Genesis 1 staan geofanie en antropofanie in spanning met mekaar (2000b:35). Genesis 1:1 begin met die konsep van *erets*, naamlik dat grond teenwoordig was van die begin van die skepping af, alhoewel dit onbewerk en onbewoonbaar was. Alhoewel God hierdie grond geskape het was dit verberg: "duisternis was op die wêreldvloed" (Genesis 1:2). In hierdie narratief is *erets* die hoofkarakter. Alhoewel die waarnemer nog niks kan sien nie, het hy sekerlik 'n verwagting: "Throughout the story, the listener anticipates the future appearance and transformation of this mysterious hidden entity called Earth" (Habel 2000b:36). Die verhoog van Genesis 1:2 is totale duisternis waar niks sigbaar is nie. Daar word geen negatiewe konnotasie aan die duisternis gekoppel nie, dit is slegs 'n toestand wat die teenwoordigheid van verskeie komponente in die primordiale domein verberg (Habel 2000b:36). Sonder lig sal die primordiale realiteit verberg bly. Volgens Habel (2000b:36) word daar drie sentrale komponente in hierdie duisternis geïdentifiseer: God, water en grond/aarde. God is teenwoordig deur Sy gees. Dit is dieselfde gees wat volgens die Psalmis lewe op aarde skep en die gelaat van die aarde vernuwe (Ps. 104:30). Die teenwoordigheid van God is dus 'n integrale deel van die skepping. Dat die grond/aarde in hierdie stadium verberg is deur die duisternis is nie 'n

negatiewe aspek nie, want God beskou dit as goed. Vanuit die eerste paar verse van Genesis is dit duidelik dat grond/aarde 'n sentrale rol speel: *dit is bedek met duisternis en water*. Met ander woorde, sonder lig is daar geen manifestasie, geen openbaring van die grond/aarde nie. Sonder lig sal die grond/aarde met al sy goedheid verborge bly. Maar in Genesis 1:3 word die grond/aarde geopenbaar, en maak God seker dat hierdie grond/aarde sigbaar is vir die menslike oog (Gen. 1:9). Hierdie geofanie gee aan *erets* 'n unieke karakter, anders as die ander komponente van die skepping. Dit is net die grond/aarde wat vanuit 'n misterieuse domein geopenbaar word, soos 'n heilige domein in die kosmos. God het na hierdie grond/aarde gekyk en gesê dit is goed (Gen. 1:10). God is opgewonde oor dit wat tot voorskyn kom, dit is asof God Homself met die grond/aarde verbind. Die intrinsieke waarde van die grond/aarde is dus iets wat God hier ervaar, iets wat die mensdom nóg ten volle moet waardeer. Die beginsel van intrinsieke waarde is dus voor die hand liggend, nie net in die natuur van die primordiale openbaring van grond/aarde nie, maar ook op grond van God se reaksie tot hierdie openbaring.

Die grond/aarde was nie 'n onderdrukte karakter in die teks nie: "Appealing as it may be, there is no evidence within the text to suggest that *erets* is an oppressed character within the chaos waters who needs to be liberated" (Deane-Drummond 1996:17). Habel (2000b:42) bevestig dat die openbaring van die droë grond/aarde op die derde dag van die skeppingsverhaal nie 'n reddingsoperasie was nie, maar die openbaring van 'n verborge realiteit.

In Genesis 1:11 praat God met hierdie "pasgebore" grond/aarde, en beveel dit om lewendig te word sodat dit grasspruitjies, plante wat saad gee en bome wat vrugte dra sal voortbring. Toe God die grond/aarde aktiveer, het die potensiële lewenskragte van die grond/aarde na vore gekom in die vorm van fauna en flora van alle soorte: "The revealed *erets* is the dormant source of living creatures" (Habel 2000b:43). Vanuit die skeppingsverhaal blyk dit dat *erets* 'n bron van lewe en huisvesting vir alle skepsele is. Selfs die diere en die mense sal lewe van die opbrengs van die grond/aarde (Gen. 1:29-30). Die grond/aarde is die bron, die huis en die skuilplek van lewende skepsele.

Hierdie skepsele behoort aan die grond/aarde (“moeder” aarde). Fretheim (1992:14) skryf dat die grond/aarde ‘n mede-skepper saam met God is.

Hierdie verhaal beklemtoon die intrinsieke waarde van die grond/aarde as die middelpunt van die skepping en die bron van lewe. Alle komponente van die aarde staan in verhouding tot die grond as ‘n onderling-verbonde eenheid, waar die een nie heers oor die ander nie. Daar is harmonie tussen die grond/aarde en die fauna en flora. Hier is geen hiërargiese dualisme nie. Maar wat van Genesis 1:28: “vul die aarde, onderwerp dit, en heers daaroor”?

2.3.1.2 Geen spesiale plek vir die mens (Genesis 2:1-3)

In Genesis 2:1 word daar nie aan die mens ‘n spesiale plek uitgesonder nie, die hele skepping is onder die soewereiniteit van God. Volgens Wallace (2000:53) staan Genesis 2:1-3 in skaakmat teen enige interpretasie oor die rol van die mens in Genesis 1:28 wat die harmonie en die eenheid van God se werk in die skepping ignoreer. Selfs die mens is uit grond en sal tot grond terugkeer (Gen. 2:7; 3:19; Job 34:15; Ps. 90:3). Die mens is soos klei in ‘n pottebakker se hand (Jer. 18:6; Job 10:9). Die mens kan nie die harmonie na goeddunke versteur nie. Daar is ‘n Godegewe harmonie wat gehandhaaf moet word. Wallace (2000:55) beskryf hierdie harmonie verder:

The text, in bringing ‘the sky and the earth...and all that was within them’ together, plays out the intention of God in creation itself and brings all parts of God’s creation into relationship. God completes the word of creation as parts find their completion in relationship with each other.

Die hemel en die aarde en alles wat daarbinne woon is belangrik vir God. Sy sewende dag van rus volg net wanneer Hy Sy werk voltooi het. Die mens het ‘n verantwoordelikheid teenoor sy omgewing:

In a culture that emphasizes human domination over creation, and individual control over time and space, there is a prophetic task for Christians. It is to proclaim that humans are part of creation. As such they are partly responsible for their environment in its broadest sense, but are also the recipients of gifts, words and expectations from outside themselves (Wallace 2000:59).

Die mens is geneig om die natuurlike wêreld as 'n lewensondersteunende sisteem te beskou, 'n masjien wat ontwerp is om menslike lewens te produseer en te onderhou (Quinn 1992:69). Soos elders getoon meen ek dat die mens net so belangrik is in die skepping as die res van die geskape wêreld. Die uitwissing van die mens sal net so 'n verlies vir die natuur wees as die uitwissing van enige ander vorm van lewe, maar die mens moet sy plek langs die skepping inneem en nie daarbo nie.

2.3.1.3 Van versorging na vermorsing (Genesis 2-3)

Newsom (2000:63) merk op dat daar heel aan die begin van die skepping 'n tyd was voor struik, bome en ander plante gegroei het, want die klimaat was anders omdat dit 'n tyd was voor God dit laat reën het (Genesis 2:5), maar ook omdat dit 'n tyd was voor daar mense was wat die grond kon bewerk. Hierdie waarneming dui daarop dat die mens se teenwoordigheid sowel as die klimaat die omgewing beïnvloed. Daarom het God 'n mis laat optrek uit die aarde om die aardbodem te bevogtig en toe het God die mens geformeer uit die stof van die aarde (Gen. 2:6-7). Daar is 'n onderlinge verbondenheid tussen die mens en die grond, 'n harmonie van wederkerige kuratorskap. Geen dualistiese hiërargie word in hierdie teks uitgebeeld nie; die mens is uit die grond en sal terugkeer na die grond.

In Genesis 2-3 sien die verteller waarde in die natuurlike wêreld, dieselfde waarde wat gelei het tot groot ekologiese uitbuiting:

He is one who is attentive to the natural world, but he is also capable of seeing the most important thing about a land simply in terms of the mineral resources and forest products, a way of valuing Earth that has in recent centuries caused enormous ecological degradation (Newsom 2000:64).

God het die mens in die tuin geplaas om dit te bewerk en te bewaak (Gen. 2:15). Hierdie was nie 'n bewerkte tuin nie; die verhaal vind plaas nog voor die grond bewerk is, vóór landbou. Eden is dus nie 'n tuin in die ware sin van die woord nie, maar 'n woud, 'n plek van bome en vrugte. Die beeld wat Genesis dan van die oorspronklike mens-omgewing-verhouding uitbeeld omskryf 'n nederige soort interaksie (Newsom 2000:65). Die versorging van die tuin (woud) in hierdie konteks insinueer dat die mens se versorging deel moet vorm van die ekosisteem, in 'n nederige harmoniese stemming.

Newsom (2000:68) meld dat hierdie aanvanklike harmonie verbreek is toe die mens sy naaktheid besef. Maar wat het dit met ekologie te doen? Sy verduidelik dat die term “naak” nie betekenisvol vir diere gebruik kan word nie. Naaktheid is 'n konsep wat net op mense van toepassing is en dit onderskei mens en dier van mekaar. Diere graaf gate, bou neste en sommige gebruik gereedskap, maar geen dier maak klere nie. Die eerste ding wat die man en vrou doen toe hulle oë oopgegaan het, en hulle besef het hulle is naak, was om klere te maak (Gen. 3:7). Nou word dit retrospektief duidelik waarom God aanvanklik die diere en voëls na Adam toe gebring het vir moontlike kamerade. In daardie stadium het die kloof wat die mens van die natuurlike wêreld onderskei nog nie oopgegaan nie. “But now, since the eyes of man and woman were opened, the common ground that had united human beings with the other creatures is broken” (Newsom 2000:68). Callicott (1991:123) beskryf die oomblik toe die mens se oë oopgegaan het deur te sê dat wat hulle gesien het was hulle self. Hulle het selfbewus geword. Hierdie selfbewustheid is 'n voorvereiste vir skaamte. Selfbewustheid is 'n eienskap wat mens en dier van mekaar skei. Meer verbysterend is

die vraag waarom selfbewustheid iets is wat God nie aanvanklik vir die mens bedoel het nie. Callicott (1991:123-24) gee 'n moontlike antwoord hierop:

For once aware of themselves, (the man and woman) may treat themselves as an axiological point of reference. Indeed, the text suggests by its very silence on any alternative to Yahweh's banishment, or any compromise, and by the finality of that banishment, that once aware of themselves they will inevitably treat themselves as an intrinsically valuable hub to which other creatures and the creation as a whole may be referred for appraisal. Self-consciousness is a necessary condition for self-centeredness, self-interestedness.

Callicott verduidelik die geboorte van antroposentrisme (ook androsentrisme en ginosentrisme, waar beide man en "vermanlikte" vrou hulle in die sentrum van die wêreld plaas), wat die wortel is van alle sonde teen die natuurlike wêreld. In die aanvanklike skepping van God was daar nie 'n hiërargie tussen die diere nie. Daar was volmaakte harmonie en vrede. Almal is uit die aarde gemaak en die een was 'n metgesel vir die ander. Maar die mens het die oorspronklike orde versteur en het homself toebedeel met die gesag om te onderskei wat aanvaarbaar is en wat nie. Newsom (2000:69) is van mening dat die mens se korrupte waardes aan die wortel van daardie diskriminasie lê.

God se reaksie op hierdie versteuring van die aanvanklike harmonie van *common ground* is volgens Newsom (2000:69) direk en met mening. Die vrou sal met pyn geboorte skenk. Newsom (2000:70) meen dat die vrou die moeilikste geboorte skenk van al die ander skepsele op die aarde. Sy is oortuig dat die rede daarvoor die hoogsontwikkelde brein en dus groter skedel is. Ons selfbewustheid, wat moontlik is deur ons hoogsontwikkelde brein, word dus direk verbind met 'n pynlike geboorte. Die man se straf aan die anderkant, het ook die geboorte van landbou, en die soektog na vrugbare grond tot gevolg gehad (Gen. 3:17-19). Die aard van hulle kos het verander. Waar daar in Eden eers vrugte was waarvan die mens kon eet, moet hy nou gras

(*eseb*) buite Eden eet. Dit kan moontlik verwys na grasagtige plante wat graan oplewer, soos koring, mielies en ander. Graan vereis intensiewe landbou, daarom sal die mens net deur die “sweet van sy aangesig” van hierdie plante eet (Newsom 2000:70). Die mens (*adam*) is nou vervreemd van die grond (*adamah*). God sê: “Vervloek is die aarde om jou ontwil” (Gen. 3:17), wat ook “as gevolg van jou” vertaal kan word. Callicott beweer dat die “dorings en distels” ook dui op versteurde grond wat uitgeput en geërodeer is (1991:139). Met landbou begin die paradoksale geskiedenis van die mens se verwoesting van die aarde se vrugbaarheid in sy soektog na produktiewe grond (Newsom 2000:70). Die afskeidsgeskenk wat God aan die mens gee is baie gepas: klere, die simbool van alles wat ons skei van die diereryk. Waar die mens vir homself klere van blare gemaak het (Gen. 3:7), gee God vir hulle klere van vel (Gen. 3:21). Waar die mens aanvanklik met die diere gepraat het, sal hy hulle velle voortaan “dra”.

Die verhaal van Genesis is tragies, maar dit hou God se aanvanklike doel vars in ons gedagtes. Miskien moet ons na hierdie aanvanklike *common ground*, hierdie harmonie streef, want wat God aanvanklik bedoel het, kan nooit totaal vernietig word nie. Wat God bedoel het sal uiteindelik tot vervolmaking kom (Jes. 11:6-9; Eseg. 47:1-12; Newsom 2000:72). Die verhaal van Genesis 3 maak dit baie duidelik dat hierdie terugkeer nie maklik sal wees nie, want die toegang tot Eden word bewaak (Gen. 3:24).

2.3.1.4 Die een hand was die ander, maar moederaarde dra die straf (Genesis 3)

Daar is ‘n stem in Genesis 3 wat onderdruk word, maar volgens die feminis Shirley Wurst, is dit ‘n stem wat nie geïgnoreer kan word nie:

When we silence subjects, we take away their ability to speak their locations, to tell other people how they construct themselves and their reality. We make them objects, unable to say how they are, why they are, who they are. Seeing them as objects enables us to construct and

manipulate them and make them be what we want, be how we want them to be (Wurst 2000a:87).

Wurst se primêre fokus is die grond/aarde in Genesis 3 wat vervloek is, as gevolg van die mens se dade. Sy beklemtoon dat die grond net die mens sal versorg solank as die mens die grond versorg (vgl. Gen. 2:5). Met ander woorde: Daar is 'n onderlinge verbondenheid, 'n interafhanklikheid. Nie een van die partye in hierdie vennootskap is volmaak, en kan sy volle potensiaal bereik, of ten volle lewe, sonder die ander nie (Wurst 2000a:91). Die skeppingsverhaal in Genesis 2 illustreer dat die mens uit die grond geformeer is, met ander woorde, die mens is verwant aan die grond (vgl. Gen. 2:7). Miskien verskaf Psalm 139:15 selfs 'n duideliker prentjie van hierdie verwantskap: "My gebeente was vir U nie verborge toe ek in die geheim gemaak is nie, kunstig geweef in die dieptes van die aarde." Soos die mens kom plante en diere ook uit die grond (Wurst 2000a:93). Die mens en enige ander spesie het nog nooit die aarde verlaat wat aan hom geboorte geskenk het nie. Ons is tot die aarde verbind: "Earth is the planet we live on and the material we live from" (Wurst 2000a:94). Wurst lees die stem van die aarde vanuit 'n vroulike perspektief. Vir haar is die aarde soos 'n moeder wat geboorte geskenk het aan 'n kind: "...the adam is human from the humus" (Wurst 2000a:98). Die grond/aarde, die *adamah*, is die voorouer van *adam* (Wurst 2000a:98). Om terug te keer na die aarde (Gen. 3:19) is eintlik om verlos te word van harde arbeid, om volgens Wurst (2000a:99) terug te keer na 'n moeder.

Wurst (2000a:96-97) is oortuig dat die vloek nie direk teen die man of vrou gerig was nie. Die vrou is in kennis gestel dat haar geboorte pynlik sal wees, tog het sy bly voortplant (vgl. Gen. 4:1), en die man is in kennis gestel dat hy deur die sweet van sy aangesig sy brood sal verdien. Hulle straf was om mens te wees, net soos die slang se straf was om slang te wees (Wurst 2000a:97). Vanuit haar feministiese staanplek is Wurst oortuig dat "moeder"-aarde, die *adamah*, soos enige ander moeder in Genesis, enigiets vir haar kinders sou doen. Sy, soos Rebekka, sê: *Laat jou vloek op my wees, my seun!* (Gen. 27:13b). So dra moederaarde dan ook die straf vir wat die mens gedoen het: *vervloek is die aarde om jou ontwil* (Gen. 3:17b). Moederlike opoffering is

volgens Wurst (2000a:99) 'n sterk tema in Genesis. Volgens haar het moeders gesterf met bevalling, hulle was bereid om te sterf in die plek van hulle kinders, hulle het selfs gesterf wanneer hulle kinders sterf (Sara), so het hulle ook hulle lewens gewaag om kinders te hê (Gen. 38). Die liefdevolle moederaarde, wat in samewerking met God, mense voortgebring het, tree nou op om haar waardevolle skepping te beskerm. Wurst slaag daarin om die aarde 'n stem te gee soos dié van 'n moeder wat uitroep na die terugkeer van haar kinders, soos die verlore seun (Luk. 15:11-32). Soos 'n menslike moeder verwelkom moederaarde ons weer terug in haar boesem. Die mens is uit die grond en sal terugkeer na die grond.

Soos kompos keer ons ook terug aarde toe wanneer ons tot sterwe kom. Ironies was ons nooit losgemaak van die aarde nie, net soos ons nooit losgemaak kan word van ons verantwoordelikheid teenoor die aarde nie. Elke mens bly verantwoordelik vir sy omgewing, of hy dit nou wil glo of nie. Wat die grond/aarde wil sê volgens Wurst se interpretasie, is dat elke aksie 'n reaksie het, dat ons doen en late implikasies inhou vir die ander lede van die aardegemeenskap. En dat, terwyl die grond ons straf dra soos Christus ons straf gedra het, bly daar steeds gevolge wat ons vir ons aksies sal moet dra. Selfs 'n liefdevolle moeder kan ons nie altyd beskerm teen die gevolge van ons slegte gedrag nie. Die onderlinge verbondenheid van alles op aarde beteken dat alles wat ons doen gevolge het, wat deur die hele sisteem waarvan ons deel is, weerklink. Ons is deel van die aardegemeenskap en kan nie buite daardie verbintenis lewe nie.

2.3.1.5 Vervreemd van die grond: die dodelike afstand (Genesis 4)

Die mens het vervreem van die natuurlike wêreld. Dit was nie 'n skielike gebeurtenis nie, maar 'n proses wat geleidelik plaasgevind het. Wittenberg (2000:106-116) verduidelik dat die mens se vervreemding van die natuurlike wêreld begin het met die verskillende rolle van Kain en Abel in Genesis 4. Kain, as eersgeborene, het sy vader se beroep beoefen, dié van 'n landbouer, en Abel was 'n skaapboer. Genesis 4:5 sê dat God nie Kain se offer aangeneem het nie. Wittenberg (2000:108) stel voor dat God

vir Kain konfronteer met die realiteit van die lewe buite Eden. Die aarde dra 'n vloek en om daarvan te lewe sal nie meer so eenvoudig wees nie. Verder verduidelik Wittenberg (2000:108) dat Kain se offer nie aanvaar was nie omdat sy motief verkeerd was. Hy het dit net tot voordeel van homself gedoen. Genesis 4:7 bevestig dit: *Is daar nie verheffing as jy goed doen nie? En as jy nie goed doen nie – die sonde lê en loer voor die deur, en sy begeerte is na jou; maar jý moet daaroor heers.* God doen 'n beroep op Kain om oor die sonde te heers, maar nogtans slaan Kain sy broer Abel dood, sodat God vir hom vra: “Wat het jy gedoen? Die stem van die bloed van jou broer roep na My van die aarde af.” Dit is asof die grond (*adamah*) as 'n lewende organisme optree wat sy “mond oopmaak” om die bloed van Abel in te sluk (vgl. Num. 16:30, 32; Deut. 11:6; Wittenberg 2000:109). Die eko-billike beginsel van “Voice” kom sterk in hierdie teks na vore. Uiteindelik reageer die aarde op hierdie moord deur sy vermoë, sy vrugbaarheid, van Kain terug te hou (Gen. 4:11-12). Hier ontstaan 'n vyandskap tussen Kain en die grond. Omdat Kain vir die aarde die bloed van sy broer gegee het om te drink, sal die aarde sy vermoë terughou wanneer Kain die grond bewerk. Kain se lewe verander in dié van 'n voortvlugtige, maar spoedig bou hy vir hom 'n stad. Wittenberg (2000:112) skryf: “By building the city Cain demonstrates that his life of wandering away from the Earth is no longer a concern for him. He has found a new security within his own city walls.” Genesis 11:4 is bykans 'n presiese parallel met Kain se gesindheid. Vanuit Genesis 4:20-22 kan ons die gevolgtrekking maak dat Kain se nageslag die voorvaders van stedelike ambagte was. Volgens Wittenberg (2000:112) beskryf die skrywer van Genesis 4 Kain nie net as die stigter van die eerste stad nie, maar ook as die voorvader van die stadskultuur. Omdat hierdie stadsbewoners vervreemd is van die grond is hulle ook nie meer direk afhanklik daarvan nie (Wittenberg 2000:112).

In die kontemporêre stedelike samelewing is dit nie veel anders nie. Alles wat ons nodig het koop ons in 'n winkel. Alhoewel Kain en sy stadsbewoners vervreemd was van die grond, moes hulle nogtans eet van dit wat die grond voortbring. Hoe het hulle dan hulle kosvoorraad verseker? Wittenberg (2000:112) stel voor dat hulle dit net kon doen deur moontlike geweld, afpersing, uitbuiting en verdrukking van die landbou-gemeenskap wat die kos geproduseer het. Die vroegste stadsluwe was dus gekenmerk

deur geweld, oorlog en aggressie. In Genesis 4:23-24 beklemtoon Lameg sy reg om te doen wat hy wil. Hy daag selfs vir God uit, wat weerwraak verbied het deur Kain te beskerm, deur te dreig dat hy sewe-en-sewentig maal die wraak sal wreek. God antwoord hom nie eers nie. Die grond en God is stil. Dit beteken nie dat God saamstem nie, dit dien eerder as 'n onheilspellende teken. Die mens het so vervreemd geword van die grond en van God dat God nie meer met hulle praat nie. Die mens is ryp vir die vloed (vgl. Wittenberg 2000:113). God gaan die mens verdelg, maar daar is hoop. Noag het genade gevind in die oë van die Here (Gen. 6:8) en hy was 'n man van die grond: *ish ha adamah* (Gen. 9:20; Wittenberg 2000:115). Omdat hy 'n man van die grond was het God hom gekies om die grond weer te verwerk ná die vloed. Dit is ook aan hom wat God die belofte maak dat Hy nooit weer die grond sal vervloek as gevolg van die mens nie (Gen. 8:21). Van nou af sal al die dae van die aarde, saaityd en oestyd, koue en hitte, somer en winter, dag en nag nie ophou nie (Gen. 8:22). Die ritme van die lewe en alles met die eienskap van lewe sal voortbestaan. Die lewe kan nou opnuut begin.

Alhoewel die nageslag van Kain uitgewis is, het die gees van Kain bly voortleef in die nageslag van Gam, die seun van Noag. Vervreemding en "emansipasie" van die aarde het weer te voorskyn gekom ná die vloed, met die groot stede (Gen. 10) en met die bou van die toring van Babel (Gen. 11). Vandag nog, soos met Kain en Gam, is daar 'n stadskultuur, wat soos 'n lintwurm sy gasheer van binne vernietig.

Die aardestorie in Genesis 4 spel die regte verhouding teenoor die aarde uit. Vir 'n nuwe eko-billike lewenstyl beteken dit dat die mens moet besluit om weer *mense van die grond* te word, met ander woorde mense moet opnuut hulle verantwoordelikheid van onderlinge verbondenheid teenoor al die skepsele van die aarde besef. Alleenlik wanneer die mens hierdie verantwoordelikheid nakom, kan daar 'n verandering in sy omgewingskrisis plaasvind. Om nie die beginsel van intrinsieke waarde en onderlinge verbondenheid na te kom nie, kan fatale gevolge inhou. Tog misluk die mens grootliks om dit te doen, wat grootskaalse gronderosie, verandering in reënvalpatrone en globale verhitting tot gevolg het. Verder word areas van natuurlike habitat geplunder sonder

enige inagneming van die fauna en flora wat noodsaaklik is vir die voortbestaan van talle spesies wat afhanklik is van daardie ekostelsels. Die ironie is dat die mens dit tot sy eie nadeel doen, en so bedreig hy ook sy eie voortbestaan. Moontlike medisynebronne word vernietig. Waterbronne word vergiftig en die lug word besoedel. Dit is nie alleen die voortbestaan van talle spesies (die mens ingesluit) wat bedreig word nie, die mens verarm ook die vermoë van die aarde om te voorsien. 'n Kwessie soos vigs kan hier ter sprake wees. Vir duisende jare was daar 'n grens in die natuur wat hierdie dodelike virus in sy plek gehou het. Wat het van daardie lewensbelangrike grens geword? Alles wat God gemaak het was immers goed. Is daar nie iewers in die kosmos 'n lewensnoodsaaklike funksie wat hierdie mikro-organismes moet vervul nie? Is die organisme sleg, of was dit 'n goeie deel van 'n besondere mikro-ekostelsel wat weens die mens se toedoen op die verkeerde plek beland het? Alhoewel niemand regtig weet waar die virus vandaan kom nie is die algemeenste teorie dat dit iewers in die twintigste eeu die spesiesgrens oorgesteek het vanaf aap na mense. Daar word vermoed dat die eet van die vleis van 'n aap uit sentraal-Afrika die waarskynlikste oorsaak daarvan is (The AfroAIDSinfo consortium 2002). Die mens se hande was die brug vir die bloed van die aap na die bloed van die mens. 'n Mede-broer is verorber en nou neem hy wraak. Die mens het die onderlinge verbondenheid, die harmonie van 'n besondere ekostelsel versteur, en dit lei tot sy dood.

We must view creation from God's perspective and not our own. The worth of every creature does not lie in whether it is beautiful (to us) or whether it serves or sustains our life and happiness. Only if we can save ourselves from an anthropocentricity can we begin to construct an adequate theology of animals (Linzey 1993:513).

2.3.1.6 Die reënboog: meer as net 'n teken (Genesis 9)

Wali, 'n inboorling van Australië, vertel dat die reënboog waarvan Genesis 9:13 praat, baie meer as net 'n metaforiese verskynsel vir sy mense beteken. Volgens hom is die reënboog die openbaring van die "reënbooggees" wat vanuit die aarde ontstaan (Habel

2000:145). Hy verduidelik dat al die kleure van die reënboog, wat in die wolke skyn, van die grond afkomstig is. Verder vergelyk hy die reënboog met 'n verkleurmannelietjie – hy verander van kleur soos hy oor die land beweeg: die rooi van die sentrum van die aarde, die goud van die strande aan die see, die groen van die reënwoude. Die kleure van die land reflekteer ook die kleure van al die mense op die land – sowel as die kleure van die aarde self (Wali 2000:145). Die reënboog is meer as net 'n herinnering, dit is die konkrete bewys van God se verbond met die aarde-gemeenskap. Dit is 'n belofte van genesing en van God se verlossing. Die mens moet hierdie teken gehoorsaam, soos al die ander tekens van die aarde. Dit is soos die teken van die heuningvlieg, 'n baie klein vlieg wat die begin van die reënseisoen en vrugbaarheid aankondig. Hierdie vlieg is besonder. Anders as die heuningby wat reguit na sy korf toe terugvlieg, neem die heuningvlieg 'n indirekte kronkelpad huis toe. Net dié wat die teken noukeurig dophou vind die heuning (Wali 2000:146).

2.3.1.7 Lewenswater uit die buik van die aarde (Genesis)

Hobgood-Oster merk in haar baie interessante studie oor die putte in Genesis op dat daar 'n magdom put-stories in die Bybel is wat baie betekenisvol kan bydra tot 'n ekovriendelike hermeneutiek. Vriende ontdek mekaar by putte, oorloë word gevoer om putte, of as gevolg van putte, beloftes word afgelê en altare word gebou om putte, mens en dier kom bymekaar rondom putte en, die Evangelie van Johannes vertel van 'n keer waar Jesus by 'n put gerus het. Putte verskaf 'n verhoog waarop 'n drama hom dikwels afgespeel het. Volgens Hobgood-Oster (2000:187) verskaf 'n antroposentriese rekonstruksie van die geskiedenis 'n toneelvoorstelling as 'n metafoor vir die aarde as 'n geheel – 'n verhoog vir die menslike drama van redding en aksie. Putte, sowel as ander bronne van water, verskaf 'n konstante verwysingsraamwerk vir Bybelverhale. Hobgood-Oster benader die put-stories in Genesis vanuit 'n aardeperspektief. Volgens haar lewer hierdie verhale bewys van die altyd teenwoordige stem van die aarde, wat interpreteerders geneig is om te onderdruk (Hobgood-Oster 2000:187).

Die mens is geneig om net sy eie stem te laat geld. Die aarde het ook 'n stem, volgens Hobgood-Oster “'n onophoudelike stem”, wat ons geneig is om nie te hoor nie. Ons kan natuurlik hierdie stem hoor as ons wil, en dalk self ook 'n stem wees vir die natuurlike wêreld. In die konteks van Hobgood-Oster se studie verwys die water van die putte na 'n stem van verlossing vir die aardegemeenskap. Verder verduidelik sy dat sommige putte deur mense gegrawe is waar ander na die oppervlakte van die aarde gebring word deur hulle eie krag. Nieteenstaande hoe die water na die oppervlakte kom, kom dit uit die “baarmoeder” van die aarde en sorg so vir verskeie skepsele wat die oppervlakte van die aarde bewoon (Hobgood-Oster 2000:189).

Die gedeeltes in die Bybel wat na die aarde se stem van verlossing verwys sluit diverse verhale in. In Genesis 2:5-6 sorg die aarde vir alle vorme van lewe deur die bron van sy water. In Genesis 16:7; 21:15-19 vind ons voorbeelde van die aarde se beginsel van “weerstand” met Hagar en Ismael, en in Genesis 24:10-21 vind ons die beginsel van “onderlinge verbondenheid” waar die kamele sowel as die mense versorg word. Ander verhale openbaar 'n antroposentriese en uitbuitende houding. Verskeie geskille vind plaas rondom die regte om putte te gebruik (Gen. 21:25-34; 26:12-33). Ander verhale vertel weer dat die toegang tot waterbronne van die gemeenskap ontnem word (Gen. 29:1-12). Prominente figure in die Bybel, soos Abraham, Isak en Jakob het eksklusiewe en soewereine regte op die aarde se water vir hulle self toegeëien. Gevolglik het konflikte ontstaan en die water van lewe, wat vrylik aan almal beskikbaar moes wees, het die eiendom van 'n paar vooraanstaandes geword (Hobgood-Oster 2000:190).

Genesis 2:5-6 sê dat niks sonder water kan lewe nie. God het 'n woord gespreek en fonteine het uit die aarde uit opgekom om die aardbodem te benat. Lewe op aarde word moontlik deur die water van die aarde. Die reg om te lewe is 'n reg wat God aan alles gee. Die mens behou dus nie die reg tot water nie. Alle lewende skepsele is onderling verbonde aan die natuur se waterbronne. Om vrye toegang tot water te verbied, is om die reg van lewe in eie hande te neem, 'n sonde wat met 'n swaar straf gepaard gaan. Toe God die water uit die aarde laat voortkom het, was dit vir almal

bedoel. Daar was geen hiërargie ten opsigte van die gebruik van water nie. Die intrinsieke waarde van alles word bevestig.

Volgens Hobgood-Oster (2000:193) is die verhaal van een van die kragtigste dade van geregtigheid te vinde in Genesis 21:19 waar God Hagar se oë oopmaak en sy die put met water sien. In hierdie verhaal, en in dié van Ismael, sien ons dat putte lewensnoodsaaklike water aan die onderdrukte, armes en verstoteling bied. Dit is ook duidelik vanuit Hagar se verhaal dat God ons oë moet oopmaak vir die krag van die natuur. In Genesis 24:19 sorg Rebekka dat die kamele genoeg drink. Haar passie vir die kamele stuur 'n herskeppende boodskap uit na die antroposentriese wêreld.

In Genesis 21:22-33 sluit Abraham 'n verbond met Abiméleg. Sewe oilammers word aan Abiméleg gegee as bewys dat Abraham die put gegrawe het, en die plek word toe Bérseba genoem. Hobgood-Oster bevraagteken die gesag: "Does naming actually give humans power over others that live and over places or does the voice of Earth deny the names that we assign?" (2000:196). Die aarde en sy waterbronne moet dus eerder as subjekte in 'n samelewing van lewende wesens beskou word as objekte wat deur mense benoem en besit word. Hobgood-Oster (2000:197) wys daarop dat wanneer iemand eiendomsreg eis oor 'n natuurlike hulpbron, in hierdie geval water, dit tot onvermydelike twis en tweedrag lei (vgl. Gen. 26:19-21).

Die kwessie oor waterregte kom vir eeue lank saam met die mensdom, en soms word hierdie reg afgedwing op die natuurlike wêreld, wat uiteindelik genadeloos onder die gepaardgaande antroposentrisme gebuk gaan. Kuddes sowel as mense lei daaronder wanneer die "algemene noodsaaklikhede" verdwyn weens die bult van spiere. 'n Verlies aan die algemene noodsaaklikhede bedreig beide die mens en die natuur se welsyn en voortbestaan op aarde. Soos die natuur 'n kommoditeit word wat gekoop en verkoop kan word, verminder die intrinsieke waarde daarvan in die mens se oë. Sy waarde word bepaal in terme van geld, nie in betekenis nie: "Wells, flocks, forests and entire ecosystems function as raw material to provide financial gain in an increasingly

capitalistic world market” (Hobgood-Oster 2000:199). Die mens moet beseef dat water nie net in liters en dollars gemeet kan word nie.

Waterbronne is metafore vir die aarde se vrugbaarheid en oorvloedigheid soos al die diere daaromheen bymekaarkom om te drink. Skape, kamele, slawe en aartsvaders vind lewensonderhoud in die woestyn soos water vanuit die aarde opspruit. Hobgood-Oster (2000:199) beskryf ‘n waterbron as ‘n plek van gemeenskap. Dit bring die mens en enige ander lewende wese bymekaar. Maar wanneer die aarde se bronne opgeëis word as eiendom van ‘n paar, en beperk word vir die meerderheid, verval die waarde van die aarde en net die mens word in sy eie oë waardig. Waar die aarde verander word in ‘n objek en geëien word as ‘n besitting, volg twis en tweedrag (vgl. Gen. 26:19-21). Wanneer die mens besluit dat sy gierigheid en wellus alle lewe op aarde definieer, is twis onvermydelik. Maar wanneer die kamele water gegee word met dieselfde passie as wat die mens vir homself sorg, sal daar beslis oorvloedige lewe vir al die kuddes van die aarde wees (Hobgood-Oster 2000:199).

Alhoewel wysheid nie die tema van Genesis is nie verleen die boek hom daartoe. Die openbaarmaking van die aarde/grond, die skepping van die mens, die belangrike rol van putte en God se verbond met die aardegemeenskap is die ideale agtergrond vir die daaropvolgende Wysheidsliteratuur. Wysheid was daar toe alles gemaak is, sy het ‘n boodskap vir dié wat wil hoor.

2.3.1.8 Vra vir wysheid, sy was daar! (Spreuke 1-9)

Habel (2001a:27) toon dat die wysheid deur twee beelde gekarakteriseer word, naamlik die weg van die wysheid en vrou-wysheid. In Spreuke 1-9 word hierdie twee idees mooi uitgebeeld. Die weg van die wysheid word deur ‘n manlike onderwyser aan sy nuweling geleer, en vrou-wysheid staan en wag vir die nuweling om haar te vind (Spr. 1:20-21; 8:1-3; 9:1-3), met ‘n lang lewe in haar linkerhand en rykdom en eer in haar regterhand (Spr. 3:16). In Spreuke 8:15-21 beklemtoon vrou-wysheid dat sy die middel

na sukses is. Deur haar regeer konings en stel maghebbers vas wat reg is; deur haar heers die vorste en die edeles, al die regters van die aarde. Sy belowe ook rykdom en eer sowel as duursame goed en geregtigheid (vgl. ook Habel 2001a:28). Habel (2001a:29) toon dat die posisie van vrou-wysheid in Spreuke 8:22-31 verander. Haar posisie is nou by die primordiale fase waar dade van die skepping uitgevoer word. Sy was daar! Die feit dat sy daar was, sê Habel (2001a:29), beteken dat sy die misteries en die wonders van die skepping ken. Om daar te wees was 'n uitdaging wat Job nie kon oorkom nie (Job 15:7-9; 38:4). Job was nie daar nie, maar vrou-wysheid was daar. Sy het gesien hoe die aarde geformeer word saam met die hele aardegemeenskap, die berge, die hemel en die see. Sy is inderdaad wys. Omdat sy daar was (Spr. 8:30), verstaan sy die ganse aardegemeenskap, met ander woorde sy het die potensiaal om dit te openbaar (Habel 2001a:29). Wurst (2001a:30) lei af dat vrou-wysheid die stem van die aardegemeenskap verteenwoordig.

Dit wil voorkom of die Prediker waarde vir lewe hoër ag as die dood. "Solank as iemand by al die lewendes behoort, is daar hoop; want 'n lewendige hond is beter as 'n dooie leeu" (Pred. 9:4). "Soos jy nie weet wat die weg van die wind is, of hoe die gebeente in die skoot van 'n swangere is nie, net so ken jy nie die werk van God wat alles doen nie" (Pred. 11:5). "Die mens en die dier het dieselfde lot. Soos die een sterwe, so sterwe die ander, en hulle het almal dieselfde asem, en 'n voorkeur van die mens bo die diere is daar nie. Alles gaan na een plek toe; alles is uit die stof, en alles keer na die stof terug" (Pred. 3:19-20; 12:7). Job oordeel minder sinies. Hy sien die aarde as 'n domein van smart en pyn en streef na 'n beter domein, in moederaarde (vgl. Habel 2001a:31). Job bevraagteken die intrinsieke waarde van alles, tot God hom na die natuur neem:

Maar vra tog vir die diere, dat hulle jou leer; en die voëls van die hemel, dat hulle jou te kenne gee; of spreek die aarde aan, dat dit jou leer, en laat die visse van die see jou vertel. Wie weet nie deur al hierdie dinge dat die hand van die HERE dit gemaak het nie? (Job 12:7-9; vgl. Job 38-42).

Die raad wat God aan Job gee is buitengewoon gepas vir die kontemporêre omgewingskrisis: “Laat die aarde jou leer.” Selfs in Job 38-39 word Job uitgedaag om die misteries van die skepping te verstaan, maar dit is te groot vir hom. God sorg vir die biotiese wêreld. Hy het in elke lewende wese die wysheid ingeplant om te oorleef, ver van menslike gemeenskappe af. Die natuur het intrinsieke waarde, onafhanklik van menslike krag of kennis (Habel 2001a:32). Volgens Habel (2001a:32) is dit opmerklik dat God die wysheid vind, nie in die hemel of in die goddelike arena nie, maar onder die hemel tot aan die eindes van die aarde (Job 28:23-24). Hoe vind God hierdie wysheid? Deur die wind se gewig te bepaal en die waters af te meet, deur vir die reën ‘n wet vas te stel en om ‘n pad vir die weerlig te maak (Job 28:25-26). Dit blyk dat wysheid ‘n integrale deel is van die aarde se ongelooflike samestelling. Daar is dus wysheid te vind in die manier waarop alle komponente van die aardegemeenskap met mekaar ineenskakel. “Wisdom ‘dwells’ in Earth, not in some place but as a penetrating principle or presence” (Habel 2001a:32).

Wysheid word die tussenpersoon tussen die aarde en die aardegemeenskap, en haar Skepper (Habel 2001a:32). Die stem van die wysheid is dus ‘n bemiddelaar se stem. As die mens na wysheid begin soek, met ‘n vrees vir God as sy vertrekpunt, kan hy dalk wysheid in die skepping vind (Job 28:28).

Inherent in die wysheid is die idee van ‘n goeie verhouding met God en met die ander bewoners van die aarde: “Die regverdige ken die natuur van sy dier, maar die barmhartigheid van die goddelose is wreed” (Spr. 12:10). Die Wysheidsliteratuur wil beklemtoon dat biosentrisme ‘n baie beter norm is as antroposentrisme. Deur die aardegemeenskap dop te hou, kan die mens wysheid bekom (Spr. 30:18-19, 24-28, 29-31; vgl. ook Hobgood-Oster 2001:43-44). Om toe te laat dat hierdie wysheid deurdring tot die inwoners van die land, is dit ook nodig vir ‘n koning om sy land reg te bestuur, want indien hy belasting afdwing, sal die inwoners die land oorbenut en dit verwoes (Spr. 29:4). Wysheid, en veral vrou-wysheid, handel nie net oor wat jy weet nie, maar oor wat jy doen met wat jy weet (Wurst 2001b:49). Hierdie vrou-wysheid staan buite die stad (Wurst 2001b:51; Spr. 8:1-4). Hierdie posisie verander soos

Spreuke 8 ontvou tot waar sy uiteindelik by die grondlegging van die aarde staan (Spr. 8:22-32). Dit is interessant om te sien dat die mens haar primêre fokus is. Dit blyk dus duidelik dat die mens nodig het om aangaande sy verantwoordelikheid as deelgenoot van die aardegemeenskap geleer te word. Wurst (2001b:52) merk op dat, alhoewel haar posisie deurgaans verander, haar boodskap nooit verander nie. Sy was daar aan die begin:


Her knowledge of Earth and Earth community is physical and embodied: in this shaping her body is imprinted with Earth, and imprints Earth. She herself, in her body, knows and understands Earth. She is a “hands-on” creator (Wurst 2001b:54).

Vrou-wysheid weet dus alles wat daar is om te weet van die skepping. In Spreuke 1 word die mens gemotiveer om te luister na wat sy te sê het, en om haar raad ter harte te neem. Spreuke 3:18-19 sê dat hierdie wysheid 'n lewensboom is vir dié wat dit aangryp, en elkeen wat dit vashou, is gelukkig. Want die Here het deur wysheid die aarde gegrond, deur verstand die hemel vasgestel. Wysheid het 'n besondere verhouding met God. Om God lief te hê is dus ook om dit wat die wysheid leer, na te streef. God is die argitek (Job 38:4a), die landmeter (Job 38:4b) en die ingenieur (Job 38:6) wat hierdie huis, aarde, gemaak het. God is die rentmeester van hierdie *oikos*. As rentmeester sorg Hy vir hierdie huis, Hy laat reën op 'n land waar geen mens woon nie (Job 38:26).

2.3.1.9 Die mens weet nie alles nie (Job 28)

Spangenberg (2001:92) voel dat ons teologie vandag bemoeienis moet maak met die aarde, maar dat die aarde ook sal reageer op die stem van sy inwoners. Waar Job primêr gefokus het op die mens as die belangrikste wese op aarde, en die enigste waarna omgesien moet word, fokus God primêr op die aarde se prosesse wat lewe moet onderhou (vgl. Job 38 & Spangenberg 2001:95). Verder wys Dell (2001:119) dat

die aarde geheime berg, ver bo die mens se begripsvermoë. Sy verwys na Job 28 waar die “stem” van die aarde beklemtoon dat die mens nie alles weet nie, dat daar verborge dimensies en wonders is wat die mens maar net vermoed. Die aarde gee wel van sy skatte, maar nie al sy geheime nie. Dit was daarom sinvol van God om Job se wêreldbeskouing uit te daag, en om hom tot nuwe insigte rakende sy omgewing te lei. Job 39:13-18 bevestig die harde werklikheid dat diere sowel as die res van die aardegemeenskap ander maniere en gewoontes het as die mens, al stem dit nie altyd ooreen met hoe die mens dink dit moet werk nie. Dell (2001:121) wil ook verder met Job 28 wys dat wysheid baie meer werd is as al die minerale wat die mens kan uitgrawe. Want soos Habel (2001a:29) sê: Wysheid was daar toe al hierdie dinge gemaak is, sy weet. Alhoewel Job 28 ‘n mooi voorbeeld van mynbou is, is hierdie teks nie ‘n lisensie om die aarde om te dolwe en te verniel vir eie gewin en uitbuiting, om te voorsien in die mens se ontembare drang na rykdom nie. Job 28 beteken dat ons dieper sal graawe as net die fisiese wêreld om God se stem te hoor, wat met die mensdom via wysheid praat, wat gegrond is in die aarde en in sy diepste misteries (vgl. Dell 2001:125).



2.3.1.10 Besin oor die skepping van God (Job 38-39)

Volgens Habel (2001b:75) beveel die wysheid vir Job om oor die breër ekologie van die skepping te besin, eerder as om voort te gaan om kortsigtig te konsentreer op die probleme in sy eie verganklike lewe. Elke ding het sy plek (*makom*) en sy manier (*derek*). Habel wys daarop dat die gebruik van hierdie Hebreeuse woorde daarop dui dat die aarde nie net ‘n dooie organisme is wat deur goddelike ingryping aan die lewe gehou word nie; dit dui op ‘n interne sisteem wat elke komponent reguleer waarin elke komponent van die aarde sy lokus en doel het (2001b:75). Hierdie sisteme, wat elkeen toegerus is met sy eie ingeboude brein of bestuursbeginsels, word verder beklemtoon deur die bewering dat daar wysheid (*chokmah*) in ‘n verskynsel soos die wolke is (Job 38:36; vgl. Habel 2001b:76). Daar is dus ‘n wysheid in die skepping wat die hele kosmiese orde reguleer. ‘n Goeie voorbeeld van hierdie ingeboude bestuursbeginsels

is 'n boomsaad. Binne-in daardie saad is 'n "horlosie" wat bepaal hoe lank daardie boom gaan lewe, en selfs watter tipe vrugte hy moet dra. Daardie boom sal weet hoe hy water uit die grond moet kry, en hoe hy die energie van die son deur middel van fotosintese moet benut. Die mens het nog nie die dieptes van die aarde, die see, of die grense van die heelal gepeil nie (Job 38:16-17). God vra vir Job: "Sal die buffel gewillig wees om jou te dien? Of sal hy vernag by jou krip?" Job 39 is 'n totale verloëning van Genesis 1:26-28, dat die mens oor die diere moet heers. Dit is lagwekkend om te dink dat die mens oor hierdie diere wil "heers" (vgl. Job 39 & Habel 2001b:77). Nietemin, die natuur is vol misteries en misteries kan nooit regtig gedomineer word nie (Habel 2001c:187). God se skepping is vol misteries om te bewonder, nie gebiede wat gedomineer moet word nie. Die aarde as 'n kurator sorg vir sy gemeenskap solank as wat die mens nie tussenbeide tree met sy "reg om te heers" nie.

2.3.1.11 Die aarde weerspieël die mens in konteks (Hooglied)

Volgens Fontaine (2001:131) is baie van die beeldspraak wat in die gedigte van Hooglied gebruik word afhanklik van die natuur om sy emosionele effek voelbaar te maak in die harte van sy gehoor. Die gebruik van die natuur om hierdie emosionele effek teweeg te bring vertel ons dat die aarde as 'n weerspieëling van die diepste uitdrukking van menslike vreugde funksioneer. Dit is asof die natuur betekenis gee aan die uitdrukking van menslike vreugde deur dit uit te lok. Natuurelemente word selfs ingespan om geliefdes bymekaar te bring. In Hooglied 4:16 word gesê dat die wind ingespan word om die reuk van groeiende dinge te versprei. Volgens Fontaine (2001:137) is dit 'n uitbeelding van die aarde se konstante vernuwing, maar ook 'n uitnodiging aan die geliefdes om daaraan deel te neem. Natuurwetenskaplikes erken vandag nog die rol wat wind speel in die voortplanting van spesies. Vele diersoorte versprei feromone (wat soos 'n hormoon funksioneer) deur middel van die wind, om hulle seksuele status te adverteer (Burnie 1994: 134). Wanneer die skrywer van Hooglied die essensie van liefde wil beklemtoon wend hy hom tot die aarde. Hy gebruik die beeld van groot waters, sterk riviere en 'n gloed van vuur om die effek van die liefde in die mens se lewe te beskryf (Hooglied 8:6-7; vgl. ook Fontaine 2001:137). Die boek

Hooglied stel dus 'n wêreld voor waar daar harmonie is, nie net tussen geslagte nie, maar ook tussen die mens en sy natuurlike omgewing. Volgens Fontaine (2001:140) dien die gebruik van die natuurbeelde in Hooglied as 'n embleem vir die mens se bestaansmiddele. Die boek stel dus 'n balans voor tussen die handel en wandel van die mens en die natuur.

Viviers (2001:144) beskryf die merkbare interaksie tussen die verliefdes en die natuur waarvan Fontaine skryf, as 'n eko-behae. Hierdie behae is wedersyds. Viviers (2001:144) verduidelik dat die mens 'n behae vind in die natuur en omgekeerd, en saam vier hulle die goedheid van die lewe (vgl. Hooglied 2:8-17).

In die Christentradisie sowel as in ander geloofstradisies beskou die mens homself as 'n pelgrim op pad hemel toe, en uiteindelik streef hy daarna om die aarde agter te laat. Ekologie, soos in hoofstuk 1 beskryf, is die studie oor "ons huis", die aarde. Om die aarde agter te laat beteken dus letterlik om ons huis agter te laat. Volgens hierdie siening is die aarde bloot doellose materie. As dit die mens se oortuiging is, sal sy dade dienooreenkomstig wees. As hierdie 'huis' gesien word as waardelose materiaal, in die groter konteks van God se doel, ontken die mens inherent God se doel met hom hier op aarde, "in sy huis". Hooglied beklemtoon juis dat dit in die buitelewe is waar die verliefdes hulle huis vind. Dit is die natuur wat hulle toevou en huisves (vgl. Viviers 2001:146 & Hooglied 2). Wat is 'n huis? 'n Huis is die omgewing waar jy veronderstel is om ten volle te lewe. Dit is waar jou sintuie gevorm word en waar jy die bekende klanke, reuke, beelde en aanraking met elke tuiskoms ervaar. Dit is die plek waar jy die eerste lig gesien het. Dit is die plek waar jy tot vervulling kan kom. Dit is presies die tipe huis wat die verliefde sy beminde aanbied in Hooglied (vgl. Viviers 2001:147). In Hooglied word die mense, plante en diere as familie uitgebeeld, en is liefde die sleutel wat die lewe ontsluit (Viviers 2001:148).

Die mens kan dus baie beter verstaan word in die konteks van sy omgewing. Vandag bewys die natuurwetenskap dat geen organisme onafhanklik van sy habitat bestudeer kan word nie. 'n Vis sonder water is 'n ornament, net so is die mens sonder die

geskape wêreld 'n gedagte! Viviers (2001:149-150) toon dat mens en natuur een word in Hooglied. Die beminde word met 'n gemsbok en 'n takbok vergelyk (Hgl. 2:8-9), en die vrou met 'n duif (Hgl. 2:14). So vergelyk ek ook die mens se liggaam met die tuin van Genesis, vol riviere wat lewe bring. Maar wanneer hierdie bronne vergiftig/vernietig word, sterf die lewe in die tuin uit. Die mens en die natuur hoort bymekaar, so herontdek ons onself in die wonders van die natuur. Vanuit Hooglied leer ons dat, om die natuur te geniet, is om mekaar te geniet, en omgekeerd (vgl. Viviers 2001:150). So inkorporeer ons die wêreld deur ons sintuie. Om die prag van die natuur met 'n beminde te deel is 'n baie meer lonende ondervinding as om dit alleen te doen (vgl. Hgl. 2:10-13).

Omdat die aarde die mens in sy konteks weerspieël, is dit die ideale middel waardeur die volk geleer kon word. vir hierdie rede gebruik die profete die omgewing om hulle boodskap effektief tot Israel oor te dra

2.3.1.12 Hoséa: die gevolg van sonde op die land

In Hoséa 4:3 beskryf Hoséa die tragiese gevolg wat die volk se sonde op die land het: “Daarom treur die land, en alles wat daarop woon, kwyn weg: die wilde diere van die veld en die voëls van die hemel, ja, ook die visse van die see kom om.” Hierdie teks beklemtoon dat die massaverwoesting van ander spesies 'n afgryslike gesig vir die profeet is; dit is die bewys van sonde (vgl. Brett 2000:79). In Hoséa 2:17 lui 'n nuwe verbond met God nie net die einde van oorlog in nie, maar ook 'n verbond met die wilde diere van die veld en met die voëls van die hemel en die kruipende diere van die aarde. Met ander woorde, 'n holistiese weergawe van restourasie beteken beide die verwydering van dreigende oorloë en die verwydering van bedreigings teen die natuurlike wêreld. Hoséa se visioen van vrede onder die mensdom word onlosmaaklik verbind met die terugkeer na 'n ekologiese utopia, en dit is kenmerkend van profetiese hoop (Brett 2000:79).

2.3.1.13 Amos: sosiale wanorde lei tot ekologiese ongeregtheid

'n Fokus op die boek Amos verskaf op sy beurt inligting van beide die stads- en landelike lewe van Israel (Jobling & Loewen 2000:74). Die boek Amos beklemtoon dus ook die konflik tussen hierdie twee omgewings. Verder bevestig Jobling en Loewen (2000) dat Amos 'n belangstelling toon in die landelike omgewing. Om dus die boek Amos vanuit 'n landelike perspektief te lees beteken dat dit minstens 'n meer ekovriendelike lig op die teks werp. Jobling en Loewen (2000:74), beweer dat Amos 'n man was wat die aarde geken het, in die landelike sin van die woord. Met ander woorde, binne die grense van sy wêreldbeskouing neem Amos 'n globale blik van dinge om hom. Amos word 'n voorloper vir sosiale en ekologiese geregtigheid maar word uitgebeeld as 'n doempfeet. Oordeel alleen is egter nutteloos. God se uiteindelijke plan is hoop en harmonie (Am. 9:13-15). Hierdie hoop vereis 'n herstrukturering van die gemeenskap (Am. 4:9-13; 5:6, 15; 7:7-9). In Amos sien ons dat sosiale wanorde tot ekologiese ongeregtheid lei (Am. 4:7- 10; 5:16-17; 8:9, 11; 9:5). Dieselfde skakel word vandag gemaak tussen die huidige ekologiese krisis en die uitbuiting van globale kapitalisering:

There is a form of socio-economic and political violence directed against peoples, nations, and classes; the consequences are ruined relationships, hunger, disease, and death, and ecological crime against the most complex beings in nature. Violence against nature leads to contamination of the biosphere and degradation of ecosystems...The present dominant model of society is a social sin (the rupture of social relations) and an ecological sin (the rupture of relations between humankind and the environment). It is not only present-day classes and ecosystems that are exploited, but future classes and ecosystems. We are all responsible for the mechanisms that comprise a threat of disease and death to social life, in fact to the entire system of planetary life (Boff 1995:27).

Vanuit Genesis het ons gesien dat die landelike gemeenskap dikwels uitgebuit en onderdruk is, sodat die stedelike gemeenskap maksimaal daaruit kon put. Amos toon egter 'n passie vir die landelike gemeenskap wat volgens hom onderdruk word (Am. 4:1; 5:11,12; 8:4-6). Dit is dan ook op hierdie punt waar ekologiese misbruik geïntensiveer word. Die desperate pogings van hedendaagse arm landelike gemeenskappe om 'n lewe uit die grond uit te maak, omdat hulle geen ander uitweg vir oorlewing het nie, bring hulle in konflik met burgerlike aarde-aktiviste. Vandag kan ons onself vereenselwig met die sosio-ekonomiese sisteem waarvan Amos deel was, 'n sosio-ekonomiese welstand tot voordeel van die aardegemeenskap. Die boek Amos verteenwoordig 'n veroordeling van 'n situasie waar die ryk stedelike gemeenskappe in weelde lewe ten koste van die armer landelike gemeenskappe, en hy spreek God se wraak op die onregverdige situasie uit (Am. 5:11-12). In die karakterskets van Amos 6:4-6 word 'n "superioriteit" of 'n "meerwaardige" klas uitgebeeld wat aanspraak maak op 'n onoordeelkundige gebruik van dit wat die landelike gemeenskap oplewer, hetsy graan, lewende hawe, olie of wyn. Volgens Jobling en Loewen (2000:78) was die sistematiese vestiging van hierdie gemeenskap die monargie – wat in die tyd van Amos nog 'n relatiewe nuwe ontwikkeling was.

Dit is duidelik dat Amos vir ons 'n prentjie skets van 'n meerderwaardige stedelike klas mens wat in sy afwesigheid bepaal hoe die natuur benut moet word eerder as om daardie oordeel oor te laat aan dié wat die grond moet bewerk. Dit plaas vanselfsprekend enorme druk op die omgewing, en wanneer daardie omgewing nie meer volhoubaar benut kan word nie verskuif die monargie eenvoudig sy egosentriese aanslag na 'n ander arm gemeenskap wat hy kan uitbuit tot sy eie voordeel. So laat hy dan die eerste slagoffer kreppeer in 'n omgewing wat nou onvoldoende is vir oorlewing (Am. 2:8; 5:11; 6:6). Die konteks van Amos is nou 'n omgewingskrisis: sprinkane (Am. 7:1). Volgens Jobling en Loewen (2000:79) bring hierdie meerderwaardige stedelike klas mense nie die sprinkaanplaag nie, maar hulle uitbuiting maak die plaag meer verwoestend vir die minderbevoorregtes. Die rykes trap eenvoudig die koppe van die armes in die stof (Am. 2:7). Jobling en Loewen (2000:79) verduidelik dat die rykes eenvoudig die armes behandel as deel van die grond wat hulle bewerk. Met ander

woorde, heerskappy oor die armes word 'n onafskeibare deel van heerskappy oor die skepping. In Amos 2:13 is 'n meer komplekse metafoor wat die bordjies verhang: "...Ek laat dit onder julle kraak soos 'n wa kraak wat vol gerwe is;" die *New Revised Standard Version* (NRSV) sê: "I will press you down...just as a cart presses down when it is full of sheaves." Die landelike opbrengs wat die rykes wil monopoliseer sal met ander woorde die medium word wat die rykes sal laat ondergaan (Jobling & Loewen 2000:80). Dit is asof die aarde teen sy onderdrukkers sal draai, 'n voorbeeld van poëtiese geregtigheid.

Jobling en Loewen (2000:81) stel drie ekologieë in die boek Amos voor:

1. Die *Ekologie van gevaar*. Die natuur is 'n onvoorspelbare gevaar vir die mensdom. Die teks beeld leeus wat brul, bere wat aanval, slange wat byt, aardbewings, verterende vuur, verminkte skape, swerms sprinkane en oorweldigende siektes uit. Amos ken die krag van die natuur en gebruik sy kennis daaromtrent om vrees in die bandelose mense in te boesem. Dit verteenwoordig die eko-beginsel van weerstand.
2. Aan die teenoorgestelde kant is die *ekologie van oorvloed* (Am. 9:13-15): Die natuurlike wêreld kan aan al die mens se behoeftes voorsien. Die mens se landbouvaardighede is steeds nodig (Am. 9:13-14) alhoewel die aarde kan voortbring sonder die mens se toedoen.
3. Die *ekologie van oordenking* (Am. 4:13; 5:8-9; 9:5-6). Hierdie tekste belig die kosmos as 'n totaliteit, "die hoogtes van die aarde", "die waters van die see", "die Sewe-ster en die Orion". Hier word die kosmos 'n objek van bewondering, 'n sfeer van misterie. Die mens bevind hom in 'n wêreld van wysheid; hy moet die wysheid se tradisie aanneem om na die wêreld te kyk en daarvan te leer.

Hoe raak hierdie ekologieë van Amos ons vandag?

1. Die ekologie van gevaar is 'n positiewe herinnering dat die natuur nie uitsluitlik vir die mens bestaan nie. Die natuur gehoorsaam sy eie reëls – soms met katastrofiese gevolge vir die mens as hy in die pad kom.
2. Die ekologie van oorfloed herinner ons dat dit die aarde se voortdurende produktiwiteit is wat ons gebring het tot waar ons vandag is. Die aarde het intrinsieke waarde maar dit is misleidend om te dink dat die aarde se bronne onuitputlik is.
3. Die ekologie van oordenking. Sentraal aan hierdie ekologie is dat God sy gedagtes aan die mens bekendmaak (Am. 4:13). Die mens neem dus deel aan hierdie ekologie deur oor sekere kennis te beskik. Ons moet onself dus daaraan herinner dat God teenwoordig wil wees in die verhouding tussen mens en natuur. Die kosmos, wat oordenking aanmoedig, is sonder uitsondering die skepping van die Drie-enige God. Hierdie oordenking word dus aangemoedig deur die teenwoordigheid van God in die skepping.

2.3.1.14 Jeremia: die skepping treur voor God en bied weerstand

God het die aarde gemaak (Jer. 10:12-13; 51:15-16; 27:5; 32:17) en Hy behou die vasgestelde orde daarvan (Jer. 31:35-36; 33:20,25). Hierdie vasgestelde orde verwys na die ritmes van die skepping: die see, son, maan, sterre, dag, nag (Gen. 8:22). Volgens Fretheim (2000:98) verduidelik hierdie orde nie die lot wat die aarde moet verdra as gevolg van die mens se sondes nie: “Hoe lank sal die land treur en die plante van die hele veld verdor? Vanweë die boosheid van die wat daarin woon, vergaan diere en voëls...” (Jer. 12:4).

In die boek Jeremia word daar deurgaans keuses aan die mens gestel wat sy toekoms kan vorm, wat weer op sy beurt die toekoms van alle skepsele sal verander (Fretheim 2000:98). God het die mense geplant, maar die mense het wortel geskiet, gegroei en vrugte gedra (Jer. 12:2). Waarin mense opgroei en die vrugte wat hulle dra, maak 'n

verskil – nie net vir hulle self nie maar ook vir die wêreld waarin hulle woon – tot voordeel of tot nadeel. Mense verniel en vertrap God se aangename deel (Jer. 12:10); die God wat naby is (Jer. 23:23) is ver van hierdie mense se harte af (Jer. 12:2); selfs die Babiloniese weermag oorskry hulle goddelike mandaat, soms met katastrofiese gevolge vir die land en sy mense (Jer. 12:14; 8:16; 25:11-14; 51:24). Maar God is teenwoordig in die hemel en op die aarde (Jer. 23:23-24) en dit gee karakter en intrinsieke waarde daaraan. God staan in 'n verhouding met die skepping wat baie verder strek as die vleeslike verhouding waarin die mens tot die skepping staan; Hy is die “God van alle vlees” (Jer. 32:27). Fretheim (2000:99) wys daarop dat die vertrapte en verwoeste skepping voor God treur (Jer. 12:11; Jer. 4:28; 23:10; Joël 1:10,20). Dit is dus duidelik dat die skepping in 'n verhouding met God staan, en dat die skepping afhanklik is van hierdie verhouding (Job 38-41; Ps. 104:21, 27; 145:15-16; 147-148; Fretheim 2000:99). Dit is dan ook uit hoofde van hierdie verhouding dat die mens verantwoording sal doen vir sy sonde en die gevolg wat dit op God se skepping het. Die skepping sal met God se toestemming teen sy uitbuiters draai, hulle sal sonder kos en water wees, en in hierdie dae sal die mense na die woord van die Here soek, maar hulle sal dit nie vind nie (Am. 8:11-12), want 'n verhoudings-God het 'n verhoudingswêreld gemaak. Vir Jeremia is daar 'n onderlinge verbondenheid onder al die skepsele van die veld. Fretheim (2000:100) skryf:

The world could be imaged as a giant spiderweb. Every creature is in relationship with every other, such that any act reverberates out and affects the whole, shaking the entire web with varying degrees of intensity.

Fretheim se beeld is 'n baie goeie illustrasie van wat Jeremia sien (Jer. 12:4): morele orde beïnvloed skeppingsorde. Die negatiewe effek wat die mens se sonde op die natuur het word herhaaldelik beklemtoon: Weens die mens se sonde reën dit nie (Jer. 3:3; 2:12; 5:24-25; 14:4), word die land onbewoonbaar (Jer. 12:10-11; 23:10), verdwyn die diere en die voëls (Jer. 12:4; 4:25; 9:10; 14:5-7; Hos. 4:3; Sef. 1:3), word die land onheilig (Jer. 3:2,9; 16:18 vgl. 2:7; Jes. 24:5), treur dit (Jer. 12:4; vgl. ook 4:28; 23:10;

Jes. 24:4-7; 33:9; Hos. 4:3; Joël 1:10,20) treur teenoor God (Jer. 12:11; Fretheim 2000:100). Volgens Jeremia 4:23-26 wil dit voorkom of die hele skepping terugdeins na 'n staat van totale onbewoonbaarheid, net soos in Genesis 1:2, alhoewel die teks duidelik uitspel dat daar geen einde aan sal wees nie (Jer. 4:27).

Jeremia se God is nie afsydig nie, maar op die een of ander manier betrokke. In die boek Jeremia word God uitgebeeld as 'n passievolle God. God se diep en eg goddelike gevoelens en emosies word keer op keer gemanifesteer. Emosies van droefheid, smart, hartseer, spyt en woede word hierin aan God toegeskryf (Fretheim 2000:100). Terwyl hierdie goddelike passies gefokus word op die goddelose mense, word die aarde en sy skepsele ook opgeneem in God se kwesbare hart. Volgens Fretheim (2000:100-101) vertel die naasmekaarstelling van die lief-en-leed-taal wat in Jeremia gebruik word, iets van die trauma wat 'n gebroke verhouding met die natuur in God se hart veroorsaak. Volgens hom is daar emosies van groot intensiteit wat demonstreeer hoe diep hierdie dinge vir God in sy hart en siel raak (vgl. Jer. 32:41).

Jeremia wys duidelik dat God 'n ramp oor die aarde bring, maar dit is die vrug van die bose mense se planne (Jer. 6:19 vgl. ook 14:16). "God deursoek die hart, toets die niere, om aan elkeen te gee na sy weë, volgens die vrug van sy handelinge" (Jer. 17:10; 32:19). Met ander woorde, soos vrugte uit 'n boom groei, so groei die gevolge uit (of is intrinsiek aan) die sondige dade wat die mense pleeg. "God introduces nothing new into the situation, and so the consequence can be designated by the same word as the sin/evil" (Fretheim 2000:102). Dit is duidelik dat daar geen voordeel vir die land en die mense in is om sonde en sy ongesonde effek, ongesiens te laat voortgaan nie. God se manier om die probleem op te los is om die diep realiteit van sonde te penetreer en dit van binne oop te breek.

Wanneer ons na hierdie feite kyk sien ons dat God se wraak die effek is, wat soos 'n vrug uit die oortreding van die natuurlike orde van die skepping groei. Morele wanorde veroorsaak wanorde in die natuurlike orde en dit raak die hart van God direk. In Jeremia is die land nie die probleem nie, maar die mense wat dit bewoon. Die

simbiotiese verhouding wat veronderstel is om kenmerkend te wees van die verhouding tussen die mens en die natuurlike wêreld word vertroebel deur die selfgesentreerde leefwyse van die mensdom. So roep God al die wilde diere van die veld om op te tree as instrumente van sy oordeel (Jer. 12:9), en niemand sal meer veilig wees nie (Jer. 12:12). Dit is treffend dat die land verwoes word omdat niemand dit meer ter harte neem nie (Jer. 12:11b). Alhoewel God nie onmiddellik met sy vyande handel nie, en daar bykomende skade veroorsaak word, het God ten spyte van al die verwoesting 'n plan met die wêreld: "Daarom, almal wat jou opeet, sal opgeëet word...en hulle wat jou plunder, sal geplunder word, en Ek sal almal wat jou buitmaak, oorgee as 'n buit." (Jer. 30:16; vgl. ook Jer. 31:5, 12, 14; 32:41-44; 33:10-13; 50:19).

God se doel in die wêreld moet verstaan word binne die konteks van sy verhouding met al sy skepsels, insluitend die grond. In Jesaja se woorde (Jes. 65:17-25): "God skep 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wat sal wemel van die diere, plante en mense" (Hos. 2:17-22). Wanneer die trompet blaas, en God die nuwe hemel en aarde aankondig, sal die kinders singende naderkom terwyl hulle wolwe en luiperds lei en tussen slange sal speel. Daar sal harmonie wees tussen die mens en die natuurlike wêreld (Jes. 65:25), want God sal uiteindelik rus gee aan die aarde (Jer. 50:34; vgl. ook Jes. 14:7; 51:3; Fretheim 2000:110).

2.3.1.15 *Psalms 8: is die aarde 'n lewelose verhoog?*

Psalm 8 is 'n baie geliefde en baie gelese psalm by Christene en daarom word dit apart en as 'n laaste waardering van die Ou Testamentiese boeke beoordeel.


Is Psalm 8 'n verskoning vir meerderwaardigheid?

U het hom 'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese en hom met eer en heerlijkheid gekroon. U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel: skape en beeste, dié almal, en ook die

diere van die veld, die voëls van die hemel en die visse van die see, wat trek deur die paaie van die see (Ps. 8:7-9).


Volgens Carley (2000:111) word die aarde in hierdie Psalm uitgebeeld as 'n lewelose verhoog waarop goddelike en menslike krag uitgebeeld word eerder as 'n lewensnoodsaaklike bron van oorlewing wat ons weet dit veronderstel is om te wees. Die hele kosmos word inderdaad in Psalm 8 gesien as ondergeskik aan die mens. Psalm 8 staan dus in konflik met die eko-billike beginsels wat in hierdie studie onderskryf word, naamlik die beginsel van onderlinge verbondenheid (*Interconnectedness*), die beginsel van intrinsieke waarde (*Intrinsic Worth*), die beginsel van seggenskap (*Voice*), die beginsel van wederkerige kuratorskap (*Mutual Custodianship*) en die beginsel van weerstand (*Resistance*). In Psalm 8 word die aarde selfs sy reg om weerstand te bied ontnem. Dit moet onvoorwaardelik gee al word dit onvolhoubaar benut.

Carley (2000:112) moedig ons ook aan om Psalm 8 te lees vanuit vandag se konteks:



We are challenged by the environmental and social context of our own day to read from the marginalized position of the living Earth – its ecosystems are threatened, sometimes by deliberately greedy exploitation, sometimes by simple lack of awareness of Earth's fragility.

Om dus Psalm 8 in die lig van die eko-geregtige beginsels, soos hierbo genoem, te lees sal aangrypende verskille tussen die horison van die teks en die horison van die kontemporêre eko-teoloog openbaar. Maar volgens Carley (2000:114) stel die teks tog 'n sterk hiërgargie voor soos in Figuur 7 voorgehou.



Figuur 7. Die hiërargie van die teks

In hierdie interpretasie is die aarde stil, sonder seggenskap. Die teosentriese en antroposentriese fokus van die teks laat geen ruimte vir die stem van die aarde of sy nie-menslike bewoners nie (Carley 2000:115). Die hiërargiese dualisme wat die koninklike van die gewone onderskei is duidelik 'n belangrike faktor in Psalm 8. Met verwysing na Psalm 8 verwys die skrywer van Hebreërs 2:5-9 na Jesus as die enigste, tot dusver, wat oor die hele skepping gesag het. Maar Psalm 8:7 bevestig dat God die mens laat heers oor die skepping, en alles onder sy voete stel. Die Hebreeuse woord *mašal* wat in Psalm 8:7 met “heers” vertaal word beteken ook om “gesag uit te oefen oor”. Dieselfde woord word in Josua 12:2 en Jesaja 19:4 gebruik om die koning se gesag uit te beeld, maar dieselfde woord word ook gebruik om God se heerskappy uit te beeld (Ps. 22:29; vgl. Carley 2000:118). In Genesis 37:8 word *mašal* gebruik om die heerskappy van een kind oor 'n ander te beklemtoon. Dieselfde woord word ook in Genesis 3:16 gebruik om die heerskappy van die man oor die vrou uit te beeld.

Volgens Carley (2000:118) is Genesis 1:28-29 'n teks wat gereeld met Psalm 8 vergelyk word. Sy wys dat *radah* wat hier gebruik word om “heers” te vertaal 'n woord is met sterk onderdrukkingskonnotasies. Die woord “*kabash*” in Genesis 1:28, wat vertaal word met “onderwerp” beteken om te onderwerp, om onder te sit, om onder te hou, om te forseer, of om in 'n gevangenekamp in te bring. Hierdie woord word gebruik om te verwys na mense wat in slawerny gebring word (Neh. 5:5), die verkragting van 'n vrou (Est. 7:8), en om nasies te onderwerp (2 Sam. 8:11; vgl. ook Carley 2000:118). Dit is dus duidelik dat hierdie woorde 'n gewelddadige heerskappy uitbeeld sonder enige perke aan hoe ander lede van die aardegemeenskap behandel moet word. Psalm 8:7 is dus problematies vir 'n eko-vriendelike lees van die teks “...onder sy voete”. Maar wie sorg vir die skepping? Psalm 8 se antwoord is voor die handliggend: God! En God se mense behoort hom na te volg! Die frase “...die werk van u vingers,” (v.4) en die frase “werke van u hande” (v.7) staan in harmonie met mekaar. Volgens Carley (2000:120), insinueer hierdie parallel dat die mens ook heerskappy het oor die hemel, maan, en sterre, of ten minste in 'n figuurlike sin van die woord. Terwyl Psalm 8:8-9 die aardegemeenskap uitsonder wil dit tog lyk of die teks heerskappy oor die ganse kosmos uitbeeld. Die belangrike vraag is: Tot wie se voordeel strek Psalm 8, of wie se belange word deur hierdie psalm bevoordeel? Die aarde se belange staan beslis nie sentraal in hierdie psalm nie. Carley (2000:122), vanuit 'n feministiese perspektief, voel dat Psalm 8 'n tipiese voorbeeld is van 'n dominerende manlike ego. Verder skryf sy dat onteiening en kommodifisering van grond deel was van koninklike gedrag (vgl. 1 Sam. 8:14). Volgens haar was die daaropvolgende ongeregtigheid die oorsaak van baie vae profetiese interpretasies.

We see reflections of such behavior in the contemporary promotion of national statehood, trading cartels and free-market economies that do not share the goods of the Earth equitably among people, and do not demonstrate consideration for other creatures and the inanimate environment (Carley 2000:122).

Carley (2000:122-123) wys daarop dat daar in die konteks van die Babiloniese hegemonie 'n tyd was waar die mense geglo het dat die son en maan goddelike kragte was, en dat hulle toekoms in die sterre voorspel kon word, maar volgens haar het daar 'n demitologisering van hierdie elemente plaasgevind. Sy vind dieselfde demitologisering in Psalm 8:

The problem is that the cost of such demystifying has been acceptance of domination as an acceptable means of dealing with life's uncertainties. It also results in the neglect of the unity of the cosmos, not to mention the suffering of animals and Earth as victims of this domination (Carley 2000:123).

William James maak die volgende opmerking:

...our sacred books and traditions tell us of one God who made heaven and earth, and, looking on them, saw that they were good. Yet, on more intimate acquaintance, the visible surfaces of heaven and earth refuse to be brought by us into any intelligible unity at all (Carley 2000:123).

Miskien moet ons vandag erken dat die mens so dominerend geword het dat sy houding die voortbestaan en oorlewing van duisende spesies bedreig. So skryf Carley (2000:123-124) vanuit die aarde se perspektief:

*O God of depths and heights, of infinite expanse and every place,
your glory is seen in all things.*

*In gentle, persistent growth unnoticed by humankind,
in diversity prodigious that takes place in my soil,
your glory is displayed to those with eyes to see.*

*How foolish humans are to assume your ways are as conflicted as their own,
to think you deal with enemies as they do.*

*Your love surrounds those who oppose you,
for your justice always comes with mercy
and new beginnings.*

*When I look at the sky, how wonderful the whole creation is!
You care for sparrows, feed the lions,
and still find time to care for human beings!*

*The warring of those who think themselves superior
Makes me a place of horror-
their weapons seem to threaten all life.
In greed they force growth – or poison it,
destroying forests I can never replace in their lifetimes.
Must I die that they might learn the outcome of their foolish selfishness?
What arrogance: they think you have put them in charge!
Yet they depend on their fellow creatures
for clothing, labour, food, for air and water-
which they pollute in ways they now perceive only dimly.*

*You never willed them to be conquerors,
rather partners in the unfolding of your bounty.
They have not yet learned the lessons of exodus and exile,
and taught so well by their monarchs,
that subjection brings resistance,
which you bless with liberation.*

*Yet still you care for them.
O God of depths and heights, of infinite expanse and every place,
May your glory be seen in all things.*

Keith Carley

2.3.2 Die Nuwe Testament

Die eerste vraag wat opkom wanneer daar na die Nuwe Testament verwys word, is die vraag na eko-billikheid. Kan 'n mens "groen" dimensies in die "geestelike" Nuwe Testament verwag? Met kontemporêre Nuwe-Testamentiese interpretasies kry 'n mens die idee dat Christene so Christus-bedwelmd en verlossingsgerig is dat omgewingskwessies totaal buite rekening gelaat word. Baie Christene dink dat al hulle energie gewy moet word aan evangelisasie eerder as om die omgewing te help bewaar. 'n Eko-billike lees van die Nuwe Testament toon egter dat evangelisasie en 'n gepaardgaande godvrugtige lewe nie apart van omgewingsverantwoordelikheid staan nie. Alhoewel nie alle tekste in die Nuwe Testament eko-billik versoenbaar is nie, is daar nietemin genoegsame bewyse van God se wil rondom hierdie kwessie en die gepaardgaande verantwoordelikheid aan die gelowige se kant.

2.3.2.1 Skepping: die kompas na God (Matteus 2)

Die Nuwe Testament begin wel met die geboorte van Jesus, maar daarmee saam speel die skepping 'n rol in die aankondiging van hierdie gebeurtenis (Mat. 2:2b; Jes. 60:3). Dit wat aan Hom behoort, openbaar Hom, naamlik "Sy Ster" (Mat. 2:7,9). In Matthéüs 2:9 word die ster wat voor die wyse manne uit gegaan het, met ander woorde, die ster, wat in die Bybelse tyd gedien het as 'n kompas (vgl. Hand. 27:20) word hier ingespan om die wyse manne na Jesus toe te lei. Om eer aan hierdie Koning te betoon word Hy bedien met skatte van die aarde, naamlik goud en mirre (Mat. 2:11). Hierdie onderlinge verbondenheid tussen die ster en die wyse manne word dan ook die medium wat die mens tot op die punt bring waar hy eer aan God bring. In Matthéüs 3:1-2 roep Johannes die Doper vanuit die woestyn. Alhoewel die woestyn 'n dorre, droë streek van dors en dood is, is die boodskap van Johannes 'n boodskap van hoop. Intrinsieke waarde word aan die woestyn toebedeel; vir God is dit belangrik (vgl. Job 38:26).

2.3.2.2 Die eko-billike implikasies van die Onse Vader-gebed (Matteus 6:9-13)

Die Onse Vader is seker die gebed wat die grootse rol in die gelowige se lewe vervul. Min ander gebede, indien enige, is so algemeen bekend soos die “Onse Vader”. As die “Onse Vader” Christelike teologie so gevorm het en ‘n boodskap van hoop en inspirasie aan die post-Christelike wêreld stuur, is dit paslik om hierdie gebed in dialoog te bring met een van die mees dringende sake wat die hele aardegemeenskap in die gesig staar: die ekologiese krisis. In die aangesig van die ekologiese degenerasie van die aarde, die see en die atmosfeer, is dit paslik om vrae van eko-billikheid na hierdie teks te bring. Sou hierdie belangrike gebed waardes en norme ten opsigte van eko-billikheid openbaar, is dit die gelowige se verantwoordelikheid om sy hart oop te stel en toe te laat dat hierdie waardes in sy lewe verandering teweegbring.

Dit word vandag algemeen aanvaar dat die bewoording van Matthéüs 6:9-13 as ‘n model dien eerder as dat dit spesifieke woorde is wat gebid moet word (Balabanski 2000:152). Balabanski (2000:154) deel die gebed in twee dele, waarvan die eerste deel verse 9-10 beslaan en die tweede, verse 11-13. Volgens Balabanski (2000:155) begin vers 9 met ‘n kosmologie waar God verwyder is van die aarde: “Onse Vader wat in die hemel is”, met ander woorde, die gebed open met ‘n dualisme tussen hemel en aarde. Die hemel word uitgebeeld as God se woonplek en die aarde as die arena van God se heerskappy. Hierdie ruimtelike dualisme intensiveer in die frase “soos in die hemel net so ook op die aarde.” Volgens Balabanski (2000:155) kontrasteer hierdie ruimtelike dualisme die manier waarop God se naam in die hemelse sfeer geheilig word, waarop Sy heerskappy uitgevoer word en hoe Sy wil geskied, met hoe dit op die aarde gedoen word. God het die hemel en die aarde gemaak, en Jesus wil sien dat God se wil op aarde uitgevoer sal word soos dit in die hemel uitgevoer word. Die gebed is dus ‘n aansporing dat die aarde God se naam, sy heerskappy en sy wil so duidelik sal reflekteer soos dit in God se eie teenwoordigheid geskied. Aangesien hierdie eerste gedeelte in die derde persoon geskryf is, laat dit volgens Balabanski (2000:156) ruimte vir iemand om hierdie wil van God op die aarde uit te oefen. Deur hierdie gebed te bid maak die bidder homself dus medepligtig aan die uitvoering van hierdie aksies op die

aarde. Dit is met ander woorde 'n geval waar die Skepper en die skepsel in harmonie saamwerk in 'n skeppingswerk waar die ruimtelike dualisme tussen hemel en aarde afgebreek word (vgl. Balabanski 2000:156). Die hemel en sy gemeenskappe is met ander woorde nie passiewe objekte van die skepping nie, maar hulle is mede-skeppers saam met God, in sy groter doel, wat in hierdie gebed uitgebeeld word, naamlik die erkenning van God se naam, heerskappy en wil deur die ganse skepping.

Die "Earth Bible Project" se tweede beginsel van eko-geregtigheid lui dat die aarde 'n gemeenskap is van onderling-verbonde lewende wesens wat gemeenskaplik afhanklik is van mekaar vir lewe en oorlewing (vgl. Habel 2000a:24). As dit so is beklemtoon die drie versoeke in verse 9-10 dat God deel is van hierdie onderlinge verbondenheid wat nuwe skeppingsmoontlikhede teweegbring (Balabanski 2000:156). Die eerste gedeelte van hierdie gebed begin dus met 'n dualisme waar God ver is, maar sluit af met 'n versoek dat hierdie afstand verwyder moet word. Wie word dus by hierdie gebed ingesluit en wie nie? Almal wat kies om hierdie gebed te bid word ingesluit, dus alle Christene.

Volgens Balabanski (2000:157) bring die woord "aarde" waarmee die eerste gedeelte van die gebed eindig 'n verandering mee in die versoeke wat na God gebring word. Die drie versoeke in die eerste gedeelte van die gebed rig 'n uitnodiging dat die dualisme tussen hemel en aarde afgebreek sal word, terwyl die versoeke in die tweede gedeelte (vv.11-13) daaglikse kwessies aanspreek, naamlik die behoefte aan brood, die realiteit van skuld, versoeking en die bose. Die behoefte aan brood, die realiteit van skuld en versoeking en die invloed van die bose bedreig nie net die mens nie, maar die hele aardegemeenskap (vgl. Jer. 12:4; Hos. 4:3). Die behoefte aan brood spreek onmiddellik die kwessie van volhoubare landbou aan. 'n Ongesonde ekosisteem, globale verhitting, water en lugbesoedeling is maar net van die sake wat die aarde se vermoë om volhoubaar te produseer beïnvloed. Balabanski (2000:157) toon dat die kwessie van skuld ook die breër aardegemeenskap bedreig. Die swak koopkrag van sommige lande se geldeenheid plaas die gemeenskappe sowel as die natuur onder groot druk. Minerale bronne en woude word verwoes. So roep die mense, die hele

aardegemeenskap, uit na verlossing van skuld. Die derde versoek, dat God ons nie in versoeking moet lei nie, het volgens Balabanski (2000:158) 'n praktiese betekenis. Dit is 'n versoek dat God ons sal spaar van 'n tyd waar mens en dier omkom weens hul booshede (vgl. Eks. 17:2; Ps. 95:7-8; Jer. 12:4; Hos. 4:3). Waar die mens God versoek lei die hele aardegemeenskap daaronder. Selfs vandag is dit 'n algemene probleem in die wêreld dat daar nie genoegsame drinkwater vir almal is nie. Die finale versoek is dat God ons van die bose moet verlos. In hierdie wêreld word ons daaglik gekonfronteer met die bose en met selfsugtige en verkeerde besluite. Jakobus 4:1 bevestig selfs dat oorloë sy oorsprong uit wellus het. Die gevolg en invloed van die bose in ons het dus katastrofiese gevolge vir die aardegemeenskap.

In die verhaal van Eksodus 16 word daar genoeg brood vir elke dag se behoefte voorsien. Maar een van die treffendste eienskappe van hierdie manna was dat dit nie oorgehou kon word tot die volgende dag nie (Eks. 16:19). Dié wat gulsig was, en meer geneem het as wat nodig was, het gevind dat die brood deur wurms bederwe word (Eks. 16:20). Kos wat nie uitgebuit of opgehoop kan word nie simboliseer volgens Balabanski (2000:159) 'n volhoubare wêreld, 'n wêreld waarin mense genoeg het om van te lewe, en waar gulsigheid sinneloos is:

Thus the daily bread is a multivalent symbol: it is a physical provision; a spiritual sign of God's covenantal care; a symbol of the eschatological future banquet; and a metaphor of a sustainable world.

In die lig van hierdie versoeke is dit dan duidelik dat die mens nie selfvergenoeg kan terugsit terwyl hy toekyk hoe die aarde se ekosisteme verwoes word, hoe spesies vir altyd verdwyn, hoe hongersnood en oorloë die aarde verwoes nie. Gelowiges kan hulle nie skaar by diesulkes wat tevredenheid in hierdie dinge vind nie. Maar eerder, deur hierdie gebed te bid, bely die gelowige 'n onderlinge verbondenheid met die skepping, waar hy daarvoor bid en saamwerk om die hele aardegemeenskap hierdie versoeking te spaar.

In hierdie gebed is die aardegemeenskap 'n lewende organisme waarin elke lid van die gemeenskap vir God kan aanroep om die bese te staan. Die doel van hierdie gebed is nie net God se koninkryk in die hemel nie, maar ook Sy koninkryk hier op aarde, sodat nie net die toekoms nie, maar ook die hede die arena van God se lewensgawes kan wees.

2.3.2.3 Jesus is die bron van kosmiese harmonie (Lukas 2:14)

Die mens moet erken dat die dinge wat die ekologie raak ervaar kan word op 'n sosiale sowel as op 'n ekonomiese vlak. Dit behoort mens daaraan te herinner dat hy deel is van 'n breër gemeenskap. Volgens Trainor (2000:178) het Lukas se gemeenskap bestaan uit boere, ambagslui en die sosiale élite. Verder skryf Trainor (2000:179) dat Lukas elke groep se verhoudings teenoor sy omgewing op 'n komplekse wyse uitbeeld, maar in terme van die beginsel van intrinsieke waarde het elke groep vanuit sy eie perspektief na die aarde gekyk. Van hierdie groepe het na die aarde gekyk as 'n "buitegroep". Simkins (1994:135) het hierdie "buitegroep"- versus "binnegroep"-dualisme al in antieke Israel se tyd opgemerk en in Lukas vind Trainor (2000:179) dieselfde hiërargie. In terme van die beginsel van wederkerige kuratorskap het die lede van Lukas se gehoor nie die aarde beskou as iets wat versorg hoef te word nie, dit is intendeel gebruik as 'n kommoditeit en 'n bron van heerskappy oor ander. Met ander woorde, in al drie groepe het die ekonomiese, politieke en godsdienstige aspekte van die Mediterreense lewe, gewoonlik in mekaar geweef, in twee takke verdeel, waar die een die ander domineer (Trainor 2000:179). Dit het weer op sy beurt 'n invloed gehad in die manier waarop die mense na die aarde gekyk het. Lukas korrespondeer met ander skrywers as hy sien dat dit die sosiale élite is wat die landelike gemeenskap domineer en uitbuit. Sommige mense moes by hulle naasbestaendes en vriende leen en het so onder 'n skuldvas gekom, ander was eenvoudig gedwing om die grond wat hulle geërf het aan die eienaars in absentia te verkoop, en om terwille van oorlewing na die stede te trek (Trainor 2000:180). Lukas skryf dus aan 'n landelike gemeenskap

sonder stem, en aan die sosiale élite, sowel as aan die stadsbewoners met rykdom en status.

Hierdie spanning waarvan Trainor skryf word baie mooi uitgebeeld in die verhaal van Jesus se geboorte. Josef en Maria was 'n plattelandse paartjie wat weens ekonomiese redes van Galiléa, uit die stad Násaret, na Judéa, die stad van Dawid, wat Betlehem genoem was, trek (Luk. 2:4). Weens die konvensionele stelsel van die élite in Betlehem moes Maria geboorte skenk in 'n stal waar sy vir Jesus in 'n krip moes neerlê omdat daar geen plek in die herberg was nie (Luk. 2:7). Volgens Trainor (2000:181) was die herberg onder bestuur van die élite en was die plattelandse mense nie daar welkom nie. Agter hierdie stelling is daar 'n boodskap vir die élitegehoor van Lukas se evangelie. Hierdie invloedryke en bevoordeelde gemeenskapslede, eienaars in absentia, skuldeisers en eienaars van gastehuse, sal uitgenooi word om hulleself te bekeer. Lukas se Jesus sal hierdie mense vra om hulle besittings te verloën, om deugsame en onselfsugtige gasvryheid te betoon aan almal, ongeag sosiale posisies, en om al die skuld van die armoedige plattelandse boere kwyd te skeld.

Lukas wil die aandag van sy lesers wegvat van al die besittings van die élite, die gastehuis of herberg (In Grieks, *katalyma*), en hy wil dit vestig op die plattelandse huishouding of plaas: die plek waar huishoudelike diere aangehou word sowel as die plek waaruit hulle eet, die krip. Lukas verwys drie keer na die krip om seker te maak sy lesers neem kennis daarvan (Luk. 2:7, 12, 16; vgl. ook Trainor 2000:182). Volgens Trainor (2000:182) is daar twee moontlike redes waarom Lukas klem lê op die krip. Die eerste is Christologies – die krip is 'n plek waaruit geëet word. 'n Groot deel van Jesus se bediening het rondom feeste en maaltye afgespeel. In Lukas 22:19 verwys Jesus na sy liggaam as brood wat geëet moet word en in Johannes 6:48 verwys Hy na homself as die brood van die lewe. Die tweede rede is ekologies – die krip verbind Jesus met die omgewing/grond. Volgens Jeremia 14:8 was God soos 'n vreemdeling in die land. Anders as by die herberg, ontvang Jesus 'n vriendelike verwelkoming van die mense wat van die omgewing/grond afhanklik is vir hulle voortbestaan. Hierdie omstandighede

bring Jesus dus in harmonie met die landelike mense en met die omgewing waarvan hulle so afhanklik is.

Trainor (2000:183-184) beklemtoon die spanning wat daar tussen die herders, boere en die élite bestaan. Hy wys ook dat hierdie spanning, wat somtyds op geweld uitloop, 'n voortvloeiende was van die verskillende groepe se wêreldbeskouings. Vir die boere, herders en ander plattelanders was die grond hulle bron van lewe, vir die élite was dit eiendom wat na goeie dinge gemanipuleer kon word. Die aarde was met ander woorde die oorsaak van verdeeldheid, soms geweld. In Lukas 2:14 kondig die engel aan dat die geboorte van Jesus vrede op aarde sal bring, met ander woorde vrede aan almal, en nie slegs aan een sosiale groep nie. Jesus se geboorte bring dus guns vir mens en natuur. Die verskillende wêreldbeskouings wat tot spanning, konflik en soms geweld gelei het, word nou reggestel – “vrede op aarde”. Trainor (2000:186) toon aan dat die aarde, wat voorheen 'n plek van spanning was, nou met die geboorte van Jesus 'n plek van harmonie word. Die beginsel van intrinsieke waarde en onderlinge verbondenheid word dus pragtig belig. Vanuit 'n ekologiese oogpunt is Jesus die bron van kosmiese harmonie.



2.3.2.4 Sonde is nie geïsoleer nie! (Romeine 8:18-22)

As ons vandag na die toestand van die wêreld kyk, die besoedeling van varswaterbronne, die vernietiging van woude, die abnormale klimaatsveranderinge, gronderosie, globale verhitting en ons bedreigde natuurlewe, kan ons nie anders as om Romeine 8:18-22 te beklemtoon nie. Paulus skryf:

...Want die skepping wag met reikhalssende verlanke op die openbaarmaking van die kinders van God. Want die skepping is aan die nietigheid onderworpe – nie gewillig nie, maar ter wille van Hom wat dit onderwerp het – in die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God. Want ons weet dat die hele

skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe (Rom. 8:18-22).

Volgens Byrne (2000:194) erken die meeste interpreteerders dat Paulus die geskape wêreld hier in gedagte het. Verder erken Paulus ook dat Adam baie meer is as net 'n enkel individu (Rom. 5:12-21). Paulus dui op die sondeval in Genesis 3, en sien vir Adam as 'n figuur van universele verval. Dit word dus baie duidelik vanuit Romeine 5:12-21 dat die mens se sondige daad nie tot individue geïsoleer kan word nie. Daar is 'n onderlinge verbondenheid wat alles verbind – in hierdie geval tot nadeel van die hele aardegemeenskap. Paulus wys daarop dat Adam die voertuig van sonde was soos wat Jesus die voertuig van genade is (Rom. 5:17). Die kern van die verhaal is hoop. Daar is hoop vir die mens, net soos daar hoop vir die skepping.

Omdat die mens saam met die hele skepping geskape is en die verantwoordelikheid ontvang het om daarvoor te sorg, deel albei in 'n gesamentlike lot. As die situasie met die mens agteruitgaan, het dit 'n negatiewe effek op die ganse skepping, en omgekeerd, as dit goed gaan, deel die skepping in die seën. Vir hierdie rede wag die skepping met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God in die hoop dat dit vrygemaak sal word van slawerny (Rom. 8:19, 21; Byrne 2000:197). In verse 20-21 verduidelik Paulus waarom die skepping hierdie hoop koester: "...dit is teen sy wil onderwerp" (Rom. 8:20; vgl. ook Gen. 3:17-19). As die mens in ere herstel word tot die guns van God, sal dieselfde beginsel van "algemene lot", wat nou in die teenoorgestelde rigting werk, van toepassing wees op die skepping, en die skepping sal vrygemaak en verlos word (Rom. 8:21; vgl. Byrne 2000:197). Dit sal gebeur

...when human beings respond to and act in accordance with the grace of God. Human partnership and custodianship of the material world is then genuinely an enactment of the grace of God, operative in Christ (Byrne 2000:200).

Waar die mens dus in ooreenstemming met die genade van God handel, word die negatiewe effek van dominansie vervang met die eko-billike gevolg van genade en verlossing, wat die werk van Christus in die mens uitbeeld.

Byrne (2000:201) stem saam met Boff (1995:51) as sy sê: “Human life would be meaningless if not situated within the context of wider material creation”. Ek voeg Boff se woorde by: “...if the soul could know God without the world, the world would never have been created.”

As die Christengelowige ‘n beelddraer van Jesus se genade en verlossing in hierdie wêreld wil wees, moet hy eerstens sy plek en doel as kurator en vennoot in hierdie wêreld besef en dit uitleef. As die kerk na die wil van God streef, sal sy gehoor moet gee aan die uitroep van die aardegemeenskap.

2.4 KONKLUSIE



Vanuit die rekonstruksie van Israel se natuur- en wêreldbeskouing is dit duidelik dat die natuur ‘n fundamentele rol gespeel het in die vorming van Israel se waarde-oriëntasies, ook in hulle verhouding met God. Die volk van God het ongetwyfeld hulle harmoniese verwantskap met die natuurlike wêreld besef en is saam met die aardegemeenskap geroep om tot die eer van die Skepper te leef.

Deur die ontleding van metafore en mites kon daar vasgestel word dat Israel ‘n noue verwantskap met die natuur gehad het, en dat hierdie verwantskap duidelik deur die kultuur en omgewing van die Bybelskrywers weerspieël is. Volgens Simkins (1994:46) is hierdie mites narratiewe verwerkings van kulturele gemeenskaplike realiteit. Israel se harmonie-met-natuur-oriëntasie bied ‘n regstelling op ‘n eensydige geskiedenis-georiënteerde wêreldbeskouing as sou laasgenoemde die enigste wees.

Beide die Ou en selfs “geestelike” Nuwe Testament het onteenseglike “groen” dimensies wat in die verlede misgekyk is en wat die harmonie-met-natuur-oriëntasie van die bybelskrywers telkens beaam. Die eensydige geskiedenis-georiënteerde (“verlossingsteologie”) interpretasie van die Bybel in die verlede is vir die verwaarlosing van die kerk se eko-etiese taak verantwoordelik. Na die blootlê van ‘n opvallende eko-billikheid in talle Bybelgedeeltes sal die kerk voortaan moeilik haar eko-verantwoordelikheid kan systap, as sy wel bely om die Bybel ernstig op te neem.

In wat verder volg sal die AGS van SA gespie?l en geweeg word teen die bybelsgefundeerde eko-billikheid in hierdie hoofstuk uiteengesit.



3 HOOFSTUK 3 - DIE APOSTOLIESE GELOOF SENDING VAN SUID AFRIKA EKO-BILLIK GEWEEG

3.1 INLEIDING

Daar is altyd iets vars en nuuts wat God vir sy kerk wil leer, deur mense tot 'n dieper openbaring van Homself te bring. Dit beteken dat die kerk se teologie verruim word, want God is baie groter as enige teologie. Soms wil Hy sy kerk in nuwe rigtings stuur wat met tye ongemaklik kan voel soos bekende territoria verlaat word om nuwes binne te gaan.

Die probleem is egter dat mense geneig is om vasgevang te word in ou paaie en ewe getrou die voorspelbare patrone bly volg. Die kerk vergeet egter om nuwe dinge te leer en so beroof sy haarself dikwels. Baie teoloë volg vandag die “jy leer nie 'n ou hond nuwe toertjies nie” – filosofie. Daar behoort nie “ou honde” in God se Koninkryk te wees nie. Hy wil hê sy kerk moet sy wil en sy woord verstaan en dit in haar lewe toepas.

Daar is veral drie gevalle waar God vir sy bruid 'n dieper openbaring van Homself wil gee: Eerstens wil Hy meer van Homself en sy natuur aan sy kerk openbaar. Tweedens wil Hy ook in hierdie dae meer aan sy kerk openbaar aangaande die verhoudings binne en buite die liggaam en laastens wil Hy meer aan sy kerk openbaar aangaande Sy verhouding met die res van die skepping.

Die AGS van SA het sigself toegelaat om onkundig te bly oor die ekologiese fasette van die Bybel, daarom is die doel van hierdie studie om 'n nuwe era in die kerk aan te kondig sodat die kerk eventueel meer sal leer oor God se skepping en wat haar reaksie daarteenoor behoort te wees.

Ongelukkig is die AGS van SA in hierdie stadium nie 'n bondgenoot in die ekologiestryd nie. Dit kom voor of die kerk nie die noodkrete van omgewingsbewustes hoor nie, en of

sy vergeet het dat die aarde net so deel van God se skepping soos die hemel is. Indien daar tog kennis van die probleem in die AGS van SA bestaan kan die kerk nie bekostig om die ekologiese krisis in die hande van natuurwetenskaplikes alleen te laat en haarself van hierdie verantwoordelikheid te onttrek nie. Lidmate is ongetwyfeld deel van die probleem; kan hulle nie ook maar deel van die oplossing wees nie? Is dit nie nou die tyd vir teoloë en ekoloë om hande te vat nie?

As die AGS van SA wel eko-sensitief is sal ek graag in hierdie hoofstuk wil vasstel tot watter mate daaraan uiting gegee word. Die slagspreuk van die kerk is: “Waar daar mense is sal jy die AGS vind.” Ongelukkig is dit ook so dat waar daar mense is jy ongeregtigheid teenoor die skepping vind.

Daar behoort nie skeiding plaas te vind tussen die geloofswêreld en die natuurwêreld soos dit tans die geval is in die AGS van SA nie. Die Woord van God kan tog nie losgemaak word van die werk van God die Skepper nie! Tog skemer daar ‘n bepaalde vyandskap tussen hierdie twee wêrelde in die kerk deur. Lidmate is meer daarop ingestel om in die hemel te kom en seën te geniet as wat hulle bereid is om die aarde en sy ingewikkelde kosmiese ontwerp te wil beskerm.

Toe Sir Thomas Moore in 1516 sy boek, *Utopia*, die lig laat sien, gee hy aan die wêreld ‘n woord wat uitdrukking gee aan ‘n droom wat lank reeds in die gemoed van die mens geleef het. Die woord “utopia” is afgelei van twee Griekse woorde wat onderskeidelik “goeie plek” en “geen plek” beteken. Hierdie dubbelsinnigheid bespeur ek soms by lidmate en pastore. Deur die eeue droom die kerk van ‘n wêreld wat anders en beter is as die een waarin sy haarself van dag tot dag bevind. Siekte, stryd, armoede, natuurrampe en ‘n tekort aan hulpbronne en alle ander probleme moet verdwyn in ‘n “nuwe” wêreld waar geluksalige vrede en vreugde alleen heers. Schäfer (1993:10-11) beweer dat dit veral uitdrukking gevind het in talle paradysoorleweringe wat in die oertyd bestaan het. Dit is uitgebeeld as ‘n plek waarheen die mens eendag weer sal terugkeer. Die gevolg van so ‘n uitgangspunt is dat die kerk haar huidige verantwoordelikheid teenoor en afhanklikheid van die aarde misken. Selfs hier in Suid-

Afrika vind ons dat die minderbevoorregtes steeds na 'n utopiese toestand sug. Ten spyte van die mens se fenomenale vooruitgang op tegnologiese gebied lyk dit asof die begeerlike *utopia* nog vër in die verskiet lê. Trouens, dit wil voorkom asof die sorgvrye wêreld telkens al verder buite bereik aanskuif. Maar wat van nou, wat van die wêreld waarin God die kerk geplaas het, gaan die AGS van SA 'n verskil maak?

Krige van die Departement Sielkundige Opvoeding te UNISA skryf in die *Pinksterboodskapper* (Nov.1993:24) dat oordrewe natuurbewaringsaksies nie net oor die bewaring van die natuur gaan nie, maar verband hou met die "New Age" -beweging (1993:24). Hy waarsku egter ook dat die goddelikheid in die natuur nie beskadig moet word nie. Die vraag is natuurlik: Waar behoort die Pinksterkerk die lyn tussen verantwoordelike natuurbewaring en oordrewe natuurbewaring te trek?

Dit blyk in die AGS van SA dat die natuur ondergeskik gestel word aan die Bybel se besorgdheid oor die mens se verlossing. Ten spyte van hierdie ekologiese armoede verkondig die kerk 'n baie sterk betrokkenheid by aspekte soos die versorging van armes, verwaarloosde kinders (bv. Villa Lubet) en vele ander, wat nie ver verwyderd is van eko-sensitiwiteit nie. Die armes moet gevoed word, maar kos alleen is nie die antwoord nie. As die AGS van SA vandag regtig iets aan armoede wil doen is die voorsiening van voedsel en komberse alleen nie die antwoord nie. Die kerk moet begin by 'n eko-sensitiwiteit en kennis van die biodiversiteit van ons wêreld. Die taak van die kerk behoort ook te wees om haar mense te leer wat dit beteken om hulle omgewing volhoubaar te benut. Deur dit te doen kom ons by die wortel van armoede.

Die ekologiese krisis van ons dag is nie vir die kerk nuus nie. De Smidt (2001:4) verleen erkenning aan die ekologiese probleme van oorbevolking, besoedeling, oorbenuiting van natuurlike hulpbronne, die vernietiging van bosse en oorbeweiding. Hy skryf "...ons is besig om die aarde dood te wurg en dit 'n sterwende planeet te maak".

Dit is goed dat die kerk deeglik ingelig is van die probleem, maar dit kan nie daar bly nie. Wat gaan die AGS van SA doen om 'n bondgenoot in die ekologiese stryd te word? Wat sal die kerk doen om 'n plek te kry aan die tafel van volhoubare ontwikkeling? Wat sê die kerk oor hierdie kwessie? Voorts gaan kortliks na 'n paar sleutel-artikels van die kerk se konstitusie gekyk word en die eko-billike implikasies daarvan toegelig word, al staan dit nie eksplisiet daar nie.

3.2 DIE PROBLEEM: EKOLOGIESE ONSSENSITIWITEIT

3.2.1 Amptelike verslae: Die konstitusie van die AGS van SA

Die konstitusie van Suid Afrika en ook ander lande dien as 'n grondslag vir wet en orde. Dit word die gedragskode waarby alle inwoners van daardie land hulle moet instel. Mense wat hulle nie by die gedragskode hou wat in so 'n konstitusie uiteengesit word nie, word as misdadigers beskou en is sodoende 'n bedreiging vir die harmonie en eenheid van daardie land. Die konstitusie van die AGS van SA dien dieselfde doel. Dit is naas die Bybel die invloedrykste geskrif in die kerk. Dit lê riglyne neer waarby alle gemeentes, leraars en lidmate hulle rig. Die doel van die konstitusie is om harmonie en eenheid in die kerk te bevorder. Wanneer iemand aansluit by die AGS van SA stem hulle in om hulle by die gedragskode van die kerk te hou. Die kerk se konstitusie kan dus 'n baie belangrike rol speel in die bevordering van 'n ekologiese bewustheid indien dit ruimte sou kon maak vir 'n verantwoordelikheid teenoor die Skepper se skepping.

Alhoewel daar indirek melding gemaak word van 'n verantwoordelikheid teenoor die skepping (A.1 – A.6), reflekteer die AGS van SA selde, indien ooit enige praktiese, doelbewuste benadering tot die kwessie.

3.2.1.1 Die kerk bestaan uit mense

Ingevolge artikel A.2.1 bely die kerk dat sy haar *ontstaan, voortbestaan en bestemming* van God het. Elke lidmaat besef dat die kerk uit mense bestaan. As die mense dus nie meer daar is nie, sal daar ook nie meer 'n kerk kan wees nie. Die artikel laat na om duidelik te sê wat lidmate eintlik ten diepste reeds weet. Lidmate besef dat God nie net die voortbestaan van die kerk verseker deur sy geestelike betrokkenheid en die verkondiging van die evangelie nie, maar ook deur aan die mense se onmiddellike behoeftes, naamlik gesonde kos en skoon drinkwater, vrugbare grond, reën en gunstige klimaat te voorsien. Dié artikel spel dit egter nie duidelik uit nie en behoort dit eintlik te doen. Sonder hierdie dinge is daar nie 'n kerk om te bedien nie. In hoofstuk 2 is die eko-billike dimensies van die Onse Vader-gebed vanuit 'n "groen" perspektief opgesom. Ons het in hierdie invloedryke gebed gesien dat Jesus die mens se behoefte aan daaglikse brood aanroer. Die uitroep: "Gee ons vandag ons daaglikse brood" behoort tog ook in hierdie geval die AGS van SA tot volhoubare landbou aan te moedig. Jesus gee erkenning aan die feit dat die kerk 'n rol moet speel in die instandhouding en beskerming van sy onmiddellike omgewing. Maar tot watter mate gee die kerk uiting hieraan? 'n Ongesonde ekosisteem, oorbevolking en lugbesoedeling is maar net van die sake wat die aarde se vermoë om volhoubaar te produseer beïnvloed. Die kerk se bestemming sal afhang van wat sy maak met die hier en nou. Die besluite wat hierdie kerk sal neem sal beslis ook tot 'n mate die lot van die kerk bepaal. Die AGS van SA se voortbestaan en bestemming is van God, alleenlik as die kerk uiting gee aan die wil van God in verhouding tot die mens in sy totaliteit.

Die AGS van SA bely ook dat sy *onder die heerskappy van Christus as Hoof* staan ooreenkomstig die *uitsprake van die Heilige Skrif*, die werking van die Heilige Gees en die bedieninge deur Hom ingestel (Artikel A.2.2). Alhoewel lidmate hulle onderwerp aan die heerskappy van Christus ooreenkomstig die uitsprake van die Heilige Skrif blyk dit vanuit die insigte van hoofstuk 2 dat lidmate sowel as hulle geestelike leiers tekort skiet aan kennis oor die "groen" dimensies van die Bybel. Kerklike en sosiale programme geniet voorkeur bo die "groen" uitsprake van die Bybel. Om onder die heerskappy van

Christus te staan beteken dat Christus nie alleen vir die gelowige die lewe is nie, maar ook die weg en die waarheid waarvolgens hy moet lewe, volgens Johannes 14:6. Om onder die heerskappy van Christus te wees, bely die AGS van SA dat sy sal vra: “Here wat wil U hê moet ek doen?” Die kerk sal alleenlik tot volle realisering kom as sy doen wat God wil hê sy moet doen, naamlik om ook gehoor te gee aan die “groen” aspekte van die Bybel. “Die uitgangspunt van die kerk is nie in die eerste plek om haarself – as iets sakraals – teenoor die wêreld – as iets sekulêrs – te handhaaf nie, maar om almal en alles onder die heerskappy van Christus te bring” (Möller 1991:320). Om ten volle onder die heerskappy van God te funksioneer, sluit dus ‘n eko-billike verantwoordelikheid in.

3.2.1.2 God as Skepper

Die AGS van SA glo in die ewige, drie-enige God, *almagtige skepper, onderhouer en regeerder van die ganse skepping* (Artikel A.3.1). God as almagtige skepper, onderhouer en regeerder van die ganse skepping is glad nie onbekend aan lidmate van die kerk nie. Reeds in Genesis maak ons kennis met God as skepper, onderhouer en regeerder van die ganse skepping. Alhoewel God as skepper nie ‘n onbekende konsep vir die lidmaat is nie, blyk dit tog dat die meerderheid van die kerk se lidmate verwyderd van die skepping leef. Lidmate bely wel God as die drie-enige Skepper, maar hulle staan selde by die skepping stil. As onderhouer verbind God Homself tot die skepping in Genesis 9:8-16. Ons lees selfs dat dit God se seën is wat aan die aarde sy vrugbaarheid en water verskaf sodat dit lewensonderhoudend kan wees. Psalm 65:10-14 stel dit duidelik:

U het die land besoek en oorvloed gegee; U verryk dit grootliks; die stroom van God is vol water. U berei hulle koring; ja, so berei U die land. U maak sy vore nat, sy kluite gelyk; deur reënbuie maak U dit week; U seën sy uitspruitsel. U kroon die jaar van u goedheid, en u voetspore drup van vettigheid. Die weivelde van die woestyn drup, en die heuwels

gord hulleself met gejuig. Die weivelde is bekleed met troppe kleinvee, en die dale is bedek met koring; hulle juig, ook sing hulle.

Omdat die AGS van SA erkenning verleen aan hierdie verbond wat God nie net met die mens nie, maar ook met die skepping gesluit het, erken die kerk daarmee dat wanneer die mense teen God rebelleer hulle ook die orde van die skepping versteur. Die AGS van SA se belydenis dat God die *outeur van die skepping* is (Artikel A.3.2) onderskraag die beginsel van orde in die skepping. Daar is nie in Genesis 'n spesiale plek vir die mens uitgesonder nie (hoofstuk 2). Lidmate moet dus besef dat hulle deel van die aarde is net soos enige ander lewende wese wat hier woon. Die hele skepping is onder die soewereiniteit van God. Genesis 2:7 en 3:19 bevestig dat selfs die mens uit die grond is en na die grond sal terugkeer. Daarom is die mens soos klei in die pottebakker se hand (Jer. 18:6; Job. 10:9). Die mens kan dus nie na goeddunke die harmonie versteur nie. Om hierdie verbond opnuut in die AGS van SA te karteer sal meebring dat die kerk weer in harmonie met die skepping leef. Droogtes, plaë, pessiëktes, onvrugbaarheid, hongersnood en armoede wat daaglik die voorbladnuus haal, is onlosmaaklik verbind aan die mensdom se onverantwoordelikheid teenoor die natuur en per implikasie teenoor die Skepper. Die kerk kan nie anders nie as om nederig te bely dat sy nie werklik op hierdie stadium uiting gee aan haar belydenis wanneer dit kom by die natuur nie.

Daar is 'n Godgegewe harmonie wat gehandhaaf behoort te word. As die kerk God as die outeur van die skepping bely, bely sy ook per implikasie die harmonie wat gehandhaaf behoort te word. Dit is reeds hier waar die AGS van SA kan skaaf aan haar wêreldbeskouing, want soos die hemel, is die aarde ook deel van God se skepping wat nie net geïgnoreer kan word nie.

3.2.1.3 'n Gebroke wêreld

As dit nie was vir Christus wat vlees geword het nie, sou dit vir die mens onmoontlik gewees het om God te ken. Christus moes net soos die mens deel van die skepping word sodat God deur Hom geken kon word. Die AGS van SA se belydenis van hierdie waarheid verleen erkenning aan God se liefde vir Sy skepping, waarvan alle mense deel is. Die kerk bely Jesus se *vleeswording*, dat Hy op die *aarde geleef het*, gekruisig is, gesterwe het en begrawe is, dat Hy uit die dood uit opgestaan het en opgevaar het na die hemel waar Hy aan die regterhand van die Vader sit (Artikel A.3.3).

Vir lidmate is hierdie waarheid oorbekend. Ongelukkig val die klem ten opsigte van die doel van Christus se vleeswording vir die gewone lidmaat op saligheid en die redding van sy siel, en kom die gedagte van die skepping nie eers by hom op nie, maar Boff (1995:51) bring 'n ander dimensie van Christus se vleeswording by die kerk tuis. Lidmate sal geleer moet word dat die geskape wêreld nie alleenlik beskou kan word as 'n brug na God toe nie maar ook as die plek waar die mens God aanbid en eer; dat die skepping die plek is waar God ontmoet word en waar van Hom geleer word; dat die siel ook die skepping nodig het om te leer wie God is. As die siel van die mens God kon ken sonder die natuurlike wêreld sou God dit dalk nooit geskape het nie. God wil teenwoordig wees in die verhouding tussen die mens en die natuur. Juis daarom maak Hy sy gedagtes aan die mens bekend (Amos 4:13). Die AGS van SA moet dus deelneem aan die ekologie deur eerstens oor kennis daarvan te beskik en dit dan tot 'n handeling te laat ontwikkel.

Verder erken en bely die AGS van SA dat die Heilige Gees die wêreld oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel en dat Hy ons in die *hele waarheid* lei (Artikel A.3.4). Wat die kerk met hele waarheid bedoel is onduidelik. Dit wil egter voorkom (vgl. Artikel A.3.5) dat hierdie "hele waarheid" slegs gefokus word op dit wat vir saligheid nodig is. Vir lidmate beteken dit eerstens dat die Heilige Gees hom/haar tot versoening met God lei en dan tot kennis van God se wil vir sy/haar lewe bring. Daar bestaan egter 'n geneigdheid dat hierdie Godeïnspireerde waarheid veral gefokus word op die God-

mens- en die mens-mens-verhouding. Die mens-natuur-verhouding bly merendeels buite fokus. Inderdaad skep hierdie “hele waarheid” ruimte vir ‘n eko-sensitiwiteit.

Alhoewel saligheid lewensbelangrik is moet die lidmaat insien dat die Bybel ook duidelike riglyne gee vir die salige se verantwoordelikheid teenoor sy omgewing. Die AGS van SA bely dat die Bybel gesaghebbend die wil van God verkondig. Waarom dan nie ‘n eko-billikheid kweek waarby die ingewikkelde kosmiese ontwerp kan baat nie? Die hemel en die aarde en alles wat daarbinne woon is vir God belangrik. Die mens is geneig om die natuurlike wêreld as ‘n lewensondersteunende sisteem te beskou, ‘n masjien wat ontwerp is om menslike lewens te produseer en te onderhou (Quinn 1992:69). Die kerk bely ook dat die Heilige Gees haar oortuig van geregtigheid. Op grond van die voorafgaande hoofstukke is dit duidelik dat hierdie geregtigheid net soveel geld vir die skepping soos vir die mens en daarom is dit die AGS van SA se goddelike plig om toe te laat dat die Heilige Gees haar ook kan oortuig van die geregtigheid wat sy teenoor die skepping moet laat geld. Hierdie eko-geregtigheid word eerstens deur God gedemonstreer, juis sodat die kerk Hom sal navolg.

3.2.1.4 Die kerk se openbare beeld

Die kerk is verantwoordelik vir die verkondiging en *demonstrasie* van die evangelie en God se wil vir alle mense (Artikel A.3.8). Oor die algemeen verstaan lidmate hierdie demonstrasie in terme van Jesus se karakter en gesindheid, veral teenoor ons medemens. Alhoewel die openbare beeld van die kerk hoog aan die prioriteitslys van elke pastoor is, is daar weinige beklemtoning van ‘n eko-billike gesindheid teenoor haar onmiddellike omgewing. Die kerk moet egter erken dat sy nie ‘n effektiewe demonstrasie van die evangelie kan wees terwyl sy passief toekyk hoe die skepping vergaan nie. Soms blyk die kerk so hemelgesentreerd te wees dat sy aardevreemd is. Omdat die kerk die Bybel as God se gesaghebbende Woord bely kan sy nie anders as om toe te laat dat die gesaghebbendheid van die Bybel tot sy volle reg kom nie, wat ook eko-geregtigheid impliseer.

Die AGS van SA sien haar roeping deels om die behoeftes van die mense in *totaliteit* aan te spreek (Artikel A.4.3), en om haar mense te ontwikkel, toe te rus en geleentheid vir bediening te gee (Artikel A.4.4). Daar is 'n algemene tendens onder lidmate dat hierdie totaliteit eindig by dit wat die mens moet hê om gesond te kan lewe. Indirek boet die skepping daarvoor. Die prentjie word egter nooit omgedraai sodat die skepping aan die ontvangkant staan nie. Dit wil voorkom asof lidmate hulle toegang tot noodsaaklike lewensbronne as hulle reg beskou. Die aarde moet aanhou gee. Lidmate blyk oningelig te wees wanneer dit kom by die onderskeid tussen regte en voorregte.

Om die mens in sy totaliteit aan te spreek is ook om hom aan te spreek oor sy gebruik van natuurlike hulpbronne. Almal het skoon water, gesonde kos en suiwer lug nodig om te kan leef, net so is daar ook 'n behoefte aan reën, vrugbare grond en sonlig. Ongeag daarvan is daar lidmate wat rommel strooi, die lug besoedel, onoordeelkundig jag maak op 'n verskeidenheid van skaars diersoorte, en alles wat in en om hulle huise leef uit te wis. Vlermuise word soms vergiftig as hulle in dakke woning maak, en tuine word met uitheemse plante beplant. As die kerk haar mense wil ontwikkel beteken dit dat hulle in totaliteit ontwikkel moet word. Om geleentheid vir bediening te skep moet ook beteken dat daar geleentheid moet wees om 'n verskil te maak in die omgewing. Die kerk is relatief stil wanneer dit by hierdie saak kom. Ontwikkeling en bediening is meer mensgesentreerd en gevolglik ekologies afdgeskep. 'n Teenstrydigheid is die gevolg.

Indien die kerk werklik 'n invloed buite haar grense wil uitoefen (vgl. Artikel A.4.5) sal sy moet begin werk aan dit wat almal raak, naamlik die omgewing. Die natuurlike omgewing kan 'n meer prominente rol na aanleiding van die Groot Opdrag van Matteus 28:19-20 vervul. Die kerk behoort daarom nie net haar lidmate van hulle eie verlossing te leer nie, maar ook van die verlossing van die aarde volgens Romeine 8 en Kolossense 1:15-20, waar Christus se kosmiese versoening beklemtoon word. Die AGS van SA kan begin deur haar mense te leer om die fyn balans in hulle omgewing se ekostelsels te besef, en dit deel te laat wees van die opdrag om "alles" te onderhou.

Samevattend: Alhoewel die kerk se konstitusie indirek ruimte laat vir 'n eko-billike etiek kan daar meer direkte uitsprake aangaande die kerk se verantwoordelikheid teenoor die natuurlike omgewing geformuleer word. Soos hierbo uiteengesit is daar beslis genoeg ruimte vir so 'n hernuwing. Dit sal sekerlik 'n belangrike uitdaging vir die kerk wees.

Dat die AGS van SA tot dusver nie regtig aandag aan hierdie uiters belangrike onderwerp verleen het nie is geen geheim nie. Die huidige president van die AGS van SA, dr. Burger, erken dat die kerk nog geensins op amptelike vlak aandag aan die aspek van eko-billikheid gegee het nie. Volgens hom het die kerk haar tot op hede bemoei met die eenheidsaak en haar sosiale verantwoordelikheid, wat uitsluitlik mensgerig is. Hy erken egter dat daar geen twyfel is dat die kerk op suiwer Bybelse gronde veel langer haar roeping ten opsigte hiervan kan vermy nie (Burger 2003a). Die gebrek aan betrokkenheid van die AGS van SA op ekologiese gebied laat dus groot ruimte vir toekomstige navorsing en betrokkenheid op hierdie gebied. 'n Bylae in die konstitusie van die kerk is dus onvermydelik.

3.2.2 Informele verslae

Byeenkomste in die AGS van SA, soos konferensies, werkersraadvergaderings en besigheidsvergaderings is van die mees invloedryke gebeurtenisse in die kerk. Wat hier volg is 'n kort opsomming van 'n paar van hierdie byeenkomste om die afwesigheid van eko-billikheid by hierdie geleenthede te beklemtoon. Alhoewel hierdie byeenkomste 'n gulde geleentheid vir eko-billikheid bied, sal verskeie moontlike redes vir die stilswye weergegee word.

3.2.2.1 Die ekologies-onsensitiewe openbare beeld van die kerk

- Tydens dr. Burger se openingsrede van die 1999 Werkersraadvergadering (Pretoria) beklemtoon hy dat heiligheid iets is wat in 'n groter mate deur die kerk

omhels behoort te word. Verder sê hy dat te veel wêreldgesindheid in die kerk insluip wat die lewens van kosbare mense verwoes, mense wat andersins 'n groot impak vir God se Koninkryk kon maak. Hy waarsku egter dat pastore daarteen moet waak dat menseregte beklemtoon sal word ten koste van menslike verantwoordelikheid (Notule van Werkersraadvergadering 1999:1.3.3.7). Alhoewel hy dit nie eksplisiet gestel het nie omsluit menslike verantwoordelikheid ongetwyfeld 'n eko-bewustelike verantwoordelikheid. Vir jare was die AGS van SA stil oor haar verantwoordelikheid teenoor die skepping van God, en is sy nog steeds.

- In Desember 2002 maak die Nasionale Leierskap van die AGS van SA haar meesterplan bekend. Deel van dié droom is om lidmate toe te rus vir die versorging en transformering van gemeenskappe tot die eer van God (Burger et al 2002:1), maar niks word gesê oor die aardegemeenskap nie. Deel van die versorging van 'n gemeenskap behoort ook te wees om hom toe te rus met kundigheid oor sy omgewing. Is dit wel die geval in die kerk? Die uitbuiting van die natuur is nie tot eer van God nie en het al tot groot verwoesting wêreldwyd gelei. Is die AGS van SA eko-sensitief genoeg om 'n verskil te maak?
- Volgens die AGS van SA se konferensieprogram van 10 tot 15 April 1990 (Maranatapark) is niks gesê oor die kerk se verantwoordelikheid teenoor die skepping nie (*Pinksterboodskapper* 1990:16-17). By 'n groot konferensie soos dié sou 'n mens so-iets op die agenda verwag het.
- Luidens die verslag van die Werkersraad (1990 te Maranatapark) word geen melding gemaak van enige betrokkenheid by bewaringsprogramme of eko-geregtigheid nie. Die fokus van die kerk was op hierdie byeenkoms die redding van siele (Langerman 1990:6-7). Die konferensieprogram van 6 tot 13 April 1993 omsluit ook geen teken van eko-geregtigheid nie (*Pinksterboodskapper* Jan. 1993).

- Ondanks die oorheersende bewusmaking deur die media aangaande die Wêreldberaad vir Volhoubare Ontwikkeling in Suid Afrika in 2001, toon die onlangse Algemene Besigheidsvergadering van die AGS van SA in 2002 geen verwysings of belangstelling daarin nie (vgl. *Algemene Besigheidsvergadering 2002*). Die weglating van so 'n belangrike gebeurtenis, veral omdat dit die kerk se verantwoordelikheid teenoor die skepping raak, stuur moontlik die uifers negatiewe boodskap na die gemeenskap dat volhoubare ontwikkeling die AGS van SA nie raak nie.

Verskeie redes word gegee vir die Pinksterkerk se stilswye oor haar ekologiese verantwoordelikheid waaroor in punt 3 hierna verder uitgebrei sal word.

- Vir Daniel Buford (Associate Editor, World Aflame Publications) sien die kerk nie haar ekologiese verantwoordelikheid as deel van die vervulling van die Groot Opdrag nie (2003).
- Mahlobo (sekretaris: AGS van SA) skryf die ekologiese armoede in die Pinksterkerk toe aan haar dualistiese wêreldbeskouing. Hy sê: "I think the main reason why Pentecostals do not take a stand on environmental issues is because of their dualistic world view, namely secular and spiritual as well as their theological emphasis on human salvation at the expense of the material world (2003)."
- Twining (President en Direkteur van Marah International) bevestig Mahlobo se rede en sien ook dat die Pinksterkerk se fokus op die geestelike ten koste van die materiële of fisiese wêreld is, en dat dit een van die hoofredes is wat aanleiding gee tot die kerk se ekologiese onverantwoordelikheid (2003).

Ongeag die AGS van SA se huidige onbetrokke posisie ten opsigte van haar ekologiese verantwoordelikheid is sy tog in 'n ideale posisie vir baie positiewe veranderinge.

3.3 DIE OORSAKE VAN EKOLOGIESE ONSENSITIWITEIT

3.3.1 Moontlike oorsake vir 'n ekologiese onbewustheid in die AGS van SA

Waarom die AGS van SA tot op hede nog nie ekologies betrokke geraak het nie is moeilik om te antwoord (vgl. ook punt 2.2.1). Buiten vir die feit dat ekologie in die AGS van SA miskien onbewustelik agterweë gelaat is, is dit onaanvaarbaar om te dink dat die kerk vir so lank stil kon wees oor 'n onderwerp wat almal direk raak.

Soos reeds genoem, is een rede vir hierdie armoede die kerk se fokus op eenheid en sy sosiale verantwoordelikheid (Burger, 3 Julie 2003). Aangesien hierdie "sosiale verantwoordelikheid" tot op hede skynbaar op sosiale interaksie gefokus het (vgl. al die amptelike en nie-amptelike verslae) is die verantwoordelikheid teenoor die omgewing uitgesluit. Die fokus was duidelik meer antroposentries as skeppingsentries.

Kruger (2003) van die konsortium vir Volhoubare Landbounavorsing en Opvoeding vir die *Assemblies of God* in Amerika het soos volg gereageer op die gebrek aan ekobilikheid in Pinkstergeledere:

Some of the reasons that Pentecostal churches have not made any stands on the environment is that the priority issue of our denominations tends to be "salvation" and other critical issues are not perceived as things that need to be addressed by the denominations, but rather left to individuals to make decisions on. This is a systemic problem in our church denominations that stems from our origins and structural development.

Die dualistiese wêreldbeskouing in die AGS van SA, die skeiding tussen die sekulêre en geestelike, sowel as die teologiese klem op die redding van die mens ten koste van die materiële wêreld is vir Mahlobo (2003) een van die ooglopendste redes waarom die kerk onaktief is in sy ekologiese verantwoordelikheid. Op grond van hierdie dualisme fokus die kerk oor die algemeen meer op die tweede koms van Christus en word die periode tussen die hemelvaart en die tweede koms van Christus grootliks geïgnoreer. Vir Mahlobo is hierdie eskatologiese perspektief een van die hooforsake vir die AGS van SA se ekologiese onkunde (Mahlobo 2003). Buford verskil ietwat van Mahlobo en beskou nie die kerk se kontemporêre ekologiese onbetrokkenheid as ekologiese onkunde nie, maar wyt dit bloot daaraan dat die kerk se fokus elders is (2003). Burger (2003) sluit aan by wat Buford sê en bevestig dat daar tradisioneel hoofsaaklik op die skepsel gekonsentreer is en nie genoegsaam op die skepping nie. Burger voer voorts aan dat die wêreld slegs as 'n tydelike tuiste beskou word. Laasgenoemde is waarskynlik die mees algemene oortuiging onder lidmate van die AGS van SA. Dit laat rooi ligte flikker vir 'n ekologiese bewustheid.

3.3.1.1 Moderne blindekolle: Dualisme

Enige kerk wat beïnvloed is deur die Westerse kultuur het op die een of ander manier die ingesteldheid dat die geestelike wêreld geskei is van die fisiese of materiële wêreld. Bryant Myers, in sy boek *Walking with the Poor: Principals and Practices of Transformational Development*, noem hierdie ingesteldheid die "Moderne blindekol" en die "Groot skeiding". Die oorsprong van hierdie skeiding was volgens Twining (2003) die Verligting, wat in die sewentiende en agtiende eeu na die meeste Westerse lande versprei het. Dit het selfs oorgevloei na die Westerse kerke, wat weer op hul beurt 'n invloed op die Pinksterkerke gehad het. Dit het veroorsaak dat mense God op Sondag in die geestelike wêreld ontmoet en vir die res van die week in die materiële wêreld werk. Die kerk het toegelaat dat sy haarself tot die geestelike wêreld relegeer, terwyl sy dit aan die staat en wetenskap oorgelaat het om alleen verantwoordelikheid te aanvaar

vir wat met die materiële wêreld gebeur. Liefde vir God is geestelik, terwyl liefde vir die buurman in die fisiese, materiële wêreld plaasvind.

Die meeste Pinksterkerke beklemtoon evangelisasie, wat geestelike werk is, en onderbeklemtoon sosiale (insluitende ekologiese) aksies, wat werk in die fisiese wêreld is. Myers stel dit so:

This false dichotomy leads Christians to believe that God's redemptive work takes place only in the spiritual realm, while the world is left, seemingly, to the devil (Myers in Twining 2003).

Hierdie bogenoemde siening is 'n onbybelse wêreldbeskouing (vgl weer hfst 2). Myers stel dit duidelik:

The biblical worldview is holistic in the sense that the physical world is never understood as being disconnected or separate from the spiritual world and the rule of the God who created it. Moreover, Christ - the creator, sustainer, and redeemer of the creation - is both in us and interceding for us at the right hand of God the Father. The fact that the Word became flesh explodes the claim that the spiritual and physical can be separated meaningfully (Myers in Twining 2003).

Omdat daar 'n geneigdheid in die AGS van SA bestaan om 'n digotomie tussen die geestelike en die fisiese of materiële wêreld te aanvaar wanneer dit by haar ekologiese verantwoordelikheid kom, beperk die kerk soms onbedoeld die omvang van beide sonde en die evangelie. As God se bemoeienis slegs beperk word tot die geestelike, word die sonde wat die mens van God skei slegs tot iets persoonliks beperk. Dit bring die kerk, en in hierdie verband spesifiek die AGS van SA, in die versoeking om die omvang van redding slegs tot die geestelike of persoonlike sfeer te beperk. Die volle impak van sonde in die materiële wêreld van die ekonomie, politiek, kultuur en selfs die kerk as 'n instansie word dus al moeiliker sigbaar. Dit word selfs moeiliker om te besef

dat God se verlossende en reddende werk tot binne in hierdie vuil en sondevervalle wêreld kan strek.

Deur die omvang van die sonde tot die persoonlike siel te beperk, wat gebeur as die kerk die skepping uitsluit, beperk sy onbewustelik ook die omvang van die evangelieboodskap. Dit moet verander. God se heerskappy omvat die geestelike sowel as die fisiese, materiële wêreld. Die verlossingswerk van Jesus Christus is nodig, wáár die sonde ook al penetreer het. Dit beteken dat die kerk haar definisie van verlossing sal moet hersien om meer holisties te wees, sonder om die betekenis daarvan te verloor in terme van die restourasiewerk in die mens se verhouding met God.

Dit blyk egter vanuit die bogenoemde of die AGS van SA oor die jare heen besluit het dat die omgewing deel is van die materiële wêreld, en dat daar weinig, indien enige, verband bestaan tussen die omgewing en die wil van God. Hierdie geneigdheid is al in die vroeë Pinksterkerk geïdentifiseer. Enige sosiale betrokkenheid was in die vroeë AGS van SA as onwenslik en in sommige gevalle selfs as sonde (die sg. “social gospel”) beskou (Burger 1987:307-309). Alhoewel die lidmate en pastore van die AGS van SA in die vroeë vyftigerjare van die twintigste eeu aangemoedig is om meer sosiaal betrokke te raak in die samelewing om sodoende die Pinksterinvloed te bevorder, was daar egter ook diegene wat sterk besware daarteen gehad het. Mense wat op sosiale en ekonomiese gebied in die samelewing betrokke geraak het, is daarvan beskuldig dat hulle die gees en invloed van die wêreld in die kerk inbring (Burger 1987:316-318). Hierdie waardeverskil het deels aanleiding gegee tot ‘n skeuring in 1958 wat ‘n donker baken van groot skade en verlies in die AGS van SA was.

Weens hierdie geskiedkundige wortels is daar ongelukkig selfs vandag nog ‘n geneigdheid by die AGS van SA, en ander kerke, om omgewingsake in die hande van wetenskaplikes te laat, en om hulle slegs met “geestelike sake” te bemoei.

Dit gee aanleiding daartoe dat die kerk nie so suksesvol op sekere gebiede is soos sy wil glo sy is nie. Die volgende voorbeelde ondersteun hierdie stelling:

- Die kerk slaag ongelukkig nie vandag daarin (of so blyk dit weens sy ekologiese onbetrokkenheid) om te erken dat die meeste omgewingsprobleme voortspruit uit die mens se sondige natuur soos hebsug, geldgierigheid, afgodery, materialisme en die uitwerking wat hierdie dinge op ons land het nie.
- Die kerk slaag nie daarin om te besef dat die liefdevolle God impliseer dat sy moet liefhê wat Hy liefhet, en dat dit die natuurlike omgewing insluit nie.
- Die kerk slaag nie daarin om te besef dat naasteliefde ook beteken dat sy nie enigiets sal doen wat die omgewing, waarvan ons naaste afhanklik is vir oorlewing, nadelig sal beïnvloed nie.
- Die kerk slaag nie altyd daarin om te erken dat die verlossingswerk van Jesus Christus vir die ganse skepping bedoel is, en dat sy hard moet werk om die verwoestende effek van die sonde op die natuurlike omgewing moet afweer nie.

Sou die AGS van SA weer opnuut uiterlike gestalte aan haar getuienis gee wanneer dit by haar ekologiese verantwoordelikheid kom, sal die kerk beslis meer sigbaar en relevant wees vir die aardegemeenskap, maar nog meer sal sy daarin slaag om die volle omvang van die evangelie en God se genade te demonstreer. Hierdie nuwe bewustheid behoort aanleiding te gee tot 'n vars vertrekpunt.

Wat bydra tot hierdie dualistiese denke is die siening van hemel en aarde as digotomies. Klop dit met die Bybel? Vervolgens val die fokus op die “nuwe hemel en nuwe aarde” (Open. 21:1-22:5) soos gereflekteer deur De Smidt, Reid en Möller. Lidmate stel per slot van sake meer daarin belang om in die hemel te kom as wat hulle bereid is om die aarde te beskerm. Die kerk het nodig om weer na sy leer aangaande die hemel en die hiernamaals te kyk.

3.3.1.2 Die hiernamaals: Die “hemel” probleem

3.3.1.2.1 Vernietiging versus Herskepping

Wat sal by die wederkoms van Christus met die aarde gebeur? De Smidt (2000:17-19) verduidelik dat die aarde sekerlik nie sal bly soos ons dit nou ken nie. Hy voer aan dat ons weens die vloek op die aarde tans buitekant die paradys woon. Verder skryf hy al die ruwe natuurelemente, die dorre woestyn en die natuurrampe op land en see aan hierdie vloek toe. Volgens hom maak die vyandskap tussen mense onderling en tussen mens en dier dit bykans onmoontlik om op hierdie aarde, soos dit nou is, voort te bestaan. Hy beklemtoon egter dat daar aan hierdie aarde ‘n einde sal kom. Bybeltekste wat ‘n belofte van ‘n nuwe aarde uitbeeld, soos Romeine 8:19-20, 22, 2 Petrus 3:13 en Openbaring 21:1, staan ten gunste van so ‘n siening. Volgens De Smidt (2000:17) is die Bybel nie onduidelik oor wat met die “ou” aarde gaan gebeur nie.

- Psalm 102:27 “Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar U sal bly. Soos ‘n kledingstuk verslyt, so sal alles vergaan....”
- Jesaja 34:4 “Al die hemelliggame sal wegsmeelt; die hemel sal soos ‘n boekrol toegerol word...”
- Jesaja 65:17 “Ek gaan ‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde skep, aan die wat daar nou is, sal daar nie meer gedink word nie...”
- Matteus 5:18 “Dit verseker Ek julle: Die hemel en die aarde sal eerder verbygaan, as dat een letter of letterstrepie van die wet wegval voordat alles voleindig is.”
- 1 Korintiërs 7:31 “...want hierdie wêreld soos ons hom ken, is aan die verbygaan.”

Hebreërs 12:26 “Nog een maal sal Ek nie alleen die aarde laat bewe nie, maar ook die hemel.”

Tekste soos hierdie is problematies vir 'n eko-billike etiek in die AGS van SA. De Smidt (2000) beklemtoon egter net wat oor die algemeen in die AGS van SA aanvaar word – dat die aarde soos ons dit ken sal vergaan.

Die implikasie van hierdie geloofsoortuiging lei daartoe dat lidmate nie daarin belangstel om hulle verantwoordelikheid teenoor hulle omgewing na te kom nie, want die aarde gaan in elk geval vergaan. Na my mening is dit 'n oortuiging met teenstrydighede. Aan die een kant moet die kerk besorg wees oor die armes en deel sy kos en komberse uit, maar aan die anderkant laat sy die skepping waarvan almal afhanklik is tot niet gaan.

De Smidt (2000) verduidelik egter wel dat dit nie die vernietiging van die aarde behels nie, ook nie 'n nuwe skepping is nie, maar 'n herskepping. Die gedaante van hierdie aarde sal totaal verander. Die sondige, vernietigende gedaante van die aarde sal verbygaan. Dit is dus nie 'n nuwe aarde in sigself nie, maar 'n aarde wat nuutgemaak is, nie 'n nuwe skepping nie, maar 'n herskepping (vgl. Reid 2000:240 en Möller 1994:471).

Soos wat die mens in sy hart 'n wedergeboorte moet ondergaan om in die Koninkryk van die Here te kom, so sal die gedaante van die sondige aarde ook 'n wedergeboorte ondergaan om by die nuwe staat van heerlijkheid te pas (Möller 1994:474). Eers word die gevolge van Adam en Eva se sonde en vloek weggeneem, uitgebrand, uitgesuiwer, dan sal die heerlijkheid van die gereinigde aarde deurwerk.

De Smidt (2000) se laaste gevolgtrekking, dat 'n herskepte aarde tot stand sal kom, is meer versoenbaar met 'n eko-geregtige etiek, wat beter harmoniseer met die vars insigte van Reid (2000) gebaseer op Openbaring 21:1-22:5. Vanuit Openbaring 21:2-3 is dit duidelik dat die hemel op die aarde sal neerdaal:

En ek, Johannes, het 'n nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is. En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees: en God self sal by hulle wees as hulle God.

3.3.1.2.2 *Hemel kom af en maak die aarde goed*

Openbaring 21:1-22:5 open met die finale deel van die openbaring aan Johannes: die visie van die nuwe Jerusalem. Die gedeelte omsluit 'n duidelike beskrywing van die heilige stad. Die poëtiese nuanses laat 'n mens terugdink aan die beskrywing van die beminde in Hooglied, en volgens Reid (2000) versterk dit die ooreenstemming met die bruid van Openbaring 21:1 en 21:9. Die visioen is ingelei deur die outoritêre “Ek sien”, waarop 'n beskrywing van die “nuwe hemel en die nuwe aarde” volg. Die eerste hemel en aarde het verbygegaan. Die see bestaan nie meer nie en dan volg 'n paar ooreenstemmende visioene van die nuwe Jerusalem. Johannes se verslag van die visioen bevat drie verskillende stemme en volgens Reid (2000) bevat die eerste en tweede stemme dieselfde tipe bevel, verklaring en belofte van 'n nuwe realiteit wat kom en van die ou realiteit wat verbygaan.

Die eerste stem: Die eerste stem (21:3b-4) is die stem van 'n engel wat van God in die derdepersoon praat.

Die tweede stem: Die tweede stem (21:5b-8) praat in die eerste persoon; dit is vermoedelik die stem van God self, of miskien – weens die inhoud van 21:6 – die stem van die verrese verheerlikte Messias, Jesus Christus self.

Die boodskap word geïntensiveer soos daar van die derde-persoon van die eerste stem na die eerste-persoon van die tweede stem beweeg word.

Die derde stem: Die derde stem (21:9b), nog 'n engel se stem, stem ooreen met die stem van die eerste spreker.

Reid stel die struktuur van die gedeelte met die volgende skema voor:

Visioen (21:1-4a)

Stem van engel (21:3b-4)

Stem van Christus (21:5b-8)

Stem van engel (21:9b)

Visioen (21:10-22:5)

Vanuit die middel van die verklaring van die visioen (en vanuit die middel van twee ooreenstemmende gedeeltes 21:1-3a en 21:10) kom die boodskap wat Johannes hoor. Die hoorbare stem interpreteer die visioen – dit is met ander woorde nie Johannes se verduideliking van die openbaring nie. Die boodskap van die eerste en tweede stem volg 'n ooreenkomstige patroon. Volgens Reid (2000:234) is die opdrag in beide gevalle minder belangrik as die boodskap wat volg; die imperatiewe van Openbaring 21:3 en 21:5 is bevele aan Johannes om op te let en neer te skryf. Johannes word nie gevra om te skryf wat hy dink nie, maar om te skryf wat hy sien.

Die eerste belofte (21:4b) word volgens Reid (2000:234) nie soseer gemik op die hoorder soos op die dood self nie. Die ironie is nou, dat die dood – wat onder die ou orde floreer – na die “vorige dinge” kom, dat dit sy eie krag vind in wat verbygaan. Die dood is volgens Openbaring 21:1-22:5 selfvernietigend. Hierdie gedeelte is met ander woorde 'n waarskuwing aan die hoorder of leser om nie sy vertrouwe op dinge te plaas wat, volgens hierdie visioen, verbygegaan het nie.

Die tweede belofte (21:8) van verbygaan is meer direk omdat dit die lot of bestemming van die verskillende tipes sondaars beskryf, veral met die klem op dié wat hulle skuldig gemaak het aan afvalligheid. Die krag van hierdie waarskuwing word verswak deur die afwesigheid van enige werkwoord – behalwe in die raaiselagtige verwysing na die “tweede dood” (Reid 2000:234).

Die klem val dus op die twee parallelle beloftes van die nuwe realiteit:

...die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees: en God self sal by hulle wees as hulle God. En God sal al die tranes van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweens en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan (Open. 21:3-4).

En

...Kyk, Ek maak alles nuut...Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar. Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet. Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom ‘n God wees, en hy sal vir My ‘n seun wees (Open. 21:5-7).

Hierdie uitsprake met verwysing na die huidige, en hierdie beloftes met verwysing na die komende realiteit, staan sentraal in die hele gedeelte. Volgens Reid (2000:235) intensiveer die uitspraak en die belofte van die tweede koeplet die boodskap van die eerste koeplet. Dit gebeur deur die herhaling van die woorde “[hy] het gesê”. Die derde herhaling verkry selfs meer beklemtoning met die byvoeging van die woorde “aan my”.

Die hele gedeelte van Openbaring 21:1-22:5 ontvang ‘n bykomende intensiteit vanuit die ryke Bybelse sinspeling in die teks. Verse 3-4 korrespondeer direk met die gebruik van dieselfde werkwoord in die voorwoord van Johannes se Evangelie: “En die Woord

het vlees geword en onder ons kom woon” (Joh. 1:14). Hierdie is ‘n eko-vriendelike metafoor van migrasie (Reid 2000:235). Hierdie nuwe staanplek van God verwys na die inkarnasie van God wat uitvloei na alle mense (Open. 21:3), dié wat deel het aan die nuwe hemel en die nuwe aarde.

Die gedeelte begin en eindig met ‘n beskrywing van ‘n visioen en daarmee gepaardgaande ‘n handeling van sien. Dit wat gesien word – die nuwe Jerusalem, die komende realiteit – dit word vergelyk met die bestaande realiteit: die aarde onder Romeinse keiserlike heerskappy. Volgens Reid (2000) is beide hierdie realiteite in ‘n proses – ‘n proses van “verdwyn” in die een geval, en ‘n proses van “kom” (neerdaal) in die ander geval. In kontras met die bestaande realiteit wat vermors en ontbloot word, is die nuwe realiteit versier en bekroon met heerlikheid. Hierdie heerlikheid word in grafiese en in hoogs poëtiese besonderheid in hierdie gedeelte beskryf.

Hierdie visioen (vgl. Eseg. 40:2), is in die eerste plek ‘n sintuiglike ervaring. Daar is geen wantroue in dit wat gesien word nie. Wat gesien word, word geglo en word as geloofwaardig oorvertel. Dit is alreeds ‘n betroubare bevestiging van ‘n liggaamlike sintuiglike waarneming, sowel as ‘n vaste vertroue in dit wat gesien word. Daarbenewens word hierdie visioen gesien vanaf ‘n hoë berg (21:10) en Johannes deel sy sintuiglike waarneming met ons. Anders as in die geval toe die dissipels met die hemelvaart van Jesus na die hemel opkyk (Hand. 1:11) en Jesus vir hulle vra: “Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel?”, kyk die verteller in Openbaring 21:10 nie op na die hemel nie, maar af, soos die heilige stad van God na die aarde neerdaal (21:2, 10). Die beeld wat Johannes nou sien hou meer verband met die toneel waarin Moses vanaf die hoë berg afkyk na die beloofde land (Deut. 34:1-4; Reid 2000:236).

Die punt wat Reid (2000) met die metafoor van die hoë berg wil maak is dat dit nie ‘n ervaring van opgaan is nie, maar van afkom, nie van ‘n ontsnapping van die aarde af nie, maar eerder ‘n bevestiging van die goedheid en vrugbaarheid van die aarde. Reid (2000) se oortuiging word versterk deur Openbaring 21:9-22:5 se beeld van die

glorieryke stad en die vrugbare tuin. Beide hierdie beelde bevestig die belangrikheid van die aarde, alhoewel dit bewoonde en verwerkte aarde is. In hierdie teks is bewoning en bewerking nie in vyandskap met die natuurlike wêreld nie. Daar is harmonie. Dit vervang die wêreldse Jerusalem, die ou, verbygaande en onveilige Jerusalem. Die stemming van hierdie gedeelte stem ooreen met die voorspelling van harmonie tussen mens en natuur, en die beeld van die wolf en die lam wat saam sal wei (Jes. 65:17,25).

Soos reeds na aanleiding van De Smidt (2000) genoem is, word hier gesê dat die “ou” hemel en aarde verbygegaan het. In Openbaring 21:1-22:5 word hemel en aarde aan mekaar verbind as ooreenstemmende dele van die skepping, nie afsonderlike dele soos Möller (1994:669) dit sien nie. Geen hiërargiese dualisme tussen hemel en aarde bestaan meer nie. Die Koninkryk het gekom, en soos dit in die hemel is, is dit nou ook op aarde. Die hemel word nie as ‘n bonatuurlike of ‘n ongeskape realiteit uitgebeeld nie. Volgens Openbaring 21:1-22:5 is dit ‘n geskape realiteit.

Vroeër in Openbaring is die vernietigde aarde uitgebeeld, ‘n aarde verwoes deur plaë, oorlog en hongersnood. In hierdie gedeelte van die boek word beskryf dat die hemel, die see en alles wat as onkwesbaar beskou is, verwoes is onder die teistering van die aarde.

Die apokaliptiese ruiters van Openbaring het hulle uiterste skade aangerig. Hierdie tragiese finale visie wys dat die aarde gesterf het. Nie alleenlik het die aarde gesterf nie, maar ook die hemel wat eens beskou is as die hoë en onaantasbare, en die see wat eens beskou is as die grenslose en eindelose lewensbron. Al drie is dood “en bestaan nie meer nie.” Die aarde is ontbloot en beskaamd gelaat en die see is in slawerny en ondergeskik gestel aan die wil van sy plunderaars (Reid 2000:236). Die ondenkbare word in die teks uitgebeeld: Die land, see en die hemel is dood. Hierdie onbeskryflike gruwel word beklemtoon deur die erns waarmee die visioen vertel word: “Ek het gesien....Ek het gehoor....Hy het gesê....Hy het gesê...Hy het aan my gesê.” Ná hierdie uitdruklike stelling, en alleenlik dan, keer die verteller terug na die vertelling

omtrent die visioen: “Hy het gesê [ek het gehoor], Hy het gewys [ek het gesien].” Hierdie ernstige vertelling word gevolg deur ‘n kalmer, glansryke visioen van die heilige stad wat uit die hemel op die aarde neerdaal (21:10).

Een van die sentrale temas van die boek Openbaring (kyk 7:13-17) is die vraag: Wat is die status van die heiliges wat gesterf het? Waar is hulle? Word hulle swaarkry en lyding nou vereer in die teenwoordigheid van God? (7:13-17). Die antwoord op laasgenoemde vraag is “Ja”. Die heiliges “onder die altaar” (6:9) en “voor die troon” (7:15) het gesterf, maar nou lewe hulle saam met God. Dié wat nou saam met God lewe word geïdentifiseer as die mense wat gesneuwel het in die groot verdrukking (7:14). Die waarde en integriteit van hulle vorige lewens word nou deur God self bevestig.

In die finale visioen (Open. 21-22) word hierdie bevestiging verbreed sodat dit die aarde insluit. Die aarde self het gesterf, net soos die heiliges. Dit is die realiteit wat bekend is aan die visioenêr en sy lesers. Soos die liggame van die heiliges, word die aarde ook nou opgewek in glorie. Dit is nie ‘n vervanging van die aarde nie, geen hemelse plaasvervanger vir die bestaande realiteit nie. Dit is soos die gemartelde liggame van die heiliges, die bestaande skepping getransformeer in ‘n nuwe skepping.

Die verteller sien ‘n stad. In die antieke tye was dit redelik algemeen om vroulike name aan stede te gee (Reid 2000:239). Hierdie personifikasie van die bruid stel voor dat sy “voice,” ‘n stem, sal hê. Soos die heiliges wat stilgemaak is gedurende die groot verdrukking maar nou sing en juig voor die troon van God, so sal ook die stad verlos wees soos ‘n jong bruid wat vir haarself sal praat. Hierdie omgewing van heerlikheid staan in direkte kontras met die verwoeste toestand van die aarde soos in die vroeëre hoofstukke uitgebeeld. Reid (2000) wys op ‘n paar kenmerkende kwaliteite van die nuwe omgewing wat uitstaan soos deur die woorde *herstel* en *versier* gesuggereer:

1. *Herstel* [toeberei] (21:2): Die woord *hetoimazo* dui in sy grondteks op ‘n proses van maak – met ander woorde, uit iets word iets voorberei. Dit is in teenstelling

met “uit niks maak” van Genesis. God is die maker, maar in teenstelling met die oorspronklike skepping herstel God hier die oue op grond van die nuwe deur die verlossende transformasie van die ou hemel en aarde: “Die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword” (2 Kor. 5:17). “Maar ons leef in die verwagting van ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde wat God belowe het en waar die wil van God sal heers” (2 Pet. 3:13).

2. *Versier* (21:2): Die Griekse woord *kosmeo* waarvan die Afrikaanse woord “kosmetiek” kom dui op grimering vir die gesig en liggaam (die grimering wat ’n bruid sal gebruik om haarself vir haar bruidegom voor te berei). Dit suggereer die nuwe prag van die wêreld of die heelal (kosmos).

In Openbaring 21:9 word die stad nie meer met ’n bruid vergelyk nie; sy is nou die bruid. Heerlikheid beklemtoon die eskatologiese toestand van die heerskappy van God in die nuwe Jerusalem. God se heerlikheid, Sy teenwoordigheid, woon nou onder sy mense op so ’n manier dat dit nooit weer sal ophou nie; die mense van die nuwe Jerusalem sal nooit weer geskei word van die heerlikheid van God nie.

Verlossing in Openbaring 21:1-22:5 word “kosmologies” geïnterpreteer: Die kosmos, met sy prag, word hernu, dan bekragtig en bevestig in die eskatologiese sin van sy bestaan. Daar is dus geen verlossing vir die mens sonder die verlossing van die natuur nie. Vir Reid (2000:240) is dit onmoontlik om enige verlossing vir man en vrou te verstaan sonder “’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde”. Redding is nie vir die mens alleen beskore nie, maar ook vir die natuurlike omgewing waarin hy woon.

Die primêre karaktereienskap van die hemelse stad is nie sy verhewenheid nie maar sy nuutheid. Die verhewe karakter van die stad gaan verlore soos dit neerdaal na die aarde. Dit is ’n direkte kontradiksie van die neo-platoniese en gnostiese begrip vir redding. Ek het al dikwels in die AGS van SA mense hoor sê: “Ons is in hierdie wêreld, maar nie van hierdie wêreld nie.” Die hemel is nie een of ander bonatuurlike deel van die realiteit nie, dit is die “onsigbare” kant van die skepping (Reid 2000:240). Al is dit

nie nou toeganklik vir die mens nie, bly dit steeds deel van die skepping van God. Om dus 'n leerstelling van die hemel te ontvou vereis ook dat 'n leerstelling van die skepping ontvou word (Reid 2000:241). So 'n taak vereis dat die mens se konsep van die realiteit gewysig word.

'n Groot probleem in die ontwikkeling van 'n eko-geregtige interpretasie van 'n teks soos Openbaring 21:1-22:5 is gesetel in die tradisionele misverstaan van Bybelse verwysings na die hemel. Reid (2000:241) wys daarop dat die hemel nie 'n abstrakte, onbepaalde, buitewêreldse domein is soos onder meer Möller (1994:664) dit verstaan nie, maar 'n domein wat hoofsaaklik op 'n waarneembare wyse lewe op aarde bepaal deur byvoorbeeld lig en water aan die aarde te bedeel of te onttrek. Die ontoeganklikheid van die hemel in hierdie stadium is dus 'n realiteit maar die hemel is 'n domein van die realiteit wat niemand kan manipuleer nie, alhoewel dit 'n definitiewe en 'n bepalende invloed op die lewe hier en nou het.

Hierdie interpretasie demitologiseer die hemel – nie om weg te doen met die konsep nie maar om dit te herwin as 'n aanduiding van 'n meer komplekse realiteit. Die hemel is nie die blou lug of enige iets anders wat ons nou kan waarneem nie. Dit is wel 'n geskape werklikheid alhoewel dit in hierdie stadium buite ons begripsvermoë is.

Die neerdaal van die nuwe Jerusalem op aarde (Open. 21:2) is die aankondiging, die begin van nuwe “hemelse” verhoudings op aarde: tussen God en mens, mens en mens en tussen mens en die natuur. In die begin van Openbaring (4:1) is die hemel maar net 'n geopende deur waardeur Johannes kon sien, 'n skrefie waardeur hy kon loer, maar in die laaste visioen van Johannes eindig die raaisel. In die nuwe hemel is die hemel en aarde een, soos man en vrou.

Die afstand, die dualisme tussen hemel en aarde verdwyn en alle teenstellings tussen hemel en aarde val weg. Jesus se Onse Vader-gebed (Mat. 6:9-13) stem ooreen met hierdie siening: “Laat U Koninkryk kom; laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde...” (Mat. 6:10). Openbaring 21:1 sê egter dat daar geen see sal wees nie.

Soos die geskape hemel en aarde, is die see ook onderhewig aan verganklikheid (Reid 2000:236). Dit sal ook tot 'n einde kom. Soos al die ander dinge in die skepping kan die see ook deur die mensdom misbruik word.

The Romans transform the sea into a possession, and use it to transport the products of their despoiling of conquered lands of Rome. For the visionary authorial voice in the book of Revelation, the sea has indeed become a threatening thing, but not because of its mythic power; on the contrary, it is a threat because it has been enslaved; it is in servitude to the merchant fleets of Rome (Reid 2000:237).

In die antieke tye was die see die simbool van monsters, ongelukke en dood, die periferie van die dood, soos Simkins dit noem (vgl. hfst. 2; 2.5.1). Dit sal wel verdwyn, maar die prag van die groot waters met sy asemrowende wonders sal daar wees vir dié wat dit saam met Christus kan geniet. Die see, soos die hemel (wat die aarde benat; Ps. 72:6) en die aarde (wat goeie dinge voortbring; Ps. 104:14), is nie noodwendig 'n bedreiging nie; dit is 'n goeie, lewensgewende deel van die skepping. Ongeag van sy gevare en selfs sy onherbergsaamheid, ongeag sy ekologies rampspoedige misbruik deur Rome is dit ook die wesenlike goeie en lewegewende see waarvan daar kenmerkend in Psalm 104:25-26 gepraat word:

Daar is die see, groot en alkante toe wyd – daar is 'n gewemel sonder getal, klein diere saam met grotes. Daar gaan die skepe en die Leviátan wat U geformeer het om daarin te speel.

Die see mag dalk onherbergsaam wees – maar dit is ook die woonplek van baie ander lewensvorme.

De Smidt (2000:19) meen dat die oorspronklike skepping in die paradys sal voortbestaan, maar dat dit 'n herskepte paradys in sy sigbare vorm op die nuwe aarde sal wees. Ter ondersteuning van De Smidt (2000) se mening en Reid (2000:232) se

komplementerende insigte kom die besef: “Hemel” kom aarde toe en hiermee word die intrinsieke waarde van die aarde erken.

3.3.1.2.3 *Hemel: weg van die “slegte” aarde af!*

Reid se interpretasie van Openbaring 21:1-22:5 kan problematies wees vir sommige eskatologiese interpretasies in die AGS van SA maar tog sinvol vanuit ‘n eko-billike perspektief. Reid (2000) beskou die mense as inwoners van die aarde self, en nie van “iewers” hoër as die aarde nie. Alhoewel Möller (1994:529) erkenning gee aan ‘n vernieude hemel en aarde onderskei hy tog digotomies tussen die nuwe hemel en aarde en die “hemel” as woonplek van God (Möller 1994:664-680). Vir Möller bly die hemel ‘n plek wat ver bo die aarde verhewe is (1994:664), weg van die “slegte” aarde af, veral omdat die term “hemel” gebruik word om die plek van God se troon en die ewige blyplek van die heiliges te beskryf. Hy voer ook aan dat daar gepraat word van “opvaar na die hemel” (Joh. 6:62), “opneem in die hemel” (Hand. 1:11), en “van die hemel neerdaal” (1 Thes. 4:16). Alhoewel Möller duidelik wys op die “wederoprigting van alle dinge” (Grieks *apokatastasis*: om tot die vorige goeie staat te verander), voel hy tog dat die hemel ‘n oord is, ver bo die bekende en bestaande lugruim en sterrehemel (1994:664). Handeling 3:20-21 verwys ook na ‘n “restourasie”. Jesus se woorde in Matteus 19:28, waar Hy praat van die “toekomstige wedergeboorte” (Grieks *paliggenesia*) beteken ook restourasie en wederoprigting. Möller skryf egter ook dat hierdie verhewenheid niks te doen het met afstand soos wat ons dit op die aarde ken nie, maar dat dit tog dui op ‘n hoër bestaansvorm (1994:664). Teenstrydigheid tussen die nuwe hemel en aarde en die hemel as God se woonplek en die tuiste van die heiliges is nietemin duidelik. Verder skryf Möller (1994:669) dat die nuwe aarde nooit soos die hemel sal word nie alhoewel daar ‘n baie direkte verband tussen die twee sal wees. Volgens hom sal die verheerlikte mens terselfdertyd op die nuwe aarde sowel as in die hemel wees. In hierdie trant word daar ook deur vele ander oor die presiese aard van die hemel as “objektiewe” domein gespekuleer wat ons nie werklik kan kontroleer nie. Die taal-metafoor (dit wat ons wel kan kontroleer) van die neerdalende hemel na

die aarde toe wat Johannes in Openbaring 21:1-22:5 gebruik, spreek egter oortuigend van die intrinsieke waarde van die aarde.

Die kerk moet erken dat sekere temas in Openbaring 'n positiewe houding teenoor die bestaande skepping suggereer. God woon in die nuwe stad. Dit komplementeer die idee dat die mens en sy natuurlike omgewing in God geskape is (Hand. 17:28). Die nuwe stad het 'n tuin (Open. 22:1-5), 'n tuin wat geniet gaan word sonder enige instrumentele doel (Open. 22:2). Die mense word gevul met verwondering soos hulle hierdie beeld aanskou. Geeneen van hierdie gevoelens sou 'n eko-geregtige lees kon ondersteun as die hemel en aarde soos ons dit ken bloot vervang was met 'n nuwe nie. Hierdie wêreld met sy diversiteit en prag sal dien as die basis van die nuwe hemel en aarde. Hierdie wêreld is nie maar net ruwe materiaal wat verwoes gaan word in die proses nie, soos algemeen onder lidmate van die AGS van SA aanvaar word; dit sal vereer word met 'n nuwe skepping wat van God sal neerdaal om die aarde te transformeer en te hernu.

Die visioen waarin die hemelse stad neerdaal na die aarde is 'n teenoorgestelde beeld van die toring van Babel waar die mense na God probeer opgaan het (Gen. 11). Hulle poging om die aarde te verlaat in hulle hoogmoed en strewe na 'n hemelse plek loop uit op verwarring en die verdeeldheid van taal. Hier (die laaste visioen), by die laaste vervulling van die openbaringsgawe van Pinkster (Hand. 2) – die veelseggende gawe wat die diversiteit van taal nie doodgevee het nie maar eerder versoen het – daal die hemel op die mense neer.

Die transformasie van die hemel en die aarde is nie 'n terugkeer na die oorspronklike Eden nie. God herskryf nie die dubbelsinnige gevolge van die menslike geskiedenis nie. Soos die verrese liggaam van Christus, en die heiliges wie se kleed wit gewas is deur die bloed van die Lam, dra die aarde ook maar die merke van sy ondervinding. Die stad wat deur die broedermoordenaar Kain in Genesis 4:14 gebou is, en wat in Openbaring aanhou om die heiliges dood te maak en te vervolg, word in die laaste visioen (Open. 21:1-22:5) getransformeer in 'n plek van seën, voorspoed en vrede. In

kontras met Babilon en Rome wat die land beroof het van sy vrugbaarheid, is die nuwe Jerusalem gevestig langs die water van die lewe, en word dit daarmee besproei (Open. 22:1-5). Die boom van die lewe is in die middel van hierdie stad geplant; die “stad” word ‘n veilige hawe vir verskeie bome. Vir die inwoners van hierdie hemelse stad het die hemel na die goeie aarde gekom.

3.3.1.3 Openbaring 21:1-22:5 se eko-billike uitdaging aan die AGS van SA

Prediking oor die eskatologie en die hiernamaals, spesifiek in die AGS van SA, het daartoe gelei dat mense na ‘n utopiese toestand uitsien met min belangstelling in die welstand van die huidige natuurlike hemel en aarde. Die “utopiese hoop” van die hemel daar ver, iewers in die buiteruim, het grootliks bygedra tot ‘n uiters onsensitiewe gesindheid teenoor die natuurlike wêreld waarin ons vandag leef. Ons kan dit verander deur ons interpretasie van die “hemel” te hersien met dié van die nuwe hemel en nuwe aarde, op voetspoor van Openbaring 21-22. Wat die “hemel” presies gaan behels weet niemand nie, maar dit is nietemin duidelik dat die aarde vir God baie belangrik is.



3.4 NUWE MOONTLIKHEDE

In sy openingsrede van die Werkersraad in 1993 maak die president van die AGS van SA ‘n paar interessante opmerkings oor die rol van die kerk in Suid-Afrika. In sy rede gee hy erkenning aan die feit dat die kerk haar invloed moet laat geld wanneer die land en die ekonomie onder een of ander las gebuk gaan. Hy beklemtoon baie sterk dat die AGS van SA nooit die Bybel se waarhede sal onderhandel nie. Die koöperatiewe beeld van die kerk is ook vir hom baie belangrik (Burger 1993:2-4).

Deur die koöperatiewe beeld van die kerk en die invloed wat die kerk op die land se ekonomie kan uitoefen te versoen met wat die Bybel oor volhoubare ontwikkeling en

eko-verantwoordelikheid te sê het, kan inderdaad as 'n betekenisvolle uitgangspunt vir die kerk op hierdie gebied dien.

Dit is nodig dat die kerk haar invloed laat geld, nie net op geestelike gebied nie, maar ook op ekologiese gebied. Hoofstuk 2 lê 'n Bybelse grondslag vir 'n eko-betrokkenheid. As die AGS van SA 'n kerk wil wees wat nie die Bybelse waarhede onderhandel nie, is sy genoodsaak om uiting te gee aan die ekologiese implikasies van die Bybel. So word die AGS van SA se koöperatiewe beeld uitgebou. Die kerk moet egter besef dat sy net 'n effektiewe kerk van die Bybel sal wees as sy doen wat die Bybel van haar verwag om te doen. God hou die AGS van SA nie net verantwoordelik vir wat sy is nie, maar ook vir wat sy kan wees; nie net vir die invloed wat sy uitoefen nie, maar ook vir die invloed wat sy kan uitoefen.

3.4.1 Kerk en wetenskap: vennote

Die kerk behoort te besef dat dit nie net gelowiges is wat aan die Koninkryk van God bou nie, ongelowiges bou indirek ook daaraan. Daarom kan dit nie anders nie as dat die teoloog en die ekoloog vennote behoort te wees. Die natuurwetenskap peil die komplekse dieptes van die natuur, en die teoloog glo dit is die werk van God se hande (Ps. 19:2-3; Rom. 1:20). Net soos die natuurwetenskap 'n voortdurende, opwindende avontuur sal bly, net so sal die Bybel, en die kerk wat daarin glo, 'n waarde-funderende rol in die bewaring van die planeet in die toekoms speel, hopelik met die natuurwetenskap as vennoot.

Die mensdom se wetenskaplike prestasies is die direkte resultaat van God se opdrag om die werk van sy hande te geniet maar ook te versorg. Die mens kan net die natuurlike hulpbronne benut tot die mate waartoe hy dit verstaan, en dit vereis wetenskaplike kennis. Christene behoort te besef dat wetenskaplike bevindings baie meer vereis as net 'n beter begrip oor die natuur met die doel om sy hulpbronne te benut. Gelowiges in die AGS van SA, maar ook elders, moet besef dat die

natuurwetenskap hulle baie behulpsaam kan wees om die wonders van God se skeppingsdade beter te verstaan.

Hierdie komponent van die mens se strewe behoort die AGS van SA te lei tot groter liefde vir God, beter gehoorsaamheid, en ware aanbidding. Alberts (1996:48) skryf: "When we consider the magnificent cosmos, we are immediately confronted with the magnificence of Jesus."

Hattingh (2002:4-5) skryf dat die mens wat oor God wil praat nie anders kan as om oor Sy skepping te praat nie. Verder sê hy dat 'n Christen-gelowige wat oor die grootheid van God wil praat God sal verkleineer as die wonder van sy skepping geïgnoreer word (2002:4).

3.4.2 Die AGS van SA en die kosmiese werk van die Heilige Gees: 'n vars vertrekpunt

Die insigte wat Kuypers (2001) aanbied kan veral behulpsaam wees in die totstandkoming van 'n nuwe "groen" pneumatologie vir die Geesgedrewe AGS van SA solank daar nie 'n dualisme ontstaan tussen die Gees en die aarde nie. Eerlike introspeksie en antwoorde op Kuypers se vrae kan dien as 'n vars vertrekpunt vir die AGS van SA na 'n nuwe Geesgedrewe eko-verantwoordelikheid. Kuypers (2001:4) vra:

1. Word ons nog steeds deur die aanwakkerende teenwoordigheid (*energizing presence*) van die Heilige Gees opgeroep om ons omgewing te orden?
2. Voel ons nog steeds die magnetiese stilte van sy rigtinggewing in ons lewe?
3. Gee ons nog steeds gehoor aan sy onderskeid tussen reg en verkeerd?

Kuypers beklemtoon drie rolle wat die Heilige Gees vervul met betrekking tot God se skeppingsdaad:

Eerstens vervul die Heilige Gees 'n perfekte funksie in die skeppingsdaad van God. Die werk van die Heilige Gees is om die mens en sy omgewing na sy bestemming te lei, om hom te help ontwikkel en te groei tot God se volmaakte doel vir hom. Enige wese se volmaakte voleinding is met ander woorde die eer van God. Die sentrale kosmiese werk van die Heilige Gees is dus om immanent in die skepping te werk om sodoende die vooruitgang en ontwikkeling te bevorder van God se bepaalde doel daarvoor (Kuypers 2001:4-5).

Tweedens is die Heilige Gees die lewewekkende beginsel van alle lewe op aarde. Met ander woorde, sentraal tot enige lewe is die werking van die Heilige Gees. In die wisselwerking van selfs die kleinste organiese materiaal is daar iets misterieus. Die wisselwerking tussen natuurkragte, organismes en elemente getuig van 'n dieper beginsel, die beginsel van die Heilige Gees op pad na 'n God-bepaalde doel.

Volgens Kuypers (2001:5) is hierdie inwendige 'iets' 'n direkte aanraking van God in elke lewende wese, waar die lewende God die mens aanraak om hom te onderhou, want niks kan bestaan sonder dat God dit van oomblik tot oomblik in stand hou nie.

Derdens is die Heilige Gees se rol in die skepping om die effek van sonde te beperk. Die Heilige Gees is in 'n konstante verzet teen die sonde, by implikasie ook eksondes, en verhoed so dat die skepping in chaos verval. Hierdie is 'n deurslaggewende funksie soos die Heilige Gees die skepping beweeg tot sy voleinding van eerbied aan God.

Meer gelowiges wêreldwyd herontdek 'n kosmiese pneumatologie in hulle roeping as "verantwoordelike" rentmeesters, uit hoofde van die Heilige Gees se diepgaande betrokkenheid by die skepping. Weens die Heilige Gees se betrokkenheid by die "algemene genade" van God, word alle mense geroep tot 'n groter verantwoordelikheid as rentmeesters van God se skepping.

Kuypers (2001) onderskei tussen “Algemene genade” en “Bepaalde genade”. Volgens hom word die kosmiese aktiwiteit van die Heilige Gees onvoorwaardelik verbind met algemene genade. Volgens Kuypers (2001) is algemene genade in die skepping onmisbaar verwant aan die Heilige Gees se rol in die skepping. Algemene genade is dus nie net tot die eer van die mens weens die feit dat hy as beeld van God gemaak is nie. Die wêreld is ook die heilige skepping van God, wat reeds die beginsel van “bepaalde genade” wat versoening bewerk, op die voorgrond gebring het. Deur genade onderhou God alle lewe op hierdie planeet, en deur genade verlig Hy die vloek wat weens die mens se sonde hierop rus. So laat God die onbelemmerde ontwikkeling van ons lewe voortgaan sodat dit eerbaar vir God as die Skepper sal wees. Hierdie “algemene genade” van Kuypers hou direk verband met wat Newson (2000:69) “common ground” noem (vgl hfst 2). Wat Newson met hierdie “common ground” bedoel is die aanvanklike harmonie wat voor die sondeval geheers het. Daar was volmaakte harmonie en vrede. Almal is uit die aarde gemaak en die een was ‘n metgesel vir die ander. Maar die mens het die oorspronklike orde versteur en het homself toebedeel met die gesag om te onderskei wat aanvaarbaar is en wat nie. Newsom (2000:69) is van mening dat die mens se korrupte waardes aan die wortel van daardie diskriminasie lê. Vir Kuypers is daar “algemene genade” nie net vir die mens en sy sonde nie, maar ook vir die effek wat die sonde op die skepping het. Die genade is dus vir mens en natuur.

Die kosmiese werk van die Heilige Gees streef na die eer van God:

There is no sun, moon, nor star, no material, no plant, or animal, and in a much higher sense, no man, skill, gift, or talent unless God touches and supports them all. It is this act of coming into immediate contact with every creature, animate or inanimate, organic or inorganic, rational or irrational, that, according to the profound conception of the Word of God, is performed by the Holy Spirit (Kuypers 2001:5).

Ek stem saam met Kuypers dat die AGS van SA 'n pneumatologie moet aanneem wat ons roep om die ganse skepping van God met respek te nader, om te erken dat ons rentmeesters van die aarde is, veral omdat die Heilige Gees direk by die skepping betrokke is.

Sterk kritiek is uitgespreek in reaksie op Kuypers (2001) se vrae aan die Pinksterkerk (*Pinksterboodskapper* 2002a:5) en tog bly sy kritiese vraag:

Are we still invoked by the energizing presence of the Spirit to order our environment, or have our overbearing Pentecostal accents on supernatural gifts so internalized our pneumatology that we belittled the Holy Spirit? (Kuypers 2001:4).

Alle aanduidings is dat Kuypers (2001) reg is, en dat die AGS van SA meer op die verlossing van mense fokus as wat sy opgeroep word deur die energieke teenwoordigheid van God in die ordening en onderhouding van die skepping.

Dit is juis die Heilige Gees van God wat alle mense, ook die lidmate van die AGS van SA onlosmaaklik deel maak van die natuurlike wêreld. Die Heilige Gees van God is net so deel van die natuurlike wêreld soos Hy deel is van die gelowige se lewe. Daarom kan niemand wat homself 'n Geesvervulde noem homself losmaak van sy verantwoordelikheid teenoor sy omgewing nie. Dieselfde lewensbeginsel onderhou elke wese op hierdie planeet: mens, plant en dier.

Die werk van die Heilige Gees in die skepping is 'n "groen" uitdaging deur die Gees aan 'n Geesgedrewe kerk soos die AGS van SA.

3.5 KONKLUSIE

Die AGS van SA het 'n goeie geskiedenis van 'n praktiese demonstrasie van liefde vir God en liefde vir die naaste. Dit is ook 'n sterk en groeiende kerk. Maar die liefde vir die natuur, gebaseer op God se opdrag, is ongelukkig verwaarloos.

Tans is omgewingskwessies wêreld wyd hoog op die agenda. Toksiese stowwe besoedel die kos, water en lug waarvan almal moet lewe. Natuurlike bronne word oorbenut en is stadig aan die verdwyn. In areas waar die omgewing ernstig beskadig is kan die AGS van SA die leiding gee deur die boodskap van hoop na mense te bring en hulle te leer hoe om beter met God se skepping om te gaan. Op hierdie wyse kan die kerk arm gemeenskappe se lewenskwaliteit verbeter. Terselfdertyd kan die AGS van SA medelye betoon teenoor die omgewing, net soos God medelye betoon teenoor alles wat Hy gemaak het (Ps. 145). Omgewingsbewaarders (ekoloë) en “ekologiese sendelinge” sal 'n besondere rol speel in die vervulling van die Groot Opdrag in hierdie eeu.

Omgewingsbewaring moet in die kerk praktyk word. Kerke, sowel as die teologiese opleidingsinstansies in Suid-Afrika, moet onder meer ook “omgewingsbewaringsentrums” in hulle eie omgewing word om deel te neem aan die versorging en bewaring van die natuur. Die kerk en ander kerklike instansies kan ook lokale omgewingsaksies inisieer en ondersteun. Naas al die ander belangrike sake in die kerk moet omgewingsbewaring ook 'n lewenswyse word.

In die AGS van SA en in enige Christen se lewe kan daar oor een ding saamgestem word, dit is dat Christenskap in sy wese oor 'n persoonlike verhouding met God deur Jesus Christus gaan. In hierdie verhouding deel gelowiges 'n verantwoordelikheid om met God saam te werk om sy plan en doel met alles te bereik. As Christus se verlossingswerk kosmies is, met ander woorde die skepping insluit, dan het die skepping groot waarde. Christene het dus nodig om dieselfde gesindheid teenoor die skepping te handhaaf, en daardeur te reflekteer dat hulle navolgers van God is.

Die AGS van SA se droom is:

Ons sien 'n kerk toeganklik vir alle mense, wat ons eenheid en Godgegewe verskeidenheid demonstreer en ons lidmate bemagtig vir die versorging en transformasie van gemeenskappe tot eer van God (Pastorale Brief 2003).

Die missie van die AGS van SA is:

Waar daar mense is sal jy die AGS van SA vind.

Die droom en missie van die AGS van Suid Afrika, ook die ekologiese moontlikhede wat ontgin kan word, is vir haar lidmate van kardinale belang. Die AGS van SA moet toeganklik wees vir alle mense en sy moet haar lidmate bemagtig vir die versorging en transformasie van gemeenskappe tot eer van God. Hierdie droom kan alleenlik tot vervulling gebring word as die mens, nie net van Christus nie, maar ook van sy natuurlike omgewing kan leer. Die mens kan nie sonder sy omgewing gered word nie. Die mens kan net tot eer van God leef wanneer sy verhouding teenoor sy medemens, sowel as teenoor sy omgewing, Christus weerspieël. Alleenlik dan is daar voordeel vir mens en natuur, om die AGS van SA orals te vestig waar daar mense woon.

4 Hoofstuk 4 - 'n Prakties uitvoerbare oplossing vir eko-billikheid in die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika

4.1 INLEIDING

Die kerk is ongetwyfeld een van die invloedrykste instellings ter wêreld, en juis dáárom kan die kerk, en in hierdie verband spesifiek die AGS van SA, 'n deurslaggewende rol in die ekologie speel. Pastore, kerkrade en kommissies kan beslis help deur lidmate baie meer bewus te maak van die tientalle ernstige probleme wat hierdie kwessie vir alle mense inhou. Omdat ons almal deel is van die probleem behoort ons ook almal deel te wees van die oplossing.

In die voorafgaande hoofstukke is aangetoon hoe die Bybel lig kan werp om 'n korreksie te bring op antroposentrisme, kenmerkend van die oorgrote meerderheid kerktradisies, ook dié van die AGS van SA. Kerklike praktyke soos prediking, liturgie, kampe, berading en teologiese opleiding kan beslis 'n ryke verskeidenheid moontlikhede inhou vir 'n prakties uitvoerbare oplossing om 'n eko-sensitiwiteit te vestig.

Om by hierdie praktiese oplossing uit te kom is dit nodig om kortliks na die ontstaan van die AGS van SA te verwys en die omgewingsimpak wat daardie tydperk op die vroeë lidmaat gehad het.

4.2 TERUG NA DIE BEGIN

Een van die belangrike geskiedkundige gebeurtenisse wat 'n rol gespeel het in die ontstaan van die AGS van SA was die armblanke-toestand ná die Tweede Vryheidsoorlog (Burger 1987:117-123). Hierdie tydperk is van groot belang vir die doel

van hierdie studie omdat dit die enigste plek is waar die kerkgeskiedenis melding maak van die impak wat die omgewing op haar mense gehad het. Vroeëre geskiedkundige aantekeninge sentreer rondom die verloop van veral die doping in die Heilige Gees, die spreek in tale, die onderdompeling en die wyse waarop hierdie gebeure tot die ontstaan en identiteit van die AGS van SA bygedra het.

Burger (1987:118) verwys na die haglike omstandighede waarin mense ná die oorlog geleef het. Plaasopstalle, vrugteboorde en feitlik al die vee is vernietig en ontsettende armoede het weens 'n gebrek aan lewensmiddele geheers. Hierdie haglike tyd bereik sy hoogtepunt in die jare 1904 – 1909. Burger verduidelik dat die omstandighede maklik aanleiding kon gee tot morele, maatskaplike en geestelike verval. Alkoholmisbruik en ander sosiale euwels het grootliks vermeerder (1987: 118) en midde-in hierdie omstandighede ontstaan die AGS van SA in 1908. Die grootste gedeelte van die AGS van SA se eerste geslag lidmate het dus uit 'n arm laag van die samelewing gekom.

Dit is immers 'n Bybelse en historiese feit dat mense in nood en armoede 'n groter desperaatheid en behoefte aan God openbaar (Burger 1987:119). In hierdie tydstop het 'n desperate behoefte aan God deels voortgespruit uit 'n tekort aan lewensnoodsaaklike middele.

Die AGS van SA en sy lidmate is dus histories deeglik bewus van die impak wat die natuurlike omgewing op haar mense kan hê. Gebrek aan vrugbare grond, volhoubare landbou, vee en 'n gebalanseerde ekosisteem kan maklik aanleiding gee tot morele, maatskaplike en geestelike verval. Die bewyse daarvan staan geskryf in die geskiedenisboeke van die kerk. Optrede van die kerk in belang van haar natuurlike omgewing is nie net deel van haar opdrag nie, maar sal 'n bewys wees dat sy ook geleer het uit haar geskiedenis. Vir hierdie rede, asook op grond van die vorige hoofstukke se bevindings, is die kerk genoodsaak om prakties te reageer wanneer dit kom by haar verantwoordelikheid teenoor God se skepping. Die AGS van SA se

gesindheid teenoor die natuurlike skepping kan dus nie anders as om op die voorgrond te tree in alle aspekte van haar karakter nie. Omgewingsbewustheid in die AGS van SA is vandag egter nie vanselfsprekend nie en moet dus op al die vlakke van die kerklewe ontwikkel word.

Die Bybel het “groen” dimensies (Hfst. 2). Omdat die AGS van SA Bybel-gefundeerd wil optree, is daar geen ander keuse as om dit prakties te realiseer nie. Die praktiese realisering van die Bybel se “groen” geënkodeerde waardes sal die publieke beeld van die kerk bevorder en sodoende haar invloed vergroot. ‘n Ontleding van die AGS van SA se konstitusie toon mooi moontlikhede alhoewel hulle nog onuitgespel is. Die Heilige Gees-teologie in die AGS van SA laat baie ruimte vir ‘n nuwe eko-bewussyn.

4.3 DIE EREDIENS EN SY OMGEWING



4.3.1 Gebed

Die uitspraak: “Die biddende hande van die gemeente ontketen kragte waarvan die wêreld selfs geen denkbeeld kan vorm nie,” is ongetwyfeld waar. Die AGS van SA glo in die krag van gebed en daarom behoort gebed in die erediens ook aangewend te word vir die bevordering van ‘n eko-billike bewustheid in die kerk. In gebed word die verskillende behoeftes van die mens uitgedruk waarvan die behoud van sy lewensbronne ‘n baie belangrike deel behoort te wees.

Wanneer daar van gebed in die AGS van SA gepraat word, is die Onse Vader-gebed waarskynlik die eerste gebed wat ter sprake kom, moontlik omdat die Onse Vader-gebed ‘n groot aandeel in die vorming van Christendenke gehad het. Soos reeds in hoofstuk 2 getoon, is dit paslik om in die aangesig van die ekologiese degenerasie van die aarde, see, en die atmosfeer sensitief te wees, sodat hierdie belangrike gebed ‘n lewensverandering in menseharte en gevolglik in die geskape wêreld kan bewerk.

Die eerste gedeelte van die gebed begin met 'n dualisme waar God ver is, maar sluit af met 'n versoek dat hierdie afstand verwyder moet word. Die tweede gedeelte spreek die daaglikse behoeftes aan, naamlik die behoefte aan brood, die realiteit van skuld, versoeking en die bese. Die behoefte aan brood, die realiteit van skuld en die versoeking en die invloed van die bese bedreig nie net die mens nie, maar die hele aardegemeenskap. Met hierdie gebed leer Jesus sy dissipels dat God se wil op aarde uitgevoer moet word. Gebed in die kerk behoort dus elemente van hierdie gebed te bevat. Die AGS van SA behoort vir volhoubare landbou en alles wat dit bedreig te bid. Ongesonde ekosisteme, globale verhitting en water- en lugbesoedeling is maar net van die sake wat die aarde se vermoë om volhoubaar te produseer beïnvloed. Die kwessie van geldelike skuld plaas groot druk op gemeenskappe sowel as op die natuur. Die AGS van SA behoort te bid vir 'n beter ekonomie en die afskryf van veral die derdewêreldlande se skuld. Dit is met ander woorde 'n geval waar die Skepper en die skepsel in harmonie saamwerk in 'n skeppingswerk waar die harmonie tussen die mens en sy natuurlike omgewing herstel word.



4.3.2 Sang

Sang in die AGS van SA behoort ook lof aan God te bring juis vir sy skeppingswerk. Die kerk moet ruimte maak in haar sang om die dinge te besing wat ons so maklik as vanselfsprekend aanvaar. Sang kan opnuut die aandag van die mens vestig op die skeppingswonders, waarvan hyself deel is. Dit behoort die lidmaat opnuut aan sy afhanklikheid van en verantwoordelikheid teenoor die natuur te herinner. As die kerk sing: "How great thou art", behoort sy aan die besonderse vorme van lewe om haar te dink. Sang kan die lidmaat opnuut betrokke maak by die skeppingswonders van God. Liedere soos "Die hemel roem die heerlikheid van Jesus" en "Die aarde is vol van sy heerlikheid" kan meer aandag geniet in lof en aanbidding.

Die AGS van SA bestaan uit lidmate wat oor 'n magdom van talente en bekwaamhede beskik. Kerkleiers kan 'n belangrike rol vervul en 'n groot bydrae lewer deur mense aan

te moedig om hul besondere bekwaamhede aan te wend tot eer van God in sy skepping, moontlik deur die skryf van nuwe liedere of toonsettings van pragtige skeppingsgedeeltes (vgl. hfst 2) van die Bybel.

4.3.3 Prediking

Prediking vervul 'n sentrale rol in die AGS van SA, dus moet die kansel 'n merkbare rol in die bevordering van die kerk se beeld met betrekking tot haar natuurlike omgewing en die weerspieëling van haar gesindheid daarteenoor speel.

Die AGS van SA behoort 'n stem te wees vir die onderdrukte aardegemeenskap, en dit kan by die kansel begin. Al is die skepping, in terme van God se grootheid, nie 'n vreemde onderwerp in die AGS van SA nie, is daar 'n uiterste armoede aan boodskappe oor die mens se verantwoordelikheid teenoor sy omgewing.

Prediking behoort die ekologiese wêreld in die erediens in te bring. Daar is 'n groot gebrek aan ekologiese bewustheid in die kerk. Leraars van die AGS van SA besef waarskynlik dat die Bybel die eerste en beste gids tot 'n beter versorging van God se skepping is, maar hulle benodig toegespitste kennis (vgl. punt 4). Die boodskap van die kerk behoort goeie nuus te bring vir die mens en sy natuurlike habitat. Die erediens kan dus nie verwyderd wees van die res van die aardegemeenskap nie.

Hoezee (2002:12-13, 17) sê dat kerke in Noord Amerika wat uitstekende werk doen in die verkondiging van die Bybel juis dié kerke is wat die minste aandag aan die versorging van die natuurlike omgewing gee. Hy verwys na 'n onlangse studie wat toon dat gemeentes wat getrou verbonde is aan die onfeilbare leer van die Bybel ook dié gemeentes is wat die minste belangstelling toon in ekologie. Aan die ander kant het die studie getoon dat meer liberale gemeentes, wat 'n gebrek aan Bybelkennis toon, baie meer besorg is oor die onderhoud van die skepping. Wat egter meer

kommerwekkend is, is hulle bevinding dat mense wat geen verbintenis met die Bybel toon nie die groep is wat die meeste betrokke is by omgewingsbewaring.

Prediking in die AGS van SA blyk meer geïnteresseerd te wees in hóé die skepping tot stand gekom het (evolusie-kwessie), as wat die kerk se verantwoordelikheid daarteenoor behoort te wees. Dit kan verander word deur prediking. Cousteau, wat bekend geword het vir sy dokumentêre rolprente oor die onderwater-seelewe, het gesê: "I knew of no better way to fight the pollution of our oceans than to make people aware of the wonders that are there."

Wanneer mense bewus word van die wonderwêreld om hulle sal hulle ook daarin belangstel om dit te bewaar. Hier kan pastore 'n dinamiese rol vervul. Predikers wat direk in aanraking met God se skepping kom, kan talle illustrasies vir hulle boodskappe daar vind. Dit was in elk geval waar die Bybelskrywers die meeste van hulle illustrasies gevind het. Hierdie verlore fokus moet herwin word in die AGS van SA om sodoende ook Jesus se voorbeeld volkome te kan navolg.

Predikers kan ook 'n groot bydrae lewer deur jaarliks die Sondag naaste aan Aardedag (22 April elke jaar), asook op die Sondag naaste aan Wêreld-omgewingsdag, (5 Junie), te wy aan 'n spesiale bewusmaking van ons ekologiese verantwoordelikheid. In Bylae A is verskeie datums wat kreatief hiervoor aangewend kan word.

4.3.4 Die kindertoewyding

Die gesin is 'n instelling van God. Die man moet sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle sal een wees. Volgens díe instelling van God dien die huwelik dus as beskermingsruimte van die kind, waarbinne elke Christelike ouer sy kinders sal koester en verantwoordelik sal opvoed. Die skriftuurlike gronde vir die gebruik van kindertoewyding in die AGS van SA vind ons in Matteus 19:13-16; Markus 10:13-16 en Lukas 18:15-17, waar Jesus die kindertjies geseën het. Die gedagte om die kindertjies

“aan die Here voor te stel” is mooi, en bied ‘n gulde geleentheid aan Christelike ouers om in die teenwoordigheid van God en sy gemeente ‘n plegtige belofte af te lê om hulle kinders in die vrese van die Here op te voed deur vir hulle ‘n voorbeeldige, godvrugtige voorbeeld te stel.

Kindertoewyding is dus ‘n gulde geleentheid vir die pastoor om die ouers ook daaraan te herinner dat omgewingsverantwoordelikheid deel is van die godvrugtige voorbeeld wat hulle behoort te stel. Omgewingsbewaring is deel van die vervulling van die liefdesgebod. Kinders behoort opgevoed te word met die besef dat hulle handeling in die skepping nie tot ‘n uitbuiting van die aardegemeenskap se lewensbronne mag lei nie.

4.3.5 Die sakramente



4.3.5.1 Die doop

Omdat Jesus se doop betekenis vind op Golgota, bestaan die doop van die gelowige in die AGS van SA uit ‘n simboliese dood en opstanding saam met Christus. Alhoewel die doop die betekenis inhou dat ons saam met Jesus Christus begrawe is om saam met Hom in ‘n nuwe lewe op te staan, behoort die simboliese vereenselwiging met Christus ook vir die gelowige in die AGS van SA ‘n nuwe verhouding met sy omgewing te beteken.

Die Bybel leer ons dat dit die sondige natuur van die mens is wat aanvanklik die harmonie tussen die mens en sy natuurlike omgewing versteur het. Vir hierdie rede behoort ‘n gelowige wat simbolies deur die doop sy sondige natuur saam met Christus begrawe het, anders teenoor sy natuurlike omgewing op te tree as wat hy sou doen voor hierdie konkrete belydenis van sy geloof in Christus. Aan die ander kant van die “watergraf” behoort die persoon dus te streef na God se aanvanklike doel vir die

skepping – dat daar harmonie moet wees tot eer van God, as deel van sy strewe na 'n godvrugtige lewe.

Onverantwoordelikheid teenoor God se skepping, nadat die sakrament van die doop aan so 'n persoon bedien is, is dus indirek 'n bespotting van 'n sakrament wat sy betekenis in die kruisiging van Jesus Christus vind. Die pastoor behoort sodanige optrede ten sterkste aan te spreek omdat so iemand van sy Christelike getuienis afvallig geword het, en weer sy sondige natuur aangeneem het. Die Hebreërs-skrywer sou so hierop reageer:

Want dit is onmoontlik om dié wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het, en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld, en afvallig geword het – om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak (Hebreërs 6:4-6).

Die pastoor kan dus nie die sakrament van die doop aan iemand bedien alvorens hy nie ook die ekologiese implikasies as deel van die nuwe natuur duidelik gestel het nie. Dieselfde beginsel geld vir die sakrament van die nagmaal.

4.3.5.2 Die nagmaal

In hoofstuk 2 het ons gesien dat Lukas, in sy beskrywing van die geboorte van Jesus, die aandag van sy lesers wegneem van al die besittings van die élite, en dit vestig op die plattelandse huishouding of plaas: die plek waar huishoudelike diere aangehou word sowel as die plek waaruit hulle eet, die krip. Ons het gesien dat Lukas drie keer na die krip verwys om seker te maak sy lesers neem kennis daarvan (Luk. 2:7, 12, 16). Trainor (2000:182) wys op twee moontlike redes waarom Lukas klem lê op die krip. Die eerste is Christologies van aard – die krip is 'n plek waaruit geëet word. In Lukas 22:19

verwys Jesus na sy liggaam as brood wat geëet moet word en in Johannes 6:48 verwys Hy na homself as die brood van die lewe. Die tweede is ekologies – die krip verbind Jesus met die land. Volgens Jeremia 14:8 was God soos ‘n vreemdeling in die land. Anders as by die herberg, ontvang die ongebore Jesus en sy ouers ‘n vriendelike verwelkoming van die mense wat van die grond afhanklik is vir hulle voortbestaan. Hierdie omstandighede bring Jesus in harmonie met die landelike mense en met die omgewing waarvan hulle so afhanklik is.

Soos die krip ‘n bymekaarkomplek is, is die nagmaal ‘n gebeurtenis waar mens en God, mens en mens, asook mens en skepping bymekaarkom op grond van die versoeningswerk van Jesus Christus. Die nagmaal kan daarom net sinvol verstaan word as dit gesien word in die konteks van Christus se versoeningsdood en opstanding. Pastore behoort dus aan hulle gemeentes te verduidelik dat Christus gesterf het om die vloek van die sonde oor die hele skepping te breek. Kolossense 1:20 leer ons immers dat Christus alles, dit wat in die hemel is en dit wat op die aarde is, met Homself versoen het deur Sy bloed aan die kruis te stort. Met ander woorde, Jesus se sterwe het kosmiese betekenis. Sonder Sy dood sou die hele skepping in slawerny en verganklikheid gebly het (Rom. 8:20-23).

Die volle omvang van Christus se versoeningsdood behoort by elke lidmaat van die AGS van SA tuisgebring te word. Omdat lidmate deur die gebruik van die nagmaal simbolies bely dat hulle Christus deel van hul liggaam maak, behoort elke lidmaat ook sy liggaam aan te wend tot die eer van God in die uitvoering van sy volmaakte wil op aarde. Die Christen-gelowige se geestelike sowel as sy ekologiese verantwoordelikhede is beslis nie ‘n eenmalige gebeurtenis nie, dit is voortdurend. Jesus gee erkenning aan die belangrikheid van die nagmaal met die woorde: “...doen dit dikwels...” (1 Kor. 11:25-26).

4.3.6 Die huweliksbevestiging

Omdat die huis die omgewing is waar veral kinders se karakter gevorm word, is dit uiters noodsaaklik vir die pastoor as huweliksbevestiger om die invloed van die ouerhuis op die vorming van die kind se wêreldbeskouing as deel van sy voorhuwelikse berading te verduidelik. Deur die Bybelse verantwoordelikheid teenoor God se skepping by die voornemende ouers tuis te bring, kan die gesinsomgewing later 'n groot bydrae maak in die vorming van eko-billike waardes vir die volgende geslag.

By die voltrekking van die huweliksooreenkoms moet die pastoor in ag neem dat soos by die begrafnisdiens, daar gewoonlik 'n groot aantal besoekers by 'n huweliksbevestiging is, waarvan sommige dalk nog nooit van 'n Bybelsgegronde ekologiese verantwoordelikheid gehoor het nie. Die pastoor moet dit as deel van sy goddelike verantwoordelikheid beskou om hierdie geleentheid te gebruik om iets van God se skepping by die mense tuis te bring.

Die ringe wat die egpaar aan mekaar skenk, dien as teken en pand van hulle huwelikstrou. Die trouring roep 'n verskeidenheid van assosiasies op. Een van hulle is die onbreekbare band wat daar tussen twee mense gevorm is. Omdat hierdie ringe afkomstig is uit die buik van die aarde, bestaan daar 'n indirekte verband tussen die ring van goud en diamante, en die stoflike wese wat dit aan sy vinger dra as 'n teken van 'n onbreekbare band. Soos die trouring die huweliksband, die onbreekbare band tussen man en vrou uitbeeld, behoort dit ook te dien as teken van die band wat tussen die mens en die aarde bestaan. Soos die man sy verantwoordelikheid teenoor sy bruid, en die bruid hare teenoor haar man moet nakom, deur vir mekaar te sorg in tye van voorspoed, sowel as van teëspoed, mekaar te beskerm, te dien en te bemin totdat die dood hulle van mekaar skei, behoort die egpaar hulle verantwoordelikheid teenoor God se skepping na te kom, totdat hulle weer terugkeer na die stof waaruit hulle geformeer is.

4.3.7 Die begrafnisdiens

Soos met die huweliksbevestiging is daar ook by die begrafnisdiens baie besoekers wat nie andersins in die kerk kom nie. Die pastoor behoort dus ook van hierdie geleentheid gebruik te maak om eko-billikheid deel van sy evangelieboodskap te maak.

In hoofstuk 2 het ons getoon dat die mens verwant is aan die grond omdat hy uit die grond geformeer is. Psalm 139:15 teken vir ons 'n baie duidelike prentjie van hierdie verwantskap: "My gebeente was vir U nie verborge toe ek in die geheim gemaak is nie, kunstig geweef in die dieptes van die aarde." Die aarde tree in Genesis op as 'n moeder wat geboorte geskenk het aan 'n kind. "...the adam is human from the humus" (Wurst 2000:98). Die grond/aarde, die *adamah*, is die voorouer van *adam* (Wurst 2000:98). Om terug te keer na die aarde (Gen. 3:19) is eintlik om verlos te word van harde arbeid, om met ander woorde terug te keer na 'n moeder. Soos 'n menslike moeder, verwelkom moederaarde ons weer terug in haar boesem. Die mens is uit die grond en sal terugkeer na die grond. Soos kompos keer ons ook terug na die aarde wanneer ons tot sterwe kom.


By hierdie geleentheid kan die pastoor duidelik klem lê op die verwantskap wat daar tussen die mens en die aarde bestaan. Na aanleiding van die bogenoemde behoort die familie en vriende van die afgestorwene opnuut hulle ekologiese afkoms te herken, wat die dood ook minder skrikwekkend maak.

Wat die doodskis betref net enkele opmerkings: Alhoewel die doodskis vandag beskou kan word as 'n laaste eerbetoning aan die afgestorwene, kom die gebruik daarvan nie ooreen met die Bybelse begrafnis nie. Afgestorwenes in die Nuwe Testament is met doeke toegedraai (Mat. 27:59; Joh. 11:44) en soms met speserye gesalf (Joh. 12:7; 19:39). Die verpakking van die liggaam in plastiek of ander nie-organiese materiaal vandag is dus vreemd aan die Bybel. Die Bybel leer ons dat die liggaam bedoel is om weer na die aarde terug te keer. 'n Doodskis wat uitgevoer is met plastiek belemmer hierdie proses. Begrafnisondernemings het 'n besonders winsgewende

sakebedrywigheid geword en hulle aktiwiteite word meestal sonder enige ekologiese nadenke uitgevoer. Die chemiese stowwe waarmee die hout van doodskiste behandel word, sowel as die nie-organiese materiaal waarin die liggaam gelê word, is nie maklik bioafbreekbaar nie. Met die moderne begrafnis word die filosofie van “neem sonder om terug te plaas” duidelik. Alhoewel die liggaam uit die aarde kom, verhoed ons dit met moderne gebruike om effektief daarheen terug te keer.

Doodskiste word meestal uit duur hout vervaardig wat in die meeste gevalle afkomstig is van bome wat baie stadig groei. Dit is skokkend dat daar vir bykans elke menslike oorskot ‘n boom moet sterf om hom/haar te begrawe. Hierdie bome kon baie meer vir die ekologiese wisselwerking bo die grond beteken het as wat die behandelde hout onder die grond beteken.

Daar behoort ruimte in die AGS van SA geskep te word om kreatief hieroor na te dink. Die liggaam van ‘n afgestorwene behoort dus op ‘n meer eko-billike manier begrawe te word.



4.4 DIDASKOS: DIE MENS IS ONLOSMAAKLIK DEEL VAN GOD SE SKEPPING

4.4.1 Teologiese seminarium

Wanneer teologiese opleiding in die AGS van SA losgemaak word van sy ekologiese verantwoordelikheid is die gevolg dat die teologie, en gevolglik die kerk in die breë geleidelik, eensydig antroposentrië word. Die AGS van SA se teologiese seminarium behoort dus sensitief te wees vir die “groen” dimensies van die Bybel. “Pentecostals need to engage in serious theological reflection on how to broaden their theological perspective in a way that would embrace the legitimacy of ecological dimensions without compromising their theological core values” (Mahlobo 2003).

‘n Bybelsgefundeerde eko-teologie behoort verpligtend gemaak te word in teologiese opleiding. Eko-teologie behoort net so onlosmaaklike deel van teologie uit te maak soos Christologie; trouens dit is ‘n gebed in die Christologie (vgl. hierbo).

Wat ook van groot belang kan wees in die vorming van ‘n nuwe eko-bewustheid in die teologiese opleiding van opkomende pastore, is die rol wat die studenteraad by die seminarium kan speel met betrekking tot omgewingsbewustheid (bv. die aktiwiteite rondom Boomplantdag, Wêreld-omgewingsdag, ens.). Die studenteraad behoort op hoogte te wees van hierdie belangrike datums vir omgewingsbewusmaking. Reeds in teologiese opleiding behoort ‘n pastoor in die gewoonte te kom om eko-billikheid in sy bediening te demonstreer. Opwindende kreatiewe idees om hierdie dae te vier, behoort nie net by te dra tot ‘n omgewingsbewustheid by studente nie, maar ook tot ‘n hegte eenheid onder die studentekorps. Van die belangrikste datums in die ekologie-kalender is in Bylae A opgesom.



4.4.2 Opvoedkundige byeenkomste in die kerk

Dit is nodig dat lidmate hulle invloed op die omgewing sal besef, en dat hulle bewus gemaak word dat baie van hulle aksies daartoe lei dat organismes op aarde uitsterf, tot soveel as 100 spesies per dag. Behalwe dat dit ‘n groot estetiese verlies is, en dat die mens in die proses beslis nie sy kultuuropdrag nakom nie, kan dit ook onberekenbare verliese aan potensiële benutting vir die mens beteken (vgl. hfst. 1).

Die volgende eko-billike voorstelle kan as ‘n riglyn dien vir opvoedkundige byeenkomste in die kerk:

- Maak aspekte van die ekologie deel van opvoedkundige byeenkomste en bied dit aan in die natuur (bv. Woordskool in die natuur).
- Skep geleentheid vir groepsbesprekings rakende ekologiese verantwoordelikheid.

- Maak sover moontlik gebruik van veelvuldige stimuli. Probeer om al die sintuie in te span.
- Nooi kundiges om oor hierdie onderwerp te kom gesels.
- Daag mense uit om lewenslesse in die skepping met die groep te deel.

Die moontlikhede is legio. Daar moet gebruik gemaak word van die kreatiewe vermoëns waarmee God ons toegerus het.

4.4.3 Die Sondagskool

Van die klaskamer tot met die Sondagskoolkampe behoort omgewingsverantwoordelikheid in die AGS van SA te figureer. Sondagskoolkinders is ywerig om deel te neem aan projekte wat hulle buite hulle bekende omgewing neem. Kinders sal ook meer omgewingsbewus word indien die Sondagskoolonderwyser self ook 'n mate van omgewingsverantwoordelikheid toon.

In Bylae A is 'n paar datums wat kan dien as 'n vertrekpunt vir kreatiewe omgewingsbewusmaking. Kinders kan byvoorbeeld in die Nasionale Omgewingsweek op 'n "Saad-safari" gaan waar hulle verskillende sade bymekaarmaak en by die huis in 'n pot laat groei, totdat dit groot genoeg is om weer in die natuur uitgeplant te word. Pryse kan gegee word vir die beste kwekers in die klassie.

Eko-teologiese inhoude kan opgeneem word in die Sondagskool se leermateriaal (vgl. hfst. 2).

4.5 DIE PASTORAAT

4.5.1 Huisbesoeke

Omdat huisbesoek op 'n persoonlike vlak geskied, is mense geneig om meer gemaklik oor hulle lewenservarings te gesels. Die eko-sensitiewe pastoor sal in hierdie ontspanne atmosfeer insig kan kry in die gesin se wêreldbeskouing ten opsigte van hulle natuurlike omgewing. Verkeerde opvattinge en handelingte kan dikwels in hierdie kuiertjies deurskemer. Hulle vertel byvoorbeeld graag van 'n jagekspedisie, die buurman se boom wat blare op hul perseel mors, vlermuise in die dak, die weer wat net nie wil saamwerk nie, die vrou se frustrasie met die spinnekoppe in die huis, miere in haar kombuis en dies meer.

Alhoewel die pastoor nie altyd oor die ekologiese kennis beskik om sekere opvattinge onmiddellik reg te stel nie, is hy nietemin ná 'n huisbesoek deeglik bewus van sekere probleme wat aanleiding gee, of kan gee, tot ekologiese ongeregtigheid. Alhoewel die pastoor homself beter kan bekwaam deur sekere omgewingsaspekte na te vors, behoort hy in die posisie te wees om ten minste 'n Bybelse weergawe van omgewingsverantwoordelikheid te kan weergee.

Huisbesoeke kan ook 'n hulpmiddel wees deurdat die pastoor daardeur sekere kennis kan opdoen. Sommige gesinne is baie meer omgewingsbewus as die pastoor en sy gesin. Pastore in die AGS van SA behoort hierdie geleenthede te identifiseer as geleenthede waarby hulle self baie kan leer. Sommige lidmate beskik oor 'n wye kennis rondom hierdie onderwerp, en gewoonlik is hulle baie gretig om hulle kennis en bekwaamhede met hulle pastoor en kerk te deel.

4.5.2 Hospitaalbesoeke

Die vermoë van die menslike liggaam om homself te genees is deel van God se algemene genade wat oral in God se skepping sigbaar is. God se genesende krag is dus nie net vir die herstel van die mens se liggaam bedoel nie, maar vir die ganse skepping waarvan die liggaam afhanklik is.

As deel van die pastoor se hospitaalbediening behoort hy seker te maak die bedlêende verstaan die belangrike verbintenis tussen die gesondheid van die liggaam en die gesondheid van die omgewing waarin die liggaam moet lewe.

4.5.3 Terapie: natuurterapie as opsie

Die pastoor is betrokke by die mens se lewe, van sy geboorte tot met sy dood, en daarom word daar soms van hom verwag om op dieselfde wye spektrum van die mens se lewe hulp te verleen in die vorm van terapie. Terapie is daarom een van die mees integrale dele van die pastoor se bediening. Die Griekse woord binne die konteks van die teologie vir hierdie soort bediening is *parakalein*, wat dui op die herstel van die mens in sy totaliteit.

Omdat moderne teologiese leerplanne selde, indien ooit, ruimte maak vir die natuur se rol in genesing wil ek graag in hierdie studie Natuurterapie as 'n opsie in die AGS van SA voorstel.

Die meeste mense in die AGS van SA ondervind in die besige hedendaagse lewe hoë emosionele, geestelike en liggaamlike druk. In die spanningsbelaaide wêreld waarin die meeste van hierdie lidmate hulle dag na dag bevind, word daar dikwels vergeet dat een van die beste geneeshere God se skepping self is. Soos hierbo getoon, is die mens onlosmaaklik deel van die skepping, daarom moet hy aandag gee aan sy diep-gewortelde verbintenis met die natuur, as hy 'n balans in sy lewe wil handhaaf. Vir

hierdie rede behoort pastore hulle lidmate aan te beveel om ook uit te gaan in God se skepping, om versorg te word deur Moeder Natuur.

Om gesondheid behoue te laat bly, is dit vir die liggaam sowel as vir die gees en siel nodig om daaglik met die natuurlike omgewing in aanraking te kom. Om ons vitaliteit en energievlakke te handhaaf, is dit dus noodsaaklik om ten minste een uur per dag buitemuurs deur te bring.

Natuurterapie is ideaal vir die behandeling van kroniese stres, depressie, alle stresverwante siektes, verslawing, angs, vermoeidheid, lae selfvertroue, lae selfgating, gevoelens van aliënasië, woede-versteurings en selfs slaapversteurings.

Troeteldier-terapie is ook 'n opsie. In die agtiende eeu het 'n tehuis vir mense met verstandelike gestremdheid in Engeland, vir sy inwoners klein diertjies gegee om te versorg. Die diertjie se afhanklikheid van die persoon het aanleiding gegee tot 'n gevoel van belangrikheid en verantwoordelikheid (Amrine 1990:134-136). In sommige gevalle is honde na hospitale geneem en pasiënte aangemoedig om met die honde te speel om 'n verhouding te bou as deel van terapie. Hierdie soort terapie is veral handig vir die behandeling van mense wat teruggetrokke is en selfs vir diegene wat 'n dwelmrehabilitasieproses ondergaan. Wanneer kinders met serebrale gestremdheid op 'n ponie gesit word, word die hele wêreld skielik 'n baie meer opwindende plek. Vir die eerste keer is hulle gelyk met ander mense in plaas daarvan om hulpeloos vanuit 'n rystoel op te kyk. Om vir 'n troeteldier te sorg kan vir iemand wat hopeloos voel 'n doel gee om te lewe. Troeteldiere help mense om te ontspan, en gee hulle 'n vriendelike verwelkoming as hulle tuis kom. 'n Troeteldier verskaf geselskap vir die eensame, eiewaarde vir die onsekere, en 'n lonende aktiwiteit vir dié met 'n bietjie vrye tyd.


In die spreekkamer kan die pastoor baie effektief gebruik maak van metafore uit die skepping om mense te help. 'n Bespreking oor 'n seeskulp se metodes om die see se heftigste storms te oorleef is byvoorbeeld 'n manier om insig te bekom. Vanuit hierdie bespreking kan metaforiese skakels gemaak word wat die beradende kan help om sy

persoonlike storm beter te hanteer. Hierdie “Natuurskakelmetode” soos ek dit graag noem, kan ‘n nuwe deur in pastorale beraad in die AGS van SA oopmaak.

In die Bybel het God dikwels van natuurterapeutiese metodes gebruik gemaak om mense tot nuwe insig in hulle situasie te lei, byvoorbeeld in die geval van Job. Eers het Elihu, een van Job se vriende ‘n natuurterapeutiese metode gebruik om sy vriend in verdriet mee te help (Job 36 en 37). Daarna begin God self die vrae (Job 38) tot Job rig om hom tot insig te laat kom, by name deur die metaforiese skakels wat hy kon maak om tot ‘n antwoord vir sy persoonlike storm te kom.

4.6 ONTSPANNING: WEGBREEKNAWEKE

4.6.1 Natuurbediening



Ekotoerisme in die AGS van SA kan ‘n nuwe bedieningsgeleentheid in die kerk beteken. Suid-Afrika met sy natuurskoon is baie aanloklik vir buitelanders, en daar is geen rede waarom die AGS van SA nie ‘n Christelike rol kan vervul wanneer dit by ekotoerisme in Suid-Afrika kom nie. Ekotoerisme in die AGS van SA kan fokus op Bybelse beginsels en die toepassing daarvan in die natuurlike omgewing. So ‘n bewusmakingsveldtog kan opnuut ‘n brug bou tussen die Christen en sy omgewing. ‘n Bediening soos hierdie kan selfs gebruik maak van die natuurskakelmodel, soos hierbo uiteengesit, om mense te help wat met storms in hulle persoonlike lewe worstel.

4.6.2 Uitstappies

Daar is nie ‘n beter manier om kennis van die natuurlike omgewing te bekom as om fisies in die skepping uit te gaan nie. Daar is geen plaasvervanger vir ‘n eerstehandse

ondervinding in God se wonderwêreld nie. Kerke kan uitstappies reël as deel van 'n bewusmakingsveldtog of selfs net as 'n ontspanningsgeleentheid.

Uitstappies in die AGS van SA kan nuwe moontlikhede vir bediening skep. Daar is baie kundige mense in die AGS van SA wat graag as toergidse sal wil optree vir Christelike uitstappies en so grootliks bydra tot 'n onvergeetlike belewenis in die veld.

4.6.3 Kampe

Wat kampe so besonders maak is hulle omvang en ligging. Dit is interessant dat gemeentes wat kampe reël en bywoon daarna streef om aan die normale gejaag van die stadslewe te ontsnap. Daar blyk instinktief 'n bewustheid by die mens te wees dat die vars lug en ontspanne atmosfeer wat die natuur bied 'n genesende rol vir gees, siel en liggaam vervul.

My ervaring van kampe in die AGS van SA is dat hulle meestal beplan en georganiseer word rondom geestelike en strategiese aspekte. Lesingsmateriaal en geestelike insette reflekteer selde 'n skeppingsbewustheid. In die meeste gevalle kom dit voor of die kampprogram meestal op leierskap by die kerk fokus, asook op verhoudings tussen medegelowiges en verhoudings met ander mense in die nabye omgewing. Alhoewel die lidmate merendeels liggaamlik blootgestel is aan 'n gesonder omgewing as waaraan hulle gewoon is, word hul gedagtes tog teruggeroep na hul bekende, soms spanningsvolle, omgewing. Hulle is dus nie altyd toeganklik vir die helende krag van Moeder Natuur nie, en geniet gevolglik min tyd om God in sy skepping ook te ontmoet.

Kerkkampe kan baie meer doeltreffend en verrykend wees as lidmate ook doelbewus gemotiveer word om te gaan stilstaan by die skepping, en ook daar iets van God te ervaar.

4.6.4 Seminare: die natuur as opsie

Seminare neem verskillende vorme aan in die AGS van SA. Leierskap- en selfs huwelik seminare is van die algemeenste seminare wat aangebied word. Die doel van 'n seminar is om mense te verryk om optimaal in hulle bediening en bekwaamhede te funksioneer. Die sukses van enige seminar hang grotendeels af van sy ligging, lesingsmateriaal, en tot watter mate hy daarin slaag om die mense in hulle totaliteit betrokke te maak. 'n Seminar wat in die natuur gehou word behoort die doeltreffendheid van die byeenkoms te verhoog. Hier verrig die kerk weer sy onderrigrol (*didaskos*).

Mense is geneig om ontspanne te voel wanneer hulle aan die skeppingswonders van God blootgestel word. Hulle behoort dan nie net liggaamlik nie, maar ook psigologies beter te funksioneer in hierdie ontspanne omgewing. 'n Seminar in die natuur behoort dus optimale funksionering te verhoog.

Met die aanbod van 'n lesing kan die natuurskakelmodel, soos hierbo verduidelik, handig gebruik word om gewenste beginsels by mense tuis te bring. Mense is geneig om hierdie interessante vergelykings te onthou. Dit is uiteindelik die doelwit van die seminar.

4.7 AMPTELIKE BYEENKOMSTE

Die AGS van SA behoort 'n model vir omgewingsrentmeesterskap in die plaaslike gemeenskap te wees.

4.7.1 Die Nasionale Leierskapforum

Volgens die konstitusie van die AGS van SA (Artikel 4.1) is die funksie van die Nasionale Leierskapforum deels om binne die kerk 'n konteks vir geestelike en strategiese leierskap te skep. Hierdie voorbeeld wat die Nasionale Leierskapforum in samewerking met die Streek-Leierskapforum met betrekking tot omgewingsverantwoordelikheid behoort te stel, sal beslis aanleiding kan gee tot eko-billike aksies in die AGS van SA in die breë. Die AGS van SA sal beslis nie langer sy verantwoordelikheid ten opsigte hiervan kan ignoreer nie. Die kerk se standpunt rakende omgewingsverantwoordelikheid behoort 'n blywende deel van beide die Algemene Besigheidsvergadering en die Jaarlikse Leierskapkonferensie se agenda te wees.

4.7.2 Die Algemene Besigheidsvergadering

Omdat hierdie belangrike driejaarlikse byeenkoms uit verteenwoordigers vanuit al die AGS gemeentes in Suid-Afrika bestaan, kan dit dien as 'n baie effektiewe en invloedryke liggaam met betrekking tot 'n eko-billike beleid en invloed in die breë kerk. Eko-billikheid as 'n punt op hierdie agenda is dus onvermydelik.

As daar by hierdie byeenkoms standpunt ingeneem kan word in belang van die breë kerk se afhanklikheid van 'n gesonde omgewing en teologies-etiese verantwoordelikheid in 'n gesonde omgewing, sal dit beslis 'n groot invloed op die breë kerk kan hê. As hierdie vergadering dit belangrik genoeg kan ag om standpunt vir God se skepping in te neem, sal gemeentes met blymoedigheid die voorbeeld kan volg.

4.7.3 Die Jaarlikse Leierskapskonferensie

Die fokus van die Jaarlikse Nasionale Leierskapskonferensie is om die plaaslike kerk, bedieninge, pastore en leierskap te bemagtig en toe te rus, met spesiale verwysing na leierskap, viering en rigting vir die kerk (Konstitusie, Artikel 5.2). Hierdie konferensie kan dus 'n punt daarvan maak om omgewingsverantwoordelikheid as deel van sy toerustingslesings te maak. Nuwe voorstelle kan by hierdie geleentheid ingedien word, soos onder meer die gebruik van natuurterapie as opsie in berading.

4.7.4 Streek-leierskapforums

Die konstitusie van die AGS van SA (Artikel 3.1), bepaal dat die Streek Leierskapforum verantwoordelik is vir die versorging van alle bedieninge en statutêre liggame in hulle jurisdiksie en om enige aksie te neem wat in die belang van die plaaslike gemeente en/of die breë kerk beskou mag word. Die Streek-leierskapforum se verantwoordelikheid is ook om aanbevelings oor streeksake aan die Nasionale Leierskapforum te maak.

Met betrekking tot 'n eko-billike bewustheid in die AGS van SA kan die Streek-leierskapforum, wat op hoogte behoort te wees van hulle streek se ekologiese welstand, ook oor hierdie saak aanbevelings aan die Nasionale Leierskapforum maak. Omgewingskwessies het 'n beduidende invloed op die geestelike, liggaamlike en finansiële welstand van die streek en gevolglik ook op die nasionale leierskap en die breë kerk. 'n Streek-leierskapforum wat dus in belang van hulle jurisdiksie en gevolglik die breë kerk wil optree kan onmoontlik nie hulle omgewingsverantwoordelikheid ignoreer nie.

4.7.5 Ander statutêre liggame

Plaaslike gemeentes asook al die ander departemente in die AGS van SA behoort eko-billikheid in hulle verskeie bedieninge te reflekteer. Die invloed van die kerk se Nasionale Leierskap behoort dus sigbaar te wees en af te wentel na hierdie liggame, tot op grondvlak.

4.8 'N INHEEMSE KERKTUIN

Op 'n heel spontane wyse kan plaaslike gemeentes op eenvoudige maniere uitdrukking gee aan hulle eko-sensitiwiteit, byvoorbeeld deur die aanlê van 'n inheemse kerktuin.

Gesamentlik beskik gemeentes van die AGS van SA oor duisende hektaar grond. Die meeste van dié grond maak deel uit van die kerk se tuin, wat uit talryke plante en struike bestaan. Ongelukkig bestaan baie kerktuine van die AGS van SA grotendeels uit uitheemse plante, wat dikwels ook indringerplante insluit. Gelukkig is dit binne die bereik van elke gemeente om sy tuin inheems te maak, wat 'n habitat aan 'n verskeidenheid van voëls en insekte sal bied. Die gedagte is dat dit “'n kerk binne 'n botaniese tuin” moet wees, met die tuin bestaande uit plante vanuit die kerk se eie omgewing (plaaslike inheemse plante). Dit sal biodiversiteit verseker, wat heeltemal in ooreenstemming is met die Bybelse plig van elke Christen in die kerk.

So 'n tuin sal 'n teken wees dat Christene ruimte skep vir God se skepping en dit respekteer. 'n Kerk wat haar taak as rentmeester van God se skepping wil uitoefen, sal noodgedwonge moet aandag skenk aan 'n endemiese soort plantegroei met sy gepaardgaande afhanklike natuurlewe.

4.9 DIE ARGITEKTUUR VAN MODERNE KERKGEBOUE

In die meeste moderne kerke is die lidmate bykans op alle gebiede afgesny van die skepping. Ons vergader in geboue wat belig is met kunsmatige ligte en gekleurde vensters wat dikwels meer na hemelse dinge as na aardse dinge verwys. Moderne argitektuur verhoed lidmate om sintuiglik met die buitewêreld kontak te maak.

Dit is baie interessant om te sien dat dit nie die geval was wanneer God se volk bymekaar gekom het vir aanbidding nie. Die beskrywing van Salomo se tempel in 1 Konings 6 en 7 vertel 'n ander storie. Die beskrywing van hierdie baie betekenisvolle tempel dui daarop dat dit gebou was om die mense aan die geskape wêreld te herinner. Salomo se tempel was gevul met uitbeeldings van kalbasse, granate, lelies, palmbome, blomme, leeu en beeste. 'n Groot deel van die tempel het bestaan uit 'n massiewe beeldhouwerk wat die oseaan en die seediere wat tussen die golwe baljaar, uitgebeeld het.

Die skepping was die omgewing van Israel se aanbidding, 'n omgewing wat selde sigbaar is in vandag se kerk. Al het Israel die God van die hemel aanbid is hulle nietemin altyd herinner aan Sy geskape wonders hier op aarde.

Vandag behoort kerkgeboue, en die dienste wat in hulle gehou word, mense ook te herinner dat 'n groot deel van hulle Christelike roeping 'n behae behoort te wees in die versorging van hierdie skepping vol wonders, 'n behae in ooreenstemming met die vreugde wat God in sy skepping vind.

4.10 LIDMATE: EKO-GEBOOIE VIR PERSOONLIKE VERANTWOORDELIKHEID

- Onderzoek jou lewenstyl. Leef eenvoudiger. Al kan jy dit bekostig, moenie water, elektrisiteit, brandstof en kos mors nie.

- Kweek 'n ander lewensbenadering. Herstel eerder apparaat of klere of skoene as om dit weg te gooi, of gee dit vir ander om te gebruik.
- Ondersteun herwinningsaksies soos die hergebruik van papier, glas, metaal, karton. Jy kan selfs hierdie proses by jou kerk begin.
- Benut hernubare hulpbronne wat in jou omgewing is.
- Rig 'n wateropvangtenk buite jou huis op.
- Kweek jou eie groentetuin as jy kan, selfs met eie songedroogde sade indien moontlik.
- Maak jou eie kompos en hergebruik baie kombuisafval so.
- Gebruik so min moontlik insekdoders.
- Oorweeg drupbesproeiing: Probeer elke dag water bespaar.
- Plant sover moontlik inheemse plante, bome en struik. Inheemse plante en bome is meer droogtebestand en vra minder onderhoud.
- Verander jou koopgewoontes: Koop meer in grootmaat, neem eie houers saam, koop kwaliteit en koop liefsvlaaslik (ondersteun ons mense). Verpakking maak artikels ook duurder.
- Gebruik jou stem om te verseker dat die regering van die dag 'n verantwoordelike omgewingsbeleid volg.
- Raak betrokke by natuurleweverenigings, die botaniese verenigings, die plaaslike dieretuin, en ander eko-aksies.
- Wees 'n eko-voorbeeld vir jou gesin en ander.

4.11 SAMEVATTING

Die AGS van SA kan 'n verskil maak deur haar invloed te gebruik ten bate van die skepping van God. Kerkaktiwiteite bestaan uit 'n wye spektrum van gebeure wat elkeen afsonderlik, maar tog gesamentlik 'n deurslaggewende rol kan speel in die herstel van die aanvanklike harmonie tussen die mens en sy natuurlike omgewing. Deur die geskiedenis van die AGS van SA heen was God getrou om aan die lidmate van hierdie

kerk se onmiddellike behoeftes te voorsien. Nou is dit tyd om iets terug te gee in dankbaarheid vir God se troue sorg, en die enigste manier waarop die kerk haar dankbaarheid kan betoon is deur rentmeesterskap te aanvaar vir hierdie skepping, en terug te sit wat sy neem.

Die drie hipoteses (vgl. hfst. 1) wat hierdie studie ondersoek het, is bewys:

1. Die eensydige fokus op verlossingsteologie lei wel tot 'n verarmde, eensydige mensgesentreerde teologie en etos.
2. Die verontagsaming van eko-billikheid in die Bybel het wel verreikende gevolge in terme van armoede en volhoubare ontwikkeling.
3. Bybelgefundeerde eko-billike kennis sal wel 'n nuwe bewustheid by die AGS van SA tuisbring. Dit sal ongetwyfeld 'n verskil in die land, kerk en lewens maak, die kerk se invloed vergroot deur haar publieke beeld te bevorder en gevolglik sal dit die kerk aan die tafel van volhoubare ontwikkeling laat aansit.

Uit die voorafgaande het hopelik die onskatbare waarde na vore gekom vir die internasionale poging van 'n aantal teoloë onder leiding van NC Habel (2000 & 2001) met hulle "Earth Bible" reeks. Die projek wat van stapel gestuur is met een gemeenskaplike doel voor oë, naamlik om die Bybel eko-billik te interpreteer, het die kerk en vele ander se oë geopen vir die "groen" dimensies van die Bybel.

Eko-teologie bied verder ook verskeie moontlikhede vir verdere studie in hierdie verband waarvan met twee volstaan word:

- Natuurbedieningsmodelle kan ontwikkel word om prakties te realiseer in ekotoerisme, kampe, seminare en die waarde hiervan vir die breë kerk.
- Navorsing oor natuurterapie kan die terapeutiese waarde van Moeder Natuur blootlê sodat dit met groot vrug ook in die kerk aangewend word.

Die kerk is en bly een van die invloedrykste instellings ter wêreld, en juis daarom kan die kerk, en in hierdie verband spesifiek die AGS van SA 'n deurslaggewende rol in die ekologie speel. Die natuurlike wêreld is grotendeels verwaarloos omdat die kerk nie haar ekologiese verantwoordelikheid nagekom het nie. Die AGS van SA kan nou optree as 'n agent van daadwerklike verandering vir die behoud van die kosbare skepping van God. Hierdie kerk kan 'n bondgenoot wees in die ekologiese stryd, en sodoende haar plek vol staan aan die tafel van volhoubare ontwikkeling. Dit sal haar getuienis en Christelike invloed vergroot.



5 Bylae A – Ekologie-kalender

Spesiale dae

Hierdie bylae dien net as 'n voorbeeld. Alhoewel die datums so noukeurig moontlik nageslaan is (www.gov.za), moet dit liefers nie as vaste datums beskou word nie omdat veral die nasionale datums onderhewig is aan verandering. Die internasionale datums is meer gevestig en kan dus met gerief gebruik word.

Nasionaal

- 17-23 Maart – Nasionale Waterweek
- 2-7 Junie – Nasionale Omgewingsweek
- 6 September 2003 – Nasionale Boomplantdag
- 5-11 Oktober – Nasionale Diereweek – 'n bewusmakingsveldtog om die rol wat diere in ons lewens speel te vier
- 13-17 Oktober – Nasionale Marieneweek

UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

Internasionaal

- 2 Februarie – Wêreld Vleilanddag
- 22 Maart – Wêrelddag vir water
- 22 April – Aardedag
- 22 Mei – Internasionale dag vir biologiese diversiteit
- 31 Mei – Wêreld Geentabakdag
- 5 Junie – Wêreld Omgewingsdag
- 8 Junie – Wêreld Oseanedag
- 11 Julie – Wêreld Populasiedag
- 16 September – Internasionale dag vir die behoud van die osoonlaag
- 19-21 September (3^{de} Week in September, vir drie dae) – Wêreldskoonmaakveldtog

- 6 Oktober – Wêreld Habitatdag
- 16 Oktober – Wêreld Voedseldag
- 1^{ste} Maandag in Oktober – Wêreld Habitatdag
- 2^{de} Woensdag in Oktober – Internasionale dag vir die vermindering van natuurrampe
- 11 Desember – Internasionale Bergedag
- 18 Desember – Internasionale Trekvoëldag

Voorstelle

Hierdie is nasionale dae in die VSA maar is 'n baie goeie idee vir plaaslike gemeentes:

- Televisie-afskakelweek – Televisie word afgeskakel vir 'n hele week om sodoende meer tyd in die buitelug deur te bring.
- Neem-terug-jou-tyd-dag – In die gejaagde lewe van vandag leef gesinslede verby mekaar. Die doel van hierdie dag is om kwaliteittyd met jou gesinslede deur te bring in 'n gesonde, natuurlike omgewing.

6 Bibliografie

Alberts, L 1996. Magnificent cosmos, magnificent Christ. *Today* July/August, 46-48.

Allaby, M 1991. *The Concise Oxford Dictionary of Zoology*. New York: Oxford University Press.

Amrine, D (ed) 1990. *Animals and Man*. Cape Town: Reader's Digest.

Apps, P 1992. *Wild Ways*. Halfway House: Southern Book Publishers.

Balabanski, V 2000. An Earth Bible Reading of the Lord's Prayer: Matthew 6:9-13, in Habel, NC (ed). *Reading from the perspective of earth*, 151-161. Sheffield: Sheffield Academic Press. (The Earth Bible, vol 1.)

Baltzer, K 1971. *The Covenant Formulary: In Old Testament, Jewish, and Early Christian Writings*. D.E. Green. Philadelphia: Fortress.

Beeld 15 Junie 2002. Sneeuneerslae in en rondom Molteno, 2.

Beeld 13 Augustus 2002. Besoedelingswolk bedreig mense, oeste, 11.

Beeld 28 Augustus 2002a. Vloed eis 35 in Afganistan, 11.

Beeld 28 Augustus 2002b. Griep-epidemie eis 671 in Madagaskar, 11.

Beeld 28 Augustus 2002c. Dawid moet Goliat pak as hy besoedel, 16.

Beeld 28 Augustus 2002d. Rommel in die Jukskeirivier in Alexandra, 5.

Beeld 4 September 2002. Spoor van verwoesting, 10.

Beeld 3 Oktober 2002. Seegoud, 15.

Beeld 4 Oktober 2002. Lili is op pad, 4.

- Beeld 14 Oktober 2002.** Gebruik die hulpbronne van ons oseane en kus op 'n volhoubare manier, 10.
- Beeld 31 Oktober 2002a.** Strooidakke en Afrikateksture vir lughawe, 6.
- Beeld 31 Oktober 2002b.** 6 sterf, 5000 dakloos ná baie reën in Kenia, 5.
- Beeld 12 November 2002.** 31 Dood, 45 vermis ná tornado-aanslag, 4.
- Boff, L 1995.** *Ecology and Liberation*. Maryknoll, NY: Orbis Books.
- Bonthuys, J 2002.** El Niño gaan dalk nog tot volgende jaar spoor laat. *Beeld* 29 Aug, 1.
- Brady, V 2000.** Preface, in Habel, NC (ed), *Reading from the perspective of earth*, 13-17. Sheffield: Sheffield Academic Press. (The Earth Bible, vol 1.)
- Brett, MG 2000.** Earthing the Human in Genesis 1-3, in Habel, NC & Wurst, S (eds). *The earth story in Genesis*, 73-86. Sheffield: Sheffield Academic Press (The Earth Bible, vol 2.)
- Buford, PD.** (pbuford@upci.org). (10 Oktober 2003). *Questions on Pentecostal Eco-theology*. E-pos na Van Heerden, E. (agsbredasdorp@teklomsa.net).
- Burger, I 1987.** *Die Geskiedenis Van die Apostoliese Geloof Sending Van Suid-Afrika (1908 – 1058)*. Braamfontein: Evangelie Uitgewers.
- Burger, I 1993.** Openingsrede: Werkersraad. *Pinksterboodskapper* Jun, 2-4.
- Burger, I, et al 2002.** The Apostolic Faith Mission of South Africa: National Office Bearers, *Newsletter*, Des 2002.
- Burger, I.** (afmgs@mweb.co.za). (3 Junie 2003). IS: *Eko-billikheid in die AGS van SA*. E-pos na Van Heerden, E. (agsbredasdorp@telkomsa.net).

- Burger, I.** (afmgs@mweb.co.za). (9 Oktober 2003). IS: *Questions on Pentecostal Eco-theology*. E-pos na Van Heerden, E. (agsbredasdorp@telkomsa.net).
- Burnie, D 1994.** *Concise Encyclopedia: Nature*. London: Dorling Kindersley.
- Byrne, BSJ 2000.** Creation Groaning: An Earth Reading of Romans 8:18-22, in Habel, NC (ed). *Reading from the perspective of earth*, 174-192. Sheffield: Sheffield Academic Press. (The Earth Bible, vol 1.)
- Callicott, JB 1991.** Genesis and John Muir, in CS Robb and CJ Casebolt (eds.), *Covenant for a New Creation: Ethics, Religion and Public Policy*, 107-140. Maryknoll, NY: Orbis Books.
- Carley, K 2000.** Psalm 8: An Apology for Domination, in Habel, NC (ed) *Reading from the perspective of earth*, 111-124. Sheffield: Sheffield Academic Press. (The Earth Bible, vol 1).
- Challenge November 1999.** Pastoral Statement on the Environmental Crisis, 22.
- Clarke, J 1991.** *Back to Earth. South Africa's environmental challenges*. Cape: Southern Book Publishers.
- Davis, DB 1990.** *The Problem of Slavery in the Age of Revolution 1770-1823*. Ithaca, NY: Cornell University Press.
- De Nysschen, L 2002.** 56 Spanne stel lys van voëls op 22 plase op. *Beeld* 30 Okt, 6.
- De Smidt, K 2000.** Die Nuwe Aarde. *Pinksterboods-kapper* Oktober, 17-19.
- De Smidt, K 2001.** God en Môre. *Pinksterboods-kapper*, Januarie, 4.
- Deane-Drummond, C 1996.** *A Handbook in Theology and Ecology*. London: SCM Press.
- Deist, FE 1982.** Bybelinterpretasie en Ideologiese-kritiek. *Theologia Evangelica* 5, 4-17.

- Dell, KJ 2001.** Plumbing the Depths of Earth: Job 28 and Deep Ecology, in Habel, NC & Wurst, S (eds). *The earth story in Wisdom traditions*, 116-125. Sheffield: Sheffield Academic Press (The Earth Bible, vol 3.)
- Die Voorligter Junie 1994.** Christen, bewaar jou (én jou buurman se) leefruimte, 8-9,12.
- Du Preez, L 2002.** Meer as 1500 tarentale vrek ná beweerde NW-vergiftiging. *Beeld* 27 Aug, 2.
- Earth Bible Team, 2000.** Guiding Ecojustice Principles, in Habel, NC (ed). *Reading from the perspective of earth*, 38-40. Sheffield: Sheffield Academic Press. (The Earth Bible, vol 1).
- Edwards, D 2001.** *Earth Revealing – Earth Healing: Ecology and Christian Theology*. Collegeville, Minnesota: The Liturgical Press.
- Elliott, JH 1990.** *A Home for the Homeless: A Social-Scientific Criticism of 1Peter, Its Situation and Strategy*. Philadelphia: Fortress Press.
- Erasmus, H 2002.** Wêreldberaad, die aarde huil. *Beeld* 2 Sept, 2002, 10.
- Fontaine, CR 2001.** 'Go Forth into the Fields': An Earth-Centered Reading of the Song of Songs, in Habel, NC & Wurst, S (eds). *The earth story in Wisdom traditions*, 126-42. Sheffield: Sheffield Academic Press (The Earth Bible, vol 3.)
- Fourie, R 2002.** Droogte-boere help honger wild. *Beeld* 16 Okt, 4.
- Fretheim, TE 2000.** Creator, Creature and Co-Creation in Genesis 1-2, in Habel, NC & Wurst, S (eds). *The earth story in Genesis*, 34-48 Sheffield: Sheffield Academic Press (The Earth Bible, vol 2.)

- Fretheim, TE 2000.** The Earth Story in Jeremiah 12, in Habel, NC (ed). *Reading from the perspective of earth*, 96-110. Sheffield: Sheffield Academic Press. (The Earth Bible, vol 1).
- Groenewald, EP (ed) 1980.** *Bybelensiklopedie vir die jeug*. Kaapstad: Lion Publishing.
- Grossman, L 2002.** Earth Simulator. *Time* 25 Nov, 53.
- Habel, NC & Wurst, S (eds) 2000.** *The earth story in Genesis*. Sheffield: Sheffield Academic Press (The Earth Bible, vol 2.)
- Habel, NC & Wurst, S (eds) 2001.** *The earth story in Wisdom traditions*. Sheffield: Sheffield Academic Press (The Earth Bible, vol 3.)
- Habel, NC (ed) 2000.** *Reading from the perspective of earth*. Sheffield: Sheffield Academic Press. (The Earth Bible, vol 1.)
- Habel, NC 2000b.** Geophany: The Earth story in Genesis, in Habel, NC & Wurst, S (eds). *The earth story in Genesis*, 35-48. Sheffield: Sheffield Academic Press (The Earth Bible, vol 2.)
- Habel, NC 2001a.** Where is the voice of Earth in Wisdom literature?, in Habel, NC & Wurst, S (eds) *The earth story in Wisdom traditions*, 35-47. Sheffield: Sheffield Academic Press (The Earth Bible, vol 3.)
- Habel, NC 2001b.** Earth First: Inverse Cosmology in Job, in Habel, NC & Wurst, S (eds) *The earth story in Wisdom traditions*, 65-78. Sheffield: Sheffield Academic Press (The Earth Bible, vol 3.)
- Habel, NC 2001c.** "Is the wild Ox willing to serve you?" Challenging the Mandate to Dominate, in Habel, NC & Wurst, S (eds) . *The earth story in Wisdom traditions*, 179-190. Sheffield: Sheffield Academic Press (The Earth Bible, vol 3.)
- Hall, ET 1976.** *Beyond Culture*. Garden City: Anchor/Doubleday.

- Hattingh, PS 2002.** Perspektief op “in konteks van die Heelal”. *Pinksterboodskapper* Julie, 4-5.
- Herzog, WR 1994.** *Parables as Subversive Speech*. Louisville, KY: Westminster John Knox Press.
- Hiebert, T 1992.** “Theophany in the OT.” In D.N. Freedman (ed), *The Anchor Bible Dictionary*, Vol. VI. 505-511. New York: Doubleday.
- Hillers, D 1969.** *Covenant: The History of a Biblical Idea*. Baltimore: Johns Hopkins Press.
- Hobgood-Oster, L 2000.** “For Out of that Well the Flocks were Watered”: Stories of Wells in Genesis, in Habel, NC & Wurst, S (eds) *The earth story in Genesis, 187-199*. Sheffield: Sheffield Academic Press (The Earth Bible, vol 2.)
- Hobgood-Oster, L 2001.** Wisdom Literature and Ecofeminism, in Habel, NC & Wurst, S (eds). *The earth story in Wisdom traditions*, 35-47. Sheffield: Sheffield Academic Press (The Earth Bible, vol 3.)
- Hoezee, S 2002.** Bringing the outside...inside. *Creation Care* Summer 2002
- Jobling, D & Loewen, N 2000.** Sketches for Earth Readings of the Book of Amos, in Habel, NC (ed). *Reading from the perspective of earth*, 72-85. Sheffield: Sheffield Academic Press. (The Earth Bible, vol 1).
- Kruger, C.** (cakruger@wise.edu). (14 Augustus 2003). IS: *Questions on Pentecostal Eco-theology*. E-pos na Van Heerden, E (agsbredasdorp@telkomsa.net).
- Kuypers, P 2001.** Recovering and developing a theology of the Holy Spirit: Called back to Stewardship. *Pinksterboodskapper*, November, 4-5.
- Kuypers, P 2002a.** Recovering and developing a theology of the Holy Spirit: *Pinksterboodskapper*, Maart, 5-7.

- Kuypers, P 2002b.** Recovering and developing a theology of the Holy Spirit: Two standpoints on Grace and the work of the Holy Spirit. *Pinksterboodskapper*, April, 4-6.
- Kuypers, P 2002c.** Recovering and developing a theology of the Holy Spirit: The principle of life in the creature. *Pinksterboodskapper*, September, 4-6.
- Langerman, JL 1990.** Verslag Van die 1990 Werkersraad, Junie, 6-7.
- Leuvennink, J 2002.** Natuurrampe-koste oorskry \$1 000 milj. *Beeld* 9 Okt, 10.
- Levenson, JD 1985.** *Sinai and Zion: An Entry into the Jewish Bible*. San Francisco: Harper & Row.
- Linzey, A (1993).** "*Liberation Theology and the Oppression of Animals*", Beskikbaar van:
http://people.bu.edu/wildman/WildWildweb/proj_bibs_ecoethics_04.htm
(Ingang 23 Oktober 2003)
- Maarschalk, R 2001.** Die godsredes in die boek Job, ideologie en ekoteologie. D Litt et Phil-proefskrif, RAU.
- Mahlobo, G.** (mmahlobo@afm-ags.org). (9 Oktober 2003). IS: *Questions on Pentecostal Eco-theology*. E-pos na Van Heerden, E (agsbredasdorp@telkomsa.net).
- McCarthy, DJ 1963.** *Treaty and Covenant: A Study in Form in the Ancient Oriental Documents and in the Old Testament*. Rome: Pontifical Biblical Institute.
- Möller, FP 1991.** *Woorde Van Lig en Lewe, Deel 2*. Westdene: Evangelie Uitgewers.
- Möller, FP 1994.** *Woorde Van Lig en Lewe ('n dogmatiese studie)*. Johannesburg: AGS Drukkers. (Deel 3).
- Moos, A 2002.** Kenners bekommerd oor reën nie kom. *Beeld* 18 Okt, 1.

- Newsom, CA 2000.** Common Ground: An Ecological Reading of Genesis 2-3, in Habel, NC & Wurst, S (eds). *The earth story in Genesis*, pp 60-72. Sheffield: Sheffield Academic Press (The Earth Bible, vol 2.)
- Paxton, L (1999).** *Global Warming: Fact Sheet*. Beskikbaar van: <http://www.5050.co.za/factsheet.asp?ID=58> (Ingang 14 Julie 2003).
- Pedersen, J 1926.** *Israel: Its Life and Culture I-II*. London: Oxford University Press.
- Pienaar, A 2002.** Malariamuskiet se geheim sal eers oor 10j. tot entstof kan lei. *Beeld* 4 Okt, 5.
- Pinksterboodskapper Februarie 1990***, Konferensie Program, 16-17.
- Pinksterboodskapper Januarie 1993***, Konferensie Program, 15.
- Plug, C, et al 1997.** *Verklarende en Vertalende Sielkundewoordeboek*. Johannesburg: Heinemann.
- Quinn, D 1992.** *Ishmael: An Adventure of the Mind and Spirit*. New York: Bantam/Turner.
- Regensburger, N 2002.** Connecting with creation...and the Creator. *Creation Care* (Fall) 2002.
- Reid, D 2000.** Setting aside the Ladder to Heaven: Revelation 21:1-22:5 from the Perspective of the Earth, in Habel, NC (ed). *Reading from the perspective of earth*, 232-245. Sheffield: Sheffield Academic Press. (The Earth Bible, vol 1).
- Rhoads, D & Syreeni K 1999.** "Narrative Criticism: Practices and Prospects," in Rhoads, D & Syreeni K (eds). *Characterization in the Gospels: Recovering Narrative Criticism*. Sheffield: Sheffield Academic Press.
- Robbins, VK 1996a.** *Exploring the texture of texts: A guide to socio-rhetorical interpretation*. Valley Forge: Trinity Press International.

- Robbins, VK 1996b.** *The tapestry of early Christian discourse: Rhetoric, society and ideology.* New York: Routledge.
- Ross, H 1995.** *The Creator and the Cosmos. How the Greatest Scientific discoveries of the century reveal God.* Colorado Springs: Navpress.
- SABC 2 se 2002 Living Report.** Beskikbaar van: <http://www.5050.co.za/print.asp> (Ingang Sondag 14 Julie 2002).
- Schäfer, JC 1993.** Kyk, Ek maak alles nuut. *Pinksterboodskapper* (April), 10-11.
- Schochet, EJ 1984.** *Animal life in Jewish Tradition: Attitudes and relationships.* New York: Ktav Publishing House.
- Schwarz, CA 1996.** *Natural Church Development.* Emmelsbüll, Germany: C&P Publishing.
- Simkins, RA 1994.** *Creator and creation: Nature in the worldview of ancient Israel.* Massachusetts: Hendrickson Publishers.
- Smith, JZ 1993.** Map is not Territory: *Studies in the History of Religion.* Chicago: University of Chicago Press.
- Spangenberg, I 2001.** Who Cares? Reflections on the Story of the Ostrich (Job 39:13-18), in Habel, NC & Wurst, S (eds). *The earth story in Wisdom traditions,* 35-47. Sheffield: Sheffield Academic Press (The Earth Bible, vol 3.)
- Steenkamp, L 2002.** Tot 60% Van Zim se wild glo uitgeroei. *Beeld* 2 Sep, 1.
- Struart, C & Struart, T 1996.** *Africa's Vanishing Wildlife.* Halfway House: Southern Book Publishers.
- Suzuki, D & McConnell, A 1997.** *The Sacred Balance: Rediscovering our Place in Nature.* St Leonards: Allen & Unwin.

- Talmon, S 1966.** "The 'Desert Motif' in the Bible and in Qumran Literature." In Altmann, A (eds), *Biblical Motifs: Origins and Transformations*. 31-63. Cambridge: Harvard University Press.
- Tempelhoff, E & Rossouw, M 2002.** Beraad is verraad, sê NRO's; ander glo vordering is gemaak. *Beeld* 4 Sep, 5.
- The AfroAIDSinfo consortium, 2002.** Beskikbaar van: <http://www.afroaidsinfo.org>. (Ingang 6 November 2003).
- Trainor, M 2000.** "And on Earth, Peace..." (Luke 2:14): Luke's Perspectives on the Earth, in Habel, NC (ed). *Reading from the perspective of earth*, 174-192. Sheffield: Sheffield Academic Press. (The Earth Bible, vol 1).
- Tutu, D 2000.** Foreword, in Habel, NC (ed), *Reading from the perspective of earth*, 7-8. Sheffield: Sheffield Academic Press. (The Earth Bible, vol 1).
- Twining, JE.** (tursiops3@mindspring.com). (11 Oktober 2003). IS: *Questions on Pentecostal Eco-theology*. E-pos na Van Heerden, E. (agsbredasdorp@telkomsa.net).
- Van Niekerk, S 2002.** Onderneming tot opvoeding. *Beeld* 4 Okt, 19.
- Van Wyk, A. 2002.** Christene moet 'n verskil maak. *Beeld* 30 Sep, 12.
- Viviers, H 2001.** Eco-Delight in the Song of Songs, in Habel, NC & Wurst, S (eds) *The earth story in Wisdom traditions*, 143-154. Sheffield: Sheffield Academic Press (The Earth Bible, vol 3.)
- Voster, WS (ed) 1987.** *Are we killing God's earth? Ecology and theology*. Pretoria: Unisa. (Miscellanea Congregalia 30.)
- Wali, F 2000.** The Voice of the Earth: An Indigenous Reading of Genesis 9, in Habel, NC & Wurst, S (eds). *The earth story in Genesis*, 140-146. Sheffield: Sheffield Academic Press (The Earth Bible, vol 2.)

- Wallace, HN 2000.** Rest for Earth? Another Look at Genesis 2:1-3, in Habel, NC & Wurst, S (eds). *The earth story in Genesis, 49-59*. Sheffield: Sheffield Academic Press (The Earth Bible, vol 2.)
- Weideman, L & Eybers, J 1994.** Té veel mense, té min plek...die antwoord?. *Die Voorligter* Julie, 8-9,12.
- Wittenberg, G 2000.** Alienation and 'Emancipation' from the Earth: The Earth Story in Genesis 4, in Habel, NC & Wurst, S (eds). *The earth story in Genesis, 105-116*. Sheffield: Sheffield Academic Press (The Earth Bible, vol 2.)
- World Summit on Sustainable Development.** Beskikbaar van: <http://www.5050.co.za/wssd.asp> (Ingang 14 Julie 2002).
- Wurst, S 2000.** 'Beloved, Come Back to Me': Ground's Theme Song in Genesis 3?, in Habel, NC & Wurst, S (eds). *The earth story in Genesis, 87-104*. Sheffield: Sheffield Academic Press (The Earth Bible, vol 2.)
- Wurst, S 2001a.** Where is the voice of Earth in Wisdom literature?, in Habel, NC & Wurst, S (eds). *The earth story in Wisdom traditions, 23-35*. Sheffield: Sheffield Academic Press (The Earth Bible, vol 3.)
- Wurst, S 2001b.** Woman Wisdom's Way: Ecolkinship, in Habel, NC & Wurst, S (eds). *The earth story in Wisdom traditions, 48-64*. Sheffield: Sheffield Academic Press (The Earth Bible, vol 3.)
- Zwecker, W 2002a.** Giftstof laat paddas Van geslag verander. *Beeld* 5 Nov, 13.
- Zwecker, W 2002b.** Nóg 124 plante, diere bedreig. *Beeld* 10 Okt, 11.